# Die Hemele Geopen

**Esegiël 1-24**
**(DEEL 1)**

**Ds. P.G.W. SNYMAN**

# “DIE HEMELE GEOPEN”

*PREKE OOR DIE PROFESIEË VAN ESEGIËL*

(DEEL 1)

DEUR

Ds. P.G.W. SNYMAN
In lewe leraar van die Gereformeerde Gemeentes
Krokodilrivier (Brits) en Enkeldoorn (Suid-Rhodesië)

*Opgedra aan sy eggenote en kinders*

## INHOUDSOPGAWE


VOORWOORD VAN DIE REDAKSIE ........ 3
DS. PIETER GERT WESSEL SNYMAN ........ 4
IN MEMORIAM ........ 7
DIE WERK VAN WYLE DS. P.G.W. SNYMAN IN SUID-RHODESIE ........ 9
DIE HEMELE GEOPEN ........ 10
DIE ROEPINGSVISIOEN ........ 15
SO SPREEK DIE HERE HERE ........ 21
LETTERS EET ........ 26
VOLHARDING IN DIE PREDIKING VAN DIE WOORD VAN GOD ........ 29
'N LEWENSGEVAARLIKE, VERANTWOORDELIKE TAAK ........ 34
'N SWYGENDE BOETGESANT OF SPANNING ........ 37
'N TEKENING VAN GOD ........ 42
'N PORTRET VAN DIE VOLK ........ 46
'N BEELD VAN ONREINHEID EN OORLOGSHONGER ........ 50
DIE HARE WAT GEWEEG IS ........ 53
'N VERKLARENDE BYSKRIF ........ 57
'N UITBUNDIGE PROFEET ........ 61
DIE EINDE ........ 65
“BREEK TOG DIE MUUR DEUR” ........ 69
TAMMUS BEWEEN, EN DIE SON VEREER ........ 74
DIE TEKEN VAN DIE KRUIS ........ 79
“MY OOG SAL NIE VERSKOON NIE” ........ 83
'N VERLATE HUIS ........ 86
SONDIGE SELFOORSKATTING BESTRAF ........ 91
BELOFTE VAN VERNUWING ........ 96
GEREED VIR DIE REIS ........ 103
VERAGTING VAN DIE PROFESIE ........ 107
JAKKALSE IN PUINHOPE ........ 112
BANDE EN SLUIERS, WAARSÊERY EN TOWERY ........ 116
HULP IN NOOD OF NOODHULP? ........ 122
PERSOONLIKE VERANTWOORDELIKHEID ........ 128
GODS STRAFGERIGTE — SY BEWYSSTUKKE ........ 133
DIE SONDE VAN ONVRUGBAARHEID ........ 137
'N WELDADIGE VERBONDS-GOD MAAR ʼn ONDANKBARE VERBONDSVOLK ... 143
SUSTER SODOM ........ 148
GEMEENSKAPLIKE AANSPREEKLIKHEID ........ 157
'N KLAAGLIED OOR SEDEKIA ........ 162
WAAROM NIE VERDELG NIE? OM MY NAAM ONTWIL! ........ 165
DIE OORLOGSWEG ........ 170
AF DIE KROON! ........ 176
JERUSALEM, RYK AAN LAWAAI ........ 180
SKYNBEKERING ........ 185
ROESVLEKKE ........ 188
STOMME SMART ........ 192

## VOORWOORD VAN DIE REDAKSIE

Dit is vir die redaksie ŉ besondere voorreg dat hulle hierdie nagelate preke van die onvergeetlike ds. P.G.W. Snyman die lig mag laat sien. Op hierdie wyse kan ons volk nog kennis neem van die besondere geloofskrag wat daar van hierdie geestelike leier uitgegaan het. So kan hy tot ons spreek selfs nadat hy gesterf het.

Aangesien van verskillende kante die begeerte uitgespreek is dat veral die Eségiël-preke van ds. Snyman in druk sal verskyn en daar verneem is van ŉ skenking van drie honderd pond wat vir hierdie doel verkry is, het ŉ aantal persone aan die begin van 1949 hulself tot ŉ komitee gevorm, nl. di. D.N. Kotzé, P.W. van der Walt, P.J. Venter, Jacs van Rooy, G.P.L. van der Linde, J.J.H. Booysen, proff. H.G. Stoker en S. du Toit, mnre. D.J. Robbertse en Liebenberg. Hierdie komitee het uit sy lede die volgende redaksiekommissie saamgestel: proff. Stoker en Du Toit, di. P.W. van der Walt en G.P.L. van der Linde, mnr. D.J. Robberste. Die redaksie het op sy beurt ds. P.W. van der Walt gevra om die preke uit te soek en prof. S. du Toit om dit te redigeer.

Waar die eerste deel van die preke nou die lig sien, wil die redaksie in die allereerste plek hul dank betuig aan God, die Here, vir die ryke gawes wat Hy in ons ontslape broeder aan kerk en volk gegee het. Hoewel ons besef dat die preke daar enigsins anders sou uitgesien het as die prediker dit self persklaar gemaak het, is ons tog innig dankbaar dat hy alles volledig uitgeskryf het, sodat ons nageslagte hierdie nalatenskap mag besit. Ons is oortuig daarvan dat hierdie preke, wat tegelykertyd feitlik ŉ kommentaar op Eségiël bied, soos hamerslae op ons volkslewe sal neerkom, om die onbekeerlike hart te verbrysel maar die berouvolle hart tot God en tot Christus te laat vlug en die Soli Deo Gloria te verbrei. Let daarop hoe elke preek slegs een hoofgedagte bring, hoe die Christusprediking altyd organies in die geheel inpas en hoe aktueel die toepassing vir ons tyd is. Hier word nie doekies omgedraai nie, maar die Woord van God in sy volle waarheid en werklikheid gebring. Mag dit by ons *reformasie* in plaas van *reorganisasie* bring.

Die leser moet gedurig in gedagte hou dat die preke gedurende die jare 1937-1940 gelewer is. Dit moet derhalwe altyd teen hierdie agtergrond gesien word. Ook moet nie vergeet word nie dat die eerste deel van die boek Eségiël hoofsaaklik oordeelsverkondiging bevat. Die redaksie hoop D.V. so spoedig moontlik die preke oor die tweede deel, wat hoofsaaklik heilsprofesie bevat, die lig te laat sien.

Die redaksie wens hul dank te betuig aan almal wat meegewerk het om hierdie uitgawe die lig te laat sien. In besonder ŉ woord van dank aan hulle wat nie lede van die redaksie is nie: aan mev. Snyman wat goedgunstiglik die manuskripte tot ons beskikking gestel het; aan die kerkraad van die Geref. Gem. Krokodilrivier wat bygedra het tot bestryding van die onkoste in verband met die tikwerk; aan mev. ds. G.P.L. van der Linde vir die akkurate tikwerk; aan mnr. H. Venter, M.A. wat die manuskrip taalkundig nagesien het en aan Sacum wat die uitgawe onderneem.

Lesers wat bekend is met die werke van dr. A. Noordtzij en ds. H. Veldkamp oor die boek Eségiël sal wel bemerk dat ds. Snyman van hulle pennevrugte ruim gebruik gemaak het. As hy self die uitgawe van sy preke besorg het sou hy ongetwyfeld sy erkentlikheid betuig het, waarom die redaksie dit ook hier doen. By vergelyking sal dit elke leser terselfdertyd ook opval hoe ons skrywer op alles die stempel van sy eie persoonlikheid gedruk het.

Mag die Here sy seën op hierdie onderneming laat rus!

## DS. PIETER GERT WESSEL SNYMAN

(DEUR PROF. S. DU TOIT)

Dit is met ŉ innige piëteitsgevoel dat ek hier ŉ woord van waardering wil spreek in verband met die lewe en werk van ŉ ontslape vriend en broer. Die hele hart is nog uit lit, maar om oor so ŉ Godgewyde lewe te skrywe, is ŉ inspirasie.

Pieter Gert Wessel Snyman, gebore op 18 September 1902, was vanaf sy jeug ŉ "oorgegewe mens", soos ds. J.V. Coetzee hom eenkeer getipeer het. Hy het dan ook gespruit uit ŉ vrome voorgeslag, kerkmense in die volle sin van die woord. Sy vader, die bekende Oom Evert, vroeër van Steenbokfontein, Koster, is ŉ seun van wyle genl. J.P. Snyman. Oom Evert self het as veldkornet die hele Engelse oorlog deurgeveg en o.m. deelgeneem aan die gevangeneming van lord Methuen.

Die moeder was die enigste suster van wyle min. P.G.W. Grobler, na wie die ontslapene ook vernoem is. Die verwantskap van oom Piet Grobler met president Kruger is aan die lesers wel bekend. Die vurige begeerte van die moeder om haar seun nog op die kansel te sien, het nie in vervulling gegaan nie. Toe hy in sy finale jaar was (1930), is sy in die jeugdige ouderdom van 49 jaar oorlede. Omdat hy in Paarl ernstig siek gelê het, kon haar seun nie die teraardebestelling bywoon nie.

Sy familie getuig dat Piet van jongs af ŉ gehoorsame en leergierige kind was. As gevolg van ŉ nieraandoening moes hy vier jaar lank die skool verlaat. Agter die skape sou hy egter homself in die studie verdiep en sy vader het hom menigmaal bespied waar hy ŉ miershoop as sy kansel gebruik het. Sy vraeboek en sy Bybel was daar in die eensame veld sy metgeselle. Hoewel hy die skool in standerd vier verlaat het, kon hy direk oorgaan na standerd ses. Sy liefde vir die natuur, ja vir die hele skepping van God, hier in die veld opgedoen, het hom altyd bygebly.

Mede as gevolg van die bemoediging van sy leraar, ds. D.N. Kotzé, wat ook huisvriend was, het hy besluit om hom vir die leraarsamp voor te berei.

Ons wat sy medestudente was, weet met watter geweldige energie hy gewerk het, wat ŉ skitterende student hy was en by dit alles — wat ŉ nederige en beminlike mens. Hoe hartlik en aansteeklik kon hy lag! En as iemand met hom verskil het, kon hy nie rus voordat die saak opgelos is nie.

Reeds sy hoërskoollewe op Rustenburg (waar hy in 1923 gematrikuleer het) was gekenmerk deur diepe lewenserns. Hy het hom beywer vir gesonde vermaak en te velde getrek teen dans en ander ydele vorme van ontspanning. Sy leuse was: die lewe is te kort om dit in ydelheid deur te bring. Sy betreklik korte lewe van 45 jaar het hy dan ook vol gelewe. Sy kinderlike geloof kon hy so heerlik uitsing as ons voorsinger in die Heimat-eetsaal.

Nadat hy die Kandidaatseksamen afgelê het en ook die grade B.D. en M.A. (Wysbegeerte) behaal het, is hy op Pansdrift (distrik Brits) bevestig as herder en leraar van die groot gemeente Krokodilrivier (1931), nadat hy in die eg verbind is met mej. Elise Arnold.

Hier het hy hom met volle toewyding aan sy gemeente gegee. Tegelyk het hy die omgewing van die pastorie in ŉ lushof omgeskep en weens gebrek aan bediendes moes hy sy eggenote in baie opsigte behulpsaam wees. Sy preke was altyd deeglik bestudeer en met ŉ gloed van oortuiging voorgedra. Al was dit soms vir die deursnee hoorder stywe kos, die diepe erns wat uit sy wese gestraal het, was van meer betekenis as sy woord. Altyd het hy student gebly. Dit was sy sielsbegeerte om vir verder studie oorsee te gaan, maar die finansiële

middele het ontbreek. Hoe dit hom geluk het om sy pragtige biblioteek op te bou, bly selfs vir sy beste vriende ŉ raaisel. Al het hy net die artikel oor Karl Barth in “Koers in die Krisis” geskrywe, moes dit vir elkeen duidelik wees dat hy teoloog van die eerste rang is.

Nie alleen vir sy gemeente het hy homself gegee nie, maar vir die hele samelewing. Hoe groot sy invloed was, blyk uit die feit dat hy in 1943 gevra is om homself as kandidaat vir die parlement verkiesbaar te stel, met die versekering dat al die ander kandidate dan uit die strydperk sou tree. Kort voor sy dood is hy weer genader om hom in die Unie verkiesbaar te stel.


Sy offervaardigheid het o.m. daaruit geblyk dat hy aan die roepstem van Suid-Rhodesië gehoor gegee het, ŉ gevestigde gemeente prysgegee het om kerkbouer te wees. Aan sy eggenote het hy gesê dat die belange van die Kerk altyd eerste moet staan.

Hoewel ŉ hartaandoening vir hom ŉ aanduiding was dat sy tyd kort is, het hy nie geklaag nie en met ŉ versnelde tempo gewerk. Die naweek voor sy afsterwe het hy nog 800 myl afgereis — met suurstofapparaat in sy sak! Die aand voor die finale aanval het hy nog ŉ stuk werk afgedoen. Soos sy vader by sy graf getuig het: As ŉ held het hy op die voorposte gestaan en as held het hy geval!

Hy het sy hartebloed gegee vir die saak van sy kerk en volk. “Terar dum prosim” — die leuse van die Benediktynse monnike — was ook sy leuse. “Laat ek verteer word, as ek maar net van nut kan wees.”



Ds. PGW Snyman (1941)



Ds. Snyman met sy vrou en kinders in die tuin van die Gereformeerde Kerk, Salisbury

## IN MEMORIAM

(DEUR PROF. DE. J. D. DU TOIT)

Ek neem aan dat daar veel gebede gebid is, veel stryd gestry is, veel lyde gely is voordat hierdie lewe, nog in jeugdige krag, na enkele hartaanvalle, van ons weggeneem is, geknak soos ŉ veldblom wat nog kort tevore hoog opgerys het bo die omringende veld.

En watter bede was dan gepaster as dié van die Psalmis: “My God, neem my nie weg in die helfte van my dae nie (102:25).” Dit was ŉ worsteling met God om te kan lewe, te kan werk, nog baie tot stand te kan bring.

Eers het die ontslape broeder sy volle krag aan die uitgestrekte gemeente Krokodilrivier gegee. En toe het die beroep na Suid-Rhodesië gekom. Wat sal hy besluit? Dit was die vraag wat sy baie vriende besiggehou het. Hy wat in die Unie ŉ luisterryke toekoms tegemoet kon sien.

En ... hy het dié beroep aangeneem. Die roepstem na die vakante geweste was vir hom te magtig. Hy wat nooit sy persoon op die voorgrond gestel het nie, vir hom was die drang na die Noorde te magtig.

Een van die twee groot dade van sy lewe het toe tot stand gekom. Dienaangaande vind die leser ŉ uitvoerige berig van die hand van ds. P.J. Venter. Daar in Rhodesië het die broeder vir die Gereformeerde belyders en ook vir sy mede-Afrikaners sy lewe ten offer gebring. In die annale van die Kerk aldaar sal sy naam met groot letters bo-aan staan.

Maar daar is ŉ tweede daad, en dit is die preekbundel wat hy ons nagelaat het. Van dié preke het ek enkele gelees. Wat was my ontnugtering, my verbasing, my bewondering groot! Ek sal sê waarom.

In dié tyd toe ons ontslape broeder met sy teologiese studie in Potchefstroom besig was, het ek op die plaas as Bybelvertaler vertoef. Ek het net Vrydags kollege gegee in Hebreeuse taal en eksegese O.T. Vandaar dat ek die broeder nooit as student hoor preek het nie.

Sover ek my kan herinner was ek ook nooit onder sy gehoor as dienaar van die Woord nie. Miskien ŉ heel enkele keer, maar dit wil in die heugenis nie opklaar nie.

Nou kan dit verstaan word hoe my verrassing en bewondering al lesende gestyg het. Ek het geweet dat ons ontslape vriend ŉ bekwame prediker was, maar dat hy so ŉ krag ontplooi het, so ŉ geweldige in die koninkryk van die hemele was, dit het ek eers te wete gekom by die lesing van die eerste preke oor die profeet Eségiël se boek.

Wat ŉ moeilike stof! En hoe beheers hy dit! Uit die ver vergane, vir ŉ groot deel onbekende tyd van Eségiël is dit net een skrede na ons tyd! Geen gesogtheid by die toepassing nie, maar ŉ spontane uitgieting van die lewende water uit die fontein van die Woord.

Maar hoor dan ook uit die preek oor Eségiël 2 hoe hy oor sy sending as prediker gedink het:

“Hy (Eségiël) het vanweë die verskriklikheid van sy gesig sewe dae onder sy hoorders verstomd gesit. So was dit met Moses, Jesaja, Jeremia. Dit is ŉ wondere amp, ŉ geweldige amp. Dit is ontsettend, die vreeslike werk om te preek. Dié diens van die Woord is nie ŉ liefhebbery nie; nee, om te preek is om in die vuurvlamme van ŉ gedurige geestelike krisis te verkeer. Jou siel brand altyd, jy word steeds verteer. Jy huiwer steeds van roepingsangs. Die woord van God roep jou om vir medemensekinders vreeslike dinge te sê. Geen wonder dat Eségiël sê: God het hom aan sy kuifhare gepluk.”

Maar wat ŉ verantwoordelikheid rus daar dientengevolge op die hoorder. Luister weer na hierdie kragtige taal: "Ek stuur jou, sê God. Dit is die prediker se glorie ... As daar ŉ mensekind is met wie jy versigtig moet wees, dan is dit met ŉ gesant, met die gesantprediker van God, al is hy "mensekind". As jy ŉ gesant skend, dan skend jy sy Sender. As jy die gesant beledig as gesant, dan beledig jy God wat hom gestuur het. Wie die gesant wegstuur, stuur God weg. Wie met die gesant twis, twis met God. Wie hom aan dié gesant nie steur nie, steur hom aan God nie."

Baie het ek aangestreep in die preke. Maar dit kom nou in die besit van elkeen wat daarna verlang. Meer sitaat is nie nodig nie. Lees! En word gesterk na die inwendige mens. Nog dit. Hoe heerlik kom die Christus te voorskyn in die preke.

Nou weer na die uitgangspunt van ons stuk terug.

Ek het gesê dat seker by die hartaanvalle die bede uitgebring is: "Neem my nie weg in die helfte van my dae nie". Na die mens gespreek is die bede gepas. Maar nóú weet ons dat sy dae nie in die helfte was nie. Dit was vol. Sy werk was vol. Sy preekwerk was vol. Sy preekbundel is vol. Hy het die raad van God uitgedien.

Mag die Here deur dié gedagte sy weduwee en kinders en sy ou vader en sy familie vertroos.

* * *

Hieraan word nou toegevoeg ŉ opmerking van intiemer aard.

Dié prediker wat so heerlik maar ook so straf die Woord van die Here kon verkondig, was ŉ man vol van liefde. Persoonlik het ek die gevoel gehad dat hy sy liefde jeens sy vriende nie in ŉ gewone begroeting uitdrukking kon gee nie. Hy het blykbaar behoefte gehad aan ŉ omhelsing!

My vrou en ek bewaar ŉ brief wat hy enkele jare gelede aan ons gestuur het by ŉ verjaardag-geleentheid. Daarin het liefde jeens, innerlike gehegtheid aan ons persone sy taal, sy uiting gevind soos ŉ mens dit maar selde sien en hoor.

Ten slotte hierdie woord uit Hebr. 13:7: "Dink aan julle voorgangers wat aan julle die Woord van God verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na."

## DIE WERK VAN WYLE DS. P.G.W. SNYMAN IN SUID-RHODESIE

(DEUR DS. P.J. VENTER — SALISBURY)

Op Sondag, 14 November 1943, is die eerste predikant vir die Gereformeerde Gemeente Enkeldoorn beroep. In die notule van die vergadering waarop die beroep uitgebring is, staan: "Nou word voorgelees die name van al ons Geref. predikante en deur die Gemeente word by stemming die weleerw. ds. P.G.W. Snyman van Krokodilrivier met algemene stomme, op een na, tot herder en leraar beroep van die Gemeente Enkeldoorn, Suid-Rhodesië". In die brief onder datum 4 Januarie 1944, waarin die besluit om die beroep aan te neem aan die Kerkraad van Enkeldoorn bekendgestel word, is o.a. die volgende woorde gebruik: "Dit is ʼn saak wat my heilig jaloers maak om in Rhodesië ʼn lewenskragtige Geref. Kerk te sien groei en bloei, met alles wat daarvoor ʼn vereiste is, nl. die goeie bestaan en voortbestaan van ons Afrikaanse volk, taal en kultuur." En na die bevestiging van die eerste predikant van die Geref. Kerk in Suid-Rhodesië op 10 Junie 1944 het hierdie man werklik gegloei van heilige jaloersheid; gedring deur die liefde van Christus, was hy onvermoeid om uit te voer en te verwesenlik wat hy as hoë roeping gesien het: ʼn lewenskragtige Geref. Kerk en die goeie bestaan en voortbestaan van ons Afrikaanse volk, taal en kultuur. En dit is met geweldige kragsontplooiing en onversetlike wilskrag bevorder en uitgebou. Sy roeping was vir hom duidelik — elke keer is beroepe na ander gemeentes van die hand gewys met die rede: sy taak lê nog in Rhodesië. So geweldig was die kragsinspanning dat binne vier jaar die forse liggaamskragte verteer is. Op 8 Februarie 1948 is Pieter Gert Wessel Snyman op 45-jarige leeftyd oorlede, nadat hy etlike maande met sy hart moeilikheid ondervind het. In Salisbury is hy begrawe. Die Genootskap van Afrikaners het ʼn grafsteen laat oprig op sy graf. Onderaan staan: SOLI DEO GLORIA — Aan God alleen die eer — die lyfspreuk van die waaragtige Calvinis.

In die korte vier jaar is ontsaglik baie verrig. Die gemeente is georganiseer; lidmate opgespoor en gereeld besoek; dienste en Nagmaalsgeleenthede waargeneem op die verskillende sentra, honderde myle uitmekaar; ʼn maandelikse omsendbrief uitgestuur aan al die huisgesinne — ʼn gemeentelike nuusbrief, met Skrifverklaring wat van indringende studie getuig; vermaning en bemoediging van ouers en kinders (veral in die kinders was besondere belangstelling); ʼn reusagtige korrespondensie bygehou: siekes besoek — en dit alles in ʼn Kolonie met ʼn oppervlakte groter as dié van die Transvaal! Groots dan ook die vrugte van daardie gemeentelike arbeid: die lidmatetal van die gemeente het byna verdubbel, ʼn sterk boufonds is opgebou, mense het weer geleer om kerk toe te gaan en bydrae te gee vir kerk en armes — die Geref. Kerk het in Suid-Rhodesië gegroei en gebloei.

Ook in die Afrikaanse volkslewe is daar in Rhodesië monumente wat getuig van die liefde en daadkrag van hierdie yweraar. Die Genootskap van Afrikaners, Unitas Pers Beperk met die eerste en enigste Afrikaanse koerant noord van die Limpopo, "Die Volksgenoot", Zambesia Meubels Beperk en ander Afrikaanse sake en ondernemings is bewyse van die besielende deursettingsvermoë en taaie volharding van hierdie kind van sy volk. Dwarsdeur Rhodesië word vandag nog woorde van liefde en waardering gehoor; orals getuienisse van blanke opregtheid, opofferende diens, heilige geesdrif en jaloersheid waarmee hy geywer het — ʼn besieling vir sy volk, ʼn dienskneg van Jesus Christus! SOLI DEO GLORIA — voorwaar ʼn paslike grafskrif, want dit was waarom dit vir hom gegaan het.

Die nagedagtenis van Pieter Gert Wessel Snyman lewe in Rhodesië in sy kerk en volk, in die warme liefde wat hy opgewek het vir kerk en volk.

## DIE HEMELE GEOPEN

**LEES**: *Eségiël 1.*

**TEKS**: *Eségiël 1:1b en 3b.*

HIERDIE eerste drie verse vorm die opskrif bokant die hele boek van Eségiël. As sodanig bevat dit die kenmerkende van die inhoud van hierdie boek. Net soos in die eerste drie verse van die Openbaring van Johannes die naam en inhoud van die boek as opskrif weergegee word, net so ook word in die eerste drie verse van Eségiël vir ons ŉ kort opsomming, ŉ opskrif van die kenmerkende in hierdie boek gegee. Wie dan nie in die Eségiël-boek wil verdwaal en in sy dieptes wil verdrink nie maar dit wil verstaan, moet vooraf eers hierdie opskrif betrag om by die lees en hoor van die inhoud die kenmerkende van die boek in gedagte te hou. Dit wens ons dan ook met u te doen, gemeente, waar ons in die vervolg by die profesieë van Eségiël u aandag wil bepaal.

Wat is nou die kenmerkende in hierdie opskrif? Twee dinge:

I. Eerstens dat onder bepaalde tydsomstandighede *die hemele geopen is,*

II. Tweedens, dat toe ook *die Hand van die Here op ŉ bepaalde persoon,* Eségiël, was.

Sonder hierdie twee kenmerkende gedagtes kan die profesieë van Eségiël nie met goeie begrip gelees word nie. Daarom wil ons u aandag vra vir die twee kensketsende gedagtes.

I.

As die profeet met groot noukeurigheid dag en datum van die opening van die hemele hier aangee, dan is dit nie van betekenis ontbloot nie, en dan mag ons nie daaroor heenlees nie. Ons stuit by vers 1 op groot berekeningsmoeilikhede, omdat hier nie meegedeel word van watter punt die dertigste jaar gereken moet word nie.

Vers 2 bied egter vaste grond deur daarby te vermeld dat dit die vyfde jaar van koning Jojagin se wegvoering was, naamlik 593 v. Chr.

Hoe het die wêreld en die kerk in daardie tyd daar uitgesien?

Wat die staatkundige gebeurtenisse betref, was dit ŉ tyd van oorloë en gerugte van oorloë. Die politieke wêreldmagte was in botsing met mekaar — ons kan sê van koning Josia af tot Sedekia. Die twee groot wêreldmoondhede van daardie tyd, naamlik Egipte en Babel-Assirië het toe al tot ŉ val gekom — het mekaar die oppermag betwis, terwyl die kleiner staatjies soos Fenisië, Ammon, Moab en Edom in die troebel tyd hul grootste voordeel gesoek het.

So was die wêreldpolitieke toestand.

Die kerk, dit is Juda, se posisie was onder dié omstandighede uiters haglik. Juda, die kerk, die gelowiges, het onder invloed van die wêreldpolitieke toestand totaal ontaard. En waar die profesieë van Eségiël onder daardie bepaalde toestand van kerk en wêreld uitgespreek is, daar is dit vir ons teenswoordige tyd uiters aktueel en staan Eségiël direk midde in ons teenswoordige tyd. Want ook in ons tyd loer die groot moondhede vir mekaar en heers daar onder die kleiner staatjies gedurig onluste, oorloë en gerugte van oorloë, terwyl die teenswoordige kerk ŉ uiters haglike tydperk ingegaan het.

Die "kerk", Juda, was destyds in twee gesplits. In die jaar 597 v. Chr. het Nebukadnesar Jerusalem ingeneem onder die regering van Jojagin. Die belangrikste deel van Juda is weggevoer; die beste kragte: die strydbare manne, die grondbesitters, die manne van die bouvak en die hoogste stand uit die priestergeslag, naamlik die Sadokiete, is toe gehuisves aan die Ke-

barkanaal in Babilonië. Onder hierdie groep ballinge was ook Eségiël, die seun van Busi, die priester.

Maar dat Juda van sy beste kragte beroof is, was nie al nie. Hierdie haglike posisie van die volk word eers duidelik daaruit dat die volk wat in Palestina agtergebly het onder Sedekia, wat niks meer as ŉ vasalkoning (onderdaan-koning) onder Nebukadnesar was nie, hierdie ernstige roepstem nie besef het nie. Koning Josia (640—609) het ŉ kragtige reformasie deurgevoer. Maar hoe heilig ook deur Josia bedoel, by die volk was die hervorming bloot uiterlik; by hulle was dit nie waaragtig nie. Dit blyk dan ook duidelik uit die optrede van Josia se drie seuns wat hom snel namekaar opgevolg het: Joahas, Jojakim en Jojagin. Na die dood van hulle vader Josia het die verval van Juda snel toegeneem, en hulle aldrie het ŉ streep getrek deur hul vader se reformasiewerk. Joahas, ŉ jongere seun van Josia, het homself op onwettige wyse meester gemaak van die troon. Maar slegs drie maande lank, waarna hy deur Farao Nego na Egipte in ballingskap gevoer is. Sy ouer broer Eljakim word daarop koning, maar hy was feitlik ŉ blote vasalkoning onder die koning van Egipte, Farao Nego, wat hom Jojakim noem. In Jer. 22 lees ons dat hierdie Jojakim die wese van sy koningskap nie in *reformasie* gesien het nie maar in *reorganisasie.* Hy het skitterende bouwerke opgerig, sy koninklike heerlikheid ontvou, swaar belastings op die volk gelê, hulle regte ingekort — kortom hy het sy vader se reformasiewerk deur ŉ onheilige reorganisasie so gou moontlik vernietig: hy herstel die altare op die hoogtes, voer die wellustige sinnediens van die afgodiese hemelkoningin weer in en vervolg die wat daaraan gedink het om Josia se reformasiewerk voort te sit (Jer. 26:10—24). So val koning en volk met hulle reorganisasie en al weer terug in die sondes van steel, moor, egbreek, vals sweer, vir Baal offer, vreemde gode naloop. As die opvolger van Nabopolassar, naamlik Nebukadnesar, in 605 v. Chr. Farao Nego totaal verslaan te Karkemis, word Jojakim net weer vasalkoning met Nebukadnesar as sy heer. As hy sy belastings nie betaal nie, hits Nebukadnesar die Arameërs, Ammoniete en Moabiete aan om Palestina te plunder. En as Egipte weer van sy kant Jojakim aanhits om Babel se bande te breek én die toue af te werp, beleer Nebukadnesar Jerusalem. Tydens die beleg sterf Jojakim en ontvang na die woord van die profeet sy eselsbegrafnis. Sy seun Jojagin word koning maar word in 597 deur Nebukadnesar saam met Eségiël in ballingskap weggevoer.

Hierdie hele geskiedenis van bloed en trane was ŉ stem van God teen hierdie konings en teen Juda omdat hulle die reformasie van Josia grondig vernietig het.

In hierdie tyd het Nebukadnesar ŉ seun van Josia, naamlik Mattanja, die oom van Jojagin, as vors aangestel in Palestina en hom Sedekia genoem. Dis tydens die koningskap van Sedekia in Jerusalem dat Eségiël aan die Kebar tot profeet geroep word en dat die hemele geopen word. Hierdie Sedekia was ŉ swakkeling wat die moed van sy eie oortuiging nie gehad het nie, wat as koning hom meer laat beheers het as wat hy geheers het. En nie net dit nie: hy het die tragiese erns van sy tyd nie verstaan nie; hy het die stem van God in die rampe oor land en volk nie begryp nie; inteendeel, hy het alles net andersom vertolk. Die oordele van God het hy as seëninge beskou. Nou dat die beste kragte in ballingskap weggevoer is, kom hulle land en hulle wonings die armer klas in Palestina ten goede. Dit beskou hulle as ŉ seën van die Here.

Tweedens oordeel hulle dat dié wat nou in ballingskap weggevoer is, die goddelose onder die volk is wat die Here gestraf het; hulle is die verrotte vye, terwyl die wat in Palestina agtergebly het, die goeie vye is.

Derdens het hulle die wonderlike konsiderasie van Nebukadnesar vir die tempel met hierdie eerste beleëring so verklaar dat die Here, al gebeur wat ook, nooit sy tempel in die hande van die heidene sal gee nie. Daarom het hulle geglo dat hulle veilig is as hulle maar net altyd die tempel besit. En so het hulle uitgeroep: Die Here se tempel, die Here se tempel is dit! Se-

dekia was dus godsdienstig ’n fanatikus en polities ’n onkundige. En so het hy dit goedgedink om in die lyn van Jojakim voort te gaan met die *reorganisasiewerk*.

Met behulp van die staatsmagte sal Sedekia Juda op die been probeer hou. Nou met die hulp van Egipte en Fenisië, dan weer met dié van Ammon en Moab sal hy teen Babel, teen Nebukadnesar *organiseer* totdat hy die ou vryheid weer terug sal hê. En veral toe Farao Psamtik II vir Farao Nego in Egipte opgevolg het, het hulle van hulle reorganisasieplan teen Babel alles verwag. So het Sedekia sy staatkundige en godsdienstige vryheid en die welvaart van land en volk gesoek in sy rekonstruksiepolitiek, in sy reorganisasieskemas, *terwyl die hemel vir hom gesluit was.* Na die openbaringswoord van God uit die hemel het hy nooit weer gevra nie, aan reformasie nie gedink nie, maar al sy aandag en al sy vertroue was in sy reorganisasiepolitiek.

Nie anders was dit met die ballinge nie. Waar hulle gedurig rapport ontvang het uit Jerusalem, het ook hulle met belangstelling die organisasiewerk van Sedekia gevolg. Van Sedekia se rekonstruksiepolitiek het hulle alle verwagting gehad. Daarop was al hulle hoop gevestig. En hulle het verwag om spoedig terug te keer in die herstelde koninkryk. Die tempel sal ook vir hulle steeds bly bestaan.

En so vind ons ’n *wêreld* wat rusteloos is en vol oorlogswolke, en ’n *kerk* vir wie die hemel potdig is; ’n kerk vir wie dit net so goed is asof nog nooit uit die hemel die stem van God verneem is waarna dit moet luister nie, geen woord van God geopenbaar is waarna dit hom hoef te reformeer nie; ’n kerk wat ook nes” die wêreld glo in ’n blote reorganisasie, buite en sonder God.

Te midde van hierdie tydsomstandighede is op die vyfde van die vierde maand van die vyfde jaar van die wegvoering van Jojagin vir Eségiël die *hemele geopen. Die hemele geopen — op daardie dag.*

Wat ’n beskamende prediking vir die kerk van daardie tyd en daardeur ook vir die wêreld! ’n kerk, ’n volk van God vir wie die hemele potdig is; ’n kerk vir wie die hemele ver weg is; ’n kerk vir wie daar geen rapport, geen gemeenskap met die hemele bestaan nie. Dit was dan ook eintlik geen kerk en geen volk van God meer nie. Israel, die Ou-Testamentiese kerk vir wie God van die aanvang af, van die begin af, van Genesis af, in Jakob gespreek het by Betel: Vir jou is die hemele geopen, vir jou is die hemele naby, orals waar jy gaan en in watter nood ook; vir jou is daar ’n heerlike rapport, ’n gedurige gemeenskap met die geopende hemele, selfs ook deur Gods gedienstige geeste, sy heilige engele om jou te bedien in Jesus Christus. En hier het ons dieselfde kerk, dieselfde volk, wat nou so ontaard is, so gedeformeer is, dat die hemele vir hom potdig is; ver weg is sonder enige gemeenskap hoegenaamd, ’n Ontaarde kerk vir wie God onder Josia die uitstekendste geleentheid tot reformasie gegee het, maar hy weier dit en ruil dit skandelik in vir ’n wêreldse godloënende reorganisasie.

Maar Gode sy dank, as die kerk van die Here in sy ontaarding homself nie meer wil reformeer na wat God in sy wet gegee het nie, dan *maak Hy die hemele weer oop*, al is dit dan ook maar vir een ongelukkige balling. Vir hom word dit gegun om in God se binneste Raadskamer in te blik. Hy kom in hemelse lig te staan en word deur God vanuit die hemele geleer om die dinge weer vanuit hemelse lig te besien. En so mag Eségiël self en ander weer leer hoe God in die hemele self dink oor die herstelpoginge van Sedekia, oor die rekonstruksiepolitiek, oor die toekoms van land en volk en tempel. En God se gedagtes is anders as ons gedagtes. Eségiël kry te verstaan dat van Sedekia se organisasie niks te verwagte is nie en dat die volk hulle daarvan moet afwend. Die volk moet hulle krag nie meer in Jerusalem en by die tempel soek nie maar juis in die ballingskap. God wil nie deur reorganisasie-lapwerk stad en tempel behou nie maar deur grondige reformasie uit die ballingskap vir hom ’n nuwe volk, ’n

gereformeerde kerk laat opbloei in die weg van wedergeboorte en inkeer na sy Woord.

Die ou vraagstuk van reorganisasie of reformasie kom hier in profetiese lig te staan en bevat ŉ prediking, veral vir ons tyd, vir die teenswoordige *kerk en wêreld*. Ons moet tog verstaan, geliefdes, dat die wêreld verdorwe is deur die sonde en dat alleen in die hemele die ware lewensbestek onaangetas gebly het. Met die sonde het daar ŉ breuk tussen die hemele en die aarde gekom. En alleen in Christus Jesus is die hemele weer geopen en is daar weer kontak tussen hemel en aarde. En as kerk en wêreld hulle nie gedurig wil *reformeer* na die hemelse bestek, vanuit die geopende hemele in Gods Woord geopenbaar nie — dan, so sê Gods Woord, so klink dit uit die geopende hemele, moet julle van geen wêreldse rekonstruksiepolitiek iets verwag nie. Die wêreld is te verdorwe om deur ŉ blote rekonstruksiepolitiek gered te kan word. Wil die wêreld heil verwag, dan moet die hemele vir hom geopen wees. Maar onheil is daar oor vir ŉ wêreld met blote organisasieskemas. En hiermee is ons teenswoordige wêreld veroordeel. Want dis moondheid teen moondheid, en die kleiner staatjies probeer vis in troebel waters, en alles is net organisasie, reorganisasie, aanpassing, herstelpolitiek, terwyl Gods Woord opsy gestoot word. Die kommunistiese wêreld het Gods Woord selfs uitgeban, het onder ŉ geslote hemel die magtigste wêreldorganisasie, wêreldpropaganda en wêreld-agitasie op tou gesit wat ooit nog geken is. In ander lande vind ŉ mens nou selfs ministeries vir propaganda en organisasie in belang van ŉ bepaalde rekonstruksiepolitiek. Ons sien op die vier hoeke van die aarde net ŉ uitsien na herstel en organisasie. En te midde van die krisistoestande word net gevra na ekonomiese herstel en staatkundige ewewig. En ... die hemel is vir die wêreld potdig. Eségiël preek vir ons wêreld met sy geopende hemel: verwag geen heil daarvan nie — ook vir ons volk. Waarin glo ons? Is ons nie ook reorganisasiekrank in belang van partypolitieke rekonstruksiebelange nie! Dan is ons gedoem. Laat ons ons as volk reformeer na die woord van God uit die geopende hemele aan ons geopenbaar. Dan is daar heil vir ons. En laat ons as kerk verstaan — nie net kerk as instituut nie maar veral kerk as organisme — dat ons in alles meedoen aan die wêreldorganisasie. Net soos Juda het ons vrede as die tempel maar daar staan; en net soos Juda fanatiek uitgeroep het: “Die Here se tempel, die Here se tempel is dit”, terwyl die Here die tempel wil verwoes, net so maak ons met die kerk. Die kerk, as die kerk maar net daar staan, en as alles maar net so bly soos vanmelewe, dan gaan dit goed. En intussen, gemeente, is ons sonde nie net dat ons aan al die wêreldorganisasies sonder onderskeid meedoen nie maar dat ons onder ŉ geslote hemel leef. Ons weier om ons aldeur te reformeer. En intussen is ons besig om te deformeer, te ontaard. Ag, kerk van die Here, gelowiges, verstaan dit tog, ons is alleen dan waaragtig kerk wanneer die hemele vir ons geopen is. Dink aan Stefanus toe hy gestenig is: toe het hy opgekyk na die hemele en dit geopen gesien en Christus wat staan aan die regterhand van God. Toe was Paulus met reorganisasie besig. Wat ŉ krag en wat ŉ troos! As die kerk onder sy vervolging leef voor die geopende hemele, dit wil sê naby Gods openbaringswoord dan staan onse Here gereed om met krag te hulp te snel, om die vervolgde te sterk, te troos en te bemoedig. Ag, vervolgde kerk vandag, vervolg deur die wêreldreorganisasie, voor die geopende hemele is jou Here, jou hulp, jou krag, jou sterkte en jou troos. Hy sal die onheilige organisasies laat misluk.

Maar dink ook aan Petrus te Joppe. Toe hy in dwaling was oor die leer van die Evangelie en dit aan die heidene nie wou preek nie, het die hemele vir hom oopgegaan en is hom getoon wat hy moet doen. As die kerk wil afdwaal, vra dan nie na die tempel, vra dan nie na die ou gebruike soos Juda-Sedekia terwyl die hemele toe was nie, maar kyk op na die Woord Gods uit die hemele geopenbaar en hou vas aan die openbaringswoord.

II.

Laat ons kortliks nog let op die tweede punt: *die Here se hand was op Eségiël.*

Dit is opmerklik dat die Here in sy Woord die geopende hemele nie losmaak van die profete-amp nie. Selfs die persoon van die profete het hier betekenis. Jesaja sê dat hy met sy kinders vir Israel tot tekens en wonders is. Hosea moes selfs tot tweemaal met hoervrouens trou na die uitdruklike woord van die Here, om so met sy kinders uit hul gebore vir Israel tot ŉ prediking te wees te midde van hulle geestelike hoerery. Jeremia mog weer nie trou nie. En vir Eségiël roep die Here tot die wonderlikste sinnebeeldige handelinge in die ballingskap — so selfs dat sy mede-ballinge uitgeroep het: hy is ŉ digter van gelykenisse! Hy is nie heeltemal reg nie! Want hy moes 390 dae op sy een sy lê en 40 dae op die ander sy en met ontblote arms profeteer. Dan moes hy op sy hande klap en met sy voete stamp en profeteer. Tot in ons tyd word Eségiël beskou as ŉ lyer aan vallende siekte. Hy sou dan senukrank gewees het. Maar dis die oordeel van die verblinde sondaar wat aan reorganisasie glo. Dis nie die regte verklaring nie. Die boek sê vir ons vooraf in sy opskrif wat dit is. *Die Here se hand was op Eségiël.* Die Here se hand het selfs swaar op hom gedruk. Hierdie Woord van God moet ons nie kragteloos wil maak deur die draers van die hemelwoord abnormaal te noem nie. Nee, as die hemel geopen word, dan gryp God almagtig met sy hand ŉ sondaar hier op die aarde aan, roep hom kragtig, gryp sy siel aan en lei hom terwyl hy soms selfs weier. God se hand is op hom. Dit wil sê:" die profeet het onwederstandelik gekom onder die oorweldigende mag van Gods Gees wat sy hele waarneming en denke vasgegryp en beheers het, sodat hy die dinge in die hemelse lig sien soos hy dit self nooit bedink het nie. Die profete verkeer naamlik ook in die gevaar van hulle tydgees. En dan gryp God se Gees hulle vas om hulle regstreeks teen die tydgees te laat ingaan en profeteer, ja só dat sy tyd hulle as sielskrankes veroordeel. En so het hulle nie net die profete nie maar ook ons Here Jesus, ons groot Profeet en Leraar, as ŉ duiwelbesetene beskou, omdat Hy so totaal teen sy tydgees ingegaan het en die koninkryk van die hemele gepreek het.

En, geliefdes, orals waar Gods Woord onvervals gepreek word, is die ongelowige spotters en skrifkritici klaar met dergelyke afwysinge van Gods Woord. As ons vandag teen allerlei organisasies onder geslote hemele preek, dan sal ons allerlei kommentaar daarop kry. Die prediker is dan ŉ digter of ŉ dweper of dromer, of hy leef nie met sy tyd mee nie, of, om dit mooier uit te druk — dis onpraktiese, onuitvoerbare dinge wat hy predik. Of om dit nog verfynder uit te druk: hy is ŉ idealis.

Ons tyd oordeel dat jy moet saamgaan met jou tydgees en ook so moet preek. Jy moet sogenaamd midde in die lewe staan. Jy moet jou nie by die geopende hemele aanpas in jou preek nie — dan is jy nie reg nie — maar by die wêreld, die tydgees. Jy moet nou gee en neem, sê hulle, anders kry jy niks nie — ŉ kompromisstandpunt huldig.

Nee, geliefdes, as kerk, as gelowiges, as prediker moet ons die hand van die Here op ons voel, soos ŉ Luther en Calvyn, en dan kragtig reformeer, al word daar dan ook op ons geskel, al word ons dan uitgemaak dat ons van ons sinne beroof is, dat ons dwaal of wat ook al. Ons moet leef onder geopende hemele en ons daarna reformeer. Teen die gees van ons eeu moet ons ons aldeur reformeer na Gods Woord, ook as kerk. Wie waarlik glo, kan tog onmoontlik op dieselfde pad loop waarop die hele wêreld loop. Ons moet die hemelkoers hou, al lyk dit vir die wêreld ook soos afwykinge. Want wie glo, het in hierdie wêreld, net soos Eségiël, stormwind en alles teen hom. Maar onder geopende hemele en met die Gees van die Here op ons na sy Woord sal ons uiteindelik uit die stryd oorgaan in die oorwinning.

**AMEN.**

## DIE ROEPINGSVISIOEN

**OF**

**'N STORMWIND UIT DIE NOORDE**

**LEES**: *Eségiël 1.*

**TEKS**: *Eségiël 1:4.*

NADAT in verse 1 tot 3 die kenmerkende van hierdie profetiese geskrif as opskrif bokant die hele boek getel is, naamlik die opening van die hemele in daardie bepaalde tyd en die feit dat die hand van die Here op die profeet was, beskryf die digter-profeet Eségiël verder in hierdie eerste hoofstuk sy *roepings-visioen.*

Hy sien naamlik ŉ stormwind, ŉ wolk met onophoudelike vuur. Wonderlike storm! Dis nie ŉ *stofstorm* wat die wêreld dynserig en stofferig vaal maak nie; dis ook nie ŉ *onweerstorm* wat die wêreld in ŉ donkerswart hul waaruit ligflitse skiet nie; nee, dis ŉ *vuurstorm* wat straal en glans van een vuurlig, ŉ vuurstorm wat in die middelpunt stralend skyn soos blinkende metaal en waaruit bliksemende flitsligte onophoudelik na buite skiet — alles vuur — reinigende, heiligende glansvuur. En die vuurstorm kom uit die noorde. *Uit die noorde* bedoel hier niks anders nie as van Kanaän, van Juda, van Jerusalem af. Al lê Jerusalem wes van die Kebarkanaal, moet ons tog onthou dat niemand van Jerusalem direk in oostelike rigting hierheen kan reis nie. Die woestyn belet dit. ŉ Mens moet eers noordwaarts reis deur Sirië en daarna weer suidwaarts afswaai. Vir wie soos Eségiël aan die Kebarkanaal vertoef, kom iemand wat uit Jerusalem vertrek het, dus van die noorde. Nou is God en die verskyning van sy heerlikheid wel nie aan so ŉ karavaanweg gebonde nie, maar vir die profeet se gedagtegang is elke koms uit Jerusalem ŉ koms uit die noorde. Die vuurstorm uit die noorde is dus ŉ vuurstorm vanuit Jerusalem. En as die profeet nou uit die vuurstormwolk vier wesens sien kom wat hy in hoofst. 10 nader verklaar as vier gerubs, as die draers en bewakers van Gods troon, dan wil die heerlikheidsverskyning hier sê dat die gerubs van die versoendeksel, dit wil hier sê: uit die heiligdom van die hemele, weggevlieg het. Hulle het die voorhangsel van hemel-gordyne weggeskuif en kom nou uit die geopende hemele, waarvan vers 1 reeds gespreek het, in ŉ vuurstorm aangevlieg, terwyl hulle die heerlikheid van die Here God dra tot vlak voor die voete van hierdie profeet, ŉ priesterseun wat uit die tempel van Jerusalem verban en van sy voorvaderlike diens beroof is. En so word dan ten slotte met die vuurstorm uit die noorde niks anders bedoel nie as die verskyning van die ywervuur-heerlikheid van die Here God uit die geopende hemelheiligdom.

By die drie hoofbestanddele in die roepingsvisioen wil ons u bepaal, naamlik

I. By die vier wesens (gerubs);

II. by die wielwerk waarop die troon rus;

III. by Hom wat op die troon sit.

### I.

Om kortliks saam te vat, geliefdes: wat die profeet hier uit die vuurstorm sien nader, is die geweldige troonwa, die koninklike troonkoets van die Here God wat in ŉ gesig uit die geopende hemele neerdaal na die profeet. Wanneer die goddelike troonkoets uit die hemelse vuurstorm kom, sien hy eerste die vier wesens (gerubs), dan die wa met sy wonderlike wielwerk en dan die troon met die Here in sy heerlikheid daarop. En hierdie troon, gedra deur die troonwa en in harmoniese beweging met die vier wesens, staan geen oomblik stil nie maar

beweeg bliksemsnel na al die vier windstreke, vooruit, agteruit, na regs, na links, omlaag, omhoog. Die wesens het naamlik heen en weer gevaar, in aansien soos ŉ bliksemstraal (vers 14), en as hulle van die grond af oprys, word die wiele opgehef (vers 19). So beweeg die troon bliksemsnel na al vier die windstreke. En dis om hierdie vier windstreke of vier hoeke van die aarde (waarby die wêreld in sy geheel bedoel word) te beklemtoon, dat in hierdie roepingsvisioen telkens die getal *vier* na vore kom. Dis *vier* wesens met *vier* vleuels, *vier* hande, *vier* gesigte, *vier* wiele, *vier* kante. Hierdie simboliese getal vier dui die aarde na sy vier windstreke aan, die hele aarde. Hierdie vier gerubs wat die troon Gods so bliksemsnel van oos na wes, van noord na suid verplaas, openbaar hier aan Eségiël die heerlikheid van die heerskappy van God oor die hele aarde. Hy is die Here God, wat nie net God van Kanaän is soos die Babiloniese gode net gode oor Babel is nie; nee, Hy is die enige God, wie se heerskappy oor die hele aarde gaan. Hy regeer van see tot see en van die riviere tot die uiterste van die aarde toe. Hy is God wat aan geen tyd of bepaalde plek gebonde is nie. Sy koninklike toesig gaan oor alles. Hy is (en dit moes Eségiël vat) Hy is net so goed God in Babel as in Kanaän. Eségiél, mensekind! dit moet jy weer preek en profeteer! Die Here God regeer oor die harte van wêreldheersers wat julle hier in ballingskap ellendig om laat swerf en neig hulle harte soos waterbeke. Die *aarde behoort aan die Here* en al sy volheid. Die Here regeer — laat die volke beef! — maar die volk Israel, sowel dié daar in Juda as dié hier in die ballingskap, kom slegs om uit te roep: Die Here se tempel, die Here se tempel is dit! Die aarde mag behoort aan Bel, Nebo, Mardoek en Ra maar die tempel is dan tog nog die Here s'n. En so het hulle die Here God, die grote God, verlaag tot ŉ blote, arme ou "tempelgodjie" wat niks van die vier hoeke van die aarde meer besit of regeer nie. Dis die volk se sonde.

Gemeente, *en dis ons tyd se sonde.* Vir die meeste mense van ons tyd is die Here God op sy uiterste ŉ *Kerk-God, ŉ* arme Kerk-God vir wie die kerkdeure toegemaak is, sodat Hy nie in die wêreld kan kom nie, sodat Hy oor die wêreld geen Koningskap het nie. Oor die vier hoeke van die wêreld heers die geluksgodin, die wellusgodin, die sportgod, die rekordgod en al die baie gode van hierdie eeu. Kyk, so hoor ons, onse God is ŉ Kerk-God, eer Hom in die kerk, aanbid hom in die kerk. Maar in die sakewêreld, ons handel en nywerheid, daar kom dit op *organisasie* aan! Ook uit jou politiek moet jy kerk en godsdiens weer: daar kom dit aan op ŉ herstelbeleid, op reorganisasie en nie op reformasie nie, nie terug tot God nie maar weg van God. Soos vir Israel die gerubs wesens was wat net in die tempel tuisgehoort het en God alleen in sy heiligdom, sodat hulle Hom in die tempel as in ŉ kerker toegesluit het, so het die teenswoordige Christendom sy God "in die kerk toegesluit", en hulle ry by die kerk verby om te gaan offer op die altare van die teaters en allerlei vergaderplekke, wat volgepak sit.

Daarom is dit dat God vir daardie Jodedom, as uit ŉ vuurstorm van heilige ywer, die rame en die vensters wyd oopgegooi het, die gordyn voor die allerheiligste weggeruk en sy gerubs as die draers en bewakers van sy heilige koningstroon oor die hele aarde uitgestuur het. Soos ŉ bliksem, om met ŉ nuwe roepstem te verkondig: laat alles wat asem het, tog die Here God van die ganse aarde loof, oor die vier windstreke heen: *Hy is God.* En jy, Eségiël, mensekind, Ek gryp jou nou aan jou kuifhare om jou wakker te pluk en jou te laat verstaan: my gerubs en heilige troon is nie — soos jy meen — te heilig om ook hier aan die Kebarkanaal in glans te verskyn nie! Dit is jou roeping om nou te profeteer: Die Here is koning oor die aarde! En die hele aarde moet voor Hom alleen buig en Hom alleen dien. Hieroor was Eségiël so verbaas dat hy sewe dae lank stom was.

Ag, en wanneer sal *ons* tog leer dat God nie alleen gedien word in ons trae kerkgang en in ons trae psalmsang en bloot geduldige aanhoor van ŉ preek nie! — Maar ook in hierdie Babelwêreld van die teenswoordige eeu moet ons vir die Here leef, die Here dien en eer. Ons mag in hierdie Babelwêreld nie godsdienstig "hensop" soos Israel toe hulle hul harpe aan die bome opgehang het nie. Nee, nie net in die tempel nie maar ook in die Babelwêreld moet ons

Gods lof verkondig en sy Naam psalmsing. Dit is die profeet se roeping. Die profeet moet nie net binne die tempelmure profeteer nie maar *in die wêreld.* God het sy Seun, ons Here Jesus, nie na die tempel gestuur nie maar juis uit sy heiligdom in hierdie wêreld. Ons moet nie net hier binne hierdie kerkmure wil profeteer en die Here se lof verkondig nie, maar ons moet dit veral *in hierdie wêreld* doen, as lewende wesens, as gerubs, draers en bewakers van die troon van onse God en Koning in hierdie Babelwêreld. Dit is ons *roeping!* Maar hoe moet ons dit doen?

Die visioen sê dit vir ons as daar staan: *Die vier wesens het nie weggedraai as hulle gaan nie; hulle het elkeen reguit vorentoe gegaan* (verse 9 en 12). Ons moet daarop let: die visioen van die troon gedra deur die wesens en beweeg deur die wiele, is wel wonderlik maar nie wanordelik nie. Hier is by die vier wesens nie organisasie nie, maar hier heers *orde en reëlmatigheid.* Hier is orde, gehoorsaamheid aan die Gees, sowel tussen die vier wesens wat nooit met mekaar bots nie en altyd dieselfde rigting kies, asook tussen die wesens en die wiele: hulle gaan steeds harmonies saam, want hulle is almal deur een Gees besiel, die Gees van God. En hulle koers is altyd reguit, reglynig, by alle bliksemsnelheid. Daar is niks onsekers, geen kronkelinge, geen wispelturigheid, geen geleentheidsgrepe (opportunisme), geen toevallighede, geen blinde noodlot nie — nee, hier is die reglynige Godsbestier vanaf sy troon: altyd reg op sy doel af. Geen chaos, geen verwarring, geen wirwar nie.

In die Babelwêreld is daar wanorde, botsings, opstande, oorloë, krom paadjies, bedrog, noodlot of geluk, maar nooit sekerheid nie: koersloosheid, ʼn gedwaal en gedwarrel! Waar is ons wêreld se koers? Waarheen is ons koers? Gaan ons reg op ons bestemming af, ons ewige oogmerk om ons God en Koning te eer? In die tempel, die tempel van die Here, daar moet dit reg wees, maar in die wêreld en Babel kan dit maar krom gaan op die reorganisasiepad. Nou roep die Here Esegiël; leer en bemoedig hom eensdeels deur hom te laat verstaan dat God se koninklike beleid ʼn reguit, ʼn koersvaste beleid na sy ewige oogmerk is. God se weg mag diep wees maar nooit krom nie. Die Babels maak slinkse draaie en planne.

Tweedens roep die Here die profeet om in *hierdie wêreld* ook reguit te loop en nie net in die kerk nie — oor die vier hoeke van die aarde! Dis u roeping: moenie in die wêreld afdwaal nie, moenie afwyk van die goddelike koningskoers en -reg nie. Tussen die kronkelgange van die Babelmens moet u weg as profeet reguit gaan.

Maar let verder ook op die *vier wesens* self. Die vier wesens met hulle viervoudige aangesigte verteenwoordig die besielde skepping van God. Die leeu verteenwoordig die wildedierewêreld; die bees die huisdierwêreld; die arend die voëls, en dan kom die mens. Die menslike aangesigte is altyd na buite, dit is na vorentoe gekeer, die leeu regs, die bees links en die arend na agter toe. En hulle het nie ses vlerke soos in Jes. 6 nie maar slegs vier, d.w.s. hulle is nog nie in die hemel by die altaar nie maar nog in hierdie wêreld. Met twee vlerke bedek hulle hul liggaam voor die vreeslike heiligheid van God, met twee vlieg hulle vlerk aan vlerk, en hierop rus die vloer of uitspansel van Gods troon. Met ander woorde die wil van Gods koningskap word deur hulle uitgevoer. Hierin moet die mens vooraanstaan en op elke gebied God se heerskappy in die wêreld uitdra, volwaardig soos met vliegende vleuels. Hier word geleer dat hoewel God regeer, Hy tog in sy regering gedien en bedien wil wees van sy skepsele en veral van die mens. Die skepsele dra as 't ware Gods troon deur hulle vervulling van Gods wil. Ontsaglike gedagte dat God se koningstroon deur ons as gedra moet word deur Gods wil te doen in hierdie wêreld. Want kyk elke wese het vier hande. Hande is die toonbeeld van arbeid. Hierdie arbeid het diep geestelike betekenis: die arbeid in die wêreld moet God se troon dra. En hulle voete het nie kniegewrigte dat hulle kan sit nie, nee, hulle bene is sonder knieë, hulle sit nooit nie. Hulle arbei steeds in hierdie wêreld na sy vier windstreke met hulle vier hande, en hulle *staan in sy diens.*

O, tot wat ŉ ontsaglike, heilige diens word die profeet en elke gelowige hier nie geroep nie! Maar gevoel ons hierdie heilige diensroeping? Hoe ver staan ons en ons tyd tog van dié roeping af! En die mens van alle besielde wesens vooraan! In plaas dat ons *staan* en *dien,* gaan ons heen en weer en verwoes. Geen dienende opbou van Gods ryk terwyl ons staan nie maar ŉ verwoestende afbreek, onder die mense veral. Want, waarlik, ŉ leeu mag as roofdier onder diere sy *roof vang* in plaas dat die wolf met die lam verkeer — maar darem tog nooit uit *haat* nie maar die mens verwoes homself en ander uit *haat.* Die leeu, die bees en die arend mag ruwe krag besit, maar die mens se verwoestende oorlogstuig is skriklikste van alles! Dis gewere, brandbomme, gifgasse om te verwoes en te verdelg. En die Here God, sy heerlikheidstroon word gedra deur *lewende wesens.*

*"hoof die Heer en gee hom eer*
*al wat kruip en roer en sweef*
*al wat asem het en leef!*
*Halleluja loof die Heer."*

En die mens wat vooraan moet staan in die dra van God se troon, beroof homself deur selfmoord van die asem of hy moor ander of hulle verwoes mekaar deur oorlog of allerlei geweldpleging sodat daar geen asem sal wees om die Here HERE te loof nie. Die sonde wil die dood, ewige dood sodat Gods troon sal instort, deurdat daar geen lewende wesens meer sal wees nie. Dan is God nie meer die God van Abraham nie — nie van lewendes nie maar van die dode!

II.

Maar kyk ons noukeuriger na die vier lewende wesens, dan bemerk ons ŉ groot wiel langs elkeen van hulle. En so, geliefdes, word God se troon nie enkel deur die lewende wesens, die besielde natuur, gedra nie maar, tesame met hulle, ook deur die vier wiele. Stel dus die vier lewende wesens die besielde natuur voor waarop God se troon rus en gedra word, die vier wiele stel die onbesielde natuur voor in die heelal van die wêreldgeskiedenis. ŉ Wiel tog is iets wat rol, wat ŉ gedurig voortgaande aksie voorstel, en dit veral in die onbesielde natuur. So staan vir ons die wielgebeure afgebeeld in die gedurige sirkelgang van die son, maan en sterre. Die wêreldgebeure rus *nooit.* Altyd is daar beweging, wisseling, wentelende wiele. Alles wissel en verander hier in die onbesielde natuur. Wie se oog sien dit nie? Die jaargetye en tye staan nooit stil nie, en die geskiedenis snel ten einde. Maar, geliefdes, al is daar geen meganiese verbinding tussen die lewende wesens en die wiele nie, hulle hou wonderlik verband met mekaar. Want die Gees van God wat in die wesens is, is ook in die wiele. Die gees van die wesens is naamlik in die wiele. As die wesens dus opgaan, gaan die wiele op; gaan die wesens links of regs, agteruit of vooruit, dan gaan die wiele ook so saam met hulle. En so, geliefdes, lê hierdie visioen — en dit deur Gods openbaringswoord alleen — die nouste samehang tussen die lewe van die lewende wesens en die gebeurtenisse in die natuur. Dit was die sonde van Israel dat hulle die wêreld gebeurtenisse van hulle tyd los van God gedink het en so God se troon geskend het.

Wat Eségiël ons hier in hierdie visioen gee is ŉ digterlike voorstelling van wat ons Kategismus sê: lower en gras, reën en droogte, gesondheid en krankheid, rykdom en armoede, vrugbare en onvrugbare jare en alle dinge kom nie deur die toeval, ook nie deur ŉ noodlot nie maar van sy vaderlike Hand oor ons. Soos die mens lewe, so vergesel die natuurgebeurtenisse sy lewe. Bely die mens God, dan bely as 't ware die natuur die mens. Dien die mens God, dan dien as 't ware die natuur die mens; loën en verag die mens God en sy bestaan, dan loën en verag die natuur die mens, al is dit tot sy dood. O, die dinge sit so vas aanmekaar. Daar is geen toeval en geen geluk en geen noodlot nie — daar is net ŉ natuurgebeure wat vas sit aan wat die mens doen, want die gees van die wesens is in die wiele.

Ons lewe is baie gekompliseerd. Die dinge gebeur so vreeslik teenmekaar in. Dit lyk vir ons of alles bots. Daarom sê die profeet: dit lyk of daar ʼn wiel in ʼn wiel was. Hy sê nie dat daar werklik ʼn wiel in ʼn wiel was nie, maar dit het *gelyk asof dit so was.* As so iets vinnig moet loop, dan het ʼn mens daar geen begrip van nie. En so lyk die afloop van die wêreldgebeurtenisse ook vir ons: wiele in wiele. Die gebeurtenisse loop teen mekaar in, en ons kan geen rigting of koers daarvan beken nie. Dit gaan heen en weer en op en neer. Wie het in sy lewe dinge nog nie so reg teenmekaar in sien gebeur nie? Slaan maar Gods Woord oop. Aan die galg wat Haman vir Mordegai bou, moet hy self hang — ʼn wiel in ʼn wiel, reg teenmekaar in. Josef se broers verkoop hom tot slaaf, God maak hom onderkoning — ʼn wiel reg teen ʼn wiel in. Die wyse uit die Ooste, wat Herodes verbyreis nadat hulle Jesus aanbid het, is ʼn wiel in Herodes se wiel. Die engel wat die Assiriese leër verslaan, is ʼn wiel in Sanherib se wiel. As Gods kind in sy beste verwagtings bitter teleurgestel word, in sy beste planne en werke soms ontsettend gedwarsboom word, dan is dit God se wiel reg teen sy wiel in. So is die wêreldgebeurtenisse, ʼn war-klomp van teenstrydighede en onoplosbare raaisels. Ons sien in alles net ʼn wirwar, daar is vir ons geen lyn in nie. Maar al lyk die wêreldgebeurtenisse vir ons ʼn huiweringwekkende werklikheid, deur die visioen troos en bemoedig God sy profeet en laat ons verstaan dat die gebeurtenis wat vir ons so deurmekaar lyk, onder Gods hemeltroon ʼn gans seer vreeslike werklikheid is. Want daar sit lyn in alle gebeure — ʼn reguit rigting na Gods bestel. Gods Gees stuur dit so. Gods Gees is in die wesens, is ook in die wiele. En nog meer, geliefdes: die vellings van die wiele is vol oë. Daar is nie net twee oë aan soos wat ons het nie, maar dis vol oë, dis een en al oog — die oog van goddelike wyse-bestel, die oog van alwetendheid. Die pad van elke wiel word vooruit geken en bestuur na Gods heilige oog. Heilige wysheid van onse God en Koning sit in al die wêreldgebeure:

*Heilig was o God, u weë*
*in die voortyd, lank geleë.*
. . . . . . . . .
*Hoog daarbo, gerol van donder*
*vuur van vlammesee daaronder*
*aarde en wêreld stormverlig*
*het geskrik by die gesig.*
*Ja, u pad was in die seë,*
U *verlos langs diepe weë*
*en u nooit ontdekte spoor —*
*daar sweef donker waters oor.*

Maar dis dan ons troos: die wêreldgebeure, vir ons nog so verward, is vol goddelike wysheid.

Die vraag is vir ons as gelowiges of ons die oë in die wiele van die Godsbestuur sien en of ons die Here prys!

*Heilig is o God u weë.*
*Niemand spreek u hoogheid teë.*

Die geloof aanvaar rustig dat die Gees van die wysheid in die wiele en die vellings vol oë is.

Maar, geliefdes, die visioen word eers reg duidelik as ons met die profeet hoër opkyk na die troon van God self, waarvan die wiele en die gerub-wesens slegs die draers is.

Eers kom daar ʼn kristalvloer of uitspansel. Daardeur blits die ewige lig in die wêreld van die lewende wesens, in die natuur, van die troon se kant af, heerlik deursigtig maar van die wêreld se kant verblindend.

*Uit sy vaste woning*
*waar Hy heers as Koning,*
*Sien Hy, Skepper — Heer,*
*uit oneindig hoë*
*blou — deur glansde boë*
*op sy skepsel neer.*

Geen oog kan Hom aanskou nie, maar Hy sien op elke skepsel neer.

Bokant die uitspansel is dan die troon en daarop ŉ gestalte soos ŉ *mens,* maar dit was tog ook geen mens nie. Hy lyk soos ŉ mens maar is tog anders. Dit lyk of Hy hande het, maar dit was tog anders. En daar is ŉ duidelike onderskeidingslyn van die lendene na boontoe en van die lendene na ondertoe. Na boontoe gaan daar ŉ glans uit soos van die edelste metaal — dis Gods barmhartigheid, ver bo goud en silwer. En van die lendene na ondertoe die glans van ongetemperde vuur — dis Gods geregtigheid, verterende vuur. So was die verskyning van die heerlikheid van die Here. Na boontoe en na ondertoe dubbele glans uit sy wese. Na boontoe, hemelwaarts, is die glans reddend, behoudend. Na ondertoe, hellewaarts, is die glans verterend.

God is wel barmhartig, maar Hy is ook regverdig.

Na *boontoe genade* wat uitskitter soos die glans van hasmal! Na ondertoe oordeel van vernietigende bliksemstrale teen die sonde hier onder. Goedertierenheid en reg — dit is die beide eienskappe van Gods troon. So het die ware profete van God geprofeteer. Maar die valse profete in Eségiël se tyd het die twee uitmekaar geruk. Eenmaal is God net ŉ God van toorn en het hulle ganse teologie uit dood en hel bestaan. Die toorn van God is dan gepreek ten koste van sy liefde, ŉ Ander maal het valse profete weer Gods liefde gepreek ten koste van sy geregtigheid. Dan is die toornende God Ou-Testamenties. Maar teenoor dié beide leer die visioen: God, barmhartig en regverdig tegelyk.

Vir Israel van daardie tyd was dit op sigself nie iets nuuts nie. Die volk het nog nooit vergeet dat God tegelyk lig en duisternis was in die wolk- en vuurkolom nie — vir Israel lig en vir Farao duisternis. En so het hulle dit steeds gehad. Vir die heidene is God wel ŉ vuur tot vertering maar vir Israel net lig tot behoudenis. Maar nou is daar *omkering.* Nou is dit na ondertoe — vir Israel — verterende vuur, en na boontoe — van Israel af weg — die behoudende lig.

Is God dan omgekeer? Nee, by God is geen verandering of skadu van omkering nie. Maar die Bondsvolk, Israel, is omgekeer.

Hulle het van God af weggedraai. Hulle mag wel juig: die Here se tempel is dit! — maar hulle het ŉ sinagoge van Satan geword. Daarom kom Israel nou in die vuurlyn van Gods toorn te staan. Nou moet die engel van die vuur tussen die wesens vat en op Jerusalem asook op die tempel strooi (hoofst. 8:2). Al wat in Israel van hout en strooistoppel is, moet verteer word; en al wat goud is, moet gelouter word. Die vuur is pynlik, ontroue verbondsvolk, maar heilsaam. En dis weer die troos hier, want kyk bo Gods troon skitter die teken van Gods verbondstrou soos die reënboog in al sy kleureprag.

Waarlik, God het geen behae in die dood van die sondaar nie maar daarin dat hy hom sal bekeer en lewe. Wat ŉ troosryke visioen, want kyk daar in die mensegestalte op die troon het ons die skadu van die geheimenis van die vleeswording van die Woord. Al is dit dat God kole vuur op Jerusalem laat werp, dit stry nie met die vleeswording nie. Dis God se wiel binne-in ŉ wiel. Jesus sê dan ook: Hy het gekom om vuur op die aarde te werp. Christus is nie net die goeie Herder nie, Hy is ook die vlammewerper. Die evangelie is verkwikkend soos water vir die wat dors het, maar dis ook brandend soos vuur vir wie dit verag. Gewoonlik wil ons die

vuur nie verdra nie. Ons wil wel “gestig” word deur ŉ mooi preek en ewe rustig ons koers gaan, maar vuur stryk met ons nie. Daarom is ons ook sonder heilige vuurywer. Kerk van die Here, u het ŉ Christus met vuurvlamme; blus dit nie uit nie. Menige siel is soos ŉ spuit om te blus. Dit mag nie. Barmhartigheid en geregtigheid by God; gerig en genade het een geword in die Man van smarte op Golgota. Daar was die vuur na ondertoe, toe die bliksem in die kruispaal geslaan het: My God My God! Maar tegelyk is na boontoe die hemel oop en vertoon die paradysgenade hom soos die skittering van die hasmal: Vandag sal jy met my in die paradys wees. En wie na ondertoe kyk — na sy ongeregtigheid mag hy hom wel geheel verlore skat. Maar wie in geloof opkyk na boontoe, na die Man van Smarte, ontwaar Gods heerlike verbondstrou en ewige barmhartigheid, tot ewige heerlikheid.

**AMEN.**

## SO SPREEK DIE HERE HERE
## OF
## KERKDIENS BY ESÉGIËL

**LEES**: *Eségiël 2.*

**TEKS**: *Eségiël 1:28b —2:7.*

IN hoofstuk 1:28b word ons oorgelei van die roepingsvisioen tot die *roeping* self. Nadat in hoofstuk 1:1-3 die hoofopskrif bokant die profesieë van Eségiël bekendgestel is, deel die profeet ons mee wat hy *gesien* het, naamlik die gesig van die gerubs (vers 4-28a) — ŉ aangrypende gesig wat die profeet as dood laat neerval het. Maar in vers 28b gaan hy oor van wat hy gesien het, naamlik die roepingsvisioen, na wat hy *gehoor* het, naamlik die *roeping* (hoofstukke 2-3:15). Hoofst. 1 handel oor ŉ *gesig* wat Eségiël *gesien* het, hoofstt. 2 en 3:1-15 oor ŉ *stem* wat hy *gehoor* het. Eers roep God deur ŉ gesigsverskyning voor die profeet se *oog* te vertoon, en pas daarna roep God nog nader deur ŉ *stem* tot sy *oor* te rig. En so roep God Eségiël met ŉ roeping wat deur elke poort van die profeet se siel heen deurdring: deur *oog* en deur *oor.*

O, wat gaan dit tog meesterlik *toe,* hier waar God sy profeet roep. In die een oomblik waarop die Here God roep, leer en onderwys Hy meteens sy profeet deur oog en oor alles wat nodig is vir die roeping. God leer en onderwys nie eers om later te roep nie — nee, al lerende en onderwysende deur die oog en oor roep God somaar meteens. God se kandidaat is somaar meteens deur oog en oor klaar *onderwys* en *geroep.* Hier het u ŉ model-les van alle waaragtige onderwys maar wat tog ook oneindig ver bo alle menslike onderwys uitgaan. Want hierdie goddelike roepingsonderwys is so magtig dat dit die menslike krag te bowe gaan, sodat die grote man Eségiël kragteloos neerstort. En dat dit dan duidelik mag wees dat Eségiël nie so ŉ groot gees gehad het nie, staan daar duidelik by dat die Gees van God, die Heilige Gees, as Onderwyser in hom gekom en hom bekwaam gemaak het om te kan staan en die *roeping van God* te kan hoor. By die onderwysende roeping van God tot Eségiël wil ons met u stilstaan, en wel eers net by die eerste stuk daarvan (verse 1-7). In hierdie verse word Eségiël *geroep om* te *preek.* Hier sit die Here God met soveel woorde uiteen hoe die *preekdiens*, die *kerkdiens* van Eségiël *sal* en *moet* wees. Hier het ons dan ŉ preekdiens van Eségiël, ŉ *kerkdiens.* Hier gee God Self, verhewe bo die mens, ŉ openbaring van die hele kerkdiens: van die prediker Eségiël; van die hoorders, Israel; van die preek en van die uitkoms van die preek. Ons wil met u kortliks stilstaan by hierdie profetiese kerkdiens en let:

I. Op die prediker hier,

II. op die hoorders,

III. op die boodskap,

IV. op die seën of uitkoms op hierdie boodskap.

I.

Daar is dan die prediker! Ons leer hom volkome ken uit die woorde van die Here God: "*Mensekind! Ek stuur jou na die kinders van Israel."* So het die Here God Hom geopenbaar oor die profeet, oor die prediker, en daarom moet ons ook preek nie net *tot* die hoorders nie maar ook tot die prediker self. Ja, en dit moet nie daar in sy binnekamer vir hom alleen geskied nie; dit moet juis in die *preekdiens* geskied, juis in die *kerkdiens* soos die Here God die profeet hier roep in verband met sy preekdiens. En wat sê die Here aangaande die prediker? Hoe en wie is hy? Hy is *mensekind.* Hy is mensekind soos alle ander *mensekinders.* Hy is behep met al die eienskappe van alle ander mense. Hy is mensekind — tekening van sy swakheid en sterflikheid, van sy kragteloosheid en afhanklikheid, van sy nietigheid en onderworpenheid. Ag ja, die prediker is net so nietig as elke hoorder! Dis heel moontlik dat die prediker onder sy gemeente hoorders ontmoet wat in geloof, siele-adel, liefde, oorgegewenheid ens. ver bo hom uitgaan. Die ooreenkoms tussen die prediker en sy hoorders is dat hy net so maklik soos hulle kan val. Die verskil is net dit dat hy dieper kan val omdat hy *hoër* geplaas is.

Laat ons dit tog steeds bedink: alle profete en alle predikers is maar mensekinders, en daar was maar een Menseseun, Jesus Christus. As Menseseun was Hy afgeskei van die sonde van die hele menslike geslag. Hy was sonder vlek of rimpel, sonder gebrek. Maar alle profete en alle predikers is maar mensekinders, mede gevang in die sondeboeie waaronder alle mensekinders gebind lê, van nature gedoem en veroordeel. En as God dan sy profeet of prediker roep uit die gedoemde menslike geslag, dan gryp Hy hom soos vir Eségiël onder die mensekinders uit en laat hom goed verstaan: dis nie omdat jy anders van natuur is nie, dis nie omdat jy beter en volmaak is nie — nee, jy is maar nog ŉ mensekind! Ewe verdorwe, ewe verkeerd as alle mensekinders. Meer as negentigmaal moes die profeet Eségiël dit in sy profesieë neerskryf: *mensekind.* Wat God uit die wêreld roep, moet deur God gegryp word. Dit is ŉ saak vir predikers en hoorders om diep te besef. En meer as almal moet die prediker self dit besef. Hy is mensekind, verdorwe, van nature van God afkerig soos alle ander. Maar God sê vir hom: Ek stel jou daar hoog, en nou moet jy preek. Onthou, dieper as ander kan jy val, want Ek plaas jou op ŉ preekgestoelte! En, gemeente, as daar dan ook een is wat Satan eerder as ander wil laat val, dan is dit die prediker. Een offisier geld seker vir tien manskappe. En as die offisier getref kan word, dan is die manskappe verstrooi. Daarom, as daar ŉ mensekind is wat deur Gods Gees op sy voete staande gehou moet word voor God, soos Eségiël, dan is dit profete en predikers. Hulle het die besondere bystand van Gods Gees en die gebed van die ganse gemeente nodig om die Woord uit God se mond te kan preek. Die grote apostel Paulus het daarom ook soos ŉ swakkeling gesmeek dat sy gemeente tog vir hom moet bid dat die Woord van God sy loop kan hê. En o, gemeente, dit moet u weet: u prediker is ŉ swakke, sondige mensekind op die kansel. Nooit moet u ophou om vir hom te bid nie. Bid u ook vir hom? Mensekind is hy immers, dit moet hy weet, dit moet ook u besef!

Maar let dan ook verder op die prediker se *glorie* en op sy *roemloosheid.*

Ek stuur jou, sê God. Dis die prediker se glorie. Hy is ŉ gesondene van *God Self;* hy is ŉ afgesant, ŉ ambassadeur van die Allerhoogste Koning wat uit sy gedugte paleis gespreek het. En as daar ŉ mensekind is met wie jy versigtig moet wees, dan is dit met ŉ gesant, met die gesantprediker van God, al is hy mensekind. As jy ŉ gesant skend, dan skend jy sy Sender.

As jy die gesant beledig as gesant, dan beledig jy God wat hom gestuur het. Wie die gesant wegstuur, stuur God weg. Wie met die gesant twis, twis met God. Wie hom aan die gesant nie steur nie, steur hom aan God nie. Al is hy as mensekind in niks bo ander te eer nie, as gesant van God moet hy deur almal geëerbiedig word. Bedink dan dat die glorie van die prediker daarin geleë is dat hy gesant is, dat God sê: Ek stuur jou!

Maar hoewel dit sy glorie is, is dit tegelyk sy roemloosheid. Hy het in niks te roem nie. Hy het as gesant geen eie outoriteit in homself nie. Hy is maar net gesant, bode. Niks meer, niks minder nie. Hy is bloot werktuig van God! Hy moet daarom nooit homself soek nie. En mag die gemeente hom as gesant nie verag nie, ewe min mag hulle hom roem. Sowel die prediker as die gemeente moet verstaan dat dit aankom op die een wat hom gestuur het. Deur geen grootdoenery, grootpraterigheid of ampshoogheid mag die gesant homself in die weg van die grote Koning Self stel nie. Christus moet steeds toeneem en die gesant steeds minder word. Sy geringheid as mensekind moet én hy én die wat hom hoor, steeds voel. So het Eségiël as mensekind sy gesantskap van God gevoel. Hy het vanweë die verskriklikheid daarvan sewe dae onder sy hoorders verstomd gesit. So was Moses, Jesaja, Jeremia. Dis ŉ wondere amp, ŉ geweldige amp. Dis ontsettend, dis vreeslike werk om te preek. Die diens van die Woord is nie ŉ liefhebbery nie; nee, om te preek is om in die vuurvlamme van ŉ gedurige geestelike krisis te verkeer. Jou siel brand altyd, jy word steeds verteer. Jy huiwer steeds van roepingsangs. Die Woord van God roep jou om vir mede-mensekinders vreeslike dinge te verkondig. Heilige tolkwerk deur onheilige lippe! Maar so is God se roeping.

II.

Tot sover die prediker in Eségiël se kerkdiens. Laat ons nou tweedens let op die hoorders in die kerkdiens, soos die Here dit hier openbaar. En dit is waarlik nie ŉ ligte oordeel wat die Here hier oor die hoorders gee nie. Hulle, Israel, het die verbond verbreek en is soos die opstandige nasies, soos die heidene. Hulle en hulle vaders is oortreders tot vandag toe, sê die Here. En die kinders van Israel is *hard* van aangesig en *verstok* van hart. Ja, hulle is *distels* en *dorings-*, hulle is *skerpioene.* Waarlik, só het die profeet as mensekind sy medeballinge nie aangesien nie. Voor sy oog as mensekind was dit Israeliete uit die stam van Juda wat verlangend uitgesien het na verlossing en gesnak het na Juda se herstel. Die mensekind sien aan wat voor oë is, maar God sien die harte aan. En dan sê die Here; Nee, mensekind, hulle is *hard van aangesig en verstok van hart, stekelige dorings, ja, skerpioene.*

Tot nog toe was die ballinge vir Eségiël liewe, goeie mense, omdat hy nog nie God se woord tot hulle gebring het nie. Maar *hard, stekelig* en *giftig* word hulle sodra die Woord van God hulle aan hulleself ontdek. Die ware aard van die mens kom eers uit as hy voor die Skrif te staan kom. As daar ŉ deug was, dan was dit slegs dat hulle aangesigte hard was soos wat hulle hart verstok was. Hulle het hulle voorgedoen soos hulle was. Daar was nie bewoë en betraande gesigte, terwyl die harte verstok is nie. Dit sou dan eg Farisees gewees het. Nee, hulle was ten minste eerlik. Soos hulle verstok was, so was ook hulle aangesigte hard. Maar wat is dit tog onbeskaamd teenoor Gods Woord! Harte wat geen gevoel meer het vir God se saak, vir sy Woord, vir sy Kerk nie. Hulle sit wel in Eségiël se kerkdiens, sonder die minste waaragtige gevoel daarvoor. Hulle harte is vir die preek soos ŉ stok — dood. Berou oor hulle sonde is daar nie — liefdelose, ongevoelige, verstokte harte sonder berou. En so kyk hulle ook onbeskaamd die prediker aan, ongevoelig, hard, sonder die minste gevoel wat uit die oog straal oor die Woord.

Maar nog skrikliker: die Here sê dat hulle vir sy Woord en sy profeet se kerkdiens nie net hard en verstok is nie maar selfs opstandig daarteen. Hulle is *gojim.* Gojim het hulle eiemondig die volke genoem wat opstandig teen die Here is, die heidense volke. En nou sê die Here: julle het geword gojim, heidens, opstandig teen my Woord en teen my kerkdiens. Hon-

derd een-en-twintig maal sê Eségiël dit.

Gemeente, hierdie woord kom met die boodskap: Ondersoek u hart! Hoe is u hart teenoor die Woord en die diens van die Here? Is daar nie by ons verstoktheid van hart, ongevoeligheid, liefdeloosheid vir die kerkdiens nie! En selfs soms opstandigheid? Verset? Of het ons miskien al Fariseërs geword deurdat ons ons aangesig sag hou, terwyl die hart tog verstok is! O, die verstoktheid, doodsheid, liefdeloosheid vir die Woord van God en vir sy diens! Laat ons ons hierin ondersoek, God onse Here bid en ons bekeer; en mag ons vervul word met liefde vir *sy Woord en vir sy diens.*

Teenoor die *profeet,* sê die Here, is die hoorders soos dorings en soos skerpioene om hom. Geliefdes, laat ons dit verstaan. Dit is nie skelwoorde van die Here nie. Nee, dis openbaring van God. As die hart styf en stokkerig teenoor God is, dan groei dorings teenoor die profeet van God. Soos stokke staan hulle regop teenoor God se Woord en soos dorings om die prediker van die Woord te steek. Stekelige opmerkings, doringsteke oor die prediker en die preek, veral as dit gaan oor die dinge wat die ballinge na aan die hart lê: oor die politiek, oor die tempel en oor die feit van hulle ballingskap as ŉ besoeking van God oor hulle. Dan rys die dorings soos ystervarkpenne. Gemeente, en laat ons tog bedink wat ons doen. Laat ons ons nie besondig nie. Wat gee dit nou om soos ŉ doringpen met ŉ verstokte hart te wees! Dis die gemeente se roeping om te ondersoek of die prediker die Woord van God preek; en as hy dit preek en ons houding daarteenoor is soos ŉ doringpen, dan steek ons nie die mensekind soos ons meen nie, maar dan verkeer ons in opstand teen God.

Maar nog meer. Die Here sê vir die profeet: hulle is skerpioene wat om jou woon. Dis nie ŉ skelwoord nie maar openbaring. Wat is ŉ skerpioen? ŉ Skerpioen behoort tot die familie van die spinnekoppe as diersoort. Sy leefwyse stem ooreen met die spinnekop. En nes die spinnekop is dit ŉ selfsugtige diersoort — sy nes is net vir hom alleen; hy vang sy prooi om hulle bloed uit te suig, en in sy stert dra hy gif. Die hoorders is dus liefhebbers net van hulleself, wat leef net vir hulleself. Selfsugtig en daarby nog bloedsuiers met bowendien ŉ giftige angel, om as dit kan die profeet-prediker van Gods Woord dodelik te tref. — Ag, gemeente, wat is dit vreeslik as God die lig van sy Woord laat skyn oor die hoorders van preke! Jy voel huiwerig om dit te sê: Oproerlinge, gojim, harde stokke, dorings, skerpioene teen die Woord en die prediker van die Woord. Hulle woon rondom die prediker. Dan rys die gestalte van die Christus as groot Profeet en Leraar op Golgota voor ons op. Daar was dit ook letterlik: oproerlinge, gojim met rietstokke, dorings om sy hoof, skerpioene met vergif in hulle rietsponse. So is die hoorder van nature as Gods Gees die harde hart nie verteder, die stok met die dorings verbreek en die skerpioengif daaruit neem nie. Mag onse God u dit tog uit genade gee, om u waarlik te maak hoorders en daders van sy Woord wat rondom die prediker daarvan vergader is.

III.

Let ons nou derdens op die preek. Ek stuur jou na hulle, en jy moet vir hulle sê: *so spreek die Here HERE.* Sê vir hulle: so sê die Here HERE. Moenie net vra *wat* sê die Here voordat u nie eers as hoorder goed besef *dat* dit die Here HERE is wat spreek nie.

So sê die Here HERE — dis die eerste en dis die vernaamste van elke preek. Eségiël moes dit oor en oor verkondig. Hy moes dit baie maal sê: Luister tog hoorders: so sê die Here HERE. Tweehonderd-en-sewentien maal sê hy dit in sy profesieë. Die tema van sy preek was: so sê die Here HERE. Die verdeling: so sê die Here HERE. Die inhoud: so sê die Here HERE. En die toepassing: so sê *die Here HERE.* Dit moet die ware prediker vandag nog en vandag veral, ook nes in Eségiël se tyd, oor en oor preek vir sy hoorders. Dit moet die gemeente bo alles verstaan: in elke preek gaan dit om wat die Here HERE sê. Dit gaan hier om

die gesant van God se boodskap: *Die Here HERE spreek.* Ons mag nie na die kerkdiens toe kom om na ŉ dominee te luister nie. Ons mag nie wegbly omdat dit tog maar weer dieselfde dominee en nie ŉ ander een is wat preek nie. Ons mag selfs nie kom om bloot na ŉ preek, ŉ soort toespraak te luister nie. Nee, ons moet na die kerkdiens toe kom om eerbiedig te hoor: So sê die Here HERE. Tweemaal *Here.* In klein letters beteken dit die Almagtige God van hemel en aarde. In groot letters die Verbonds-God. Dit moet u verstaan: dis die Almagtige en tegelyk u Verbonds-God wat hier spreek.

O, dit moet weer verstaan word! Die Here HERE spreek. Dan mag niemand teëspreek nie. Dan moet almal luister, gehoorsaam wees. Die Here HERE spreek, wat nie kan lieg nie. Wat Hy sê, staan vas. Hy misgis Hom nooit nie. Die Here HERE sê — dit alleen kan ŉ preek ŉ preek laat wees. Dit alleen maak die Bybel Gods Woord, want God spreek daarin. En dit alleen is ŉ ware belydenis. So moet die preek dan wees. Nie ervaringe van die prediker nie, nie stories wat opgemaak word nie, maar net wat God sê. En dit maak ŉ kerkdiens tot kerkdiens, wanneer wat die Here HERE spreek, verkondig word. Dit is die vastigheid van die gelowige hoorder se geloof: my God, my HERE wat nie kan lieg nie, het dit tog gesê. Daarom glo ek dit, daarom bely my hart en siel dit, daarom steun en leun ek daarop, daarom twyfel ek nie, daarom vertrou my siel, daarom hoop en verwag ek: die Here HERE sê so.

Maar dis ook die vastigheid van die ongelowige se gewisse oordeel. Wie nie glo en nie bely nie — seker, Gods Woord is ŉ krag van God tot saligheid vir almal wat glo en sy Naam bely, maar dis ewe seker ŉ krag van God tot die verderf vir al wie die Woord van God verwerp. Laat ons u dit dan op die hart bind. Luister, hoorders, luister tog, want dis die Here HERE wat spreek, die getroue wat nie kan lieg nie, wat sy Woord ook nie verander of verdraai nie.

IV.

En tog, gemeente, let nou ten slotte op die seën, op die vrug van Eségiël se kerkdiens. Die Here sê: Ek stuur jou na ŉ weerspannige volk, wat hard is van aangesig en verstok van hart. Hulle sal nie luister nie, hulle is weerstrewig. Vreeslik, geliefdes! Hierdie profesieë maak ons benoud. My siel huiwer. Tog moet ek vra: Hoe is dit met u as gemeente van Christus? Luister u na die prediking? Gee u ag daarop of slaan u dit heel gemaklik met u harde gesig en u verstokte hart in die wind? Mag onse Here u daarvoor behoed.

Maar, geliefdes, hier word in elk geval vir die prediker geleer om sy kerkdiens tog nooit te beoordeel na die sukses van sy preek nie. Sy sukses is daar wanneer hy so gelei is om Gods Woord onvervals te preek. Dis al: meer moet die prediker nie soek nie. Hy moet hom nie laat aanmoedig deur sogenaamde sukses nie en hom ewemin laat ontmoedig deur teenstand. En een troos is daar vir die prediker wat Gods Woord onvervals uitdra: die toekoms van die Here sal elke hoorder laat ervaar dat daar profete in hulle midde was; want na hulle getuienis sal God oordeel in die toekomende lewe. Seën of vloek, heil of onheil — dit is die uitslag van elke ware preek. En, gemeente, wat sal by u die uitslag wees van hierdie prediking oor Eségiël se kerkdiens?

Mag ons Here HERE dit tog aan u almal se harte seën tot eer van sy grote Naam en tot heil van u siele.

**AMEN.**

## LETTERS EET

**LEES: *Openbaring 10.***

**TEKS**: *Eségiël 2:8 — 3:3.*

IN hoofstuk 1 het ons te doen met die roepingsvisioen van Eségiël. Daar is hom sekere gesigte getoon, en daar het die profeet maar net gesien. Maar in hoofstukke 2-3:15 het ons te doen met die *roeping* self van die profeet. Hier word nie meer dinge *getoon* nie, maar hier word woorde *gespreek* deur die Here self, en hier sien die profeet nie soseer met sy oog nie as wat hy met sy oor na die roepstem van God luister. Die roepstem van God roep hom eerstens om vir die verdraaide geslag te gaan preek: So spreek die Here HERE. Hy word dus hier in hoofstuk 2:1-7 geroep om sy mond oop te maak en te spreek: So sê die Here HERE. Maar nou kom ŉ verdere roeping in hoofstuk 2:8—3:3, Hier word hy ook geroep om sy mond oop te maak; nou egter nie om te spreek nie maar om te eet en dit naamlik om ŉ boekrol, om *letters* te eet. Ons het hier dus eintlik die roeping tot *toerusting* vir die ware prediking: so spreek die Here HERE. Sy roeping deur God om te gaan preek vereis die verdere roeping om hom toe te rus vir die prediking. Word Eségiël as profeet geroep om te gaan profeteer: So spreek die Here HERE, dan word hy tegelyk ook geroep om hom toe te rus met die Woord van die Here HERE, met die Boekrol, met die openbaring van die Here HERE. By hierdie verdere roeping wil ons nou kortliks u aandag bepaal. En ons let:

I. Op die roeping: *eet hierdie rol op* en

II. op die *volvoering van die roeping* en die *soete ondervinding* daarby: en ek het dit geëet, en dit was in my mond soos heuning so soet.

I

ŉ Profeet van God, geliefdes, is ŉ man wat namens God moet spreek. Maar as hy namens God moet spreek, dan moet hy ook al wat hy spreek van God ontvang. As hy sy mond oopmaak om te spreek, moet hy hom eers vooraf oopmaak om te eet wat God te ete gee.

Eségiël ontwaar naamlik ŉ geheimsinnige hand. Die aandag val hier op die hand met ŉ boekrol. Die hand beteken dat die boekrol nie deur Eségiël self gemaak of geskryf is nie maar dat dit ŉ boekrol is wat aan hom *gegee* word. En nou word aan hom van Godsweë die boekrol gegee. ŉ Boekrol het in die ou tyd uit vel (perkament) of papirus ('n soort papierplant) bestaan. Die boekrol word voor Eségiël se oog uitgesprei in sy volle lengte. Wat moes die profeet daarmee doen? Insae neem daarin? Ja, dit seker ook. Hy het seker gelees wat daarin staan, want hy meld: “Daarop was geskrywe klaagliedere en gesug en wee”. Hierdie rol bevat dus Eségiël se opdrag. En sy opdrag is om vir Israel te preek: klaagliedere, gesug en wee. En dit was so baie, want die boekrol was aan albei kante beskrywe. Dit was ŉ droewige opdrag. En nou verder? Moes hy dit pak en uit sy hoof leer om dit soos ŉ blote les aan die hoorders te gaan opsê? Moes hy die inhoud maar net in sy hoof gehad het soos ŉ blote verstandsgeleerde? Moes hy daarmee onder sy arm rondgeloop het soos ŉ gewaande geleerde met sy graadkoker onder sy arm om dit straks met ŉ gebaar voor die oë van die publiek oop te rol en met ŉ verhewe stem aan hulle voor te lees: So spreek die Here HERE? Nee! Hy kry die wonderlike bevel om die boekrol, wat uit vel bestaan, te eet. Hy moes nie net daarvan proe nie! Nee, hy moes dit heeltemal met huid en haar opeet: Mensekind laat jou buik eet, en vul jou ingewande met hierdie rol wat Ek jou gee. En dit, sê die Here, moet die profeet doen om hom daardeur te onderskei van die wederstrewige huis van Israel, met hulle verstokte harte en verharde aangesigte. Hulle wederstrewigheid bestaan daarin dat hulle die boekrol van die Wet uitspuug in plaas van dit te eet. En nou moet die profeet sy onderskeid teenoor hulle daarin

betoon dat hy sy mond wyd oopmaak en alles wat die Here gee verslind.

Van hierdie soort bevel aan die profete, geliefdes, staan die Skrif vol. So sê Jeremia (15:16): Toe u woorde gevind is, het ek hulle opgeëet (u woord was vir my vreugde en vrolikheid vir my hart). Vir Johannes op Patmos sê die Engel: Neem die boekie, eet dit op, en dit sal jou maag bitter maak, maar in jou mond sal dit soet wees soos heuning.

So wil die Here God dan, geliefdes, dat daar met sy woorde wat Hy gegee het, iets besonders moet gebeur. God se Woord moet nie maar net gelees word nie! God se Woord moet nie maar net gepreek word nie! God se Woord moet ons nie maar net onder die arm saamdra nie. God se Woord moet nie maar net aangehoor word nie, al sou dit ook met oop mond wees! Nee, God se Woord — en daar kom dit ten slotte op aan — moet *opgeëet* word, dit moet verslind word. Dit moet nie net in jou hoof wees nie, dit moet in jou bloed en in jou hart, die bloedpomper, ingaan. Eet die boekrol! Eet nie wat jy soek nie, maar wat jy kry; eet nie waarvoor jy lus het nie, maar wat vir jou gegee word. Ja, eet, al bevat dit net klaagliedere, gesug en wee.

Wat wil dit nou eintlik sê, geliefdes? Dit beteken hier tog nie dat Eségiël en Johannes in werklikheid vel of papier geëet het nie. Want dit het alles in visioenêre toestand gebeur, en ons moet luister na wat die Skrif hier in sinnebeeldige taal in ons siel wil inhamer.

Hier die wonderlike bevel was ʼn aanklag teen die geestelike toestand onder die volk met sy valse waarsêer-profete. Israel het in daardie tyd valse profete gehad wat probeer het om waarsêers te wees oor stad, tempel en volk. En die volk het geword ʼn waarsêer-volk wat net wou weet wat van die stad, die tempel en ons in ons ballingskap. Van God wou hulle nie meer weet nie. “Wat vir hulle gegee is, wou hulle nie eet nie: hulle het daarin geen lus gehad nie, ook nie in wat te vinde was nie. Hulle het iets anders gesoek.

Die profetiese Woord van God het hulle verlaag tot ʼn waarsêer-woord. En nou is dit juis so, geliefdes, dat ʼn waarsêer en die een wat waarsêery wil hoor, ver uitmekaar staan. Hulle leef nie saam nie. Die waarsêer sit daar in ʼn geheime kamer of ʼn krot, of hy leef eenkant. En die wat hom wil hoor, gaan net na hom toe wanneer hulle graag iets wil weet. Het hulle hom nie nodig nie, dan gaan hulle nie. Raak ʼn os of esel weg, dan gaan soek hulle hom. En Gods Woord, wat vir ons gegee is, wat te vinde is, word verbygegaan.

Geliefdes, Gods Woord is nie ʼn waarsêer-woord waarheen ʼn mens net op sekere noodtye gaan nie. Sy Woord is nie net ʼn waaragtige lewende en kragtig werkende Woord nie, dit is ʼn *Lewenswoord*, net soos die bloed in die are en in die hart. ʼn Mens kan daarsonder geen sekonde leef nie. Jy moet daagliks eet en drink om vir jou nuwe bloed te vorm; want die voedsel word deur die verteringsproses in bloed omgeskep. Net so moet ʼn mens Gods Woorde eet, opeet, geestelik verteer, sodat jy daardeur geestelike lewensbloed kry. En daar is geen woord wat dit kan gee nie as net Gods Woord. Sy Woord moet in jou hart, as 't ware in jou bloed sit, dit moet die polsslag van jou lewe wees.

Gods Woord, geliefdes, is nie bloot bedoel vir die hoof soos die verstandsgeleerde van ons eeu dit wil nie. Hy het sy hoof vol letters gestop, en sy hart is leeg; daar is nie die “bloed” van die Woord nie. Hy resiteer dit, maar dit is buite sy lewe om ... Daar klop geen hart van die Woord nie, die lewenspolsslag is sonder die Woord; daarom versterf die wetenskap en tegniek. Daarom ontaard dit in vyandskap teen die Woord net soos die dood ʼn vyand van die lewe is.

Die Bybel is ook nie ʼn boek om op die huistafel te pryk nie, soos dit in baie gevalle is, waar die ou Bybel ʼn fetisj, ʼn soort towervoorwerp of ʼn erfstuk van oudhede geword het. Maar die eienaar lees nie eens daarin nie. Hy kan miskien nie eens meer daarin lees nie.

Die propagandiste van die eeu se bloed is deurtrek met hulle leer. Die Kommuniste ken hulle leerstellinge almal op die punte van hulle vingers. Elke Liberalis ken sy leer. Die Spiritis ken sy leer. Die Fasjis ken syne, die Nasionaal-sosialis syne. Hy dril dit in die volksbloed op sy volksbodem in. Dit het ŉ stuk godsdiens geword. As hy sy mond oopmaak, dan stroom dit van sy saak en sy leer.

Maar die Christen ken sy leer nie. Hy is stom. Hy swyg in hierdie lewe soos die graf oor sy Christelike leer en belydenis, oor die Naam van sy God! Hy kan dan daaroor nie praat nie, want hy is nie ŉ predikant nie! Aan die anderkant wil hy ook nie dat sy kind die Bybel so moet leer en ken soos ŉ predikant nie, want dis nie nodig nie. Dis ons ouers se houding.

Nou kom die Here en Hy sê: Ja, dis omdat julle ŉ wederstrewige huis is, verstok (dood) van hart en verhard van gesig — julle is lyke; geestelike lyke, weerstrewig, stokkerig. En nou kom die Here en Hy roep sy profeet en sê: Maak jou mond wyd oop en eet wat Ek jou gee.

Dit is ten eerste die roeping van elke prediker om God se Woord letterlik op te eet. Die letters moet hy verslind. Hy moet die hele waarheid, die volle Raad van God aan ons geopenbaar, in sy siel opneem. Hy moet preek uit sy hart. Sy woord en lewe moet tril van die Woord van God. Elke polsslag van die prediker moet klop van God se Woord. So kan natuurlik net ŉ wedergebore persoonlikheid wees. Hy moet nie net die Woord met sy verstand gegryp het nie, maar die Woord moet hóm in sy hart gegryp het. Anders mis sy prediking die besieling. O ja, daar was predikers wat blote orakels was, en daar is miskien vandag éérs baie. Daar was Bileam, wat wel met sy mond die waarheid gepraat het maar sy hart was koud en dood daaronder. Daar was die wetgeleerdes, wat wel vir die wyse uit die Ooste kon wys waar die Christus gebore sal word, maar self was hulle siel en hart dood vir die Christus. Hulle was lewelose wegwysers. So is daar ook droewe predikers, meer om die broodwinning as om die Woord van God! Hulle harte is nooit één met die profetiese woord nie. Hulle is ligdraers maar dra, helaas, die lig agter die rug. Vir ander lig hulle, self wandel hulle in die duister. Daarom, elke prediker moet vir homself daarvan seker wees dat hy die boekrol *opgeëet* het. Dit moet hom in die bloed sit. Elkeen wat sy pols voel, moet kan sê: Ja, daar klop niks anders as die profetiese Woord nie. Dis sy lewenswoord. Daarom kan hy dit ook met krag verkondig as ŉ lewende Woord van God, wat elkeen se lewenswoord moet wees. Dis sy lewenssaak: Christus die lewende Woord.

Maar dis ewe-eens ŉ woord vir die hoorders. Wat kan ons nie alles met die Woord en die prediking daarvan, doen nie? Ons kan dit af wys en het daar niks aan gehad nie! Of dit was mooi, of ek is “gestig” daaronder. En dan is party net gestig as dit in hulle smaak val. Menigeen kom ook kerk toe net om sogenaamd gestig te word. Dis ŉ bedorwe toestand. Die Woord van God moet nie net gehoor, bejubel en geprys word nie — dit moet *geëet* word. Hier moet jy eet wat te vinde is, wat vir jou gegee word, nie waarvoor jy lus het en wat jy graag soek nie — al is dit net klaagliedere, gesug en wee. Hier moet jy eet. Hier op die kerkdeur moet geskryf staan: Maak jou mond wyd oop en eet, eet wat vir jou gegee word. Moet hier nie sogenaamd jou stigting soek nie.

II.

Ja, gemeente, eers dan kan ŉ mens ook van ŉ ware siels-bevinding spreek. Eers as jy die leer van die openbaring ingeneem het, eers dan kan jy dit ook met reg ondervind. Geloofskennis bestaan dan ook uit dié twee: innemingskennis en bevindingskennis. Maar die innemingskennis — die ete van die Woord — moet voorafgaan. Jy kan tog nie ŉ smaak kry van iets wat jy nog nie geëet het nie. Hoe kan jy dan ŉ bevinding, ŉ siele-stigting soek sonder dat jy geëet het? En jou bevinding, jou stigting moet jy nie *soek* nie. Jy ondervind dit slegs dan as jy geëet het. Let op die profeet Eségiël. Hy sê: En *Ek het dit geëet, en dit was in my mond*

*soos heuning so soet.*

Wat die woorde so wonderlik maak, is dat die profeet klaagliedere, gesug en wee met sy siel ingedrink het, en nou getuig hy dat dit vir hom soet soos heuning is. Geklaag, gesug en wee — dis tog bitter dinge vir die siel! En wie wil dit nou nie net aanhoor nie maar selfs ook met wyd geopende mond eet? Wie wil nou oordele, strawwe, plae, teenhede, moeite, verdriet, kruis, lyde hoor? Ag, die wêreld vermy dié dinge, vlug daarvoor. Die wêreld spot met die kruiswoord. Die wêreld beveg die kruiswoord! Die wêreld sê: Hy maak die mensdom sleg, weekhartig; hy kweek geen helde, geen oorlogsmanne nie. Ons wil so ŉ woord nie hoor nie! Ander se siel walg weer daarvan. Hulle soek vreugde, plesier, genot, die diens van die sonde, vryheid. Ander wil weer nie altyd van hul ongeregtigheid, hul strafwaardigheid hoor nie. Hulle soek salwende woorde wat die mens se siel streel, troetel en tot trane beweeg.

Gemeente, wat wil u hoor? God se woord vlei nie, streel nie, praat niks goed nie, prys nie — maar hy slaan en veg. Jou beste werk verbrysel hy in stukke. Jou vroomste bedoelinge verteer hy. Jou geregtighede is ŉ wegwerplike kleed. Die Woord laat jou gedurig kruip van die pyn. Die Woord neem alle illusies en inbeeldinge weg as hy sê: Al wat uit die geloof nie is nie, is sonde. Tog is hy so goed, so soet vir die wedergebore siel. God spreek goed, en -— dis die bevinding van die wedergebore siel — hy keur goed. Hy regverdig en prys sy God daaronder. Die wysheid van God word deur sy kinders geregverdig. God se tempel, God se gemeente word eers geken as ons eie tempeltjies verbrysel is. God begin waar ons eindig.

En as Gods Woord ons tot die bloed toe gegesel het, dan loop ons nie weg soos ŉ hond wat geslaan is nie, maar dan sing die gelowiges eers reg uit die hart — dan sing hulle:

*Merk tog hoedat u bevele*
*soetste spys is van my gees.*
*Al u wette is regverdig,*
*daarom sal my tong dit prys.*

So was ons Here Jesus één met die Woord van sy Vader. Hy het ook gesê: Ek het voedsel om te eet waar julle nie van weet nie. My voedsel is om die Wil te doen van Hom wat my gestuur het, om sy werk te volbring. En vir elke gelowige profeet is dit soet om te kan klaag na Gods Woord, om te sug na Gods Woord. O, dit is die ware bevindelike kennis van God en sy Woord. Wie sy God so van harte leer ken, hy kus elke woord van sy Here. Elke kastyding het hy lief. Elke tugtiging aanvaar hy! Dis vir sy gehemelte soet soos heuning. Dis sy jubelsange. Sy hart bruis van die Woord van God. Sy are stroom vol van die Woord van God. Die Woord van God is sy lewenswoord.

**AMEN.**

## VOLHARDING IN DIE PREDIKING VAN DIE WOORD VAN GOD TEENOOR VOLHARDING IN DIE ONWIL VAN DIE SONDAAR TEEN GOD

**LEES**: *Eségiël 3:1-15.*

**TEKS**: *Eségiël* 3:7-9.

Ons tekswoorde bevat die derde deel van Eségiël se roeping: as die profeet eenmaal begin het om sy mond oop te maak om te eet en die woord van die Here HERE te preek, dan word hy geroep om daarmee *aan te hou*, om daarin te *volhard* teen wil en dank. Of die volk luister of nie, hy word geroep om te *volhard* met die prediking van die Woord van God. Ja, al mag

die volk in hulle onwil teen God volhard, sodat hulle voorhoofde soos staal so hard is, dan moet Eségiël in die prediking van die Woord volhard sodat sy voorhoof nog harder is as hulle s'n, so hard soos diamant.

Ons wil u aandag bepaal by hierdie roeping tot volharding in die verkondiging van die Woord van die Here HERE. En ons let:

I. Op die vermelding van die feit van die volk se volhardende onwil om te luister na Gods Woord en

II. op die roeping om daarteenoor in die prediking nog meer te volhard en op die onkreukbaarheid en voortreflikheid van hierdie diamante-volharding.

I.

Verskriklik, geliefdes, word die sondige onwil van die ontaarde verbondsvolk, Juda, hier vasgestel, nie deur die profeet nie maar die Here Self: Maar die huis van Israel sal na jou *nie wil* luister nie, omdat hulle na My nie wil luister nie; want die hele huis van Israel het ŉ harde of, soos dit ook vertaal kan word, ŉ staal voorhoof en ŉ ongevoelige hart (vers 7). Dis skriklik, dié onwil. So het Eségiël Israel nie *geken* nie. Dit wil Israel van hulleself ook nie *erken* nie, maar so het die Here Self hulle *bekend* gestel. Onwil, en sterk onwil, nie teenoor die mens en profeet soseer nie maar teenoor God, hulle Here en Verbonds-God. Die een party van die verbond wat die HERE met Abraham en sy saad en hulle geslagte opgerig het, het nou tot ŉ staking gekom in die verbond, die verbond waardeur hulle gedra en gered is. En terwyl hulle nog daarin gedra en behou word, staan hulle teenoor hulle Verbonds-God, wat hulle dra en red, in onwil. O troue Verbonds-God — as Hy sou moes staan met sy heilswil teenoor Israel, waar was hulle dan? Maar hoe meer Israel in onwil volhard, des te meer volhard die HERE God om sy heilswil vir hulle te bly preek, wat, as hulle bly volhard om dit nie te wil hoor nie, tot hulle oordeel sal strek.

Maar, gemeente, wat hierdie stuk so tragies maak, is dat Israel hulle onwil teenoor die Here God nie wou erken nie! O nee, nie spoedig kom ŉ mens daartoe om te erken dat onwil *die* diepste grond *is* van sy sonde om *die Woord van die Here HERE van die hand te wys nie.* Liewer bedink die mens duisend uitvlugte as om te erken: Ek *wil* nie! Israel het hulle onwil om te luister na die Woord van die Here op duisend maniere bedek. Eenmaal sê hulle: O ja, die vaders het groen druiwe geëet, en die tande van die kinders het stomp geword. Met ander woorde: die ballingskap was nie die straf op hulle onwil en onbekeerlikheid nie, maar dis die gevolg van die sondes van die vaders. Dis nie hulle onwil nie maar dis ŉ saak waarvoor hulle nie verantwoordelik is nie.

ŉ Ander keer sê hulle weer: Eségiël praat mooi, sy woorde is vir ons soos ŉ minnelied en soos een wat mooi speel. En dan, so sê die Here, was dit nie waarlik vir Israel so nie, maar dit was net die vroomste en skoonste manier om hulle *onwil* te verberg. Immers, die Here sê daarop: Hulle hoor jou woorde, maar hulle doen dit nie (hoofst. 33:32). Hoe meer hulle dus kom betuig: Eségiël, u preek vir ons mooi, des te onbeskaamder is hulle onwil. O, dis ontsettend as ŉ mens eers so behendig skelm geword het, dat jy jou onwil probeer bedek met die lofwoorde: Dis ŉ mooi preek! En dit, gemeente, doen die edeles van die volk. Dis die edeles in die ballingskap wat met die lofwoorde van ŉ mooi preek kom, maar dis juis hulle wat nie na aan een van daardie woorde kom om dit te wil doen nie. O, ons ken dié tipe kerkmens. Hy is vandag ook nog daar. Die maklikste laat hulle hul die woorde ontval: “Dit was ŉ mooi preek!” maar die minste wil hulle daarna leef. Ja, en dis die edeles, die vooraanstaandes. Ag, wat was dit dan ŉ loodsware openbaring vir Eségiël dat hy by sy “edelste ballinge” te doen sal kry met onwil teenoor die edele Woord van God!

Elke profeet haas hom as met gevleuelde voete met Gods boodskap, as hy maar net weet

dat die siele daarna wil luister, al moet hy daar ook klaagliedere, gesug en wee preek. So immers het Elia van Karmel af gehardloop, vinniger as wat Agab met sy muile kon ry na Jisreël, omdat hy die vooruitsig gehad het: Nou sal Israel terugkeer! Maar die profeet Eségiël moet gaan as met loodsware skoene aan sy voete. Hulle sal *nie wil luister nie.* Vreeslike roeping! Israel se toestand is tóg al hard deur die ballingskap, en nou moet die profeet self meewerk om dit nog harder te maak deur sy prediking. Hulle verharde onwil moet nou nog skuldiger gestel word onder sy prediking.

Gemeente, was dit dan ŉ wonder dat die boekrol, wat soet was in die profeet se mond, vir sy mensesiel bitter gewees het! So lees ons: Hy het gegaan, verbitterd en grimmig van gees. O, dit is bitter as jy na ŉ sondaarmens gestuur word met soete heilswoorde van die troue Verbonds-God, maar dit word as sleg verwerp. Dis bitter vir ŉ moeder as haar kind die smaaklikste voedsel nie wil eet nie maar dit vanweë slegte eetlus weier. Dit maak jou siel radeloos bitter soos die van Eségiël as hy sewe dae sprakeloos gaan stilsit. Dis die bitter van hierdie roeping dat jy vir ellendelinge die soetste heilswoord uit hemelse geweste moet preek, die alwyse advies van Gods ordinansies wat geluksaligheid is vir nou en vir altyd, en dit moet kom afstuit op *onwil* om dit op te volg. Maar, geliefdes, hoe bitter dit ook vir Eségiël was, hy kan tog nie swyg nie. Die heerlikheid van die Here wat hy in die visioen van hoofst. 1 gesien het, gaan wel van hom af weg (hoofst. 3:12-14) maar die hand van die Here is nie van hom weggeneem nie; dié het swaar op hom bly rus. Daarom kan hy ten spyte van alle onwil tog ook weer nie swyg nie. Hy *moes* spreek tot verswaring van die oordeel oor die onwil.

Daar is nog ŉ ander kant aan die saak. Eségiël word nie gestuur na ŉ volk wat duister van spraak en swaar van tong is nie, maar na Israel. En nou sê die Here: As Eségiël na ŉ volk duister van spraak en swaar van tong sou moes gaan, dan sou hulle geluister het na die Woord; maar Israel wil nie luister nie hoewel jy vir hulle nie duister van spraak en swaar van tong is nie. Duidelik en beskamend genoeg is hierdie woorde. As Eségiël na ŉ vreemde volk moes gaan dan sou hulle tog met reg kon aanvoer: Kyk, hoe kan ons na jou luister? Jy praat ŉ vreemde taal. Hulle sou met reg kon sê: Man van God, ons verstaan jou nie, jou woorde klink vir ons soos kindergestamel. Hoe kan ons dan luister? Jy kan net so goed Japannees praat.

Maar sê die Here, ondanks dit alles, as Ek jou na hulle gestuur het, hulle sou gehoor het. Ja Ninevé is daar bewys van, geliefdes. En die sendingvelde is daar ook bewys van. Taalmure, hoe onoorkomelik dit ook mag lyk, lê minder moeilikheid in die weg van die Evangelie as die onwil, as die hardheid van hart. ŉ Vreemde volk luister gewillig, hoewel die taalhindernis daar is. Israel luister glad nie, hoewel hulle in hulle moedertaal aangespreek word. Die vreemde luister aandagtig na die gloednuwe woord, maar Israel luister nie meer nie vanweë gewoonte.

Israel kan hulle onwil dus nie skuif op onbekendheid met die taal of onbegryplikheid van die prediking nie. As ons nie luister nie, dan is dit soos die digter die onwil besing:

*Maar my volk wou My*
*nie gewillig eer nie,*
*aan My diens gewy;*
*ver van My vandaan,*
*het hul weggegaan*
*en My nie begeer nie.*

Israel het Eségiël nie kon verwyt dat hy ŉ onbegryplike taal met ŉ stamelende tong spreek nie. Maar, gemeente, dit doen ons baiemaal. Dis die gebruiklike weg om wat die Here HERE sê, te negeer. En die afskuifsisteem is mooi inmekaargesit. Die een prediker is vir ons duister van taal en die ander is swaar van tong. Die een preek te hoog en te lank — onverstaanbaar,

die ander een stamel soos ŉ kind. Die een preek te geleerd, die ander een het nie gestudeer nie. Die een is te hoogdrawend, die ander is te eenvoudig. Die een is te oratories, die ander stylloos. En, geliefdes, vir geen oomblik wil ons ontken dat dit by die predikers soms werklik so is nie. Baiemaal is die prediker maar onvoorbereid, en derhalwe preek hy swaar. Dis dan die groot sonde van die prediker. Dis die prediker se swaar verantwoording voor God wat hom diep skuldig maak. Maar dit neem nog geensins die swaar skuld van onwil by die hoorders weg as hulle nie wil luister na die regte bediening van die Woord nie. Menige taal- en stylbeswaar by die hoorders kom per slot van rekening neer op onwil om te luister, wanneer daar selfs geen duister taal en swaar tong is nie. Per slot van rekening lê op die bodem van ons hart hierdie kwaad: *Maar My volk wou My nie gewillig eer nie.* So leer die Skrif ons. So sê nie Eségiël nie maar die Here Self. En God lieg nie. En dit moet ons nie probeer bedek, mooipraat of wegsteek nie. Dit moet ons, die prediker self ook, bely met berouvolle harte. O, hoeveel male was dit nie traagheid om te wil, onwil om te luister na Gods Woord nie!

II.

Tog, geliefdes, mag die profeet vir die muur van onwil nie uitwyk nie. Teenoor die volharding in die onwil om na die Woord te luister, stel die Here die volharding in die prediking van die Woord. As die hoorders in hulle onbeskaamdheid harde, staalvoorhoofde het, dan sal die Here sy kneg ŉ diamant-voorhoof gee. Dan is staal teenoor diamant, hard teenoor hard, volharding teenoor volharding. Hierop let ons tweedens.

Deur hierdie kragtige teenstelling: diamant teenoor staal of hardheid, word op skone wyse die karakter van die Woord van die Here, waarvan Eségiël die draer is, en die bediening daarvan vir ons belig. As die Here sê dat Hy Eségiël se boodskap hard maak soos diamant, dan beteken dit nie dat die Here ŉ koppige profeet teenoor ŉ koppige volk stel nie. Koppigheid is per slot van rekening swakheid en geen deug nie. Nee, die profeet Eségiël is hier die draer van die Woord van die Here, en wat die Here hier van sy profeet sê, word bedoel van die Woord van die Here en die bediening daarvan: aanhou, volharding in die prediking teenoor volharding in onwil tot die einde van die eeue. Nooit mag hiermee gestaak word nie. Die Woord van die Here is teenoor die harde volksonwil hard soos diamant. Hard soos diamant — dit preek vir ons eerstens die onkreukbaarheid van die Woord van die Here. Dit is tog immers moontlik om met diamant te kras in die hardste metaal op aarde, in staal. Maar dis ten enemale onmoontlik om met staal, die hardste staal, selfs die geringste krassie in ŉ diamant te maak.

So sal Eségiël doen met die Woord van die Here. Al mag hy dan nie die genoeë smaak dat hy Israel tot onderwerping bring nie, hy sal hulle ewenwel bewerk met die diamantharde Woord van God. Ongeskonde sal hulle harde staalvoorhoofde daar nie van afkom nie. Hy sal oor daardie harde koppe met diamant-woord krasse ingrif, hale trek. Een haal met die diamant daaroor, en die swakste sondes van hulle binneste staan op hulle harde voorhoofde te lese. En so is dit vandag nog, geliefdes. Geen mens kom ongehawend uit die kerk waar die Woord van God reg gepreek word nie. Hy mag onbuigsaam wees soos staal, of hy mag hom netjies oppoets, maar sodra die diamant-woord van God oor hom gegaan het, kom daar oral merke op hom. Hy word lelik toegetakel. Van die fatsoenlike mens bly geen glorie oor nie. Sy geregtigheid en beste werke word onder die diamant van Gods Woord verbrysel en weggeslinger.

En self is die Woord onkreukbaar. Die Woord kan krasse ingrif in staalharte, maar moet tog nie dink dat u die Woord kan beskadig nie — net so min as wat staal ŉ diamant kan beskadig. U kan teenoor die Woord maar toorn en raas, u kan dit maar kritiseer of vervloek — dit baat niks nie. U voer niks uit teen die Woord nie. Hoe meer en hoe harder u uself daarteen stoot, hoe meer en dieper merke en krasse kry u teen die harde voorhoof. U kan die Woord

nie skend nie, maar u skend uself.

Van onwaarheid kan u die Woord nie beskuldig nie. Op leuen kan u dit nie betrap nie. Teenstrydighede het hier selfs geen spoor in nie. Geen tittel of jota daarvan het op die aarde geval na soveel duisend jaar nie; wat daarin voorspel is, het tot nog toe gebeur en is vervul. Gods beloftes is onkreukbaar. Gods bedreiginge is onkreukbaar. God self is onkreukbaar. Soos diamant. O, en u kom dag na dag, week na week in aanraking met die onskendbare Woord van die onskendbare God. En dit sal alleen dan vir u heilsbetekenis hê as u self iets verkry van die edelste metaal, as u self ook die diamant-eienskap deelagtig word, as u die woord nie net aanhoor nie maar dit opeet en in u siel verwerk — en dan, ja, dan kry u ook ŉ voorhoof van diamant. Dan skitter in u woord, wil en werk van die strale van die diamantewoord. Dan vonkel dit in die son van geregtigheid, Jesus Christus, tot lof en prys van onse grote God. Onkreukbare diamant-woorde, onkreukbare diamantgedagtes, onkreukbare diamant-werke; egtheid en trou, eerlikheid en waarheid, onberispelikheid is dan u deugde.

Maar dan, gemeente, gevoel u ook tegelykertyd die voortreflikheid, die kosbaarheid van diamant bo harde staal. Staal is volop, diamante is skaars gesaai in die bodem van die aarde. Hieruit blyk al die kosbaarheid. Maar die voortreflikheid van diamant gaan staal ver te bowe.

En tog, gemeente, ons leef in die eeu van staal. Staal word vir ons eeu kosbaarder. Staal is vir ons tyd skaars, want ons bou huise van staal, brandkaste van staal, ons fabriseer staalhelms en ons skiet mekaar dood met staal — ŉ wêreld van staal! Die wêreld opbrengs van staal is vir ons eeu te min. En die weinig diamante in vergelyking met die baie staal is vir ons eeu ŉ oorbemarking. Nie dat ons tyd net staal en geen diamante wil hê nie. Nee, staalbrandkaste met goud en diamante daarin opgeberg — dis die 20ste eeu se skoonste kroon.

Maar die teenstelling is dit dat ons eeu die staalhardheid van hart verkies bo die diamantevoortreflikheid van Gods Woord. Liewers die staal verhardheid, om opstande, onluste, verset teen Gods Woord te openbaar en jou te verskans agter tot die tande gewapende staalstate, totaalstate wat hard soos staal nie buig voor die Woord van God nie, as om te verkeer onder die vonkelstrale van die diamantewoord Gods uit hemelse geweste.

En tog, gemeente, die komende oordeelsbrand sal die mees trotse staalkonstruksies van die eeu hopeloos verteer dat dit daar verbuig, inmekaar verfrommel lê soos die armsalige oorblyfsel van ŉ afgebrande winkel; maar die Woord van die Here, die skone diamant, bly vir ewig. Hy is onvernietigbaar, daarom so voortreflik. En die Woord maak onvernietigbaar al wie in Hom glo. Die Woord van God, die Christus, is onvernietigbaar. Hy het die dood en die hel en die graf oorwin. En wie in Hom glo, is net so onvernietigbaar. Vervolginge met allerlei staaltuie sal dit nie uit ons uitroei nie. En die Woord maak ryk — ewig ryk. Want as daar van alles niks meer te bespeur sal wees nie, dan sal die sagmoediges wat voor die Woord gebuig het, ŉ nuwe stad beërf, die nuwe Jerusalem, waarvan die strate van goud, die mure van diamant en karbonkel, sal skitter en sal vonkel.

Wees dan nie dwaas nie, terwyl miskien in hierdie nag nog u siel van u afgeëis kan word. Maar regverdig die wysheid van God. Kies nie die staal van harde onwil nie maar kies deur Gods genade die diamant-woord van God.

**AMEN.**

## 'N LEWENSGEVAARLIKE, VERANTWOORDELIKE TAAK

**LEES**: *Eségiël 3:16-27.*

**TEKS**: *Eségiël 3:16-21.*

IN hierdie verse, geliefdes, word vir ons op aangrypende wyse die hoogs verantwoordelike en tewens lewensgevaarlike *ampstaak* van Eségiël voor oë gestel.

Nadat die profeet die heerlikheid van die Here in die visioen gesien het en hy sy roeping van die Here Self verneem het, hoor hy nog eenmaal agter hom die geluid van die wesens se vlerke en wiele en die geluid van ŉ groot gedreun wat sê: Geloof sy die heerlikheid van die HERE uit sy woonplek! Die feit, geliefdes, dat hy die heerlikheid *agter hom* hoor wegwyk die ruim verskiet in, beteken vir die profeet dat hy nou nie meer moet terugkyk na wat agter, na wat verby is nie. Hy moet nou nie wil mediteer oor die heerlikheid van die Here in die visioen nie. Dis nou agter hom en verby! Nou lê die werklikheid weer voor hom. Hy geraak dan ook uit sy visioenêre toestand en bevind hom weer voor die harde werklikheid by Tel-Abib, onder die ballinge. Uit die lig van Gods lieflike aangesig moet die profeet nou in die duisternis tree waar die ballinge woon met hulle harde harte. Dis ŉ terugkeer uit die visioen tot die werklikheid; ŉ afdaling van die berge Gods na die heuwel Tel-Abib, die onvrugbare sandheuwel — van God na die mens; van waar hy deur God self geroep is tot waar hy nou vir God moet werk; van sy roeping tot sy taak. En tussen sy amps-roeping en sy ampsaanvaarding lê sewe dae spraaklose stilte van die profeet. Tot so ŉ geweldige taak geroep, raak hy stom — sewe dae lank. Dit was heilige stilte.

Bowendien kón die profeet ook nie iets doen nie, want hy het nog maar net in die algemeen sy roeping ontvang, nog sonder ŉ duidelik omskrewe taak! Hy is nou geroep, maar sy taak moet hom nog aangewys word. Hy is wel geroep om sy mond oop te maak en die boekrol op te eet! Hy is wel geroep om sy mond oop te maak en te spreek: So sê die Here HERE! en om hierin te volhard; maar wat die Here presies te sê het, moet hy nog afwag. En dit kom nou. Na die algemene roeping die welomskrewe taak: Mensekind, Ek het jou as wag vir die huis van Israel aangestel, en as jy ŉ woord uit my mond hoor, moet jy hulle van my kant waarsku ...

Ons bepaal u aandag hier by twee sake:

I. Sy taak om te waarsku met die Woord uit die mond van die Here en

II. die lewensgevaarlike verantwoordelikheid van hierdie taak.

### I.

In die Heilige Skrif vind ons die profetiese taak onder verskillende beelde voorgestel. Daar is die beeld van ŉ *wagter* oor ŉ kudde skape. Dan gaan dit hoofsaaklik om die oppas en versorging van die kudde. En daar is die beeld van ŉ *wag* wat gestel is op die wagtoring van die stad. Dan gaan dit om die aankondiging van komende vyande en gevare. Dan moet die basuin geblaas en alarm gemaak word, dan moet die S.O.S. uitgesein word by dreigende gevare. *Wagter* en *wag.* Hier in ons teksvers is die beeld nie van die wagter nie maar van die wag op die wagtoring. Dan moet ons nie verwag om ŉ kudde te sien wei in groen weivelde langs murmelende stroompies nie; dan moet ons oor gespits wees om te luister na alarmgeluide, na basuinstote van komende gevare. En dis tog ŉ swaarder taak. Hierdie taak plaas die profeet op ŉ gespanne voet, met ŉ gespanne oor om te luister, ŉ gespanne oog om van ver reeds te bespied en ŉ gespanne gees om van die horison reeds te kan onderskei of dit gevaar is, of dit die vyande is wat genaak. Hy is immers ŉ wag, op die wagtoring gestel, om betyds te waar-

sku. Die hele stad se veiligheid hang af van die wag. Nie net oordag nie, maar veral snags, as die burgers rustig slaap, beklim die *wag* die wagtoring. En van daar uit is hy in staat om die hele omtrek te oorsien, en as daar êrens heel ver weg die skadu van ŉ vyand opdoem, dan moet hy die inwoners van die stad van die dreigende gevaar verwittig. Dan is sy taak om te waarsku. Die wag se taak is dus tweërlei. Eers moet hy luister, ondersoek, bespied. Bespeur hy dan iets, dan moet hy waarsku.

Maar hierdie wag, Eségiël, se taak is ŉ geestelike taak. Die gevaar waarteen hy moet waarsku, is ŉ geestelike, onsigbare gevaar. Die geestelike gevaar is nie, soos sommige meen, God se strafgerigte, God se oordele wat oor die volk sal kom nie. Die Here God, met sy regmatige strafgerigte, is nie die vyand van die stad en volk nie. Nee, die gevaar is die *sonde*, die ongeregtigheid, die oortredinge van die wet van God, die verbreking en gruwelike verontagsaming van die ordinansies van God vir die lewe. Dis al gevaar waarvoor die mens in die wêreld staan: die duister nag van die sonde-ongeregtigheid. Dis die gevaar van die land, van die stad en volk; dis die gevaar vir jou kleding en brood; dis die gevaar vir jou sielevrede en geluksaligheid. Dis die gevaar van jou hart en siel vir tyd en ewigheid. As die sonde die mens en die wêreld inneem, dan is hy al verwoes. En nou is dit die diep geestelike taak van Eségiël om teen die gevaar van die sonde tot verderf te waarsku.

Maar, geliefdes, dan moet ons ook daarop let hóé hy dit alleen kan en mag doen. Hy kan dit nie doen volgens eie mening en opinie nie. Die eintlike wag oor die stad is nie Eségiël nie maar die HERE God Self. *God* stel hom as wag aan namens Homself. Na die woord uit God se mond moet hy hulle van God se kant waarsku.

Daarom, die eerste taak van die profeet as wag is om te luister na die Woord van God, na die waarskuwende stem van die Here. Hy moet na die Woord uit die Here se mond luister. Die eerste taak van die profeet is dus nie om te spreek en te preek nie maar om te luister. Aan die waarsku met en spreek van Gods Woord gaan die luister na Gods Woord vooraf. Jy moet eers leerling van God wees, voordat jy leraar namens God kan wees. Wie wil leer en preek en waarsku sonder dat hy eers self geleer en geluister het, is ŉ dwaas, en sy stem is ŉ wanklank in sy amptelike taak. Dit is daarom, geliefdes, nie ŉ geringe taak nie, ook vandag nog, vir elke predikant, vir elke ouderling, vir elke lidmaat, wat in die amp — sy dit die besondere of algemene — van profeet staan, om eers op skool te gaan by God in sy Woord. O, watter onaangenaamhede, twis, tweedrag sal hiermee nie voorkom word in die kerk van die Here nie! Om hierdie profetetaak as wag Gods te kan uitoefen moet u die Wil van God noukeurig ondersoek en naspeur. O, ŉ mens kan nie dink wat van ŉ predikant, ŉ ouderling en ŉ lidmaat vereis word in hierdie stuk nie. Om innig en vroom en standvastig te wees, is nie genoeg nie. U moet Gods Woord deeglik ondersoek, leerlinge van God wees, deur sy Woord en Gees, kenners van u belydenis.

En dan waaksaam, met ŉ breë en skerpe blik. U moet soos ŉ wag op ŉ wagtoring steeds in die gees hoër staan as al die mense, sodat u ook agter die bulte kan sien wat kom. U moet op hoogte wees met u tyd en met die geestesstrominge. U moet die geeste beproef en kan onderskei. Daarom moet u lees: Skrif en belydenis, boek en tydskrif, soveel as in u vermoë is. Ag, ons het nie eens ŉ positief-Christelike pers nie! Wat ons het, is veelal kleurloos!

En as u dit alles reeds gedoen het, dan moet u die sedelike moed hê om te waarsku. Dan moet u ook die moed van u oortuiging hê om die gevaar aan te wys. Die sonde moet dan ook met die vinger aangewys word, of dit by die aansienlike of onaansienlike is. Ook al staan die sondaar maatskaplik bo u. Ook al haal u onvergenoegdheid van die bestrafte op u. Ook al moet u stoflik skade ly.

Steeds moet ons die Woord in ons ore hoor klink: Mensekind, Ek het jou as wag vir die

huis van Israel aangestel.

Soos Natan moet ons kan sê: Jy is die man.

Die ernstige vraag kom dan tot u: Het u so ŉ geestesoor en -oog, oop vir Gods Woord! Is ons leerlinge by God? En het ons die moed om met waarskuwings op te tree? Of laat ons dit steeds "om des lieven vredes" wil na? Of is ons geestelike lafaards, sodat ons nooit of seer selde waarsku in ons tyd van so afwykende gevoelens nie?

O, wat maak ons, predikante, ouderlinge en die gelowiges in die algemene amp vandag van hierdie hoogheilige taak?

Maar, geliefdes, laat ons u tweedens wys op die gevaarlike verantwoordelikheid waarop die Here Eségiël hier wys.

II.

Om die skriklike verantwoordelikheid van hierdie taak die profeet op die hart te bind, stel die Here Eségiël voor twee moontlikhede.

Die een is die goddelose, by wie die moontlikheid dat hy hom sal bekeer, heeltemal uitgesluit is. Die goddelose sal verlore gaan. Maar as die profeet hom waarsku ooreenkomstig sy roeping en taak, dan sterf net die goddelose in sy ongeregtigheid. Dan is die profeet nie verantwoordelik vir hom nie. Maar as die profeet hom nie waarsku nie, dan sterf nie net die goddelose op grond van sy eie skuld nie, maar dan sal ook die profeet sterf, en dit as moordenaar, want, so leer die Heilige Skrif, Kain, die ontroue wagter oor sy broer, was ŉ moordenaar.

Die ander is die regverdige. En daar is ook die skyn-regverdige, die Fariseër-regverdige. As die skyn-regverdige van sy regverdigheid afwyk en onreg pleeg, dan sal hy sterf, want hy was nie waarlik ŉ regverdige nie. Maar as die profeet hom nie gewaarsku het nie, dan sal ook die profeet as moordenaar gestraf word. Hy is dan verantwoordelik vir die skyn-regverdige se dood. En as die profeet die ware regverdige waarsku en hy sondig nie, dan sal nie net die regverdige leef omdat hy geluister het nie, maar ook die profeet is dan gered.

U merk dus, geliefdes, dat hierdie twee individuele gevalle vir die profeet voorgehou word om hom sy gevaarlike verantwoordelikheid in sy taak te leer. Dis hierdie huiweringwekkende verantwoordelikheid in hierdie taak wat ons u op die hart wil bind: die moontlikheid dat Eségiël as moordenaar van mensesiele aangeklaag kan word en dat die bloed van dié wat aan hom toevertrou is, van sy hand geëis word. O, profeet, as jy siele verwaarloos, as jy nie tydig en ontydig waarsku nie, as jy nie in jou amp getrou is nie, as jy jou amp nie na Gods Woord uitoefen nie, dan hang nie net menselewens en hulle ewige wel of wee van jou af nie, maar dan sal jy voor Gods troon gedagvaar word as sielemoordenaar omdat jy die wag nie gehou het nie. Dit geld nie net vir die buitengewone profete-amp nie maar ook vir die gewone, besondere ampte van predikante en ouderlinge en vir die algemene amp van die gelowiges. Dit maak geen verskil, geliefdes, of dit die buitengewone of gewone amp is nie, of dit die kerklike amp en of dit die algemene amp van die gelowiges is nie. Al hierdie ampte bring die swaar verantwoordelikheid met hulle mee en stel u voor die moontlikheid van moordenaar te wees. So gesien, geliefdes, is daar miskien baie meer moordenaars buite die gevangenis as daarbinne: predikantmoordenaars, ouderlingmoordenaars, lidmaatmoordenaars.

Want, geliefdes, ŉ wag wat ontrou is, word as moordenaar beskou. Hy kry die koeël as hy die stad of die laer nie betyds gewaarsku het nie. Hy word ŉ verraderlike wag wat die stad in die hande van die vyand oorgee. Dit word van sy hand geëis.

ŉ Profeet wat ontrou is in sy amp, pleeg eerstens verraad teenoor die groot wag, onse *HERE God*, omdat hy die Woord van onse troue Verbonds-God nie oorgebring het tot die

sondaar nie en so die heilige wagwoord Gods teen die sonde kragteloos gemaak het. God se Woord is ŉ *wagwoord* teen die sonde! En wie die wagwoord verontagsaam is skuldig tot die dood. Tweedens pleeg hy verraad teenoor die mens oor wie se siel hy gestel is deurdat hy nie die oordeel van God oor sy dade gebring het nie, hom nie tot terugkeer uit sy sonde geroep het nie en hom ongewaarsku die verderf tegemoet laat gaan het. Derdens pleeg hy verraad teenoor die heilige amp waarin hy staan, omdat hy in hierdie amp minder as enige ander skepsel soos Kain durf vra: Is ek my broer se wagter?

Driedubbele verraad. Trouelose wagte. Deserteurs wat hul pos verlaat en aan die vyand oorgee. Niks minder as die dood skuldig nie. O, die bloed van dié wat deur die sonde verslaan is, sal gewreek word, want dit roep van die aardbodem af tot God om wraak teen elke wag wat ontrou is in sy amp waartoe hy deur God geroep is. Dit is hier oog om oog en tand om tand. Sy bloed sal Ek van jou hand eis. Ampsdraermoordenaars. Nie net moderne predikers is dit nie. Nie net dwaalleraars nie. Dit is almal wat ontrou is in hulle amp! Elkeen wat sy pos verlaat! O, hoe gevaarlik is dit om wag te wees namens God. Dié wat ŉ opsienersamp begeer, begeer ŉ voortreflike amp, maar Eségiël het sewe dae sprakeloos daaroor gesit!

Gemeente, u moet tog nie dink dat om te waarsku net die private plig van die ampsdraers is nie. Want in Christus Jesus is ons almal profete. Christus wat hom deur die vyande van God as moordenaar laat kruisig het eerder as om sy pos te verlaat. Sy lewe lank het Christus gepreek as profeet en ons gewys op die weg, die waarheid en die lewe! Hy was die troue wag van God. Hy het ons gewaarsku. Hy is die Woord van die lewe, en wie Hom verwerp, sterf.

Maar onthou, ons is wagte in en namens Christus. En wie Christus se heilige wagwoorde nie getuig teenoor die sondaars nie, pleeg verraad in sy Christelike amp as profeet en haal so die verderf oor hom.

Dit, die heiligheid van die ampte, word te min besef in ons tyd en die verantwoordelikheid van die Christelike ampte te weinig gevoel. Daarom word die land ŉ moordenaarskuil. Die wag moet gehou word vanuit die boesem van die gemeente. Die goddeloses binne en buite die kerk moet gewaarsku word. Evangelisasie moet betrag word.

Die goddelose moet ons terugroep, op straf van die dood; en die wat getrou staan in hulle amp, moet versterk word sodat hulle volhard. Dit gaan daarom dat die kerk bewaar en vermeerder moet word. Die siele van die wêreld is aan die kerk toevertrou.

O, welgeluksalig is die draer van die amp wat hom vry hou van die bloed van mense.

**AMEN.**

## 'N SWYGENDE BOETGESANT OF SPANNING

**LEES**: *Eségiël 3:16-27.*

**TEKS**: *Eségiël 3:22-27.*

OM ons teksverse reg te verstaan, geliefdes, moet ons u aandag vestig op die indeling van die profesieë van Eségiël. U sal gemerk het dat hoofst. 1 handel oor die roepingsvisioen van Eségiël. Hoofst. 2:1—3:15 handel oor die *roeping* van Eségiël, wat daarin bestaan dat die profeet sy mond moet oopmaak (1) om te eet die boekrol van Gods Woord; (2) om te spreek die Woord van die Here HERE en (3) om daarmee te volhard. Hoofst. 3:16-21 wys vir Eségiël sy taak as profeet aan, naamlik dat die HERE hom as ŉ *wag* aangestel het oor die huis van Israel om hulle te *waarsku.*

En nou, geliefdes, al lyk dit of hierdie teksverse van ons aaneen geskryf is met dié wat

handel oor Eségiël se taak as wag oor Israel — tog voel ons dat, waar die Hand van die Here hier opnuut op Eségiël rus en die heerlikheid van die HERE hier opnuut aan die profeet verskyn, ons hier die aanvang het van ŉ nuwe deel in die profetiese boek. Hierdie deel van die profesieë van Eségiël vorm die oordeelsboek oor Juda en Israel. Die gerigsboek begin hier by hoofst. 3:22 en eindig wat Israel betref, by hoofst. 24. En van hoofst. 3:22—7:27 het ons die *eerste groep* oordeelsaankondiginge oor Israel en Juda. Ons het dus hier nie meer met die roeping en taak van die profeet as sodanig te doen nie maar met die oordeelsgerigte van God wat deur die geroepe profeet oor die weerspannige huis verkondig sal word.

♦ ♦ ♦

Besonder opvallend in hierdie verse is dat dit die indruk wek asof die Here nou totaal van plan verander het. Asof die Here nou weer vir Eségiël met ŉ ander roeping roep wat net die teenoorgestelde is as dié in hoofstt. 1:1—3:21 vermeld. Die eerste opdrag aan die profeet tog het gelui: "Mensekind, Ek het jou as wag vir die huis van Israel aangestel". En ŉ wag se plek is tog op die stadstoring, waar hy vir elkeen in die stad sigbaar is en vanwaar sy waarskuwende stem elkeen in die stad kan bereik. ŉ Stadswag se plig is op die hoogtepunt van die stad. En nou kom die bevel: "Staan op en gaan uit na die laagte". Dis nou nie meer op die wagtoring nie maar daar eenkant in die laagte, weg uit die stad en volk na die eensame laagte, waarskynlik dieselfde laagte wat die profeet vol doodsbeendere gesien het, dus ŉ laagte waar daar geen lewe was nie.

En nou sou ons kon vermoed dat die Here daaruit tot die profeet wil spreek en die profeet weer op die hart wil bind om tog op die wagtoring te waak en getrou die volk te waarsku. Maar glad nie. As die heerlikheid van die Here daar aan hom verskyn, dan kry hy nie opdrag wagtoring toe nie maar nou reguit na sy huis toe, en in sy huis moet hy hom toesluit. Ook sal die Here hom daar laat bind, d.w.s. geestelik beperk. Uit sy huis sal hy nie kan gaan nie. En dit sal dan nog nie genoeg wees nie, want die Here sal sy tong aan sy gehemelte laat kleef sodat hy in plaas van sy mond oop te maak en te spreek, stom sal wees en geen woord sal durf spreek nie, sodat hy vir Israel geen bestraffer sal wees nie. En so vind ons Eségiël hier: in plaas dat hy ŉ wag op die wagtoring is, staan hy daar onder in die laagte. In plaas dat hy waarsku en alarm-signale gee, sit hy in sy huis toegesluit, en in plaas dat hy waarsku, sy mond oopmaak en spreek, sit hy met ŉ gebonde tong, ŉ stomme getuie.

Wat wil hierdie raaiselagtige woorde dan tog, geliefdes? Waarom lyk dit so teenstrydig met die roeping en opdrag van die profeet? Wat is die betekenis van die woorde?

Tweërlei is die betekenis van die woorde:

I. Vir die profeet self is dit van groot opvoedkundige onderrig in sy roeping.

II. Vir Juda, die ballinge, is dit ŉ *oordeel.*

I.

Al mag die opdrag in hierdie verse vir ons teenstrydig lyk met die profeet se roeping, geliefdes, is dit tog nie die geval nie. Dit mag vir ons onbegryplik wees, dit is daarom nog nie onredelik en onverstaanbaar nie. Dit pas ons dan ook nie om die Here tot verantwoording te roep of om God se woorde en werke te kritiseer nie. Trouens, dit sou dom en belaglik, ja, selfs opstandig van ons wees. Want in die Heilige Skrif kry ons nie punte vir kritiek op God nie maar net dit wat vir ons nodig is om te glo en te doen, tot eer van God en tot ons saligheid. Ons moet dan ook nooit met ons verstand wil probeer uitredeneer wat God se weg is, wat sy openbaring moet *wees,* wat Gereformeerd of Calvinisties moet wees nie. Dis nie dinge vir ons begrypende verstand nie maar vir ŉ kinderlike geloof, vir kinderlike vertrouensvolle gehoorsaamheid. En dan, geliefdes, word die diepe sin van die woorde wat vir ons so teen-

strydig voorkom, eers reg en heerlik duidelik. Dan *verstaan ons dit deur die geloof,* maar dan is daar ook nie meer by ons die hindernis van ŉ sondige denke wat net bloot wil begryp nie!

Gelowige, godvrugtige nadenke ontsluit vir ons hier die diepe sin van Gods Woord. Vir Eségiël was hierdie woorde van aangrypende opvoedende betekenis in sy heilige roeping. Die profeet word deur God na ŉ wederstrewige huis gestuur, en die allereerste voorwaarde daarvoor is dat hy selfs dan ook ver van alle weerstrewigheid moet wees. As hy tot gehoorsaamheid aan Gods Woord wil opwek, dan moet hy self vóór alles gehoorsaamheid openbaar aan dieselfde Woord van God.

Dit, gemeente, moet profete *leer*. Dit moet predikante, ouderlinge en diakens leer, dit moet elke gelowige in sy profetiese amp leer: gehoorsaamheid aan Gods Woord, voordat jy ander met reg kan vermaan en waarsku!

Ja, ons moet leer om so gehoorsaam te wees dat ons ook die mees grillige, die mees onbegryplike openbaringsbevele, wat lyk of hulle met mekaar bots, wat lyk of hulle met mekaar in stryd is, gehoorsaam uitvoer. Ja, dat ons nie met ons waaroms hierteenoor voor die dag kom nie. Dat ons nie met ongeduldige vrae ons onwil en ongehoorsaamheid probeer verdedig met ons verstand nie. Want van die kant van die sondige mens besien, was daar allesins rede vir Eségiël om te vra: Here, U stel my as ŉ wag op die wagtoring oor Israel, en nou stuur U my weer weg van Israel die eensame laagte in. U gelas my uit my huis om te waak, nou stuur U my weer na my binnekamer. U beveel my om my mond oop te maak en te spreek en selfs om daarin te volhard, en nou sluit U weer my mond toe! Wat moet ek nou begin? Vir so iets het ek nie tyd nie!

En tog, geliefdes, let daarop, hier is nie een enkele redenering van Eségiël nie. Hy verhaal net kortliks die bevele wat hy van God ontvang het en dat hy dit, deur die krag van Gods Gees, wat hom alleen staande gehou het, ook gedoen het. Eségiël was nie ŉ onwillige leerling nie. Hierin is hy geoefen om onvoorwaardelik, sonder redeneringe, sonder teëspraak gehoorsaam te wees. Om as die Here sê: Volg My! dan ook te volg; om te buig voor Gods hoë Majesteit; om Gods wil sy lewenswil te maak. So is hy geoefen. Hy verhaal dan ook dat die Here se hand eers *sterk* op hom was (3:14), later dat die Here se hand op hom was sonder meer (3:22), en straks sal hy alles doen sonder dat die Here se hand op hom druk; dan sal hy gewillig alles doen.

En, gemeente, hierdie pad van onvoorwaardelike gehoorsaamheid is nie ŉ somber, donker pad nie. Nee, dis ŉ pad waarop die heerlikheid van die Here steeds skyn. Daar op die wagtoring is die heerlikheid van die Here, en daar in die laagte verskyn die heerlikheid, ja, dieselfde ook! Op elke pad van gehoorsaamheid straal die heerlikheid van die Here — ook in ons gewone werk. Die wagters van Betlehem is in die nag deur Gods heerlikheid omstraal, omdat die gehoorsaamheid in hulle harte gehuisves was om die engele-boodskap te gehoorsaam. O, dis ŉ heerlike, ŉ troosryke en lokkende gedagte dat die Here se heerlikheid elke gehoorsame profeet, elke gehoorsame kind van God bestraal. Wie so onvoorwaardelik gehoorsaam is, vind dit dan ook uitnemend heerlik om gehoorsaam te wees. Dit is soos vir ons groot Profeet en Leraar, Jesus Christus, die spyse van sy siel om Gods wil te doen. Dit is om ŉ vermaak te hê in die wet van God en daarin jou siel te verlustig.

*Ek oordink nou al my weë*
*om my aan u wet te wen;*
*of ek staan en of ek struikel*
*kan ek klaar daaruit beken,*
*Aan u wet, my hoogste vreugde*
*is my liefde toegewy:*

*daaraan dink ek, daarna soek ek,*
*daarin, Heer, verdiep ek my.*

II.

Maar, geliefdes, dieselfde opdrag wat vir Eségiël ŉ heilige oefenskool was, ŉ goddelike opvoeding in die profetiese amp, was vir die ballinge ŉ *groot oordeel, ŉ* ondraaglike oordeel. En waarin het die swaar straf vir die ballinge in hierdie verse gelê? Ons moet daarop let dat die Here Eségiël se oorspronklike opdrag nie heeltemal ingetrek het nie. Dis alleen deur die Here *beperk.* Die profeet mag wel nie meer op die wagtoring van die stad staan nie, hy mag wel nie meer publiek optree nie, maar hy kan nog in sy huis optree. Daar is nog geleentheid om die profeet te hoor, maar dan moet die ballinge na Eségiël se huis gaan (hoofst. 8:1). Verder, die profeet kry wel die opdrag om te swyg, maar die Here voeg daarby: As Ek met jou sal spreek en jou mond oopmaak, dan moet jy vir hulle sê: So spreek die Here HERE. Die profeet mag dus nog spreek, op bepaalde tye wat die Here vir hom sal sê: Spreek. Hy mag dus nog spreek maar net tot die kring van ballinge wat na sy huis toe kom. Maar — en daarop is ons aandag gevestig — *origens sal hy vir die weerstrewige huis van Israel nie ŉ bestraffer wees nie.* Hy sal nie meer ŉ boetprediker vir Israel wees nie. Hy sal wel nog spreek vir die wat na sy huis toe kom, maar vir die weerstrewige huis van Israel, vir die volk sal hy nie meer boetpredikasies hou nie. Geliefdes, en dit juis is Israel se oordeel. Geen boetprediker, geen bestraffer meer vir jou nie, weerstrewige huis van Israel. Oorgegee word jy nou aan jou weerstrewigheid, om nou maar weerstrewig te bly. Dis ŉ oordeel.

Maar om die oordeel reg te verstaan moet ons daarop let dat hierdie oordeel die ballinge eers getref het nadat die profeet sy eerste opdrag uitgeoefen het, nadat hy hulle toegeroep het: Kom, laat ons terugkeer tot die Here as huis van Israel! Dit word ons hier wel nie met soveel woorde vermeld nie. Maar dis tog allesins duidelik. Na die eerste verskyning van die heerlikheid van die Here aan Eségiël het die profeet sy opdrag gaan uitvoer. En daarna verskyn die heerlikheid van die Here nou vir die tweede maal, en nou pas kom die oordeel dat die profeet nie meer as ŉ bestraffer sal optree nie. Nadat die volk se voorhoof hard en hulle harte verstok geblyk het soos die Here gesê het, daarna kom die Here nou om, ooreenkomstig hulle harde voorhoofde en hulle verstokte harte, sy goddelike maatreëls te tref. En dit is nou die goddelike strafmaatreël teen ŉ harde voorhoof en verstokte hart, dat die Here geen bestraffing meer daarteen rig nie. Dat die Here hulle hardheid en verstoktheid, hulle sonde, nou tot hulle straf maak. En dis hierdie hardheid van Eségiël se hoorders wat die toue is waarmee hulle die profeet gebind het. Die profeet is teenoor hulle hardnekkigheid ŉ gebonde man. Hy kan niks verder doen nie, net soos onse Here Jesus ook geen kragte, geen wonders kon doen vanweë die volk se ongeloof nie. Daar staan Eségiël nou, geboei deur die volk se hardnekkigheid.

Oppervlakkige siele mag gejuig het dat die bestraffer nou stil in sy huis sit. En dit is ook nie onwaarskynlik nie dat van die volk vir Eségiël toegeroep het: Swyg! ons wil jou bestraffings nie meer hoor nie. Ons het genoeg daarvan! Dit was vir hulle lastig om altyd net klagte van die Here aan te hoor. Dis lastig vir die verharde sondaar om altyd na bestraffende woorde in ŉ preek te luister. Verharde sondaars word teësinnig om te luister na sulke preke wat altyd net op die mens se sonde hamer en wat nooit een keer eens die mens prys nie. O, daar is hoorders wat ongeduldig word in hulle harte vir al die boetpredikasies. Dit sal vir hulle, omdat hulle so ydel en ligsinnig is, heerlik wees as daar nie meer sulke predikasies sal wees nie. Want daardie soort mense kom ook graag na die kerk maar meer om te geniet; hulle wil nie heeldag van die sondaar se slegtheid hoor nie. Hulle siel verset hom daarteen. Vir dié soort mens is dit heerlik as die stem van die boetpredikasies swyg. Hierdie soort sondaar voel dan nie eens meer die oordeel Gods nie. Maar die gelowige wat dieper voel, weet wat ŉ oordeel dit is as die bestraffing versterf.

Die seuns van Eli het vir die dood opgegroei en het ook verskriklik aan hulle einde gekom, omdat Eli, hulle vader, vir hulle nie ŉ bestraffer was nie. Van ŉ huisgesin sonder tug kom niks tereg nie. Dit sien ons.

En menige kind vind dit nie aangenaam om heeldag onder strenge opvoeding te staan nie. Maar as hulle ouer geword het, dan kan hulle die seën van die tug wat hulle ontvang het, nie genoeg uitspreek nie.

En dit mag vir ons ook so wees onder die prediking van Gods Woord waar die sondaar nooit gespaar word nie, maar daar skuil in sulke preke groot seën! Want slap preke, preke wat die sondaar prys, preke wat die stinkende wonde op sy sagste wil genees, preke wat met die snydende mes van Gods Woord die swere nie wil oopsny sodat die vuilnis kan uitloop nie, is al ŉ vloek vir die gemeente. Maar nog skrikliker is dit, geliefdes, wanneer God Self die tug van sy Woord laat wegneem, wanneer God Self gelas om dan die bestraffinge te staak. O, as God nog deur sy Woord ons bestraf, dan is daar nog hoop! Maar as God op watter wyse ook die bestrawwinge van sy Woord beëindig soos vandag in Rusland, dan is dit ŉ openbare oordeel oor daardie land en volk. Dis ŉ teken van Gods wraak as die bestrawwende profetestem versterf in ŉ land en onder ŉ volk. Want dit is dan omdat God die land en die volk verlore ag! Bestrawwinge is nou om die pêrels vir die swyne te werp.

O, gemeente, bemerk u dan nie die guns van ons goeie God dat ons nog bestrawwingspredikasies kan beluister nie? Is dit nie nog Gods guns oor u nie? Waardeer u dit ooit genoeg?

Luister hoe die ballinge geklaag het in Psalm 74, daar in hulle ballingskap toe die profete nie meer gehoor kon word nie:

*"Ons sien geen tekens in die donker uur,*
*van u verbond, en daar is geen profete*
*wat ons meer troos of bring die dieper wete*
*hoelank ons druk en hartseer nog moet duur."*

Gods kind wil bestraf wees. Hy skel die bestraffer nie maar kus hom: So sing die digter ook in Psalm 141:5:

"'k *Voel my aan liefdetug verbonde:*
*soos hoofsalf vir my hoof is* 't *my*
*as die opregte my kasty;*
*want liefdetug die laat geen wonde."*

O, geliefdes, dis bes moontlik dat ons elke Sondag twee preke hoor maar dat dit soos woorde is wat by ons verby kletter; dat dit so is dat die prediking nogtans vir ons siel swyg, vir ons ŉ straf, ŉ oordeel is. Dit mag wees dat ons bestraffings hoor, maar dat ons siel onvatbaar is vir bestraffings; dat dit oor ons gaan sonder om ons siel te deer. Dit mag wees dat die geweldighede van sonde en genade vir ons so gewoon is soos tee en suiker. Ons stap by die kerk uit, ons gaan drink tee, en ons voel of dink of praat niks meer van die preek nie. Dit het ons nie geraak nie.

Kerkmense! Dit wil ons wees, dit is sommige van ons nog. Maar het God sy bestrawwings vir ons hart en siel nie miskien ook al gestaak nie? Spreek die Here se bestrawwingswoord nog tot u siel?

As dit nie tot u siel spreek nie, ondersoek uself dan of u nie miskien al in die oordeel van God gestoot word nie.

Die bestraffinge van onse Here moet ons siel aangryp, moet ons neersmak, moet ons laat smeek en kruip in ŉ verlangende droefheid tot God. Dan is die bestraffings vir u siel tot seën en strek dit by u tot eer van God.

**AMEN.**

## 'N TEKENING VAN GOD

## OF

## GODS KAART VAN DIE AFVALLIGE JERUSALEM

**LEES**: *Eségiël hoofst. 4.*

**TEKS**: *Eségiël 4:1, 2.*

DIE gerigsboek van Eségiël (hoofst. 3:22 — 24:27) val uiteen in hoofgroepe van oordele. Die eerste hoofgroep bevat hoofst. 3:22 — 7:27. Op ʼn vorige keer het ons u aandag bepaal by die begin van die strafgerigte, naamlik dat God sy profeet nou in sy huis aan bande lê en sy mond sluit — sy preekverbod! Hy mag vir Israel nie meer ʼn bestraffende man wees nie, behalwe wanneer die Here dit uitdruklik gelas. Die preekverbod is dus nie absoluut nie. Bowendien, al mag hy nie meer spreek voor die volk se *oor* nie, mag hy wel nog sekere handelinge verrig voor die volk se *oog!* Nie soseer meer met woorde nie as wel met *dade* tree hy nou op. Hy sal nou deur die taal van sinnebeelde, van tekens, ʼn geweldige sprake laat uitgaan. God is te seer bewoë oor die lot van sy verdwaalde volk dat Hy Hom algeheel sou terugtrek. Dis daarom nie in stryd met sy opdrag om stom te wees dat die Here hom nou weer opdra om in aanskoulike tekens te spreek nie. In hoofstt. 4 en 5 word ʼn viertal sinnebeeldige handelinge beskryf wat die profeet moet verrig.

Hierdie handelinge het hy met ʼn diepe stilswye uitgevoer. Die eerste merkwaardige handeling vra nou ons aandag.

Die man van God moet soos ʼn kind op ʼn lei ʼn kaart teken, ʼn Diepe stilte heers om die profeet. Die ballinge staan met belangstelling die onverklaarbaar swyende gesant en gadeslaan. Hy vat, swyende — alles swyend — ʼn baksteen of kleitablet wat nog nie hard gebak is nie en wat in daardie Babiloniese omgewing as die beste skryfmateriaal gedien het. Op die kleitafel maak hy ʼn tekening. Die ballinge staan die profeet in doodse stilte en aangaap! Wat nou? Dis ʼn tekening van die stad Jerusalem. Die profeet-tekenaar, met sy groot aanleg vir argitektuur, ken elke straat van Jerusalem, elke huis in sy heilige priesterstad. Met genot moes hy die stad van sy heiligste herinneringe en diepste heimwee daar in skets gebring het. Maar ook met groot smart moes hy die tekening voltooi; want hy moes Jerusalem afteken as ʼn *beleërde stad.*

Rondom Jerusalem moes hy ook *forte bou, ʼn* aanvalswal daarteen opwerp, ʼn laer daarteen opstel en stormramme wat die stadsmuur moet verbrysel. Met ʼn bewoë gemoed en ʼn ontroerde siel, met ʼn snik in sy hart doen hy dit, teen sy menslike gevoel in; hy *moet* dit doen, want God het hom dit opgedra. O Jerusalem, Jerusalem, heilige stad, stad van God maar ʼn beleërde stad, verlore stad!!

Ons kan die roering verstaan wat daar onder toeskouers gekom het, toe dit vir hulle duidelik word dat op die tekening aanvalsforte, ʼn wal, laers, stormramme aangebring is. Dit het hulle geërg, terwyl die een teen die ander begin gryns en selfs verwoede uitlatings teen die swyende profeet met sy tekening maak. Dis dwaasheid!! Jerusalem is immers Gods heilige stad, ʼn onverwinlike stad. God sal sy stad en tempel bewaar teen Nebukadnesar, net soos vroeër teen Sanherib. Dis ʼn dwase, gekke tekening! Ander lag weer daaroor! Dis kinderspel!

En dan, steeds met diepe en waardige stilswye, vat die profeet ʼn pan, ʼn bakplaat waarop in die reël koeke gebak word; hy stel die plaat tussen hom en die aldus afgetekende stad, en hy sit agter die bakplaat met ʼn vertoornde gelaat teenoor sy stadstekening.

Aangrypende simboliek! Wat moes dit bedui het? Ons bepaal u aandag:

I. By die prediking van die tekening en

II. by die prediking van die bakplaat tussen die profeet en sy tekening.

I.

Die prediking van die tekening! Wat is die grote God tog wonderlik in sy profetiese Woord! Sy ewige Raad, sy plan met Jerusalem na sy ewige Raadsbestek, dit laat Hy hier op ŉ nietige kleitafeltjie afteken. Dit lyk te nietig, te gering om dit by die ewige God te kan tuisbring; dit lyk na kinderspel! Hier sit die profeet Eségiël en hy teken fortjies en soldaatjies! Dit lyk of hy nou begin speel!

En tog, gemeente, so kinderlik eenvoudig, so diep neerbuigend is God se wonderbaarlike optrede in die wêreld! Só duidelik verstaanbaar, só naby ons kom God in sy Openbaring, dat die sondaar dit as oppervlakkige kinderspel bejeën, te belaglik om dit ernstig op te neem. Die sondaar word daar óf verwoed om, óf hy lag daaroor! En tog, gemeente, só en nie anders nie is die ewige Woord van God, dat elkeen wat daar nou nie voor sidder-beef nie, dit eenmaal met helle-angs sal benader!

Sedert die paradyssonde wil die sondaar nou eenmaal soos God wees, wil hy ŉ god wees, en wil hy godewerke, wonderlike kragtoere uithaal; wil hy titanewerke, reusewerke, magtige dade verrig. Maar daarteenoor, sedert die paradyssonde, buig God tot die sondaargeslag neer in die nageslag van die vrou; het die Woord van God in Betlehem vlees geword — ŉ Kindjie. Sedert die paradyssonde het God tot ons neergebuig om klein dingetjies te doen: om die Wil van God in ŉ beker koue water en in ŉ barmhartigheids-penning te verrig.

Sedert die paradyssonde wil die mens sy ryk bou met magsmiddels, deur geweldige oorlogstuig, in die lug, op die see, onder die see, op die land; deur propagandadienste, massabetoginge; deur lugparades, seeparades, landparades van duisende en duisende soldate, volgens nuwe metodes, gewysigde en gemoderniseerde tegniek.

Maar Jesus Christus stig sy Ryk op aarde sonder groot ophef, sonder gerug, sonder parades, sonder moderne propagandaveldtogte, sonder magsmiddels, sonder masjiengewere, enkel met ŉ boek, ŉ óú boek uit die eeue her, waarvan stukke uit stof en as opgeraap is, en volgens die ou metode van prediking en getuienis. Die sondaarmens het met leërwagte en oorlogsperde stede oorweldig, onderdruk, maar Jesus Christus het sonder ŉ leërmag op ŉ eselsvul stede oorwin en vrygemaak.

Die wêreldmag met imponerende magte kom maar Christus kom tot u met blote tekens: met die teken van die krip; met die teken van die kruis; met die teken van die doop; met die tekens van wyn en ŉ brokkie brood; met die prediking van die kerk uit ŉ ou Bybelboek — ŉ kerk waaraan nie baie edeles behoort nie, maar wat teenoor die wêreldgroothede soos ŉ mislukking lyk, soos kinderspel.

Ja, die wêreld lag ook daaroor! Begryp jou, om ŉ wêreld vol nood en dood te wil red met die *tekens* van druppels water, van dronkies wyn en brokkies brood, met praatjies uit ŉ ou boek, ou Joodse fabels! Dis belaglik! Dis kinderspeletjies! Ander word daaroor so verwoed en met wrewel vervul dat hulle die kerk, met sy prediking van geduld, lankmoedigheid, barmhartigheid en sy ou tekentjies van waterdruppels, wyn en brood-brokkies, soos ŉ kaartehuis wil uitmekaarskop, as belaglike, kinderagtige gekkerny waaraan nie langer met erns vasgehou kan word nie!

Gemeente, ons kan verstaan dat dit die wêreldse houding is teenoor Gods Woord en tekentolke! Dis nie so onverklaarbaar erg nie. Maar dat Gods verbondsvolk daaroor lag! Dat Israel

hom daaroor erg! Dis vreeslik! Israel, die verbondsvolk, oor wie Gods ewige Raad en welbehae op soveel maniere afgeteken en nog steeds wonderlik vervul is. In droombeelde aan die aartsvaders! In blote trompetgeklank by Sinai en Jerigo! In ŉ alledaagse staf van Moses! In ŉ wolvliesie! In ŉ slingervelletjie van Dawid! In die gesuis van ŉ sagte windjie! Israel moes geweet het dat dit in hierdie eenvoudige profetiese tekeninkie om geweldige werklikhede van ewige wel of wee gaan. Israel moes gesidderbeef het voor hierdie profetiese tekening, en hulle het daarvoor gelag, ja, dit verag en was daaroor vererg.

Dis ŉ sonde ook van vandag! Daar is in ons eeu ook diegene uit die gemeente wat die profetiese Woordbediening lig ag; wat dan die heilige Sakramente, wat tog niks anders is as ŉ aftekening van die gekruisigde Christus na Gods Raad, verag en wat met ŉ ligte glimlaggie daaraan verbyleef! En daar is ander vir wie die Woord- en Sakramentsbediening ŉ ergernis is! En, gemeente, deur die Woord- en Sakramentsbediening word ook vandag nog net die heerlikhede van die hemel en die verskrikkinge van die hel in skets gebring. Elke preek is maar ŉ tekenmerkie op ŉ kleitafeltjie. Elke Sakramentsbediening is ook maar net ŉ tekeninkie op stof en as; want dit is die mens: klei waaruit hy geformeer is! Maar dis die geweldige werklikhede van ewige wel of wee na Gods ewige Raad wat in die tekeninghuis in skets gebring word. Dis ook maar net afbeeldinkies van Gods plan! En, gemeente, lag ons daaroor? Word ons daardeur geërg? Of bewonder ons dit soos sommige daar om die profeet sy tekening bewonder het? Of bekritiseer ons dit soos ander Eségiël se tekening van die soldaatjies om Jerusalem se mure gekritiseer het! Laat ons u dan dit op die hart bind: God vra geen bewondering en ook geen kritiek vir die profetiese tekeninge en afbeeldinge van sy Raad nie! Ook geen gelag en gespot of ergernis en woede van die ongelowige twintigste eeu nie, maar God eis van u *geloof*! Kinderlike geloof aan sy profetiese Woord- en Sakramentstekening! Kinderlike geloof om dit aan te neem, daarop te vertrou, daarop te steun! Daarvoor te vrees! Daarna te smeek en bid! Daarna te boet! Daarna te leef, te stry, te sterf en daarin te oorwin! Ja, gemeente, glo dit maar gerus! Daar is net *een waarheid*, en dis die *waarheid* wat in hierdie Woord en sakramente afgeteken is. En die straf van God vir almal wat hierdie profetiese tekening van die waarheid, verag of verwerp, is ook net soos dit hier afgeteken is. Daar is ook net een verlossing en oorwinning, en dis dié wat hierin afgeteken is. Glo dan, vertrou, steun en hoop op die tekening van Gods Raadsbestek!

II.

Jerusalem sal dus beleër en ingeneem word! Dis die tekening! Die beleëraar is Babel, Nebukadnesar. Ons kan ook sê dis God self deur Nebukadnesar, sy instrument. God beleër die stad van God! God gee sy stad en tempel aan verwoesting oor! En dit wou die ballinge nie aanneem nie. Dit wou hulle nie glo nie.

Maar dan gaan Eségiël nog verder en stel ŉ nog aangrypender simboliese houding voor hulle oog! Hy neem ŉ bakplaat en stel dit tussen die beleërde tekening van Jerusalem en homself, as profeet, as verteenwoordiger van die Here, om daarmee dit te sê: So weinig grond is daar vir julle verwagting dat die Here tog nog sal toesnel en sy eie stad en tempel sal bevry in daardie kritieke uur, dat die Here deur Jerusalem se sonde van die stad geskei is as met ŉ ystermuur! Dis treffende simboliek! ŉ Yster-skeidsmuur wat die stad van God skei. Dit is van die stad se kant gesien. Hulle sonde het tussen hulle en God geword soos ŉ ystermuur. Geen geroep in hulle nood; geen smeking in hulle benouing; geen klag in hulle smart sal daardeur kan deurgaan tot God se oor nie. O, Jerusalem, jou sonde skei jou van God soos met ŉ ystermuur. En deur die sonde-muur kan geen gebed dring nie. In plaas van Gods bondgenoot het Israel Gods vyand geword. Hoe kan God dan gaan help? So maak ŉ ontaarde gemeente se sonde, so maak die vervalste kerk se sonde skeiding tussen God en die gemeente. Tevergeefs word dan deur die kerk in sy nood tot God geroep! Ag, gemeente, dink tog daaraan! Die hei-

denwêreld se sonde is nie soos die kerk se sonde as hy vervals nie! Die Skrif leer ons immers dat die heidene deur hulle sonde in duisternis verkeer, maar al mag die duisternis nog so dik wees, God se sendingslig dring tog darem nog daardeur heen! Maar ʼn afgedwaalde kerk se eiesinnigheidsonde — so leer hierdie simboliek ons — skei die gemeente van God af as met ʼn ystermuur! Geen noodgeskrei, geen smartkrete, geen hulpgeroep kan daardeur nie. Dis dwaasheid om soos die ballinge te waan dat die Here dan nog stad en tempel sal red!

O, wat is die verbondslewe van die gemeente voor God dan tog hoogs verantwoordelik! Geen gemeenskap, geen vergadering moet daarom so bang wees vir sonde as die gemeente van Christus nie! Want, geliefdes, die ergste is nog dit dat van God se kant gesien die ystermuur van die verbondsvolk se sonde ʼn bakplaat is. Is die skeidingsmuur eenmaal ʼn ystermuur, ʼn ander keer is dit ʼn bakplaat. Die profeet sit daaragter met ʼn vertoornde gelaat. Dit wil sê: die Here God sal van daardie selfde sonde van sy volk ʼn bakplaat maak, en met die vuurgloed van sy heilige toorn sal Hy stad en tempel as 't ware bak. God sal hulle deur die gloed van sy toorn brand! Stad en tempel sal aan die vuurgloed van sy toorn prysgegee word!

♦ ♦ ♦

O, wat ʼn skriklik raaiselagtige waarheid! Waarom beleër God sy eie stad en wend Hy Hom teen die heiligdom wat Hy self verkies het? Waarom tree God nie ook op teen die sondestede van Babel, Assur en Egipte nie? Daar word die lewende God tog openlik gehoon, en hout en steen word as gode geprys? Gruwelike dinge vind daarin plaas! En nou moet Jerusalem, wat in daardie tempel sulke dinge nog nooit gepleeg het nie, verpletter word!

Maar die raaisel is nie so duister nie! God, geliefdes, *haat alle sonde.* Soos Hy die sonde van Sodom en Gomorra gehaat het, so haat Hy ook vandag nog die sonde van Johannesburg. En die sketstekening van die verwoesting van elke sondestad op aarde lê klaar na Gods Raad. Maar, geliefdes, die sonde wat God die meeste haat, is die gemaskerde sonde van Jerusalem; die bedekte sonde van sy verbondsvolk. As in Gods Kerk net die skyn van godsdiens bewaar bly, net die uiterlike gedaante van godsdiens, net die gewoonte en die gebruike van die godsdiens, terwyl in die stilte, in die geheim, in die verborge, in die hart elke heidense gruwel bedryf word — soos hoofst. 8 nog sal meld — ja, dan begryp u waarom die oordeel by Jerusalem begin.

Die vroom gruwels, die Farisese sonde, die witgepleisterde-grafsonde, die sonde waar die skottel buite gewas word maar binne vuil bly, is van die allerergste soort gruwels. En God se heilige hand keer Hom teen alle tempels en alle *kerke* waarin daar ʼn *gedaante* van godsdiens is maar wat die krag daarvan verloën het. Wees daarvan seker: ʼn kerk met vormgodsdiens wat meer heg aan uiterlike gebruike as aan die innerlike waaragtigheid en egtheid van die godsdiens in die prediking, gebed, gesang, ens. sal deur Gods hand afgebreek word. ʼn Gemeente wat sy godsdiens veruiterlik, oneg en onwaaragtig is, God sal hom verban.

Die *ware* kerk sal nooit sterf nie, vgl. Openbaring 11. Die ware gemeente sal tot die einde deur God vergader, bewaar, beskerm en onderhou word. Maar die vervalste kerk, die Laodisensiese kerk, sal God deur die Antichris laat beleer en laat inneem, en hy sal op die valse kerk se troon sit en ook daarin aanbid word!

O, gemeente, nou voel u die krag van ons Here Jesus se hoëpriesterlike bede: Vader, bewaar hulle by die waarheid: U woord is die waarheid! U sketstekening is die waarheid! O laat ons daarom die Here en sy Woord vrees!

Maar nie net Jerusalem nie! Laat ook die wêreld soos Ninevé vrees. Want, gewis, as God sy eie huis nie spaar nie, dan seker ook nie die tente van die goddelose nie! Dan ook nie die wêreld met sy sondepaleise, sy sondige teaters en bioskope nie! Ag, die Jerusalemmers kom dan onder die klippe van die stadsmure! Die Farisese kerkmense sterf aan hulle misbruikte en

veruiterlikte godsdiens, verstik aan die Nagmaalsbrood en verdrink in hulle doopwater! Maar die wêreld lê in stuiptrekkings onder die ruïnes van sy ongeregtigheidsvredetempels en van sy skelmagtige volkebonds-paleise, vol bedrog en leuentaal.

Maar Gods beleëring begin by die vervalste kerk, by die afvallige Jerusalem. Bedink dit, geliefdes, en vrees hierdie profetiese tekening.

**AMEN.**

## 'N PORTRET VAN DIE VOLK

**LEES**: *Eségiël 4.*

**TEKS**: *Eségiël 4:4, 6.*

DIE profeet Eségiël, geliefdes, was oorspronklik geroep om te spreek tot die volk se *oor*. Maar toe Israel geweier het om sy oor te neig tot die profetiese Woord, het die Here tot hulle straf die profetiese Woord weggeneem deur Eségiël te verbied om verder te spreek. Hy moet nou swyg, tensy dat hy opdrag ontvang.

Maar tegelykertyd ontvang hy opdrag om vanwaar hy daar in sy huis sit, sekere sinnebeeldige handelinge te verrig voor die volk se oog, om so des te aangrypender voor hulle op te tree.

In hoofstt. 4 en 5 lees ons van *vier* sulke sinnebeeldige handelinge.

Die eerste was dat hy op ŉ kleitafeltjie Jerusalem as ŉ beleërde stad moes afteken terwyl hy swyg. Met hierdie handeling moes hy Gods ewige Raad afteken. Dit was ŉ *sketskaart van Gods Raad* oor Jerusalem en die volk. So teken God sy ewige Raadsbestek vir die ballinge af. By die prediking hiervan het ons reeds op ŉ vorige geleentheid u aandag bepaal.

Ons wil nou u aandag vra vir die tweede sinnebeeldige handeling, naamlik dat die profeet 390 dae op sy linkersy moes lê om so die straf van die sonde van Israel te dra en 40 dae op sy regtersy om so die straf van die sonde van Juda te dra.

En dit, geliefdes, is geen *tekening* meer nie maar ŉ *portret, ŉ* volle afbeelding.

Ons wil kortliks u aandag hierby bepaal, en ons let:

I. Op die portret van die volk;

II. op die geloofsgehoorsaamheid van die profeet.

I.

Was die tekening van Gods Raadsbestek op die kleitafeltjie deur die profeet al vir die volk iets om oor te lag, bespotlik, of iets om oor verwoed te word, ŉ dwaasheid, nog veragteliker in hul oë was die portret wat die Here in die persoon van Eségiël van hulleself gee as ŉ magtelose, roerlose volk, geboei in ballingskap.

Want die volk het hoegenaamd nie aan ŉ verdere en ŉ nog skrikliker ballingskap gedink nie; inteendeel, daar het ŉ hoera-stemming onder die ballinge geheers. Drie hoera's vir Jerusalem! Drie hoera's vir Sedekia met sy reorganisasieplanne! Die getal van die ballinge was nog nie so groot nie; die grootste deel van die volk het nog in Palestina, in Jerusalem verkeer. Jerusalem, die heilige stad, staan nog. Die tempel sal, ja, durf God nooit in die hande van heidene laat verval nie. Farao Hofra het in Egipte die troon bestyg, ŉ magtige invloedryke vors! Sedekia se reorganisasie gaan voort om deur diplomasie, taktiek en slim planne Israel te bevry van Babilonië. En binnekort, so dink die ballinge, binnekort gaan ons terug; na Palesti-

na, die heilige land; terug na Jerusalem, die heilige stad en na die heilige tempel. Die Here se tempel, die Here se tempel is dit!

Teenoor hierdie inbeelding wat die volk van hulleself het, kom Eségiël, en op uitdruklike bevel van die Here voer hy hierdie tweede sinnebeeldige handeling uit waarin hy vir hulle ŉ portret gee van hulle wesenlike stand en staat.

Met die tekening van Jerusalem as ŉ beleërde stad op die kleitafeltjie voor hom, lê hy 390 dae lank op sy linkersy, as gebonde. Hy roer of beweeg hom nie. Skriklik om daaraan te dink! En aan die einde van die 390 dae draai hy hom om en lê veertig dae lank op sy regtersy roerloos, soos ŉ magtelose!

Dit beteken: soos ons na die Noorde oriënteer, so oriënteer die Oosterling hom na die Ooste. En soos Eségiël na die Ooste met sy aangesig gerig is, gaan lê hy op sy linkersy. Dan kyk hy in sy gedagte na die Noorde, na Palestina, die tienstammeryk — 390 dae lank. En keer hy op sy regtersy, dan kyk hy in sy gedagte na Jerusalem, 40 dae lank. Dit is dan jou portret, o Israel! 390 jaar altesame in ballingskap. En dit is jou portret, o Juda: 40 jaar ballingskap vanaf die val van die beleërde Jerusalem! Magteloos, roerloos, gebonde in ballingskap. So ver is dit daarvandaan dat julle, ballinge, na Jerusalem sal terugkeer dat daarenteen dié wat nou nog in Jerusalem verkeer, julle hier in ballingskap sal kom geselskap hou. Jerusalem, die stad en die tempel, sal nie net val en tot ŉ puinhoop word nie, maar die inwoners sal geboeid in ballingskap gelei word. Optimisties, rooskleurig is die toekoms allermins. In plaas dat julle droom dat die bande gou losgemaak sal word, moet julle jul daarop voorberei dat die “dikke toue” van die ballingskap nog vaster getrek sal word. Van opstaan uit die ballingskap sal niks kom nie. Inteendeel, julle sal moet lê, magteloos gebonde baie, baie jare lank. Die mure van Jerusalem sal lê — in puin, en die pragtige tempel sal lê — algeheel verwoes! Dis julle portret. Hier aan die Kebarrivier sal julle in ballingskap lê, Israel en Juda.

En die getroue Verbonds-God sal vir die ontroue verbondsvolk ŉ suiwere vergelding op sy goddelike weegskaal afweeg, presies soos vroeër in die woestyn: vir elke dag wat die verspieders weg was ŉ jaar omswerwing in die woestyn, omdat hulle nie wou glo nie. Vir 40 dae 40 jaar in die woestyn. 390 dae word vir jou afgemeet Israel, want 390 jaar het julle gesondig sedert julle afskeuring van Juda. En 40 jaar vir jou, Juda (vers 5).

So gaan dit, geliefdes, met ŉ volk, met ŉ kerk, met ŉ gemeente wat vergeet dat die verbond van God uit *twee dele* bestaan. Ja, twee dele vir elke party in die verbond. Die troue Verbonds-God gee aan die eenkant heerlike verbondsbeloftes, verbondsweldade, verbondseëninge, ens. Maar aan die anderkant lê Hy ook verbondsbevele op sy verbondsvolk.

Die verbondsvolk het dus nie net aanspraak op Gods verbondsbeloftes nie, maar hulle is ook verplig om Gods verbondsbevele te gehoorsaam. En dis die sonde van Israel en Juda, dat hulle hul die reg wil aanmatig om aanspraak te maak op Gods verbondsbeloftes, dat Hy hulle as sy volk sal beskerm en bewaar en dat Hy hulle vyande sal ombring, dat Hy Jerusalem en sy heilige tempel sal bewaar en daarin tot in ewigheid toe sal woon. Hierop maak hulle aanspraak. Ja, hulle maak selfs asof God met hulle ŉ kontrak aangegaan het, waarby Hy steeds verplig sal wees om hulle, ten spyte van hulle godloëning en verwaarlosing van sy bevele steeds te bewaar, die stad en tempel te bewaar en hulle te begiftig met reën, graan, spys en drank en al wat hulle nodig het. God sou ook so te sê verplig wees om dit vir hulle te gee. Dit spreek vanself!

Maar hulle vergeet: God het nie met hulle ŉ kontrak aangegaan nie maar ŉ verbond. Hy eis van hulle kant weer gehoorsaamheid aan sy bevele. So nie, dan verbreek hulle die verbond. En as hulle die verbond breek, dan volg die verbondswraak. En Israel het met beide voete eeuelank die verbondsbevele vertrap.

Goue kalwers te Dan en Bethel. En die goddelose Manasse het die Mologdienste in Juda ingevoer. Die wetboek, die bevele, het letterlik toe onder die stof gelê onder die tempelgereedskap. Eségiël sal by hierdie sondes nog kom.

Die vraag vir ons is maar net, geliefdes, of ons nie ook al so leef asof die Here kontraktueel verplig is om vir ons byvoorbeeld op tyd reën te gee, ons koring en tabak mooi te laat groei, ons besigheid goed te laat aangaan nie. Ja, asof die Here verplig is om maar ons sonde oor en oor te vergeef en ons ook genadig te wees. Ek vrees ons lewe is so dat God, na ons beskouing, by ons "vasgekontrak" is. Dit moet so, en dat moet so, so nie dan klaag ons en kom ons met ons waaroms! En wat maak u en ek met Gods verbondsbevele? Hoe is dit gesteld met ons nuwe gehoorsaamheid uit dankbaarheid vir Gods genade! Hoe is dit met die godsvrug van ons hart? Het u u Here lief? Vrees ons Hom op ŉ ware geestelike wyse? Ken, verheerlik, roem en prys ons sy Naam? En hoe staan dit met die Sabbat? Heilig ons dit? Ons armversorging! Daar is liefdeloosheid teenoor God en sy heiliges by ons.

En, gemeente, laat ons nie so sondig, lughartig optimisties wees soos die ballinge nie. Hier is ons portret! Wie Gods verbond skend, God sal hom bind met "dik toue", nie net nou nie maar vir ewig in die buitenste duisternis. O, laat ons daarom die verbond van die Here bewaar!

II

Maar, geliefdes, daar is nog ŉ tweede punt waarin hierdie tweede sinnebeeldige handeling verskil van die eerste.

Dit is nie net dat ons by die eerste handeling ŉ sketskaart het van Gods Raadsbestek oor Jerusalem en dat ons by die tweede handeling ŉ portret van Israel sien nie. Nee, daar is ook nog hierdie verskil dat by die eerste handeling, die sketskaart van Jerusalem, Eségiël buite die tekening gestaan het. Hy het *daarteenoor* gestaan. Maar by hierdie tweede handeling *word die profeet self aangegryp.* By die eerste handeling was hy nog die beleëraar van Jerusalem. Die Here sê hom ook: Jy moet die stad beleër. Maar hier is die profeet self ŉ beleërde. Eségiël mag hier nie meer ŉ buitestaander wees nie; hy is nou self inbegrepe. Hy is nou nie net strafaankondiger nie maar self ook lyer, gestrafte, wat die plek van sy volk inneem, sy volk se smart dra in sy eie liggaam. Hy staan nie net op ŉ preekstoel hoog bokant Gods volk nie, maar hy weet homself ingeskakel in alles met die volksgeheel wat die oordele van God moet dra. Hy is nie ŉ profeet wat Gods oordele net vir ander uitdeel, vir die bose wêreld daar ver, en vir homself net die mooie beloftes uitsoek nie. Nee, hy is ŉ ware profeet van God wat diep, diep uit die verbond van God leef, soos Jesaja, wat uitgeroep het: Wee my, ek is verlore! Want ek is ŉ man van onrein lippe en woon onder ŉ volk wat onrein van lippe is. Sy volk is nie net onrein nie; nee, self is hy ook onrein.

Hier het u die ware profeet, ŉ Profeet, ŉ ware profeet is nie net ŉ prediker nie maar is self ook ŉ hoorder. As die Here vir Eségiël sê: Mensekind, gaan lê! dan gaan hy lê. Lê net op jou linkersy, dan lê hy net op sy linkersy. Lê 390 dae so, dan lê hy te midde van al die smart daarvan 390 dae so. En as die Here sê: Draai om op jou regtersy, dan draai hy om. En as die Here sê: Lê veertig dae so, dan lê hy so ten spyte van die pyne wat dit meebring nadat hy so lank op die linkersy gelê het. In gebondenheid en absolute gehoorsaamheid aan Gods Wil het Eségiël Gods opdrag volvoer. Hier is ŉ profeet, ŉ verbondskind, wat nie net aanspraak maak op Gods beloftes soos die ligsinnige ballinge nie, maar wat ook en veral let en stiptelik let op Gods verbondsbevele, selfs tot in die haas onmoontlike en onmenslike en ondraaglike dinge.

Dink tog net aan die ondraaglike liggaamslyde wat hier geëis word. Hierdie pynlike onbeweeglikheid veroorsaak verstywing en verswakking van die hele gestel; die kragte sink hier in, en die lewenskrag word hier vernietig, ŉ Mens sou wil vra: Maar is dit nie sonde om jou

lewe so te verwoes nie? Die Here self het tog die lewe geskape en ons gelas om dit op te pas! Maar nee, die Verbonds-God is God oor jou hart en oor jou siel, oor jou liggaam, oor jou goed, oor jou bloed in hierdie verbond. God eis van sy verbondskinders dat hulle hul ten volle in sy diens moet stel met liggaam en siel. Hulle mag vir hulle God niks terughou nie. Nie jou hart nie, nie jou goed nie, nie jou bloed nie. Hier moet jy jouself offer, selfs al vernietig jy daardeur jou lewe. Hier is nie plek vir sagte kleertjies nie. Hier is nie konings en paleisies nie. Hier is knegskap van God wat in die vuur bring, en verbystering en liggaamsverbryseling. Kom, gemeente, wat is ŉ profeet sonder ŉ offerdaad? En ons is almal profete in Christus!

Hierdie intense meelewing van Eségiël met sy volk en met sy God voer hom tot hierdie lyde. Met God wandel en met sy volk, met sy kerk meeleef — *meeleef* in *medelye.* Hier geliefdes het u die eis Gods vir elke profeet, vir elke lidmaat van die kerk: *intens meeleef!*

Ag, daar is soveel kerklede wat glad nie *meeleef* nie maar wat eenvoudig in hierdie wêreld geleef *word.*

Daar is menige lidmaat wat as hy op ŉ sekere dag sy kerk en sy Bybel moes ontbeer, geen steek armer sal voel nie. Hulle leef so min mee dat hulle dit ook nie eens sal mis nie. Ja, daar is selfs wat van die min of meer onaangename laste en pligte, soos Bybelondersoek, kerkbesoek, katkisasie, onthef wil word. Elke Sondag in die kerk? Ag, dis te lastig en te gebonde vir menigeen. Maar hier toon God u in sy profeet wat sy verbond van u eis. As Hy vir u so sê: 390 dae op u linkersy — dan moet u dit doen! U moet leef met u Here se Verbondswoord. As hy vir die ouers sê: Voed julle kinders in die verbond op — dan moet hulle dit ten koste van hulle goed en bloed, ten koste van hulle liggaam doen. As hy van die kinders eis: Katkisasie — dan moet hulle ten koste van alles katkiseer.

Ag, ons leef mos in die tyd van belangstelling en dan juis eers as iets interessant is. Ons eeu het ŉ soort toeskouermens gelewer, ŉ teatermens, wat graag net wil kyk! Maar *meedoen, meeleef* in die saak van God — dis vreemde klanke vir ons eeu! Maar nog meer: die Here eis van u medelyde. Nie net meelewing as daar geen pyn is nie: dis te min. U Here verg van u selfs medelyde in die pyn, in die smart van die verbondslewe.

Ja, u moet vir die verbond van u Here, vir sy kerk, vir sy gemeente alles gee! Nie net u bydrae nie. Nee, alles. U hart, u liggaam, u gemak, u bloed selfs. U moet met u persoon betaal, met u alles. Dit eis die koninkryk van God: met jou hele hart, met jou hele siel, met jou hele verstand, met al jou kragte. Moet nie dink, geliefdes, dat u Here met ŉ teatrale belangstelling vrede het nie.

Ons tyd se mense wil ook nog lê maar in sofas en divans, in lui leuningstoele, vanwaar mens dan nog soms skerp kritiek verneem op die kerk, op die dominees en kerkrade. Ons tyd wil ook nog iets gee vir die kerk maar nie meer as ons stuiwers nie. Ons persoon hou ons uit.

In die kerk van die Here, geliefdes, eis Hy van ons meelewing, medelyde, medesterwe. Ons bely immers: dat ek ŉ *lewende* (nie ŉ belangstellende) lidmaat van die kerk is en dat ek dit ewig sal bly. ŉ Lewende en meelewende lidmaat. Meelewende met onskuldiges om vir hulle te bid. Meelewende met die ellendiges, die armes, die beproefdes, die bedruktes, die swakgelowiges. Meelydende — met die vervolgdes.

Meelewend met Gods bevele. Dan eers is u waarlik profete van God in Christus Jesus. Dan eers is u lewende lidmate van die kerk van Christus. So het Christus meegeleef, meegely, meegesterf.

**AMEN.**

## 'N BEELD VAN ONREINHEID EN OORLOGSHONGER

**LEES**: *Klaagliedere van Jeremia 1:1-11.*

**TEKS**: *Eségiël 4:9-17.*

Hier het ons te doen met die derde sinnebeeldige handeling — ŉ *beeld,* ja, ŉ uitbeelding van die skriklike jammer en ellende wat oor Juda en Jerusalem kom vanaf die beleëring van Jerusalem tot aan die einde van die ballingskap. Hierdie jammer en ellende sal dus nog voor die val van die beleërde stad ŉ aanvang neem. Hier word vir die ballinge uitgebeeld dat hulle beste verwagtings van die onaantasbaarheid van Jerusalem in rook sal opgaan en dat die lot van Sedekia en sy volksgenote nog baie swaarder sal wees as hulle lot hier aan die Kebarkanaal. ŉ Nuwe en derde daadwoord moet die ballinge om Eségiël laat sien wat met die inwoners van Jerusalem gaan gebeur tydens die beleëring en na die val van Jerusalem. As hierdie derde handeling nie bygekom het nie, dan kon hulle miskien nog die verwagting koester dat dit na die val van Jerusalem met die inwoners darem nog taamlik goed sal gaan, beter as met hulle hier. Maar hierdie derde daadwoord moet hulle nou toon dat hulle ballingskap selfs nog ŉ baie begeerlike saak sal wees in vergelyking met die van Sedekia en sy volgelinge. Hierdie derde handeling is ŉ beeld, ŉ uitbeelding in die skerpste trekke van ŉ weersinwekkende, ŉ walglike *onreinheid* en van ŉ verterende *honger.*

*Onreinheid* en *honger! ŉ* Beeld, ŉ uitbeelding van onreinheid, nie net vies en vuil nie maar walglik en weersinwekkend. ŉ Beeld, ŉ uitbeelding van ŉ verbreekte staf van die brood, van honger; vaal en uitgeteer, ja verteer!

Ons wens kortliks met u stil te staan by:

I. Die onreinheid en

II. die verbreekte staf van die brood, die honger.

I.

Die uitbeelding van die onreinheid geliefdes sien u eerstens in die mengsel van ses verskillende soorte graan, wat merendeels bestaan uit graansoorte van minderwaardige kwaliteit, naamlik koring, gars, boontjies, lensies, manna en spelt. Maar dis nie die ergste dat dit meestal graansoorte vir *veevoer* is nie. Nee, in oorlogstyd is dit soms goeie oorlogsbrood. Maar wat dit hier so erg maak, is naamlik dat die ses graansoorte in *een* skottel gegooi moet word, tot *een* meel gemaal moet word en tot *een* brood gebak moet word! En dit nie net vir ŉ dag nie maar 390 dae lank! Dit is die toppunt van Levitiese onreinheid. Om onrein *brood* te eet was die allerergste wat die wettiese Jood kon oorkom. Hy walg en gru daarvan. Laat alles oor hom kom maar tog nie so ŉ onheilige mengsel van brood nie. Ag, in groot hongertye het die profete — soos Elisa — garsbroodjies geëet maar nooit so ŉ sesvoudige mengsel nie — ŉ onheilige mengsel na die maat van ŉ onheilige getal.

Dit was immers vir die Jood verbode om op een selfde akker *twee* soorte saad te saai (Deut. 22:9). Dit is hom verbied om twee soorte diere, om ŉ os en ŉ esel tegelyk in een juk voor die ploeg te span (vs. 10). Dit ontheilig die akker en die saad. Dit is hom verbied om sy gewaad van twee soorte stof, van wol en linne tegelyk, te maak (vs. 11). En nou moet hy, die profeet, brood eet, gebak uit ŉ mengsel van ses graansoorte — koring gemeng met peulvrugte! Toppunt van onreinheid! Afskuwelik is dit!

Maar nog erger! In oorlogstyd is daar nie net gebrek aan brood in so ŉ beleërde stad nie maar ook gebrek aan brandhout. Die onheilige brood moet op die mis van mensedrek gaar

gemaak word, of dan op Eségiël se besondere smeekbede op nie minder as beesmis nie. Nie in die bakplaat wat Eségiël daar in sy hand hou tussen hom en die tekening van die stad nie, selfs nie eens op ŉ warm klip nie maar op beesmis as plaasvervanger van mensedrek. *O*, wat ŉ skerpe uitbeelding van ŉ walglike, weersinwekkende onreinheid!! Ja, vir die Jood, maar anders — so mag iemand oordeel — is dit tog waarlik nie so onrein om ŉ broodjie uit koringmeel, garsmeel, boontjiemeel, lensiemeel, manna- en speltmeel op ŉ misvuurtjie gaar te maak nie. Watter vuilheid en onreinheid moet daar nou so vreeslik in skuil? Maar, gemeente, u moet nie hier met ŉ oordeel net oor die Jood sit nie! Agter hierdie broodjie wat Eségiël so moes bak, sit ŉ dieper agtergrond, ŉ agtergrond waarin die goddelike vergelding oor Juda opgesluit lê.

Die Jode hier aan die Kebarkanaal sweer immers by hulle kultiese (Levitiese) reinheid, by hulle uitwendige seremonies, by hulle wettiese godsdienspligte, by Jerusalem, die priesterstad, en by die uiterlike tempel, by die gebou en by sy stene! Die tempel! die tempel van die *Here!* Heilige klipgebou!!

Aan kultiese onreinheid, aan Levitiese onreinheid, aan uiterlike onreinheid, aan daardie Farisese onreinheid wat nie verdra dat die buitekant van die kom vuil moet wees nie, wat nie verdra dat ŉ graf se wit pleistering buitekant moet verweer nie — daaraan het hulle ŉ gruwel. En aan uiterlike pligpleginge, aan die voorskrifte, aan die wettiese gebruike hou hulle tot in die kleinste puntjies toe vas, maar verder hinder dit hulle glad nie dat hulle in goddeloosheid en regsverkragting heeltemal benede die peil van die heidene gesink het nie. Verder hinder dit hulle totaal nie dat hulle Gods profetiese Woord heeltemal vertrap, verag, bespot, ja, selfs verwoed raak daarteen nie. Verder skeel dit hulle weinig dat hulle die heilige verbondseise, verbondsbevele verontagsaam. Hulle hele godsdiens het in voorskrifte, seremonies, ou gebruike opgegaan terwyl hulle lewe, hulle godsvrug van die hart verdwyn het.

Gemeente, en hiervan walg God. Dit is ŉ gruwel in die oog van die Here — die uiterlike gedaante-godsdiens, sonder godsdienstige krag, sonder godsvrug van die hart. Die Farisese geregtigheid en Farisese godsdiens en reinheid wat in die dae van die Here Jesus hom so voorgedoen het, dat hulle te rein, te heilig was om met die heilige Pasga oor die drumpel van Pilatus se geregsaal te trap. Hulle is wetties te rein om hulle voet in ŉ heidense gebou te plaas; maar dit is geen onheiligheid en ongeregtigheid om die Heilige te laster, te bespuug, te slaan, sy heilige bloed onheiliglik te vergiet en Gods heilige genadeverbond te vertrap nie.

En, gemeente, in ons dae is daar ook menigeen onder ons wat die heiligheid en bekeerdheid in uiterlikhede soek. Daar is ander wat die egte vroomheid en heiligheid soek in die ou gebruike en seremonies soos die Jode daar in die ballingskap. En daar is wat nes die ballinge die heiligheid na die tempel, na die kerkgebou verplaas, onder hierdie dak, aan hierdie klippe en stene en aan ŉ bepaalde uiterlike metodiese kerkgang en kerksang — op ŉ bepaalde manier wat as heilig ingebeeld is, maar die profetiese Woord van God, Gods verbondseise en verbondsbevele, Gods geregtigheidseise vir ŉ dankbare lewenswandel en vir ŉ godvrugtige hart om die Here te vrees en Hom lief te hê met jou hele hart, jou hele siel, jou hele verstand — om soos Eségiël 390 plus 40 dae mee te leef, mee te ly met Gods volk; — dit is nie van belang nie! En daarom, geliefdes, as die profeet Eségiël daardie onreinheidsbeeld publiek voor hulle oë verrig, dan is dit ŉ spotbeeld van God se vergelding oor hulle. Goed, julle beroep julle op broodreinheid, op seremoniereinheid, maar omdat julle geen verbondsreinheid het nie, sal Ek nou ook hierdie laaste oorblyfsel van reinheid van julle wegneem. As julle net rein wil wees in julle kerklike gebruike, maar heimlik al die onreinheid van die heidene in julle lewe bedrywe, dan sal ek julle tot ŉ spotbeeld stel met julle uiterlike reinheid en al.

O, die goddelike vergelding is hier so ironies, so spottend met die bloot wetties reine Jood! Die rein Judaïs, rein in sy eie oë bo die heidene, moet publiek onder die oog van die heidene

onreiner eet en leef as die heidene self. Dit is julle loon!

O, die goddelike vergeldingspot! Wie hier sy heiligheid in uiterlikhede soek, sal in die verderf met uiterlike onreinhede gekwel word! Wie hier in wellus leef, sal in die verderf met wellus gekwel word! Wie hier selfsugtig en geldgierig leef, sal in die verderf daarmee gekwel word! Wie hier uiterlik roep: Here, Here! sal in die verderf met die uiterlike Here-geroep gekwel word. Ja, die Here God sal spottenderwys, publiek voor aller oog alle uiterlike godsdienstigheid vergeld. "Want, waarlik, dis goed om ook uiterlik skoon te wees, soos die Fariseërs, dis goed om ook op die uiterlike gesteld te wees, maar as jou geregtigheid, as jou reinheid nie meer is as die van die Skrifgeleerdes en Fariseërs nie, sal jy in die koninkryk van God nooit ingaan nie. As jy nie die heiligheid en geregtigheid van Christus Jesus deelagtig is deur die geloof nie, dan sal die Here met al jou uiterlike bekeringe in die verderf publiek met jou spot.

Spotbeeld van goddelike vergelding? ŉ Levities reine Judaïs eet onrein brood op drek gebak!

II.

Maar, geliefdes, daar is ŉ tweede karaktertrek in hierdie beeld. En dit is die verbreking van die staf van die brood — die honger.

Die profeet moet van die onrein brood eet, 20 sikkels per dag afgeweeg. Dit is ongeveer 3 ons per dag. En sy water wat hy moet drink, is ongeveer 1¼ bottel per dag in daardie warme Ooste. Die brood moet hy by gewig en met kommer eet, die water by die maat en met verbaasdheid drink. Dis oorlog, dis beleëring, dis ballingskap — die Here het die staf van die brood verbreek. Tekenagtig verklaar die Here Self aan die profeet die beeld van onreinheid en honger: die Here het die *staf* van die brood verbreek. Soos ŉ ou grysaard wie se kragte afneem op ŉ staf leun om verder te kan gaan, so is die brood ook ŉ staf vir die mens se kragte wat gedurig weer afneem. Jy moet telkens weer voedsel neem om so met die "staf van die brood" waarop jy leun aldeur voort te lewe.

Maar let nou daarop: die brood het in homself nie voedingskrag nie. Dis alleen die seënende Woord van God wat aan brood sy krag gee. Dis nie jou arbeid nie, nie jou sorg nie, ook nie die gawes van die Here sonder sy seën wat ons tot iets kan gedy nie. Die seën van die Here by jou sorg en arbeid en by sy gawes — dit baat eers. Die Skrifwoord: die mens sal by brood *alleen* nie leef nie maar by elke woord wat uit die mond van God uitgaan, word dan ook veelal deur ons ten onregte vergeestelik. Hier wys die Here self daarop dat Hy die brood sowel as gawe asook in sy voedingskrag beheers deur sy seënende Woord.

Hoewel ons vir ons siel net so ook geestelike spyse nodig het, hier sien die woord alleen op die natuurlike spyse. En dan beteken dit dat brood op sigself geen voedingskrag besit as God dit deur sy seënende Woord nie voedingskrag gee nie. Brood mag wel vir ŉ ongelowige, uiterlike oog altyd brood wees, maar dat die uiterlike brood ŉ *staf* is, hang enkel van Gods seënende Woord af. Brood mag altyd brood wees, maar dit hang enkel van Gods Woord af of dit ook altyd ŉ staf sal wees. Die staf van die brood is dus nie die brood self nie maar die woord van God is die *staf* van die brood. En die Here kan die *staf* van die brood breek, óf deur die brood geheel weg te neem sodat daar gebrek is óf deur te midde van oorvloed die oorvloed tot geen enkele seën te laat strek nie.

So kan die Here die mens laat sterf van gebrek en dit langs vol skure. Albei het vir Israel gegeld: tydens beleëring aan gebrek en tydens die ballingskap langs vol skure aan die Eufraat-Tigris se oewers.

In ons dae word veelal van oorvloed van geld en oorproduksie gepraat, en tog is daar ge-

brek in so baie gesinne. En dit kom, geliefdes, as die Here die staf van die brood breek, as Hy sy gawes en ons arbeid en sorg nie meer seën of vir ons tot ŉ seën laat wees nie. En die Here trek sy seën terug, breek die staf van die brood wanneer die verbondsvolk net uiterlik godsdienstig is, net in die uiterlike en openbaar rein is maar kennelik onrein leef in sy hart en in sy binnekamer, nes ongelowiges. Dis die hemelse orde van sake. As die verbondsvolk, as die kerkmense, die lidmate onrein leef en Gods verbondeise verwaarloos, dan trek Hy sy seënende Woord uit die brood terug. Dan mag die Here vir jou, omdat jy uiterlik geword het in jou godsdiens en jou lewensbeskouing en jou leefwyse, vir jou die gawes gee, vir jou die brode gee, die graansakke by tientalle toewerp, maar daar is geen seënende krag by nie. Dit strek nie tot lewens-onderhouding nie. Dan mag die ekonoom en staatsliede maar die sakke in die graanskure tel en sê: oorproduksie, of die stawe goud in die kelders tel en sê: soveel miljoen surplus; maar tog sal die ekonoom en staatsliede hulle aftob om die instorting van alles in die land te beredder.

Ag, hoe lank sal dit nog duur voor ons as verbondsvolk dit verstaan. Gods Woord laat brood ŉ staf wees. En sonder Gods Woord is *alles* kaf. En as God sy seënende Woord uit die brood wegneem, dan roep Hy die ballinge, dan roep Hy ons terug na Sy Woord. Dit is die staf! Tot die Woord, tot die wet en die getuienis! As hulle nie spreek na die Woord van God nie, dan sal hulle geen daeraad sien nie. Want vir wie leef na Gods Woord, is die Psalm woord nie bedrieglik nie:

*"Sy arm ontbloot Hy uit die hoogte*
*en red hul siele van die dood.*
*Hy sorg vir hul by somerdroogte*
*in sware tyd en hongersnood.* (PSALM 33:10)

God is daartoe deur sy verbond gehoue, en Hy is ook magtig daartoe, maar dan moet ons onthou dat sy verbond uit *twee* dele bestaan.

O, as ons getrou is in die verbond, sê Jesaja, dan in dié dag sal ŉ man ŉ jong koei en ŉ paar skape in die lewe hou en weens oorvloed van melk en heuning sal almal eet wat in die land oorgebly het. Die verbond van God behels nie net jou liggaam en siel nie maar ook jou brood — die staf van jou brood. Alles sit aan Christus, ons Verbondshoof, vas. Hy het alle dinge in die hemel en op die aarde met God versoen. Hy het die brode vermeerder en met die twee broodjies ŉ skare van duisende gevoed. Hy sal u voed met een koeitjie en ŉ paar skape, met ŉ bietjie koring as u in Hom glo en Hom getrou en van harte dien, beter as wat diegene sonder Christus en met ŉ bloot uiterlike kerkdiens u kan voed met honderde mud koring.

Mag die Here ons dan by sy genadeverbond bewaar om daarin getrou te wees, en sy seënende Woord sal ryklik oor ons kom.

**AMEN.**

## DIE HARE WAT GEWEEG IS

**LEES**: *Eségiël 5.*

**TEKS**: *Eségiël 5:1-4.*

DRIE sinnebeeldige handelinge het die profeet Eségiël uitgevoer — so lees ons in hoofst. 4. Hy het die beleëring van Jerusalem na Gods Raadsbestek afgeteken op die kleitafeltjie. Hy het die ballingskap van Israel en Juda as met ŉ portret voor die oog gestel, deur 390 dae op sy linker- en 40 dae op sy regtersy te lê, en hy het hulle onreinheid en honger in hulle ballingskap uitgebeeld met die onrein spyse wat hy in hongermate geniet het voor hulle oë!

’n Mens sou dink dat dit hiermee nou klaar moet wees. En tog nie geliefdes. In hoofst. 5:1-4 kom ten laaste nou nog ’n vierde sinnebeeldige handeling wat die diepere sin van die hele beleëring en verwoesting van Jerusalem en die ballingskap nader verduidelik. Ons het hier ’n illustrasie, ’n verduideliking van ’n diepere gedagte wat die eerste drie handelinge nader beheers. En wat is die vierde simboliese handeling?

Eségiël moet nou sy hare en sy baard afskeer, wat vir die priesters volgens die wet ’n uitdruklik verbode saak was; geen priester mog sy hare of baard afskeer nie. Maar dit moet Eségiël dan nie met ’n skeermes doen nie maar met ’n *swaard, ’n* vlymskerp *swaard!*

En die hare wat hy so met die skerp swaard afgeskeer het, moet hy suiwer op ’n skaal weeg. Hare weeg! Dis ’n noukeurige werk! Dan moet hy die hare in drie gelyke dele verdeel!

Die eerste derde deel moet hy dan vat en dit verbrand op die tekening van Jerusalem op die kleitafeltjie wat nog steeds voor hom lê.

Die tweede derde deel van die hare moet hy rondom die tekening van Jerusalem op die kleitafeltjie rondstrooi, en dan moet hy met die skerp swaard die hare fynkap.

Die derde deel van die hare moet hy in die wind gooi om verstrooi te word. Van hierdie laaste derde deel hare moet hy egter ’n klein bietjie vat, dit wil sê ’n getal hare wat hy maklik kan tel, en dit in die slip van sy mantel bind. En van die bietjie wat hy in sy mantel se slippe toegebind het, moet hy nog weer neem en dit in die vuur gooi.

Voor die nuuskierige oë van sy verbaasde toeskouers voer die profeet dan hierdie vierde handeling uit in die tydperk van die 40 dae wat hy op sy regtersy gelê het, met die aangesig na Jerusalem gerig.

Wat moet dit alles nou beteken? Wat wil dit ten slotte sê, die pynlike saak van hare afsny met ’n swaard, die nog pynliker noukeurige afweëry en verdeling van die hare; die verbranding en die verstrooiing daarvan en die behoedsame verberging van ’n heel klein bossie van die hare in die some van sy kleed?

By die diepere sin en betekenis van hierdie sinnebeeldige handeling wil ons kortliks u aandag bepaal.

Die groot vraag is, waarin bestaan die ooreenkoms tussen die sinnebeeldige daad met die hare en die werklikheid?

Vir ons twintigste eeu sou die hare-afsny nie veel sê nie! Want byna alle mans skeer hulle baard af, en byna alle mans en vrouens se hare is afgesny. Vir ons Westerlinge is dit ’n skande as jou hare en baard nie geskeer is nie. Maar, geliefdes, vir die Oosterling is dit nie die geval nie. Baard en hare is eerstens ’n sieraad, en tweedens is die uitkom van baard aan ’n jong man ’n teken dat sy krag in hom ontwaak, en daarom is baard en hare (dink hier aan Simson) ’n teken van *krag. Sieraad* en *krag.*

Orals in die Skrif beteken die afskeer van baard en hare: rou! Swaar rou oor verlies wat jy gely het. En deur die afskeer van die hare wil die Oosterling verder te kenne gee dat sy *lewenskrag* deur die verlies gebreek is. Afgeskeerde hare gee dus te kenne *rou* en gebrokenheid van lewenskrag — *lewensvernietiging.* En dat dit Eségiël, die priester wat in Jerusalem gewoon en so nou aan stad en tempel verbonde was, se hare is — Eségiël wat nou ook 40 dae op sy regtersy lê, met sy aangesig op Jerusalem gerig — dit beteken dat die hare sien op die inwoners van Jerusalem. Juda, Jerusalem, die sieraad, die *krag,* die trots van Israel het daar gewoon! Daarom is die ballinge se oë ook nou op Jerusalem gerig.

Die afsny van die hoofhaar en baard sien dus hier op die rou en leed, op die vernietiging van die lewe en krag van die Jerusalemse inwoners. En, geliefdes, meer as wat u en ek ooit

kan besef, het die afskeer van die hare die verbaasde toeskouers aangegryp. Veral die feit dat Eségiël die hare nie met ŉ skeermes nie maar met ŉ vlymskerp swaard afsny. Want — dit begryp hulle goed, dit het die profete oor en oor gesê — ŉ swaard wat afskeer, getuig van ŉ allesverwoestende oorlog! Daarom, die vreeslike rou en lewensvernietiging sal deur ŉ nikssparende oorlog teweeggebring word.

Dit was wel vir die toeskouers ŉ ontsettende saak, maar hulle het nog ver daarvandaan gestaan. Hulle kan dit op die inwoners van Jerusalem, hulle trots en hulle krag, nie toegepas kry nie.

Daarom moet die profeet nog verder gaan, hy moet die hare almal neem, dit haarfyn afweeg en in drie gelyke dele verdeel. Dat hy die eerste derde deel van die hare in die middel van sy tekening van Jerusalem op die kleitafeltjie voor hom met vuur moet verbrand, dit moet vir hulle verklaar dat hierdie rou en lewensvernietiging oor die inwoners van Jerusalem sal kom. En ŉ derde deel van hulle sal nog tydens die beleëring van die stad deur die vuurbrand van ŉ skriklike honger en van ŉ dodende pes in die stad omkom. Honger en pes (vers 12) sal ŉ derde deel soos met ŉ vlymskerpe swaard wegmaai.

En dat hy die tweede derde deel van die hare rondom sy stadstekening moet verstrooi en dan met sy skerp swaard moet stukkend kap, dit vertolk vir hulle dat, as die stad deur die vyand ingeneem is, ŉ tweede derde deel van die inwoners, wat sal probeer ontsnap na alle oorde, weg van Jerusalem, deur die vyand se swaard gevel sal word, en dat hulle vermaerde lyke rondom Jerusalem vermink en verslaan sal rondlê, onbegrawe!

En dat hy die derde deel van die hare in die wind moet strooi, dit beteken nie dat hulle die oorblyfsel sal wees wat sal ontkom nie! Nee, dit beteken dat hulle na die willekeur van hulle vyande verstrooi sal word in ballingskap. En onderweg na die ballingskap en in die vreemde land sal baie van hulle omkom — daar ook sal die swaard hulle verteer.

En dat die profeet van hierdie derde deel hare ŉ klein bossie, wat hy maklik kan tel, in sy mantelslippe moet verberg, dit verkondig vir hulle dat maar ŉ klein klompie van die ballinge — soveel as wat maklik getel kan word en waarvan ons lees in Esra en Nehemia — die oorblyfsel sal uitmaak en behou sal word. En dat ook nog onder hulle, dat enkele uit die klein bossie hare ook nog in die vuur verbrand moet word, dit beteken dat daar onder die oorblyfseltjie van die ballinge ook nog is wat deur die heilige ywervuur van Gods toorn verteer sal word.

Dit word hier nou finaal geïllustreer vir die toeskouers dat daar aan ontkoming aan die strafgerigte van God vir die inwoners van Jerusalem hoegenaamd nie te denke val nie. Wie aan die een gevaar van honger en pes sal ontkom, sal die prooi wees van die swaard, en wie daar nog ontkom, sal in die ballingskap omkom, uitgesonderd ŉ heel klein oorblyfsel in die soom van Gods kleed.

Ja, en dat hierdie vernietigende strafgerig oor Jerusalem heilige geregtigheid is, dit word geïllustreer met die skaal wat haarfyn weeg. So noukeurig, so heilig en regverdig is die strafgerig oor Jerusalem! Haarfyn noukeurig is alles hier na die heilige maatstaf van goddelike geregtigheid afgeweeg. Hier is geen oordrywing, geen onreg nie. Hierdie oorlog oor Jerusalem, na Gods Raad, is ŉ regsoorlog wat God oor Jerusalem beskik tot sy regmatige straf.

Jerusalem het die maat van die sonde volgemaak. Hulle mag nog daar in die tempelsale vroom sing:

*Dat mij nooit trotse voet vertrap',*
*Noch booze hand in ballingschap,*
*Ellendig om doe zwerven!*

Maar die Here laat hulle verstaan: van daardie sondige getier — so walglik is uiterlike vroomheid vir die Here — van daardie getier wil die Here niks hoor nie!

Die einde sal maar wees:

> *Daar zijn de werkers van* 't *kwaad*
> *Gevallen in een jammerstaat,*
> *Waarin zij hulp'loos sterven.*

Beide die swaard en die weegskaal is hier simbole van Gods suiwere reg. Die swaard van die vyand sal nou dien as skeermes van die Here God. So het Jesaja reeds geprofeteer (7:20): In dié dag sal die HERE met die skeermes wat anderkant die rivier gehuur is, met die koning van Assur, afskeer die hoof en die hare van die voete; en dit sal ook die baard wegneem!

Ja, gemeente, oorlog is nie iets wat die Here geordineer het nie; oorlog is nie bevel van die HERE vir die nasies nie, dis 'n skepping van die sonde in die wêreld. Maar nietemin sal die Here daarvan gebruik maak, die HERE sal dit "huur", dit in sy diens neem om 'n ongehoorsame verbondsvolk te straf, om 'n uitwendig-godsdienstige volk, wat die verbond oortree, te tugtig na reg.

Gemeente, en dis dan ook die eerste wat hierdie vierde daadwoord vir ons tyd te sê het. En dit is wat die Openbaring van Johannes ook nader gesien het: oorlog, die rooi perd; honger, die vaal perd; en pes, die swart perd. Laat die oorsaak daarvan wees wat dit wil. Maar een ding vra ons aandag, en dit is dat die HERE hulle *gehuur* het om sy ontroue verbondsvolk te straf, omdat hulle die verbond van God verbreek het. En een ding sê die Openbaring van Johannes: die rooi, vaal en swart perde ry nie op hulleself nie, maar hulle is agterryers van die wit perd, die Woord van God, die Christus Gods. Christus sal hulle tot sy diensknegte maak, ook in die twintigste eeu, tot straf van die vervalste, veruiterlikte kerk, wat net 'n gedaante van godsdienstigheid het, wat met uiterlike vroomheid en bekeringe mekaar wil verdring en selfs die aarde wil onderwerp deur grootskeepse bekeringe, maar wat die verbond van God verontagsaam; wat maak asof daar geen verbond is nie, en geen verbondsbevele nie!

Die oorlog gaan immers teen Jerusalem. Die oorlog sal sy onterende en vernietigende krag teen die afvallige kerk rig! En dink nou nie hier aan kerkgeboue en predikante en ouderlinge nie! Die kerk is hier alle lede van die kerk, al die inwoners van Jerusalem. Al die hare is afgesny. Uiterlike vroomheid, bloot uiterlike bekering is vir die Here 'n getier waarvan Hy walg.

Daarom, gemeente, laat ons luister na die profetiese Woord en ons nie eiewillig tot uiterlike deugde bekeer nie maar waaragtig bekeer tot God. So nie — die Here sal met sy agterryers: oorlog, honger, pes, die aarde kom plattrap. So leer die Skrif ons, só gebruik die Here oorloë! Ja, by uitstek ook teen 'n kerkvolk wat die verbond verbreek! Twintigste eeu, dink hieroor na!

Maar, gemeente, waar het ons nou ooit 'n mooier, 'n duideliker illustrasie van die leer van die Heilige Skrif as hier? Wat die Here Jesus Self in Matt. 22:14 leer, word hier voor aller oog geïllustreer: *Baie is geroep maar min uitverkies.* Die hele Jerusalem, al sy inwoners, nie een uitgesonderd nie, is voor God verdoemelik, verwerplik: Laat die ballinge aan die Kebarkanaal dit verstaan wat hulle so daarop beroem: die HERE se tempel is ons! Laat hulle dit verstaan: nie net die wêreld nie maar ook die hele verbondsvolk is voor Gods oog verwerplik. Ja, ook die bietjie wat in die slippe van Gods kleed verberg word, is in hulle self verdoemlik. Dit is nie maar somaar om te roep: Here, Here nie. Die Here Jesus Self het gesê: Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemel nie, maar hy wat die Wil doen van my Vader wat in die Hemele is (Matt. 7:21). En dan om die Wil van die Vader te doen, nie om loondiens nie, nie om saligheid en geregtigheid te wil verdien nie maar uit dankbaarheid vir die verkreë genade. Nee, die hele verbondsvolk is ook maar voor God ver-

doemlik, en as die verbondsvolk die verbond breek, dan word hulle verdoem. Alleen dié wat die verbond bewaar, is die wat behou is: Sê die Here Jesus nie in sy gelykenis van die waaksame slaaf nie: Gelukkig is daardie slaaf vir wie sy heer as hy kom op hierdie manier besig sal vind!

Baie geroep, min uitverkies. Ja, so is dit! Jerusalem vol inwoners, almal bondelinge, almal geroepenes. Almal het Gods verbondswoord en -teken deelagtig geword. Maar kyk, Gods skaal weeg hulle — een deel vir honger en pes! Een deel vir die swaard! Een deel vir die verstrooiing, uitgesonderd die uitverkorenes wat God in sy slip verberg. Die klein getal, en daar is geen voorwaarde by dat hierdie klompie verberg word nie. Niks! Hulle is in hulleself nes die ander. Ja, hulle is ook afgeskeer, geoordeel. Maar uit vrye goedheid moet die profeet weer van hulle vergader uit die wind en hulle in sy kleed se soom toebind.

Die woord maak ons benoud. Want as na dié voorbeeld God se skaal ons twintigste-eeuse kerkpubliek moet weeg, dan is almal te lig. Dan, so leer die Skrif, dan gaan almal, uitgesonderd die uitverkorenes na die verderf hoewel hulle geroep het: Here Here! Dis al wat behou sal word. Niemand meer nie. Dis die ware kerk, die heilige, algemene, Christelike kerk. Die kerk as instituut is nog nie waarborg genoeg nie. Jou vroom woorde en jou uiterlike bekerings baat niks nie. In die slip van sy kleed bewaar God net sy uitverkorenes. Al mag die menigtes om Hom saamdring. Al dring die skare om Jesus, ja, al verdring hulle Hom, net die vrou wat gelowig sy kleed se soom aangeraak het, alleen sy ontvang genesende, behoudende, reddende krag.

Alleen die wat met ŉ ware geloof Christus waarlik aanneem — al is dit ook maar net die soom van sy kleed — alleen dié word bewaar.

**AMEN.**

## 'N VERKLARENDE BYSKRIF

**LEES**: *Eségiël 5 en Levitikus 26:14-35.*

**TEKS**: *Eségiël 5:5-17.*

ONS het vanaf hoofst. 4:1—5:4 die beskrywing gehad van vier sinnebeeldige handelinge van die profeet Eségiël; vier profetiese daadwoorde. Die eerste was die sketskaart van Jerusalem op ŉ kleitafeltjie — maar Jerusalem as ŉ beleërde stad met ŉ ysterpan as skeidsmuur tussen die beleërde stad en die profeet: Dit was ŉ sketstekening van die beleg van die stad (vs. 1-4).

Die tweede was ŉ portret wat die betekenis van die beleg verkondig het, naamlik die profeet wat daar 390 dae op sy linker- en 40 dae op sy regtersy lê — dit is die ballingskap van Israel en Juda (verse 4-8).

Die derde was ŉ uitbeelding van die skriklike ontbering van die inwoners tydens die beleg en die ballingskap naamlik dat hulle weens honger onrein spyse op ŉ onrein wyse gaargemaak sal moet nuttig (verse 9—17).

En die vierde was die hare van die profeet, met ŉ swaard afgeskeer en afgeweeg in derdes, waarvan een-derde verbrand word, een-derde met ŉ swaard gekap word en een-derde, behalwe die bossie wat in die kleed se slippe toegebind is, in die wind verstrooi is — dit is die verstrooiing in die ballingskap. 5:1-4.

Nou kom die profeet en in 5:5-17 gee hy by die sketstekening, by die portret, by die uitbeelding en by die afgewoë hare, ŉ *verklarende byskrif,* wat so begin: So sê die Here HERE:

dit is Jerusalem! Jerusalem wat so beleër word! Dit is Jerusalem, wat so van God af geskei is as met ŉ ysterplaat! Dit is Jerusalem se inwoners wat in ballingskap gaan en in onreinheid vervalle is! Ja, dit is Jerusalem se inwoners wat so deur honger en pes verteer word; wat so deur die swaard gekap word en wat so na die windstreke verstrooi word.

Dit, mense — lees dit net — dit is Jerusalem! Jerusalem? Ongelooflik! Ja, dit is Jerusalem! Die plek wat deur die Here HERE verkies is om sy Naam daar te laat woon. (Deut. 16:2.)

Jerusalem met sy wonderskone geskiedenis waarvan elke bladsy net van Gods goedertierenheid spreek!

Dié Jerusalem wat so wonderlik in Dawid se hande geval het. (2 Sam. 5:6 e.v.).

Dis dieselfde Jerusalem wat die Here so wonderbaarlik uit die hand van Sanherib bevry het in die dae van Hiskia! (2 Kon. 14).

Jerusalem, wat God bo al Jakob se stede bewaar het en wat God tot die geestelike middelpunt van die aarde gestel het om vandaar uit sy onderrigting tot die nasies en die volke te laat uitgaan. (Jes. 2:2-4).

Dis die Jerusalem waarvan die digter sing:

> *"Jerusalem. is goed gebou*
> *en glinster in die son se vlamme."*

Dit is dié Jerusalem wat nou deur God so bedreig word. God self laat Jerusalem hier beleer! Ja, wie kan dit glo, en tog, hier staan in die byskrif: *Dit is Jerusalem!* Hoe is dit tog moontlik dat dit die lot van Jerusalem, Gods verkore stad, kon gewees het? Dit word in hierdie verklarende byskrif duidelik gemaak. En die verklaring is dit: God se geregtigheid vorder dit. God se geregtigheid eis dit. God is ŉ regverdige God, en dit word maar net hier geopenbaar. Daarom dat Jerusalem verwoes word. Dis die eerste punt in die verklaring. Die tweede punt is dat God hierdeur die ongehoorsame volk tot ŉ skimp en smaad stel en die ongeregtige volke waarsku. Vir hierdie twee gedagtes vra ons u aandag in hierdie verklarende byskrif.

I.

Van hierdie beleg en verwoesting van Jerusalem gee niemand minder nie as die Here HERE Self rekenskap. Die Here Self verklaar dit. Daarom dan ook dat die verklaring van soveel gewig is. Dis van gewig ook vir die verklaring van die Skrif in die algemeen. Dit leer die gemeente al dadelik dat God se profetiese openbaring nie onduidelik is nie, sodat niemand van u verskonend sal kan sê nie: Die Bybel, die profesie is maar ŉ onduidelike boek. Nee, daar sal op die jongste dag geen verskoning wees nie, gemeente, want die profetiese openbaring bevat tegelykertyd sy eie profetiese verklaring. Die Skrif *is* nie ŉ onduidelike boek wat sy verklaring maar geheel op rekening van die mens plaas nie. Nee, dis ŉ duidelike boek: hy verklaar homself. God se openbaring bevat sy eie verklaring.

En die verklaring hier is dit: Die beleg en verwoesting van Jerusalem kom nie somaar so onverwags, so plotseling soos ŉ warrelwind nie. Dis glad nie so verrassend eienaardig dat Jerusalem beleër en verwoes is nie! Wees nie so verwonder daaroor dat die stad in staat van beleg verkeer het nie; dat die honger, die pes en die swaard sy inwoners verwoes het nie! Want hierdie *uiterlike* verwoesting is op verre na nog nie so erg as die innerlike verwoesting in die stad nie. Innerlik is die stad klaar verwoes; innerlik is die hart van sy inwoners klaar verwoes sodat die uiterlike verwoesting goed verklaarbaar is.

Dat die stad en volk uiterlik verwoes word, is maar net die noodsaaklike uitvloeisel daarvan dat dit innerlik reeds verwoes is.

Dit is die eerste punt in die verklaring. Die sonderegister van die volk is lank.

Jerusalem was ŉ stad wat goed gebou is — ŉ stad op ŉ berg wat wel saamgevoeg is — maar God se regte, God se insettinge vir die stad en volk was nog meer, nog beter saamgevoeg op die regterstoele daarbinne. En omdat Israel en Juda die goeie regsverordeninge en lewensverordeninge van God, sy bevele en wette verbreek het, daarom gaan die Here nou ook die stad en volk verbreek en verwoes.

Hulle het God se lewensverordeninge verbreek; dit wil sê: hulle het die insettinge van die Here vir hulle alledaagse lewe, vir hulle godsdienstige lewe verontagsaam. Hulle het die Here se Sabbat en feesdae op ŉ weerstrewige wyse verontagsaam. Die diens van die Here het onder hulle uitgesterf, en hulle het na die goeddunke van hulle hart geleef.

Hulle het verder nie net die lewensinsettinge van die Here smadelik verwerp nie, maar hulle het ook God se regsverordinge verbreek. God die Here het in Israel se lewe die alleenreg gehad. Geen ander god mag in daardie land, in daardie stad en in daardie volk se hart ŉ plek gehad het nie. Daardie land en volk en stad het alleen aan God behoort. En orals onder die volk in daardie land, ja, tot in Jerusalem en die tempel, daar staan altare gebou, in albei die voorhowe, vir Baäl en die leer van die hemel (son, maan en sterre); en hulle het beelde van Baäl, van Asjera, daar opgestel en hoogtes gebou vir Astarte, die verfoeisel van die Sidoniërs, en vir Kamos, die verfoeisel van die Moabiete, en vir Milkom, die gruwel van die kinders van Ammon. Dit is gedoen in Jerusalem, die plek waarvan die Here gesê het: In Jerusalem sal Ek my Naam vestig. God se alleenreg is só wederregtelik en op weerstrewige wyse geskend, teen die Woord van die profete in.

En so was Israel goddeloos, dit wil sê sonder God in hulle lewe en in die regsverordeninge van God. Sonder God, los van God, weg van God — God-los, goddeloos in hulle gedagtes, in hulle huislike, maatskaplike, burgerlike en godsdienstige lewe.

En dit alles was des te skrikliker, omdat die Here die stad en die volk onder die nasies gestel het en onder die lande daar rondom heen. Jerusalem was, soos die profeet dit letterlik uitdruk, die nawel van die volkerewêreld. Rondom lê Egipte, Etiopië, Assirië, Sirië, Babilonië, Persië, Griekeland en Rome. En nog nader aan Israel was die Fenisiërs, die groot handelaars op die see; na die Weste en na die Ooste was die Ismaeliete, die handelaars langs die woestyn-roetes. Aardrykskundig en vanuit handelsoogpunt gesien was die land en stad die middelpunt van die ou volkerewêreld. En nou kom God en Hy roep en kies vir hom ŉ volk, Israel, en ŉ stad, Jerusalem, en Hy stig vir Hom daar ŉ Naam. Dis God se reg! En Hy gee sy insettinge en regte vir die land en volk, vir die stad! Sodat die volk en stad, hier in die middelpunt van die volke en nasies, begiftig met God se Naam — openbaring ŉ lig sal wees om die wêreld te verlig, om die Godsopenbaring te laat straal in die donker heidenwêreld, sodat die volk kan sien hoe die ware God en godsdiens is. En nou kom Israel en in plaas daarvan smelt hy weg onder die volke, werp God en sy Naam uit en haal die ou heidense gode binne. In plaas dat hulle die lig van die Godsopenbaring laat skyn, roep hulle die duisternis in! En so, sê die profeet, het hulle erger as die heidense nasies in goddeloosheid geword. Want die heidense nasies het ten minste gehou wat hulle het, maar Israel het weggegooi wat hulle gehad het. As die heidene Astarte, die wellusgodin, dien, dan het hulle daarby gehou. As hulle ŉ hoeregodsdiens gehad het, dan het hulle daaraan vasgehou. Hulle het nie heen en weer geloop nie. Maar Israel het die ware Godsopenbaring ontvang, die ware God en die ware godsdiens, en hulle het dit, anders as die heidene, weggegooi, dit gesmaad en smadelik verwerp, en dit nie daar eenkant in die hoek van die wêreld nie maar daar in die middelpunt van die volke; voor almal se oog die ware God gehoon, sy alleenreg onheiliglik betwis.

Dit is Jerusalem! Dit is Juda se sonde! Dis nie ŉ kultiese, seremoniële sonde nie! O nee,

Israel het die uiterlike, seremoniële reinheidspligsplegingе onderhou. Hulle het Levities rein gelewe: nie ŉ dooie aangeraak met hulle feestye nie, nie twee soorte saad op een akker gesaai nie, nie deurmekaar voedsel geëet nie, maar *sedelik-godsdienstig* was hulle verwoes. En as die grondslae vir die bestaan van die land, die volk en die stad, soos dit deur God op ŉ besondere wyse gegee is, verwoes word, dan kan die land en die volk en die stad nie bestaan nie, maar dan moet dit ook verwoes word.

Dis tog immers ŉ duidelike verklaring.

Maar nog meer, geliefdes. Die diepste punt in die verklaring lê hier nie in wat Israel gedoen en gelaat het nie. Die diepste punt van die verklaring lê in God se Wese. In hierdie simboliese handelinge en in die verklaring word God Self vir ons geopenbaar en verklaar. En hier leer ons *God Self* ken, nie net vir Israel nie. As die Here vir Eségiël sê dat hy ŉ bossie hare uit die derde derde deel hare in sy slippe moet bind sodat die vuur en die swaard en die verstrooiing hulle nie verwoes nie maar dat hulle in die soom van sy kleed behou word, dan word hierin vir ons Gods vrymagtige verkiesende goedheid geopenbaar. God is goed en doen goed! So is sy Wese! Maar nie op ŉ onregverdige wyse nie. Want God is nie net goed nie: Hy is ook regverdig. En dis veral God as die Regverdige wat hier verklaar word. God se regverdigheid vereis dat die sonde wat teen sy hoë Majesteit gedoen is, gestraf moet word. God se reg eis dat aan sy reg voldoening verskaf moet word. God se reg eis dat waar sy Naam gesmaad is, daar moet vergeldend gesmaad word. God se reg eis dat as Jerusalem in die midde van die volke voor alles God — sy God — uitwerp, dat Jerusalem dan voor alle oë uitgeban sal word.

Die Bybel, geliefdes, leer nie vir ons net ŉ liewe Jesus nie! Ook nie net ŉ God van liefde nie maar ŉ God van liefde en geregtigheid tegelyk. As God net ŉ God van liefde sou moes wees en die sonde nie sou straf nie, wat sou dan van sy geregtigheid geword het? En as God net ŉ God van geregtigheid sou gewees het, dan sal Hy wel altyd God gebly het, maar waar was ons dan?

Daarom, dis die heerlike dat God barmhartig en regverdig is, en dat Hy Homself ook so in Christus geopenbaar het. ŉ Groepie van die ballinge (die uitverkorenes) bewaar God in die slippe van sy heilskleed, wat Hy Moses ook laat sien het. En hierin het Hy sy goedheid geopenbaar. Die ander straf Hy regverdiglik — en daarin het Hy sy geregtigheid geopenbaar.

En nêrens het God Homself heerliker geopenbaar nie as in ons Here Jesus Christus. In Hom het God sy ewige liefde geopenbaar toe Hy, in plaas dat Hy ons regverdiglik straf, in ons plek ons Here Jesus gestraf het. En in Hom het God ook sy geregtigheid geopenbaar, toe Hy volkome voldoening geëis het vir sy reg om so voldoening aan Homself te verskaf.

En as God dan nou Jerusalem laat verwoes, dan is dit omdat God God is; omdat sy heilige reg dit vorder teenoor die regverkragtende Jerusalem; omdat Hy aan sy reg en aan Homself voldoening verskaf. Want Israel het God se goedheid en ook sy barmhartigheid vertrap, gesmaad en verag. Was God nie vir Israel goed nie? Hy het Israel uitgekies bo al die nasies en hom hier in Kanaän onder die nasies geplant en verhoog. Israel het dit nie net versmaai en so die Christus, die Messias, die beloofde Redder wat in hulle hele diens afgespieël is, verwerp nie, maar ook God se regte uitgeban. Omdat dan Israel God, as die Barmhartige en die Regverdige, verwerp het — daarom verwerp God, omdat Hy God is, ook vir Israel!

II.

Dit bring ons dan ook midde in die tweede hoofgedagte van die verklaring, naamlik die toepassing.

Eerstens is dit om hierdeur Israel, Jerusalem tot ŉ smaad en skimp te stel. Omdat God Is-

rael so hoog bo die ander volke gestel het en hulle hulle God op daardie hoogtepunt gesmaad het op ʼn ongeëwenaarde wyse, daarom sal God hulle op ʼn ongeëwenaarde wyse smaad onder die volke van die wêreld.

Die wêreld, geliefdes, kan God se Naam nie so skend as die kerk nie. God het sy kerk vergader; sy Naam, sy openbaring, sy Woord vir die Kerk gegee. En as die Kerk, as die gemeente hierteen sondig, dan sondig hy erger as die wêreld. Dan sal, omdat God God is en God bly, Hy ook met sy oordele by Jerusalem begin en nie by die wêreld nie, by die kerk en nie by die wêreld nie. Die honger, die pes, die swaard, die wilde diere sal eerste die vervalste kerk tref en dit eers nog smaad en skimp by die wêreld. As die gemeente die wêreld kies, dan moet hy weet dat die wêreld in die dag van oordeel oor die vervalste kerk nie by die vervalste kerk sal staan en hom sal bejammer nie. Nee, hy sal hom smaad en beskimp. Dis nou die mense wat hulle daarop beroem het dat hulle in die kerk is, dat hulle so regsinnig is.

Daarom, geliefdes, moet ons as gemeente ons deur hierdie profetiese woord laat waarsku! Soos dit ook daarvoor aan ons gegee is.

Laat ons u vandag vra, gemeente, is dit nie die goedheid Gods, die liefde van God wat aan u geopenbaar is dat Hy u in sy verbond ingeneem het; dat Hy u sy woord laat verkondig; dat Hy Sy Naam in Christus aan u bekend gemaak het, en dat u in bereik van sy kerk is nie. Wat is dit? Is dit nie die goedheid en liefde van onse Here nie?

En het Hy nie sy insettinge, sy lewens- en regsverordeninge vir u in sy Woord gegee nie?

Het Hy dit nie vir u so ingestel dat u die Sabbat moet heilig nie, dit wil sê naarstig na die bediening van sy Woord moet opkom om daarna te luister en om Hom te aanbid, sy sakramente te gebruik en vir die arme Christene handreiking te doen nie? Het die Here u nie laat verkondig dat niemand en niks anders die plek van u Here God in u persoonlike, in u huislike, in u maatskaplike, in u burgerlike en kerklike lewe mag inneem nie? Dis mos God se alleenreg, nie waar nie?

**AMEN.**

## 'N UITBUNDIGE PROFEET

**LEES**: *Obadja en Eségiël 6.*

**TEKS**: *Eségiël 6:11, 12.*

ONS het nou, geliefdes, u aandag bepaal by die profesie teen die stad Jerusalem wat bestaan het in vier sinnebeeldige handelinge, vier *daadwoorde.*

In hoofstuk 6 kom die Woord van die Here nou weer tot Eségiël. Maar nou moet hy profeteer *teen die berge van Israel* en die ondergang van die hele land aankondig. Eers was dit net die stad Jerusalem se verwoesting deur pes, honger en swaard, maar nou is dit die ondergang van die hele land en volk wat hy moet aankondig — ʼn ondergang deur die swaard, honger en pes, met ballingskap van die oorblyfsels.

En tweedens word hy geroep om op ʼn uitbundige wyse te juig deur met sy hande te klap en met sy voete te stamp, terwyl hy die ondergang van die land en volk deur die swaard, honger en pes uitroep!

By dié twee gedagtes wil ons u aandag bepaal.

I.

Die oordeel oor *Jerusalem* is voor die oë van die ballinge in die verskriklik swyende taal

van die vier simboliese handelinge voldoende aangesê.

Nou word in hoofstuk 6 daaraan toegevoeg dat die rampe hulle nie tot Jerusalem sal beperk nie. Die roukleed sal oor die hele land gesprei word, want so sê die Here Here vir die berge en vir die heuwels en vir die klowe en vir die dale: Kyk Ek bring ŉ swaard oor julle, en Ek sal julle hoogtes vernietig. En dan word nog pes en honger hieraan toegevoeg in vers 12.

Ons moet daarop let dat waar die profeet die beleëring en verwoesting van Jerusalem aangekondig het, daar het hy eers die pes en honger genoem en ten laaste die swaard; maar vir die platteland wat ooplê, volg eers die swaard, dan honger en dan pes. As die profeet dus hier weer swaard, honger en pes noem, dan is dit nie ŉ blote herhaling van wat in hoofstukke 4 en 5 staan nie. Dis ŉ verdere profesie, soos uit die orde van die woorde blyk.

Die vraag is: waarom moet die profeet nou die hele land se verwoesting so aankondig? Dit is omdat die volk in sy ganse volkslewe godsdienstig verwoes is. Die hele lewe van Israel word in hierdie hoofstuk duidelik geteken.

Net soos die Here se profeet koning Jerobeam nie *self* aanspreek nie maar hom teen die *altaar* rig, net so moet die profeet nie meer tot die volk spreek nie, want hulle het tog nie ore nie; hulle luister tog nie. Hy moet nou maar tot berge en die hele land spreek, tot al die heuwels, die klowe en dale. Dié het eerder ore as die volk Israel. En verder, gemeente, al die berge, al die heuwels, al die klowe en dale in die land is die beste getuies van al Israel se kwaad. En soos Israel skuldig is, so ook al die berge, heuwels, klowe en dale, want op elke berg en heuwel is die heidense "hoogtediens" ingevoer, en die heidense natuur-godsdiens tier welig oor die hele landoppervlakte. Kyk maar na elke bergkruin, na elke heuweltop: daar staan die afgodsaltaartjies, sonpilare, met die manlike beeld Baäl en die vroulike Astarte, wat tot die mees sedelose uitspattendhede in diens van die gode gelok het. Alle moontlike buitelandse gode het Israel ingevoer. Alle berge, heuwels, klowe en dale is daar getuie van en gaan gebuk daaronder. Dit was Israel se natuurgodsdiens. Vir hulle natuurlike welvaart en voorspoed — so het hulle geglo — moet hulle afgodery pleeg. Maar vir hulle groot feeste te Jerusalem sal hulle weer vir die Here offer. En aan hierdie gode op duisend berge het hulle dan hulle offers gebring sodat die gode meer vrugbaarheid kan stuur. Hulle stukke offervlees lê hulle op die altare waaraan rondvlieënde gode hulle versadig; en dan sou hulle in ruil daarvoor welvaart en beskawing ontvang. Die ou heidense gedagte: ek gee sodat u vir my terug kan gee, was gemeengoed van almal. By die tempel egter spreek hulle weer van die seën van die Here. Maar die Here woon so ver, en daarom is dit goed om ook ŉ goeie heer te hê wat naby is, soos *Baäl.* Offer vir hom ook maar: dit kos nie so veel nie en jy kry dit ruimskoots terug. In naam noem hulle dus wel ook nog Jehowa, maar vir hulle welvaart moet hulle prakties wees en vir Baäl altaartjies bou. Dit was Israel se hele volkslewe, dit was hulle godsdiens. Dit was ŉ egte samesmeltingsgodsdiens, ŉ samesmelting van die ware openbaringsgodsdiens met die Kanaänitiese Baälsdienste, waarvan elke berg en elke heuwel getuie was en waar dit mee besmet was.

En nou moet Eségiël teen die berge oor die hele land, teen die hoogtes as bronne van die afgodery profeteer. God sal almag toon, sodat hulle weet dat Hy die Here is. Tot vier maal toe sê die Here dit in hierdie hoofstuk. Die altare, sonpilare, beelde sal die Here verwoes. Die bronne van welvaart sal opdroog. Alles sal die Here as met ŉ oordeel tref.

En, gemeente, hierdie profesie het vir ons tyd ook nog sy boodskap. Ons het wel nie sulke primitiewe Astartebeeldjies, altaartjies en sonpilaartjies nie. Maar daar is menige sogenaamde gelowige vir wie God *prakties ŉ* skim is. Prakties is God vir menigeen, soos vir Israel, daar ver — lug, wind wat ŉ mens nie kan tas en sien nie, en Hy is sonder praktiese betekenis vir die lewe. Praktiese dinge is jou sake, jou welvaart. O, dis nie net die Roomse wat hulle *salig-*

*heid* en *welvaart* by die heiliges, by hulleself of êrens elders soek en daarom die Here God metterdaad verloën, hoewel hulle met die mond in hom roem nie! Nee, hierdie kwaad brei hom ook vandag nog oor die heuwels en rante, oor die dale en vlaktes uit — ook van ons land. Want vir die saligheid, o ja, daarvoor moet jy in God glo. Vir die saligheid kan ons God dan nie mis nie. En ten laaste kan ons God wel nie mis om ons in sy heerlikheid op te neem nie. En daarvoor betaal ons dan ook ons premie. Ons gaan Sondag kerk toe, ons gee ook bydrae vir die kerk solank dit nie te hoog is nie, en ons gooi Sondags ŉ tiekie in die armbeurs, as ons het. *En dan moet dit by alles reg vroom en ortodoks toegaan tussen die kerkmure.* En die mees ideale toestand is dan dat besigheid en politiek heeltemal uitgesluit word, want ons wil nou vroom wees!

En as ons dan vrome diens verrig het vir die Lug-God, hoog in die lug ver weg van die bedrieglike besigheidswêreld en afgesonder van die vuil politiek, dan tree ons by die kerkdeur uit en van die drumpels af. Nou gaan ons weer ons welvaart soek, ons sake dryf, ons politiek dryf. Nou word dit weer vir ons prakties en konkreet. Nou is ons besig, nie meer met die Lug-God wat ons in die kerk dien nie maar met die gode van die tyd, wat ons heel erg te pakke het. Nou gaan dit sonder God, sonder Christus. Christus moet in die kerk bly. Die ampte van profeet, priester en koning moet in die kerk bly, met name die profetiese amp, die leer-amp. Sy plek is op die kansel. Hy moet net preek. Die leer-amp mag nie in die politiek beoefen word om op die eise van Gods Woord te wys nie. Christus is mos net gesalf vir die tempel! Nie waar nie, geliefdes? Is die Messias, is die Christus, is die Gesalfde tot profeet, priester en koning na die *wêreld* gestuur? Of na die tempel? Natuurlik net na die tempel, gil ons tyd dit uit. As jy hom uit die tempel bring, benadeel Hy die wêreld. Hier in die praktyk, sonder die Christus, sonder die heilige ampte, sonder sy bediening. So is die twintigste-eeuse godsdiens oor die landoppervlakte. So is ons lewe verdeel in twee rubrieke: ŉ Sondagsvakkie vir die siel en sy saligheid met die Christus om vroom te sing en te bid, en ŉ weeklikse vakkie vir die liggaam, vir die welvaart sonder Christus, sonder sy ampte en bedieninge. Die Christusverwerper mag wel optree. En so het ons tyd net soos Israel sy samesmeltingsgodsdiens. En soos Israel versmelt het met die heidense Kanaäniete, so versmelt die gelowiges met die Christusverwerpers van die wêreld. Hieruit volg dat die hele lewe ŉ samesmeltingslewe is.

En die nietigheid van hierdie dinge het die Here getoon aan Israel. Die Here sal teen hierdie vorm van lewe toon dat Hy Here is. En Hy sal die wêreld dit deur swaard, honger en pes laat ondervind, nie anders nie as deur verwoesting van land en volk. So sal die twintigste eeu nog tot die wete kom dat die Here nie ŉ blote Lug-God is nie; nie ŉ blote tempel- of kerk-God soos ons eeu dit waan nie, maar dat Hy en Hy alleen God is van hemel en aarde.

Daarom, gemeente, laat ons nie ons Here, God, laat ons nie die Christus eenkant toe skuif en vir hom in die lug, hoog in die hemel, of daar tussen die kerkmure ŉ plekkie gun om Hom daar te dien, vir Hom daar psalms te sing en Hom daar te aanbid nie, maar laat ons die Christus dien in ons hart, in ons hele lewe, in ons sake, in ons politiek, sonder enige samesmelting met die wêreld, wat sonder die Christus wil lewe.

II

In die tweede plek, as die profeet Eségiël nou so Gods verwoestingsoordeel aankondig oor die hele land, deur oorlog, honger en pes en hy Israel se totale verwoesting en ondergang te midde van sy samesmeltingsgodsdiens met ŉ wee-geroep uitroep, moet hy juig. Hy moet sy hande klap, sy voete stamp op die grond. Hoera oor Israel se ondergang! Hoera! Met hande en voete applaudisseer! Ons sou dink dat so ŉ verwoestingsoordeel die profeet moes laat rou bedryf, laat smarte ondervind!

Ja, as mens sou die profeet miskien oor dit alles wou ween en treur, maar as profeet jubi-

leer hy en dit op so ŉ uitbundige manier. Die volk wat daaromheen staan, het hom as gek bestempel. So ŉ leedvermaak oor Israel se ondergang pas tog allermins by ŉ profeet wat Israel se node op sy hart gedra het. Hy voorspel die verwoesting van stad en tempel, die verwoesting van die ganse land en volk — en dan is hy op ŉ gans uitgelate wyse uitbundig in vreugde!

Ja, gemeente, en dit is hy dan op uitdruklike bevel van die Here God. So sê die Here HERE!

En nou moet ons ook hier vra waarom die Here nou so iets gelas. Dit lyk asof die Here nie altyd aan Homself gelyk bly nie. Want Obadja kry opdrag om God se vloek te slinger oor Edom, omdat hulle by die inname en verwoesting van die land en volk van Israel, oor die broedervolk leedvermaak bedryf het, hulle uitermate verheug het oor Juda op daardie dag van ondergang. Die Edomiete mag nie hoera skreeu nie, of God vloek en vervloek hulle. En Eségiël word weer uitdruklik gelas om daardie Edomitiese werk te doen: om uitbundig te juig! Hoe moet ons dit verstaan?

Ja, gemeente, daar is alle rede voor. Die Edomiete is ŉ bastergeslag. Esau was getroud met twee Hetitiese vroue, Judit en Basmat. By Israel was daar samesmelting maar by Edom verbastering. Verbastering is nog weer ŉ hele end erger as godsdienstige samesmelting. By so ŉ smelting gaan dit so toe: die een ding moet gedoen word, en die ander ding wat net die teenoorgestelde is, moet darem ook gedoen word. Baäl moet vereer word, maar Jehowa moet darem nie vergeet word nie. Maar by verbastering word somaar aan alles ŉ einde gemaak en kry jy ŉ vrugtelose nuwe tussen-ding. Dis nie ŉ esel nie en ook nie ŉ perd nie, dis ŉ onvrugbare muildier. As Esau, wat nog in die verbond gebore is, met die Hetiete vermeng, dan hou die verbondsbetrekking daar en dan totaal op. Die Edomiete is dan nie meer verbondskinders, gelowiges, nie. Hulle is ook nie heidene nie. Hulle is ŉ bastergeslag. En verbastering beëindig alle voorgaande dinge en deugde. Daarom: Jakob se nakomelinge, die Jode, is daar vandag nog, maar waar is die Edomiet? Dis met hulle uit en gedaan.

En as die bastergeslag, Edom, juig oor Israel se ondergang, dan juig ŉ basterdom wie se einde voor die deur staan en wat dan bly is dat Jakob se einde *ook* daar is. Dié sal nou ook ophou om te bestaan. Dan juig die basterdom oor die einde van die verbond van God. Dan juig die bastergeslag oor die einde van die belofte van God, oor die einde van die Christus, soos hulle meen. Dan is hulle in hulle ongeloof uitgelate dat Christus se einde nou daar is. Geen Christus meer in die wêreld nie! Geen amp van Profeet, Priester en Koning meer in die wêreld nie! Dis Israel, dis die Christus, dis die ampte en bedieninge van Christus wat die wêreldlewe verkanker. Uit daarmee! Ja, dit het Edom gedoen tot op die laaste, toe Herodes die Grote, die groot baster, met ŉ basterverering die pasgebore Koning van die Jode wou vereer, maar al die tyd om Hom dood te maak, om ŉ einde te maak aan die Messias in die wêreld.

En sien u, geliefdes, dis hierdie soort gejubel van ŉ bastergeslag wat God in die oordeel oor Israel nie gedoog nie. Oor hierdie gejubel spreek God sy vloek uit. Oor die gejubel van basters toorn God so dat Hy dieselfde Israel, dat Hy die Christus ŉ vlam sal laat wees en ŉ vuur en Edom soos ŉ stoppel om hom te verteer sodat daar geen oorblyfsel vir die huis van Esau sal wees nie.

Daarom, as Eségiël hier uitbundig jubel, dan leer ons die troue Verbonds-God en Christus hieruit ken. Dis Godsopenbaring in sy verbondstaat. Want Eségiël moet jubel nie oor die einde en totale vernietiging van Israel soos die basterdom nie. *Want God vernietig Israel nie.* Daar sal immers ŉ *oorblyfsel* wees. Maar Ek sal ŉ oorblyfsel bewaar onder die wat onder die nasies verban sal wees, sê die Here (vs. 8).

Eségiël juig omdat God deur die oorlog, honger en pes ŉ einde gaan maak aan al die al-

taartjies, sonpilaartjies, Baäls- en Astarte-dienste op al die bergtoppe.

Eségiël roep hoera, want daar kom nou ŉ einde aan al die gemene dade van Israel. Hoera, want deur die oordeelstrawwe van die komende oorlog, honger en pes, kom daar ŉ einde aan die samesmeltingsgodsdiens. ŉ Einde aan die uitbanning van die Christus en sy ampte uit die wêreld. Oorlog, honger, pes en ballingskap, slawerny sal dit beëindig. Hoera! o uitbundige profeet, want dan sal dié wat uit julle ontvlug het, aan My dink onder die nasies waarheen julle as gevangenes weggevoer is. As die oordele eers oor die land gegaan het — dan eers sal julle begin dink aan My. Dan sal julle gedenk, indenk, nadenk, deurdenk; dan sal julle tot inkeer kom, julle omkeer en terugkeer tot My, sê die Here. Dan sal julle julle goddelose samesmeltings-godsdiens beëindig. Ja, dit sal vir julle walglik wees weens die slegte dinge wat julle gedoen het.

Ja, dan sal julle nie soos die wêreldling julself net *beklaag* nie. Maar dan sal julle julself *aanklaag* voor God!

Solank as ŉ mens jou nog net beklaag oor jou welvaart, dat dit nie vinnig genoeg goed met jou gaan nie, staan jy nog op die kruine van die berge van die Baäls met ŉ samesmeltings-godsdiens wat met die een hand na die wêreld wil gryp en met die ander hand na God in die kerk. Maar as die oordeel oor julle sal gegaan het, dan sal julle julself voor God *aanklaag* met julle samesmeltings — Baaisdienste as walglik, maar dan nader julle die heilige Berg van God. Dan eers bestyg julle Sion. Dan is die ware godsdiens weer in ere. Dan mag julle alles verloor het. Julle Baäls en Baälsdiens, julself, maar dan het julle tog weer julle Verbonds-God gevind. Dan het julle tog weer Christus gevind in hierdie wêreld. Dan sal julle tog weer Christus bely, Christus lof toesing, nie net in die kerk, as ŉ Lug-God en ŉ Lug-Verlosser wat uit jou welvaartslewe en jou politiek weggestoot is nie, maar ook in die wêreld — prakties en jou hele lewe lank elke dag.

Daarom juig die profeet!! Omdat God die Here sê: Ek het *nie tevergeefs gespreek dat Ek* hulle hierdie onheil sal berokken nie (vs. 10). Nie tevergeefs nie. En die prediking van die Woord is ook nie tevergeefs nie. Vir die wat daarna nie luister nie — dis tot hulle oordeel en straf — maar so sê die Here: Nie tevergeefs het Ek gespreek nie. En vir die wat hierop ag gee — dis nie tevergeefs nie. Dit sal soveel heil aanbring dat die profete uitbundig sal juig. Ja, dat die engele in die hemel sal vreugde bedryf. Want so sê die Here: As een sondaar hom bekeer, sal die engele juig. En eenmaal sal die profete ewig voor Gods troon juig en Hom ewig lof toesing. Want die Here het nie tevergeefs gespreek nie!

**AMEN.**

## DIE EINDE

**LEES**: *Eségiël* 7.

**TEKS**: Eségiël 7:*2, 25.*

HOOFSTUK 7 sluit die eerste reeks profesieë van die oordeel oor die stad en die land af, en die profeet moet nou ten slotte samevattend die een woord oor stad en land en volk uitroep: Einde. Dis die einde! Die einde kom! Die einde kom! En onder die donderstorm van die verwoestende einde oor die stad en land hoor die profeet die volk te midde van die oordeel in angs roep. Hulle soek *dan* na vrede; hulle soek *dan* na ŉ gesig by die profeet. Dan soek hulle na die wet by die priester en na raad by die ou raadsmanne.

Ons wil u aandag bepaal by hierdie twee hoofgedagtes van hoofst. 7, wat die eerste reeks van oordeelsbedreiging afsluit (3 :22-7), nl.:

I. Op die aankondiging van die einde,

II. Op die angsgeroep om ŉ profesie van die profeet.

I.

As ons hierdie eerste reeks oordeelsprofesieë van Eségiël 3:22 tot Eségiël 7 so nalees, dan wil ons byna vra: Waarom herhaal die profeet die dinge so baie? Hy het al die einde van Jerusalem en die land aangekondig, en nou kom hy in hoofst. 7 ook nog weer so herhaaldelik verklaar: Einde, mense! Die einde is daar vir die stad, vir die land en die volk! En nou sou ŉ mens kon dink dat dit maar die profeet is wat so lomp en omslagtig is met die dinge; maar hy *moet* dit sê, telkens op uitdruklike bevel van die Here. Die Here sê so! So sê die Here! *Einde!* Die *einde* kom!

Ja, Gods Woord het in daardie tyd nie eintlik meer gesag gehad nie. Ook vir *Jerusalem* en *Juda* nie meer nie. Die mense het beter geweet as die profeet.

En daarby moet u verstaan dat op die tydstip waarop Eségiël die dinge aangekondig het, daar sowel by die groep ballinge as by die inwoners van Jerusalem en Juda nie die minste gedagte was dat daar nou ŉ einde aan land en volk, aan stad en tempel kom nie. So ŉ verwoesting het nie een van die seksies verwag nie. Dit was rustig, en vir die toekoms het alles hoopvol gelyk. Hulle het almal moed vir ŉ nuwe begin, en hier kom roep die haatlike Eségiël — profeet tot aller ergernis uit: Einde! En hy onderstreep dit as opdrag van God: Einde! Einde van julle altare en sonpilare! Einde van julle samesmeltingsgodsdiens! Einde van die land en inwoners; einde van die stad en tempel; einde van al die beloftes van God vir julle wat nie wil glo en nie wil luister nie; einde aan alle lankmoedigheid van God oor julle; einde ook van die waarskuwinge. Einde! Die gordyn sak. Die laaste bladsy is nou gelees!

Wat die kort woordjie inhou, sê die profeet duidelik in vers 3. Dit sal nou wees ŉ loslaat van Gods toorn op sy diepskuldige volk, soos ŉ mens bloedhonde loslaat om kwaaddoeners op te spoor. En verse 10 en 11 sê dit ook plasties: die roede het gebloei en die geweld het opgegroei. Juda, jy is die wortel wat die roede waarmee jy geslaan moet word, nl. Nebukadnesar, so laat groei en sy geweld so laat toeneem. Israel en sy sonde is die rede waarom die Here Nebukadnesar so laat toeneem in geweld. Die bedoeling is duidelik. Hierdie roede wat Israel moet slaan, sal nie somaar soos ŉ bliksem in mooiweertyd vir Juda toevallig tref nie. Die sogenaamde vredige siele wat nou so soet en stil saamleef met die Kanaäniete! Hulle offer nou saam op dieselfde altare oor die hele land se oppervlakte. Hulle hou saam godsdiens. Hulle het vrede en is verenig. En nou moet Eségiël om hulle te ontstem hier kom uitroep: Einde! Oordeel! Sal God nou te midde van so ŉ mooi eenheid in die land, somaar skielik alles beëindig? Dit wil hulle nie glo nie. Dit verwerp hulle ten enemale.

En nou kom die profeet ten slotte vir hulle sê: Kyk julle roede is nie ŉ onverwagte bliksemslag nie. Julle roede het gegroei soos ŉ saad. Die saad is julle sonde: julle onheilige vermenging, julle samesmeltingsgodsdiens met die Kanaäniet. Julle het al jarelank met hulle verenig in hierdie land, soos al julle altare en sonpilare op al die heuwels en berge en dale getuig. En dis hierdie sonde wat julle roede stadig maar seker van jaar tot jaar laat groei het. Maar nou is die einde daar. Nou kom God met die roede van julle sonde julle besoek: Nebukadnesar, die geweldig uitgegroeide roede van jou sonde, o, Jerusalem en berge van Israel! Nebukadnesar sal met die oorlog, met honger en pes jou kom beëindig. Dis kortom die einde wat hier aangekondig word.

Hoe het die volk daarop gereageer? Wat sal die beeld van Jerusalem en die land wees as die einde kom?

Die profeet skets die beeld van Jerusalem by die koms van die einde in *twee* dinge. Twee

dinge het vir Jerusalem in die middelpunt van belangstelling gestaan, nl. die *landswelvaart* en die *tempel.* En dan ook in hierdie volgorde. Die *welvaart* in ruime sin geneem, het nommer een gestaan. En die *tempel* het nommer twee gestaan. Die welvaart het swaarder geweeg as die saak van die tempel. Dit was die gemaklikste.

Die *einde* kom! En hoe sal die volk op dié dag maak insake die *welvaart?* Hoe sal dit dan met die tempel wees? Wat die welvaart betref, sê die profeet: Julle sal selfs met die einde nog nie wil glo dat dit nou die einde is nie. Want elkeen sal *dan ook nog* maar net sy welvaart, sy voordeel soek. Sommige sal dan nog van hulle besittinge wil red wat gered kan word, en sommige sal selfs uit die oorlog probeer wins maak ten koste van ander. Die groot grondbesitters het hulle herinner dat Nebukadnesar met die wegvoering in 595 al die vooraanstaande mense weggevoer het. Die armer klas het agtergebly en hulle besittings net so buitgemaak. As die beleëring nou weer kom, die einde, dan sal die groot grondbesitters hulle gronde verkoop aan die armer klas. Die groot besitters was wel geheg aan hulle goed, maar om nie alles te verloor nie sal hulle maar verkoop. Al moet hulle dit treurende doen, hulle sal dit nogtans doen. Ek die kopers sal weer baie bly wees. Daar sal by die einde ook die rowerkopers wees wat van die verleentheid van ander gebruik sal maak!

Ja, so sal dit wees! Die dag as die oorlog, die honger en die pes vir die stad sal sê: Jou einde, Jerusalem, en vir die land: Jou einde, berge van Israel, dan sal hulle *nog* welvaart soek, *nog* koop en verkoop. Dan sal hulle nog nie glo dis die einde nie. Nee, glad nie. Dan sal hulle nog vertrou op hulle samesmeltingsgodsdiens en tog nog welvaart bly verwag. Want hulle samesmeltingsgodsdiens, hulle offers op al die berge vir Baäl en Astarte, is nie versteur terwille van die gode nie maar terwille van die welvaart. Hulle samesmeltingsgodsdiens was ꞌn suiwer besigheids-godsdiens.

Is dit nie verskriklik nie, gemeente?

Maar so leer die profesie ons dit. So leer die geskiedenis dit nog met elke oorlog en honger en pes wat oor die aarde gekom het. Die Openbaring van Johannes leer ons dat dit ook so sal wees aan die groot Einde van die eeue. Dan sal die groot hoer, Babilon, dan sal die groot wêreldhandel, saamgestrengel met die wêreldpolitiek, die bees uit die volkeresee, nog welvaart bly soek. Dan, as die Here God Babilon sal oordeel, sal die handelaars ween en rou bedrywe, omdat niemand meer hulle koopware koop nie! (Open. 18:10-19).

Dit, sê Eségiël, dit sê die Skrif, geliefdes, sal die houding, die gedrag van die inwoners van Jerusalem wees, van kinders wat in die verbond opgegroei het, van kerkmense; dit sal samesmeltingsgodsdiens se houding wees tot op dieselfde dag van die einde, die onheilige verenigingsgodsdiens wat terwille van handel en welvaart en politiek God en Christus in die tempel wil toesluit en saam met Christusverwerpers maar op al die heuwels, op die altare van die afgode van elke eeu offer. Terwille van die welvaart ꞌn samesmeltingsgodsdiens, ꞌn besigheidsgodsdiens, ꞌn handelsgodsdiens. By *die samesmeltingsgodsdiens staan nie net die Jood, die Christusverwerpers al jare, van voor Eségiël se dae af nie,* maar elke Godsveragter en Christusverwerper. En hulle koop hier en verkoop hier mensesiele, verkrag gewetens, koop en verkoop stemme, alle moontlike dinge — elkeen terwille van die welvaart! So toon hoofst. 7 vir ons dat die soort godsdiens van hoofst. 6 ꞌn besigheidsgodsdiens is, en dit sal sy onheilige kenmerk wees tot die *einde,* tot die einde van Babilon by die Einde van die eeue.

En wat sê Eségiël?

Hy sê: Verkopers, moenie treur nie! En kopers, moenie juig nie! By die einde help nie droefheid nie en ook nie vreugde nie. By die einde is daar geen rede meer om te treur of te juig oor koop en verkoop nie.

As God deur die oorlog, die honger en die pes sê: Einde! — wat sal die verkopers en die

kopers dan nog met hulle goud en goed kan maak? Wat sal hulle dan maak met die edelgesteentes, met die handelsware, met die mensesiele, met die stemme wat hulle koop en verkoop! Wat? Hulle kan Gods toorn dan nie daarmee afkoop nie! Hulle kan die eindoorlog van Armageddon, die groot honger en pes nie daarmee wegkoop nie! Hulle sal die silwer op die strate weggooi, en die goud sal hulle wegwerp as vuilnis waaraan nie een meer wil vat om dit in sy handel te steek nie.

O samesmeltingsgodsdiens van die eeue wat ŉ besigheidsgodsdiens is, ŉ welvaartsgodsdiens *wat Christus ook prysgee en hom hoogstens in die kerk gedoog — terwille van die welvaart.* Judasgodsdiens, wat hom verenig met die moordenaars van sy Meester! Waarom weeg jy geld af vir wat geen brood is nie en jou arbeid vir wat nie kan versadig nie? Luister aandagtig na My en eet die goeie, en laat julle siel in vettigheid hom verlustig. Daar is die Christus in die Christelike godsdiens! Hy het ook gekom om te offer! Maar Hy het Homself geoffer aan die vloekpaal. Hy het ook gekom en gekoop maar met sy bloed! Hy het gekom om Gods wil te doen. Maar Hy het nie die koninkryk van die wêreld eerste geplaas nie. Hy het nie die welvaart eerste geplaas nie. Hy het geen plek gehad om sy hoof neer te lê nie. Hy het die tempel Gods nie nommer twee geplaas nie. Hy het Gods eer gesoek. En Hy het alles gekoop met sy bloed tot eer van God sodat sy Naam bely en Hy geëer sal word. Hy het die aarde gekoop en die hemel en die dinge op die aarde en die dinge in die hemel. Hy het die handel gekoop; Hy het die mark gekoop; Hy het die bedryfswese gekoop; Hy het alle dinge gekoop — met sy bloed! Dis sy eiendom! En dis ons grootste troos: dat ons met liggaam en siel, met alle dinge aan ons getroue Saligmaker Jesus Christus behoort. En sal ons vir Christus met sy heilige ampte en bedieninge weer van sy eiendomme wegjaag en in die kerk toesluit, Hom nie bely en nie dien nie en alles offer op die altaar van die Christusverwerper se welvaart? Dan sal ons geen troos immermeer hê nie. Wees dan gewaarsku. Die einde kom!

Laat ons dan nie soos Israel doen om in die tweede plek na die tempel te wys en te sê: ja, maar *die* tempel, ja, maar *die* kerk sal die Here nooit verlaat nie. Hoe nader die einde, hoe nader begin ons kerk toe skuif. Ja, dis waar, die Here sal *sy* kerk nooit verstoot nie. Maar ŉ misvormde kerk, ŉ vervalste kerk wat toelaat dat Christus daar in die wêreld van sy bloedgekoopte eiendom weggejaag word tempel toe, kerkgebou toe en Hom daar wil toesluit?

So ŉ kerk sal die Here seker nie *net verlaat nie,* maar Hy stuur sy profeet met die opdrag: Gaan sê: So sê die Here: *Einde!* Jy, Jerusalem, met jou tempel en jou priesters en volk en al: Einde! Ja, en die tempel sal nog eerste weggeruim word. Die valse kerk sal nog *eerste* dit moet ontgelde. Van so ŉ vervalste kerk moet ons liewers nie eens praat nie! Want so ŉ heiligdom sal God gewis laat ontheilig en dit deur die kwaadaardigste vyande.

Gemeente, laat ons daarom op onsself toesien dat ons deur gedurige reformasie, deur gedurige terugkeer, mag wees die ware kerk, ŉ *Christelike* kerk met belydenis van die Christus *as Here van alle dinge,* oor ons hele land. By Hom is waarlik wyn en melk sonder prys en sonder geld. In sy bloed alleen is daar behoudenis, vir ewig, ja, veral op daardie dag as die Einde kom.

II.

Maar geliefdes, laat ons nou nog kortliks let op die Sioniete op die uiterste van daardie dag as stad en tempel, land en volk nou siender oog beëindig word. Toe, so sê Eségiël, het die *angs* gekom.

Ja, so sal ook blykens die Openbaring van Johannes (hoofst. 6:16) gebid word: Berge val op ons! En ons lees ook van die vreesagtiges wat hulle deel sal hê in die buitenste duisternis. Dit is die voldrae vrug van die samesmeltingsgodsdiens wat God en Baäl tegelyk wil eer en met mekaar verenig; wat sowel Christus as die wêreld wil dien in die lewe terwille van wel-

vaart. Die *einde* van hierdie godsdiens, as die einde kom, *sal wees angs en groot vrees.* En uit angs sal dan geroep word om vrede. Dit het gelyk of daar vrede en eenheid was toe die vereerders van die Here ook vereerders van Baäl geword het. Dit lyk of daar eenheid kom en vrede as die Christusbelyder ook saamstaan met die Christusbestryder in hierdie wêreld. *Dit lyk so.* Maar dit sal net so lyk om te laat agter te kom dat dit nooit so was nie.

Dit lyk na vrede as een lastige profeet uitgeban word en daar dan ook saam na die groot waarsêers en na die loënaars van die Here geluister kan word. Maar net om by die einde te ontdek dat dit helaas nie so is nie. Dan sal in angs om vrede geroep word. Dan sal die oudstes bestorm en gevra word: Oudstes, julle is tog ervare! Gee tog raad, wat nou? Wat sê julle ervaring? Maar hulle sal geen raad hê nie. Dan sal na die priesters (leermeesters van die wet) gehardloop word met die vraag: Sê tog, wat is die wil van God? Maar die wet sal verlore wees. Dan sal hulle na die profeet gaan — die gesmade profeet — en vra na ŉ gesig, na ŉ profesie. Ag, profeteer tog. Wat moet van ons word? Maar daar sal geen profesie meer wees nie. Want ŉ profeet is nie ŉ mens wat jy moet *soek* nie; en hy tree ook nie op *omdat* mense hom *soek* nie en *wanneer* mense hom *soek* nie; want hy spreek nie omdat hy *gesoek* word nie. ŉ Profeet is iemand wat gestuur word deur God, of mense hom soek of nie. En hy tree op omdat hy gestuur is; hy is ŉ gesant, en hy spreek net wanneer hy gestuur word. En as die mense *dan* en daarom nie na hom wil *luister* nie, sal hulle hom anders nooit te hore kry nie.

Want hier is u oudstes: die onderwysing van God in sy *heilige Skrifte.* Hier is u leermeester en tugmeester tot Christus: die Wet van God.

En hier is die profesie: Hierdie selfde van Eségiël. In Moses, die profete en die Psalms het onse Here die Emmaüsgangers onderrig. En as u nie vandag hierna wil luister nie, die dag met die einde sal dit te laat wees. En dan, maar helaas dan eers, sal hulle weet dat God die HERE is.

Luister daarom vandag na die profesie, al is hy ook hard en teen ons vlees. Luister! En dan sal daar by die Einde geen angs wees nie, maar dan sal u sonder angs en sonder vrees met ŉ opgerigte hoof uitroep: Einde, kom! Kom Here Jesus, kom gou! Dan sal die einde nie ŉ verwoesting wees nie maar ŉ volkome verlossing.

**AMEN.**

## “BREEK TOG DIE MUUR DEUR”

**LEES**: *Eségiël 8.*

**TEKS**: *Eségiël 8:1-12.*

HOOFSTUK 8 plaas ons 14 maande na die eerste heerlikheids-verskyning van die Here aan die profeet Eségiël. Die eerste visioen was op die vyfde van die vierde maand van die vyfde jaar van koning Jójagin se ballingskap (hoofst. 1:1 en 2). Dit was in die jaar 593 voor Christus. In hoofst. 8 kry ons nou weer ŉ datering van die tyd van die *derde* heerlikheidsverskyning. Dit is die *vyfde* van die *sesde* maand van die *sesde* jaar van koning Jójagin se ballingskap, ongeveer Augustus—September van 592 voor Christus. Hierdie nuwe datering van die profeet by die derde heerlikheidsverskyning wys ons dat daar ŉ verdere verwikkeling gekom het in die toestand van Israel, sowel by die in ballingskap as by die in Jerusalem.

Na die eerste heerlikheidsverskyning het die profeet sy *roeping* en *taak* ontvang om Israel te waarsku met die nodige bestrawwings (Eségiël 1:1— 3:21).

Maar toe Israel hierna nie wou luister nie, kom die Here op ŉ tweede gedateerde tydstip

met ʼn tweede heerlikheidsverskyning aan Eségiël en *verbied* hom om verder te *bestraf,* ja, die Here *gebied* hom om te *swyg,* in vier daadwoorde die stad Jerusalem te bedreig en om in ʼn profesie die oordeel oor die berge van Israel uit te spreek ter verwoesting van die land vanweë sy samesmeltingsgodsdiens. En daarop moes die profeet nadruklik uitroep oor die stad en die land: Einde!! Die einde kom!!! Dit was die einde van die eerste reeks bedreiginge (hoofst. 3:22 — 7:27).

Daarna sit die profeet stil in sy huis. Hy profeteer nie! Hy verrig geen sinnebeeldige handelinge nie. Want so het die Here hom gelas. Hy mag niks spreek of doen tensy die Here hom uitdruklik opdrag gee nie. Hy mag ook nie eens na die ballinge uitgaan nie. As hulle die profeet wil spreek, dan kan hulle nou na hom toe kom; maar hy mag nie na hulle toe gaan nie. Die Here het hom daar in sy huis vasgebind, en die Here sal hom bring waar Hy hom wil hê.

So was dit dan ook.

Die volk en met name die oudstes, d.i. hier die leiers en verteenwoordigers van die groep ballinge, kom nou na die profeet toe. Waarskynlik het hulle hom al meermale besoek na sy vreeslike oordeelsbedreiginge oor stad en land.

Die oudstes sit dan nou voor Eségiël. Wat hulle kom maak? Waarskynlik kom hulle verneem wat Eségiël verder te sê het oor die naaste toekoms na sy oordeelsbedreiginge. Waarskynlik het daar berigte van Jerusalem gekom wat hulle met Eségiël wil bespreek. Waarskynlik was daar sprake van ʼn nuwe koalisie teen Babel waaroor hulle Eségiël wou raadpleeg. Maar wat dit ook al was, een ding is merkwaardig: *die oudstes sit voor Eségiël.* Eers het Eségiël na hulle gegaan; nou moet hulle na hom toe kom. En al weet ons nie presies waaroor hulle met hom gespreek het nie, een ding weet ons uit hierdie profesie, en dis vir ons genoeg: vir hulle is dit nog ʼn vraag of Gods toorn, of Gods oordeelsbedreiginge oor stad en land *billik* is. God bedreig stad en land met verwoestingsoordele, met die Einde. Goed. Maar is dit billik? Die HERE kan tog nie klaag nie, want die gedurige offers word tog nog steeds vir Hom gebring. Van die *regmatigheid* en die *billikheid* van die oordele is Israel nog nie oortuig nie.

Die oudstes sit voor Eségiël. Die wêreld-politieke hemel het ʼn weinig opgeklaar. Eségiël swyg tot nog toe. Daar skyn hoop te bestaan. Daar is ʼn verwagting. En nou hou hulle vergadering of kongres! Bespreek die toestand van eventuele vrymaking en terugkeer en van organisasie, moontlik ook van godsdienstige *belangstelling.* En Eségiël se hulp word daarvoor ingeroep. Kom, Eségiël, kom laat ons nou saamwerk en kom help dat ons die dinge probeer regmaak. Wat help dit nou om dag na dag te sit en swyg en niks doen nie! Laat ons saam konfereer, eenheid en samewerking probeer kry. Daar is skone geleentheid vir ons!

En dan, bliksemsnel, *val* Gods hand onverwags daar op Eségiël voor die oë van die oudstes! Gods hand *rus* nie nou op hom nie maar *val* skielik op hom! En as hy opkyk, sien hy weer (en dis nou die derde heerlikheidsverskyning van die Here) die Here op die troon van wondervolle wielwerk soos die eerste keer. Dis iemand soos ʼn man en tog nie ʼn man nie. En dit wat soos sy lende gelyk het, was na ondertoe gloeiende vuur en na boontoe soos blinkende metaalglans, soos hasmal. En Hy steek iets uit in die vorm van ʼn hand, maar dis tog ook geen hand nie, en dié gryp Eségiël aan sy kuifhare en pluk hom daar weg en plaas hom weer in Jerusalem voor die Noordpoort van die tempelvoorhof. En tog was Eségiël ook nog daar voor die oudstes. *Dit is ʼn tempelvisioen* waarin vir die profeet Eségiël en deur hom vir hierdie lughartige, optimistiese oudstes, duidelik getoon word die skriklike tempelgruwels daar in Jerusalem. Eségiël met hierdie oudstes is nou ses jaar weg van die tempel. En met die toenemende gruwels is hulle nie so goed bekend nie. En as die Here die gruwels getoon het, dan moet dit nou vir elkeen duidelik wees dat Gods oordeelsbedreiginge allesins billik en regverdig is; dat sy oordele oor stad en land nie ʼn milligram te swaar is nie. Dan sal dit net regver-

dig wees dat God nou van sy lende af ondertoe vuur is vir Israel, d.i. strawwende geregtigheid, en dat sy hasmalglans, sy barmhartigheid, van die stad en die land weggekeer is boontoe om aan hulle geen barmhartigheid te bewys nie. Ja, God is barmhartig en regverdig — dit simboliseer die hasmalglans en vuur hier — maar waar vroeër Gods strawwende vuurgeregtigheid teen Israel se vyande gekeer was, daar keer die Here dit nou teen Israel, teen die oudstes, teen die stad en land. En waar Gods barmhartigheid vroeër oor Israel, oor die stad en land gestraal het, daar is dit nou weggekeer, na boontoe, terug na die hemele.

Hierdie tempelvisioen, geliefdes, gaan dan van Eségiël 8:1 tot 11:24.

Ons let nou net op 8:1 tot 12. Twee gedagtes kom ons hier teë:

I. Die growwe gruwels van die oudstes;

II. Eségiël se deurbraak deur die voorhofmuur.

I.

Ja, Eségiël, jy is profeet, maar verder is jy ook maar 'n arme, verblinde mens. Toe jy vyfses jaar gelede nog in Jerusalem se strate geloop het en in daardie tempelvoorhowe as priester gestaan en gedien het, toe het jy die growwe gruwels wat soos 'n pestilensie in die donker daar in die tempelvoorhowe gewandel het, *nie gesien nie*. En nou, Eségiël, is die growwe gruwels vlak voor die voorhofspoort ingeplant en onder die voorhofsmure ingegraaf en ingegrif.

En gewis, as Eségiël ook nou nog deur 'n mensehand in Jerusalem in die tempelvoorhowe moes rondgelei gewees het, dan sou hy miskien ook net soveel gesien het van al die kwaad as wat reisigers in Sowjet-Rusland en in Moskou sien wanneer hulle deur die Sowjet-reisgidse rondgelei word. Og, hulle sien van die helse gewoel in Moskou niks nie! En Eségiël sou waarskynlik, as hy deur mensehand gelei was, by vernuwing weer die tempel se skoonheid bewonder het en deur die tempelsang bekoor geword het en deur pleng- en reukoffers versoen gevoel het. *Og ja, hoe sou hy nie nog meer alles aan die buitekant gesien het van die tempel, die Here se tempel nie!!* Daarom, o mensekind, God Self sal jou in jou sondeverblindheid as aan jou kuifhare gryp. God *Self* sal jou daar om en in die tempelvoorhowe rondlei. God Self sal jou aan jou hare pluk en jou wakkerskud en vir jou van stuk tot stuk sê: Kyk hier, mensekind, die growwe gruwels, groot gruwels, gruwel op gruwel by die oudstes, by die vroue, by die jongmanne, by die ganse volk. Sodat jy vir hierdie oudstes die heilige billikheid, die heilige regmatigheid van sy heilige toorn en straf kan verkondig; sodat jy vir hulle die heilige regverdigheid van my oordeelsbedreiginge oor stad en land, ja, oor die einde van dit alles te verstaan kan gee: dat God se toorn van sy heupe af soos vuurstrale afblits op die volk, stad en land en dat sy barmhartigheid weggekeer is daarvan af, hemelwaarts, onversoend met land en stad.

En soos God hom in die visioen aan sy kuifhare het en vanuit die Noorde met hom kom, stel God hom somaar voor die Noordpoort of altaarpoort waar 'n mens moet deurgaan om van die Noordekant by die altaar te kom. En daar wys die Here hom: Kyk, daar staan die gruwelike afgodsbeeld wat ywer bewerk of, beter vertaal, wat die hartstog opwek, wat seksuele luste oproep, wat die geslagsdrif ophits. Dit is die seksuele, perverse beeld van Astarte, die vrugbaarheidsgodin, wat sogenaamd die vrugbaarheid van plante en diere en mense moet bevorder en vir wie ook self by hierdie tempel geoffer word, gepaard met godsdienstige hoerery. Hierdie afskuwelike, naakte vrouelike godsbeeld is vroeër deur die goddelose Manasse by die tempel opgestel, maar Josia het dit met sy reformasie weer verwyder en verbrand. En sedert die ballingskap in 597 is die gruwelbeeld alweer ingevoer en by die Noorderpoort opgestel om vir alle offeraars te verkondig: hierdie hele tempeldiens met al sy offerandes staan in die teken van godsdienstige prostitusie, van geestelike hoerery, van verlating van Israel se God

en Bruidegom, die Messias, en van naloop van ander gode. Ja, in hierdie tempel self, in sy poort en nie net meer op die berge, heuweltoppe en in die klowe en dale nie maar nou ook in die tempel word ’n samesmeltingsgodsdiens daarop nagehou. Dit staan voor sy poorte. Hierdie godsdiens en hierdie tempel dan, mensekind, hierdie hele offerdiens staan in die onheilige teken van samesmelting met alle moontlike godsdienste.

Ja, kom, mensekind — so sê die Here — laat Ek dit vir jou toon. En dan lei God die profeet verder in die groot voorhof wat die eintlike *tempel* en *koningsburg* albei omgeef. En daar in die binnemuur van die poortgebou wys God hom ’n gat in die muur. Daaroor was die profeet al verwonder. Hoekom dan ’n gat in die gawe muur? Nou kry hy opdrag om die muur deur te breek. En toe Eségiël deur die muur heen deurgebreek het, was hy in ’n geheime kamer van die oudstes van Israel, waar die ou heidense misteriedienste uitgevoer word. In die geheime kamer met ’n geheime ingang word met die geheime dienste die heidense gode bewierook. En teen die mure van die geheime kamer sien hy nie soos gewoonlik by die tempel gerubs, palmbome, granaatknoppe en allerlei versierwerk uitgegraveer nie maar wel kruipende gedierte: slange, slakke, krokodille, kewers, miskruiers, en viervoetige gediertes: bulle, jakkalse, katte, kalwers ens. as muurtekeninge. En in die kamer is 70 oudstes van Israel, dis die vernaamstes van Israel, dis aristokrate, die manne wat die leiding gee en in wie se hande Israel se politieke en maatskaplike lot is. Hulle staan elkeen met sy wierookbak vol gloeiende kole, en elkeen bewierook sy afgodsbeeld wat hy vir hom uitkies. Daar is geen eenheid van belydenis onder hulle nie. Elkeen glo wat hy wil, offer vir sy gode wat hy uit die baie uitkies. Want hier is egte samesmeltingsgodsdiens. Al die gode van die Egiptenare — hulle paddas en miskruiers — al die gode van die Babiloniërs — hulle stiere en kalwers — almal is saamgehok in een geheime kamer. Die 70 oudstes, die leidsliede, wat die Here moes aanhang en vir Hom moes offer, wat die Messias alleen moet bely en verheerlik, hulle bewierook al die gode van die wêreldse samesmeltingsgodsdiens, sodat ’n swaar wierookwolk in die kamer hang.

En — vreeslik om daaroor te dink! — wat Eségiël nooit verwag het nie, Jaäsanja, die seun van Safan, wat in Josia se dae so ’n belangrike rol by die reformasie gespeel het, die vrome Safan se eie seun Jaäsanja, die kroos van Ahikam en Gemarja, wat vriende van Jeremia is — Jaäsanja, die broer ook van Eliasa — Jaäsanja is die leier en aanvoerder van die misteriediens! Jaäsanja, wie se naam beteken: “die *HERE vertroos”,* Jaäsanja is ook glad hier onder hulle ten bate van samesmeltingsgodsdiens. Hy is die dirigent van die misterie-verering, terwyl elkeen kan offer vir wie hy wil. ’n Samesmeltingseenheid! Wat ’n gruwel! Leidsliede van Gods volk! Wierook vir paddas, slange, slakke, kewers, krokodille, katte, kalwers, bulle!!! Nie net op die heuwels en bergtoppe en in die klowe en dale nie. Nee, hier in die tempelvoorhowe, diep binne-in die ou tempelsale deur die ronde sewentigtal oudstes — leidsliede. Sogenaamd word vir die Here die tempel uitgehou, maar in werklikheid word Hy nie net uit die land nie *maar ook uit sy tempel verdring* met ’n samesmeltingsgodsdiens. Die Here moet die tempel behou, en die ander gode kry die land, die bergtoppe, heuwels en dale, terwille van die welvaart! Maar dit is net in naam. In werklikheid laat die samesmeltingsgodsdiens vir die Here in sy tempel geen plek nie. In werklikheid verdryf die leidsliede van Gods volk die Here uit sy tempel met swaar wierookwolke van samesmelting.

O, wee die land, wee die volk, wee die stad, wee die kerk waar die leidsliede van die volk samesmeltingsgodsdiens beoefen, waar alle soorte kulture en alle godsdienste en alle afgode van alle volke gelykwaardig goed is. Wee daardie volk wie se leidsliede so ruim, so liberaal is dat hulle alle godsdienste vir ewe waaragtig en waar hou en op almal se altare vir almal wierook wil offer. Ag, al word vir die Christendom en die Christus dan nog ’n plek aangewys op die kansel en in die kerk, dit is pure bedrog; dit is net in naam, want in werklikheid mag Christus ook nie eens in die kerk verkondig wat sy profetiese openbaring is nie. Christus word met die samesmeltingsgodsdiens uit sy kerk verdryf. Ons sien dit in Rusland. Ons merk

dit in Duitsland. Ons bespeur dit in ons eie land. Die samesmeltingsgodsdiens steek sy koevoet heimelik onder die kerk in. En dit doen die Jaäsanjas ook, mense van wie niemand dit ooit verwag het nie. Jaäsanja, die seun van Safan!

Maar die gruwel wek die toorn, Christus se toorn, op. Hy sal kom met sy voete soos blink koper wat gloei soos in ŉ oond (Openb. 1) en in sy toorn dit kom vertrap. Sy barmhartigheid en genade sal wegwyk hemelwaarts, en sy vuurtoorn sal op ons afstraal. En sy toorn sal billik wees, geregverdig wees as ons die Gereformeerde godsdiens, die Christelike godsdiens steelsgewyse wil vervang met ŉ vermengingsgodsdiens wat vir God en sy Woord nie plek het in die wêreld nie. Dit sal ŉ growwe gruwel wees.

II.

Maar genoeg, geliefdes, laat ons verder let op die deurbraak van die tempel-voorhofmuur. Eségiël moes die muur deurbreek. Ook tot ons kom die Godsbevel: "Breek deur die muur van jou binnekamers". Breek deur hom. Moenie terugskrik nie. Moenie vrees nie. Breek deur hom tot die geheime dieptes van die gruwels.

En, gemeente, waar sal ons deurbreek? Waar is die muur? Ons is gewoonlik dadelik gereed om deur te breek in die muur van die wêreld. Ons is gewoonlik taamlik gou klaar met ŉ oordeel oor die wêreld, wat ons skerp en vernietigend oordeel.

Ons breek ook taamlik maklik deur die muur van ons buurman. En dis ongelooflik watter gruwels ons soms daar uitkrap uit die binnekamers. Sondag — ons is bly om hom in die kerk te sien, want dit was nou net ŉ preek vir hom wat hom goed sal doen!

En ons is ook soms lief om deur te breek deur die mure van ander kerke en het daar heelwat oor op te merk — oor die binnekamers.

Maar die muur van Eségiël was die voorhof muur wat die tempel en koninklike bergvesting omgeef het. Die muur van kerk en staat. Godsdienstig en staatkundig.

Maar dis alles mis. Die Here vat Eségiël aan sy kuifhare en sê vir hom: Mensekind, breek deur die muur van *jou eie kerk*, van jou eie tempel, van jou eie voorhowe. Breek deur tot in die boesemgeheime van jou eie gemeente en eie volk. Breek deur in die binnekamers van jou eie hart, gelowige kind van God. Deur die muur van ons kerk, van ons eie gemeente. In ons midde is growwe gruwels, genoeg om oor te praat.

Het jy ook gesien, so vra die Here vir Eségiël, wat die oudstes van die huis van Israel doen *in die duisternis?* Stille ondergrondse samekomste, geheime beraadslaginge ter bewieroking van samesmeltingsgodsdiens binne in die kerk? Ag, ŉ mens is, waar jy alleen is met jou vertrouelinge, anders as in die openbaar. Jaäsanja is in die geheime kamer van harte leier, maar voor die volk gaan hy ook in die tempel. Die priester en Leviet wat alleen is op die weg na Jerigo, loop ŉ draai om die gewonde man langs die pad — iets wat hulle in Jerusalem nooit sou gedoen het nie. In my hart dink ek dinge wat ek in die kerk nooit sal sê nie. In ons huiskamer doen ons dinge waarmee ons in die gemeente nooit voor die dag sal kom nie.

Waar ŉ paar vertrouelinge eenkant bymekaar is, sê hulle gewoonlik dinge oor tempel en kerk, oor die ampte en die dienste wat anders oor die lippe nie sal kom nie.

Ja, die Here wys vir Eségiël: Kyk daar; hulle ruik aan die wingerdtak om die laagste en vuigste veragting teenoor My en my diens te kenne te gee. Dit gebeur ook vandag nog oor die bediening van die Woord van God. Daar word skertsend en veragtelik oor gepraat. Maar in die openbaar kom ons saam in, hier in die kerkgebou, dan sing ons sogenaamd saam, en ons aanbid saam. En ons wil ook weer saam *Nagmaal gebruik. Alles liewe vrede!* Is dit nie gruwelike dinge onder ons nie?

O, ons mag ons geheime kamers probeer wegsteek, maar God lei ons deur sy profetiese Woord en sê vir ons: Kyk daardie gat. Die gat van die geheime kamers mag klein wees, sodat Eségiel dit moes deurbreek om daardeur te kruip, maar weggesteek kan dit nie word nie.

Laat ons dan daar deurheen breek, soos ŉ Luther, soos ŉ Calvyn en met die gruwelike duisterheid van ons kleinlike sonde-lewens neersink voor die kruis van Christus, voor sy vurige kopervoete om vertrap te word, billikerwys vertrap te word onder sy toorn, soos Johannes of Petrus, want ons is skuldig, diep skuldig, verlore seuns. Eers as ons met ons bedekte sondes so voor Hom kom, eers dan sal Hy ons oprig soos vir Johannes of Petrus! Eers dan sal Hy barmhartig wees en sy toorn oor ons nie laat brand nie. Eers dan het Hy in ons behae. Eers dan kan ons opreg saam sing en saam bid. Eers dan kan ons saam Nagmaal vier: wanneer ons bely dat Christus en Christus alleen onse Here is in ons ganse lewe, en ons vir Hom alleen bring offers van ons fynste goud, ons geurigste wierook van aanbidding, om in die ganse skepping sy naam te roem!

**AMEN.**

## TAMMUS BEWEEN, EN DIE SON VEREER

(VOORBEREIDING)

**LEES**: *Eségiël 8.*

**TEKS**: *Eségiël 8:14, 16, 17.*

“BREEK deur die muur van jou tempel, Eségiël, breek deur die mure van jou eie kerk na sy geheime kamers, breek die mure van julle verborge harte, o tempelgangers en julle sal die gedrogte van gode daar aantref wat terwille van die politiek van ons eeu vereer word. Wie sal dan nog die billikheid van Gods toorn betwyfel?” Dit was die boodskap van die eerste gedeelte van Eségiël 8.

In die tweede gedeelte lei die Here Eségiël aan sy kuifhare na die buitenste voorhof se Noordepoort en toon hom vroue wat die Tammus beween. Daarna lei Hy hom na die koperaltaar, en daar staan 25 jong manne met hulle rug na die tempel gekeer, en hulle buig weg van die tempel af na die ooste voor die sonne-god, voor die son wat verafgood word.

By hierdie twee laaste growwe gruwels wens ons nou u aandag te bepaal:

Ons spreek dan oor:

I. Die vroue wat Tammus beween — sieklike liefde (vers 14);

II. die jong manne wat voor die son buig — die vals geloof en belydenis (vers 16), en

III. by die *geweld* waarin die samesmeltingsgodsdiens hom op die breë terrein van die lewe openbaar (vers 17).

I.

Tammus beween deur die vroue van die stad aan die Noordpoort van die buitenste voorhof van die tempel — sieklike liefde!

Tammus beween! Die gode wat die oudstes in die geheime kamer bewierook, is hoofsaaklik *Egiptiese gode.* En die sonnegod waarvoor die jongmanne daar by die verplaaste koperaltaar neerbuig, is ŉ *Assiriese god.* En Tammus, Tammus wat die vroue daar by die Noordpoort van die buitenste voorhof beween, is ŉ *Asiatiese god.* Hier in die stad, ja, hier in die tempel met sy voorhowe — so toon die Here God vir Eségiël, die mensekind — hier in die tempel-

voorhowe en -poorte word gehuisves, vereer en bely en beween Egiptiese gode, Assiriese gode, Asiatiese gode, tesame met die gode van Kanaän: Baäl en Astarte. Deur ou manne, deur jong manne, deur vroue! Hier het u ŉ sameraapsel van allerlei godsdienste.

Wat is die motief van dit alles? Vers 12 sê dit: Hulle het gedink: "Die HERE sien ons nie, die HERE het die land verlaat". *Dit beteken nie: die HERE sien nie dat hulle kwaad doen nie.* Nee. Hulle gee hiermee te kenne dat die HERE, die troue Verbonds-God, *ontrou* geword het. Hy het van hulle af weggegaan en die land aan Assiriërs en Babiloniërs prysgegee. Ontroue Verbonds-God, Hy het somaar weggetrek van ons af! Kyk, die Assiriërs se gode bly nog by hulle. Die Egiptenare se gode bly nog by hulle, maar Jehowa het ontrou geword, Hy kyk na ons nie meer om nie. Hy het die land somaar verlaat. En dit sonder rede, want ons het nog gedurig sy offers gebring. Wat staan ons nou anders te doen as om ons te wend tot die Egiptiese en die Assiriese gode? Trouens, die gode is ook net so goed en eintlik nog beter as die ontroue Jehowa, wat sy land troueloos verlaat het.

Gemeente, dit is samesmeltingsgodsdiens. Hy teer welig ook in die twintigste eeu. Ons sien dit soos ŉ vloedgolf oor die aarde. Europa en Amerika en ook ons land kry bewondering vir die Indiese godsdiens. Boeddha en die Boeddhisme word sterk aangehang. En menige Afrikaner is in murg en been Boeddhis, vol bewondering en innerlike verering vir Ghandi. En daar is toenadering in ons land na die Boeddhisme, wat te verkies sou wees bo die Christendom. En die gees werk nou nie meer net daar in die verfynde kringe nie. Hy betrek nou die kerklike publiek. En jou lidmate sien geen kwaad in die samelewing met die Indiër nie.

In Duitsland verval die Duitse Christene in die ou Germaanse heidendom en word die Christendom openlik bestry in die kerke.

In Italië is daar die verheerliking van die oorlogsgod — oorlog terwille van die oorlog wat ŉ nasie red en sterk maak. En die politieke lug van die twintigste eeu deurtrek ons, en ons begin met die verheerliking van Nasionaal-Sosialisme, Fasjisme, Boeddhisme terwille van die politiek van ons tyd. En die Christendom met sy Christus kom in totale diskrediet. Die Christus het in ons twintigste-eeuse lewe en met name in ons politieke lewe weinig te sê, en liefs moet Hy niks te sê hê nie. Laat Christus swyg oor die dinge van ons dag, want Hy deug nie meer nie! Maar ons sal darem nog gereeld vir Hom offer, vier maal per jaar, soos Israel sy jaarfeeste nooit laat ophou het nie. Ons sal kerk toe kom en Nagmaal gebruik, maar ons harte is veelal die Christus ontvalle. As die Here onse God met sy profetiese Woord ons aan ons kuifhare gryp en ons in die boesemgedagtes van die gemeentes rondlei, by die poorte van ons alledaagse gesprekke, dan sal by kerkgangers aangetref word: Indiese gode, Germaanse gode, Romeinse gode, Empire-gode. Samesmeltingsgodsdiens terwille van die politiek, net soos by Israel. Growwe gruwels wat die Christus vertoorn sodat Hy van sy heupe af ondertoe vir ons ŉ verterende vuur word, en dit billikerwys. Ons het op die barmhartigheid van Christus geen reg nie, tensy ons dié dinge afsweer! Tensy ons die sinkretisme vervloek en in ons hele lewe, in ons hart en in die besonder in die twintigste-eeuse politiek vir Christus alleen plek het. Christus, Christus alleen moet u, kerkgangers, Nagmaalgangers, diep in u hart omdra. Moet nie met ŉ hart sonder Christus in u lewe, met ŉ hart vol samesmeltingsgodsdiens die kerk besoek en Nagmaal wil gebruik nie!

Ag ja! Dit is al erg! Maar nog erger dat dit vir die vroue van Jerusalem nie genoeg was nie. Samesmeltingsgodsdiens moet nog verder en deurtastender deurgevoer word. Tammus, dié ontvang nog ŉ te klein aandeel by die tempel. Wat was Tammus die Asiatiese god? Hy was ŉ tipiese natuurgod, die koringgod aan wie die vierde maand van die jaar (Junie, Julie) gewy was. Hy was die vergoddeliking van die uitbottende lewe van die koringkorrel. En as die mans die koring afoes, dan word Tammus beween. Sy uitgegroeide lewe word afgesny, en dan daal Tammus af in die onderwêreld om hom daar weer met moeite te ontworstel aan die

magte van die duisternis. Die volgende jaar bot Tammus weer uit in die nuwe koringkorrels. Tammus is dan weer "seun van die lewe". Die Tammus-diens staan in noue verband met die Astartediens. Tammus is die geliefde van Astarte, die vleeslike wellusgodin. En soos die mans Astarte vereer, so soek die vroue na Tammus in hoerediens.

En nou was die samesmeltingsgodsdiens vir Jerusalem se vroue nog nie genoeg nie! By die Egiptiese en Assiriese gode moet ook nog kom die Asiatiese Tammus en dit ook terwille van die politiek! Kanaän lê nie net tussen Assirië en Egipte nie. Ten noorde lê die wye Asië. En die vrou in die politiek is ŉ faktor van invloed! En vir die Jerusalemse vroue is dit nie goed dat Tammus nie ook hier vereer word nie, of altans nie genoeg nie. Kyk daar sit hulle, by *die Noordpoort van die buitenste voorhof van die tempel* en beween Tammus. Tammus, ag, Tammus, sal die heilsdag tog nie spoedig aanbreek dat ook jy diep binne die poort van die tempelvoorhowe sal ingelaat word nie? Tammus in sy verweg-wees beween!

O, die Christus word in die samesmeltingsgodsdiens verwerp, nie net deur die man, die ou mans nie maar ook deur die vrou in haar politieke drywery! *Christus verwerp* nie net met ŉ manlike verwerping nie maar ook met ŉ vroulike verwerping. *Christus verwerp* nie net deur die ruwe geskreeu van die Joodse massa nie wat uitgeroep het: "Laat Barrabas los en kruisig Jesus" maar ook deur die vroue toe hulle langs Hom geloop en ween het na Golgotha. *Christus, onse Here, verwerp,* nie net met soldate-gespot en -gelag nie maar ook met vrouetrane. *Christus verwerp* met die mag van die hel en met die gevoeligheid van die vrou. Christus verwerp op alle maniere. Met haat en met *sieklike liefde.* Tammus beween! Ween oor julle sonde! Ween oor julleself. Christus wil ook nie beween word nie maar bely word.

O, as Gods hand ons aan die kuifhare gryp en in die boesem van die gemeente rondlei, dan sal die vroulike verwerping van die Christus by Israel terwille van die politiek ook hier aangetref word. Tammus moet ook in die kerk ŉ plekkie gegun word. Die Christus — ag, Hy is ook vir die vrou nie goed nie. Die "offisiële kerk" met sy Christus-prediking het die pad *verlaat.* Die prediking is teen ons, nou kies ons maar ander lossers!

Mag ons só met trane Christus sag eenkant toe stoot in ons lewe, ons politieke lewe, en dan darem tog Christus se dood ook weer kom gedenk?

Dit sal ŉ growwe gruwel wees, wat Christus van sy lende ondertoe vir ons ŉ vuurvlam laat wees, strawwende geregtigheid. Dit sal sy barmhartigheid van ons laat wegwyk hemelwaarts. Breek deur u hartmure, ondersoek of u nog die Christus in u hart omdra en Hom bely. Dan kan u tot sy ere dankbaar feesvier!

II.

Maar daar is nog ŉ erger gruwel. Gruwel op gruwel, van kwaad tot erger. Kyk, vlak by die koperaltaar binne in die binneste voorhof waar geoffer word, daar staan vyf-en-twintig jong manne met hulle rug na die tempel, en hulle buig ooswaarts ter ere van die opkomende son, terwille van die politiek, om die Assiriese sonnegod, die liggod, gunstig te stem vir stad en land. Ag, gemeente, waar moet dit eindig as dit die houding is van die jongere geslag?

Ag ja, die oudstes steek hulle kwaad behendig weg. Hoe ouer ŉ mens word, hoe meer onderduims word jy as jy nie waarlik die Christus bely nie. Want, kyk, die sewentig oudstes vereer die Egiptiese gode daar onder in die geheime kamer in ŉ misteriediens.

Die ou mense, as hulle die Christus verwerp terwille van die politieke omstandighede, dan doen hulle dit nie so brutaal openlik nie. Nee, hulle doen dit só dat ŉ mens dit nie somaar met die vinger aanwys nie.

Die vroue verwerp die Christus weer nie soos die oudstes in die geheim nie. Want ŉ vrou praat graag, en sy praat haar mond verby. Sy sê die dinge somaar by die poorte en selfs by die

buitenste poorte vir die groot publiek.

Maar die jongere geslag is somaar *brutaal* in hulle Christusverwerping terwille van die politiek! Hulle verwerp Hom nie in die geheim soos die oudstes in ŉ geheime kamer nie! Ook nie soos die vroue, darem bietjie weg van die tempel af, al is dit nou in die wye publiek nie, nee, die jong manne verwerp Hom somaar vlak voor die tempel, vlak naas die koperaltaar binne in die binneste voorhof. Christus, die Lig van die wêreld wat van die Hemele geopenbaar is, word somaar brutaal verwerp, die rug word die kerk en belydenis toegekeer, en die aangesig word gebuig voor die sonnegod van die aarde, voor die liggod van wêreldwysheid en voor die wêreldideë en wêreldleringe, ideologieë wat vir die jong hart mooier lig gee as die ou Bybelse Christus.

Ja, as Gods Hand ons aan ons kuifhare moet gryp en vir ons die dinge in die boesem van die kerk toon, dan sal ons die gruwel sien van die veragting, die brutale miskenning nie net van geloof en belydenis nie maar ŉ brutale vals geloof wat ander dinge en anders glo en bely as wat vir ŉ Christen nodig is om te glo en te bely. Dis *vals* om kerk toe te kom, dis *vals* om Nagmaal toe te kom, en soos die vyf-en-twintig jong manne binne in die binnenste voorhof die HERE, die Christus die rug, die nek toe te keer terwille van politiek! En met geloof en vertroue te sit in die Gryshempbeweging of die Swarthempbeweging of die Rasionalisme of die Sosialisme of die Liberalisme of die Modernisme — die wysheid van die wêreld. Dis brutaal vals. Wie na die tempel en tempelfeeste kom, moet in die Here glo en Hom bely! Wie na die kerk kom en na die Nagmaal, moet in die Christus glo, die Eniggebore Seun van God onse Here, en die Drie-enige God en in Hom alleen. Nie met die rug na Christus en die gesig na die wêreld nie!

Daarvan moet u vandag by uself verantwoording doen, jonge broeders en susters, en daarvan moet voor die gemeente en voor God rekenskap gegee word. U staan hier by die altaar van die lofoffer in die binneste voorhof, en vir Wie kom u offer? Staan u nie dalk met u rug na die Christus en met u gesig na die wêreld nie? Is daar geen valsheid in u hart waar u hier verskyn nie? Glo u die Heilige Skrifte en in die Christus van die Skrif? Beween u nie dalk vir Tammus nie in plaas van om u sonde te bely en te treur oor u ongeregtigheid? Hier mag ons nie kom met ŉ sieklike liefde wat treur oor die wêreld nie maar met ŉ hartlike liefde, met ŉ sterk begeerte, met ŉ honger en dors na die geregtigheid, na Christus, ons Verlosser. Hier mag ons nie kom met ŉ vals geloof nie maar met ŉ *ware geloof* in die Son, nie van die wêreld nie maar in die Son van geregtigheid, Jesus Christus, wat ons teëvonkel en teëskitter uit die openbaring van God! In Hom moet ons dan nie net glo ter geregtigheid nie maar sy Naam ook bely ter verlossing. Dan kan ons Nagmaal gebruik! Maar dan moet ons ook nie die geweldlewe voer wat voortkom uit die sieklike liefde en vals geloof nie maar ŉ belydende lewe.

Laat ons ten slotte u aandag by hierdie derde saak bepaal.

III.

Die samesmeltingsgodsdiens, geliefdes, bly nie net in en om die tempel nie, maar hy openbaar hom op die breë terrein van die lewe. Skriklike gedagte dat die Here vir Eségiël nog ŉ erger gruwel toon terwyl Hy die mensekind aan sy kuifhare beet het! En dit is dat dit vir die huis van Juda te gering is om al die *godsdienstige* gruwels te doen; hulle gaan verder, en op sedelike gebied vervul hulle die land met geweld en terg hulle die Here nog meer. En hulle hou die boomtak voor hulle neus. Ongelukkig kan ons tot vandag toe nog nie die presiese verklaring van die boomtak voor die neus gee nie. Ewenwel, ons het genoeg aan wat ons van die eerste deel van die vers verstaan. Die land is vol geweld! O, waar die liefde sieklik is en die geloof vals is, daar heers die geweld. Daar is geen saambinding en opbouing van land en volk nie maar afbreking en verwoesting van die lewe! Samesmeltingsgodsdiens met sy

sieklike liefde vir ŉ vals geloof van die wêreld is nie net ŉ *besigheidsgodsdiens* wat selfsugtig welvaart soek tot met die einde soos ŉ vorige hoofstuk ons wys nie, maar dis ŉ *godsdiens van geweld;* dit leef hom uit in onderdrukking en oorheersing, in regsverkragting en magsmisbruik; dis ŉ lewe wat vloek met die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het. ŉ Onchristelike leer en belydenis bring noodwendig ŉ onchristelike lewe met hom mee. Die land is vol geweld. Ja, u sal dit nie somaar uit u eie sien nie. U sal vra: wat skort daaraan? Die mens billik dit! Maar as God die profeet aan sy kuifhare te pakke het, hom wakker skud, as God hom die profetiese Woord gee, dan sien hy in die ganse land net geweldpleging. Dis *geldgeweld* — misbruik van die geldmag. Dis *besigheidsgeweld,* wat deurbreek en selfs mensesiele en mensestemme verkoop. Dis *werkgeweld,* magsmisbruik om, as jy nie saamstem nie, jou dan met magsmisbruik nie werk te gee nie. Dis *besitgeweld,* wat as jy met die samesmelting nie saamgaan nie, jou dan met magsmisbruik van besitting onthou. Dis *gewetensgeweld* om met magsmisbruik, as jy nie ook met die sinkretisme saamstem nie, aan jou as arbeider of huurder te sê: dan moet jy opstaan en weggaan! Geweld teen die amp, teen predikante en ouderlinge. Dis *hou-jou-bek-geweld* om met magsmisbruik die vryheid van die woord te belet. Dis *onderwysgeweld* om wederregtelik, met magsmisbruik, alle onderwys in die gees van die samesmelting te dwing. Dis *taalgeweld* om met regsverkragting deur magsmisbruik jou taal te onderdruk. Dis *kerkgeweld,* want ook die kerk word bedreig met bedanking as hy nie plek maak vir samesmelting nie, en traktement sal ook nie gegee word nie!

*Geweld* — "dat hulle die land met geweld gevul en My nog *meer* geterg het," sê die Here! Dis *onchristelik,* want wie met ŉ ware geloof Christus ingelyf is en sy weldade aangeneem het, is vry met die vryheid van Christus. Nie met die vryheid van die wêreld, wat losbandigheid van die vlees is nie. Maar dis die vryheid wat die Hervorming op grond van Gods Woord uitgeroep het. Vryheid van handel en wandel voor Gods aangesig. Vryheid van volke en tale, vryheid van woord en van pers, vryheid van onderwys. Vryheid van gewete, waardeur geen mens oor jou geweld oefen nie en waarin jy absoluut gebonde is net aan Gods Woord. Dis die vryheid van die Christenmens dat tussen sy siel en sy God net Christus staan en Christus alleen met sy profetiese Woord. Dis die vryheid waarmee elke wedergebore siel aan Christus alleen gebonde is, gekoop met sy bloed en van harte gewillig en bereid gemaak om voortaan sy lewe dankbaar aan die Here te wy.

Wie na die Nagmaal toe kom, geliefdes, moet nie met ŉ sieklike liefde oor die wêreld treur terwille van die politiek nie. Maar hy moet oor homself treur en sy ellende ken! Hy *moet nie* vals glo en valse redders en verlossers van die wêreld bely terwille van die politiek nie! Nee, hy moet sy verlossing ken in Jesus Christus, die enigste Verlosser wat daar vir die wêreld gegee is en deur wie verlossing te verkry is. En ten derde: hy moet nie geweld oefen in die land en gewetens verkrag terwille van politiek nie, maar hy moet van harte gewillig en bereid wees om voortaan vry van vreemde geweld en geweldoefening onder koning Christus, gebonde net aan sy Woord te leef in liefde tot sy naaste.

Gemeente, dit is die drie stukke wat vir ŉ sondaar nodig is om salig te kan leef en sterf. Die waarheid in die Heidelbergse Kategismus uitgespreek. Dis die drie stukke waarin die waaragtige beproewing tot die Heilige Nagmaal bestaan. Dit is die belydenis van ons geloof. Dit is die profetiese Woord. Laat die wat ore het, dit hoor en glo, Christus, die gekruisigde, begeer en toetree tot die tafel van die Here tot versterking van dieselfde geloof.

**AMEN.**

## DIE TEKEN VAN DIE KRUIS

(BY DIE NAGMAAL)

**LEES**: *Eségiël 9.*

**TEKS**: *Eségiël 9:4, 11.*

NADAT die Here die billikheid van sy toorn geregverdig het deur die growwe gruwels aan te toon, wil Hy nou sy bedreiging oor tempel en stad in vervulling laat gaan. Die vervulling van die bedreiging toon die Here aan Eségiël, wat nog steeds in die gees daar in Jerusalem verkeer.

En soos hy daar in die gees verkeer, hoor hy hoe die Here hardop sy gerigsdienaars met hulle verwoestende wapens oproep. Die Here sit op sy troon, soos Eségiël dit in die heerlikheidsverskyning van die Kebarrivier gesien het. Maar wat sterk opval, is dat die Here nie meer in die Allerheiligste bo die verbondsark met die versoendeksel troon nie. Na Israel se verbondsbreuk vertoef Hy nie langer met sy heerlikheid in die tempel nie. Israel se heilige God kan nie gemeenskap hou met growwe gruwels nie. En so het Gods bewegende troonsetel, wat net in genade op Sion neergedaal het en allermins aan die tempel gebonde was, reeds die Allerheiligste vanwaar Hy nog altyd tot sy volk gespreek het, verlaat. Die heerlikheid van die God van Israel het opgerys van die gerub waar dit op was, en het nou die drumpel van die tempel bereik as ŉ teken dat straks die laaste band deurgesny en die tempel aan die vyand prysgegee sal word.

Dan roep die Here God hardop sy geregsdienaars met hulle verwoestende wapens: Kom nader, geregsdienaars van die stad! En dan verskyn uit die noorde met die pad van die Boonste Poort sewe geregsdienaars. Een van die sewe is met linne bekleed. En dis vir hom wat die Here op die laaste moment, terwyl sy heerlikheid op die drumpel vertoef en die tempel nou net wil verlaat, opdrag gee om ŉ *teken* te maak op die voorhoofde van die manne wat in die stad sug en steun oor al die growwe gruwels wat daarin gedoen word.

Op hierdie uiterste genadebetoning aan die wat *sug* en *steun* oor al die growwe gruwels, wil ons u wys by ons Nagmaal viering En ons let:

I. Op die HERE wat die bevel gee om die sugtendes te merk;

II. op die man met die linnekleed wat op hulle voorhoofde ŉ teken maak, en

III. op die kruisteken self.

I.

O, gemeente, wat is dit aandoenlik dat die HERE God, wat alreeds sy troonsetel van die ark met sy versoendeksel opgehef het en nou op die drumpel van die tempel staan, wat reeds sy geregsdienaar hardop geroep het, op hierdie uiterste moment nog sy genadebevel gee om die wat sug en steun oor die stad- en tempelgruwels, ter beskerming en ter beveiliging teen sy gewisse oordele te merk! Hoe leer ons hier in die eerste plek die HERE God tog heerlik ken as ŉ troue Verbonds-God! Die genade gaan nie van die man met die linnekleed en die inkpot uit nie. Die genade gaan nie van die Christus uit nie — die man met die linnekleed is die Christus voor sy vleeswording — Christus is nie die Bewerker, die Ordineerder van die genade nie! Hy is die Uitwerker, die Verdiener van die Verlossing. Van die genade is die HERE as Verbonds-God die Bewerker, die Besteller! Onse HERE, onse Verbonds-God is dit wat so genadig en goed is. Hy is goed en Hy is getrou! Christus as Middelaar maak God Drie-enig nie eers goed en genadig nie. Hy koop nie vir ons Verbonds-God die reg om genadig te wees,

soos die Remonstrante verkondig het nie. Christus koop óns vry van straf maar nie as Middelaar vir God die HERE die reg om genadig te wees nie. Hy maak onse HERE nie goed vir die berouvolle sondaar nie. Nee — o oneindige goedheid Gods! — God die HERE *is* goed. *Hy* roep en stuur die man met die linnekleed. *Hy* beveel Hom om die sugtendes te merk op hulle voorhoofde! Hy is dit wat — al is dit al op die drumpel van die tempel — nog sal staan en nog sy oordeelsvoltrekking sal inhou as Hy maar net mense sien wat sug en steun oor die gruwels, hongeriges en dorstiges na die geregtigheid.

O, by die Nagmaalstafel moet Gods goedheid deur ons geprys word, van nou af tot in ewigheid.

Maar, gemeente, u leer hier nie net God, onse Here, in sy genade-goedheid ken nie! Hier kom u ook te wete hoe u as sondaar gered word uit die uiterste nood. Gered word, ja, *net* gered word, as daar by u ŉ gesug en ŉ gesteun oor u sonde is. Net gered word! Tussen u redding en Gods gerigsoordeel is nie eens ŉ skrede nie! Dis enkel die drumpel. Daar is geen goeie werk nie. Daar is geen loon nie! Daar is geen eie waardigheid nie. Daar is geen eie geregtigheid nie. Daar is tussen ŉ siel en die gerig Gods enkel die drumpel. Ja, dis van ons sondaarskant gesien! Soos van Gods kant, van sy verbondsgenade besien, is sy goedheid oneindig en deur niks te bepaal of te beperk nie, want God is goed, ewig goed, oneindig goed! Volmaak goed! Maar van die sondaar se kant besien, is daar enkel die drumpel, en Gods straf gerig is daar! O, Nagmaalganger, so moet u tot u HERE genaak! Tussen my sondige siel en Gods strafgerig is daar nie eens ŉ skrede nie — daar is enkel ŉ drumpel!

Maar daar is nog ŉ heerlike en troosryke kennis wat ons hier van onse HERE kry. En dit is dat Hy sy heilige en billike strafgerig deur sy geregsdienaars só laat uitoefen dat sy goedheid nie die minste geskend word nie. Sy heilige geregtigheid en sy barmhartigheid stry nie met mekaar nie. Sy gerig is nie ŉ brute, wilde slagting nie. God is nie soos die bomwerpers wat somaar alles verwoes nie. Nee, dis regmatig en alwys. En sy wysheid in sy strafgerig en in sy genadebetoning openbaar Hy in sy Heilsbode, in die man met die linnekleed en die inkpot.

## II.

Laat ons in die tweede plek kortliks op Hom let. Hy is die Wysheid van God wat ons geopenbaar sien. Hy onderskei Hom van die ander ses geregsdienaars eerstens daarin dat Hy onder hulle is, dat Hy in hulle midde is. Hy is die eerste onder hulle, die Vors van die leer van die HERE. Hy is die aanvoerder onder hulle. Hy is, soos Johannes op Patmos gesien het, die Ruiter op die wit perd, terwyl die rooi perd, die swart perd en die vaal perd slegs sy agterryers is. Die ses geregsdienaars moet Hom slegs volg. Die geregsdienaars sal eers dan optree as sy genade gruwelik verwerp word. Eers as Hy nie ontvang word in gelowige aanname nie, eers dan sal die geregsdienaars met hulle verwoestende wapens al die Christusverwerpers neerwerp. Daarom moet u by die Nagmaal die Christus gelowig aanneem met al sy weldade. Want Hy dra ŉ linnekleed, dit wil sê: Hy is van hemelse oorsprong, en Hy dra self nie ŉ verwoestende wapen soos die geregsdienaars nie. Hy het gekom om te red. Hy is die enigste Redder en Verlosser. Verpletteringswapens het Hy nie maar ink en pen. Hy kom tot u met sy Heilige Skrif, wat van Hom getuig, met sy Gees en Woord om sy Evangelie uit te roep, en met sy teken. Om te verderf is Hy nie gestuur nie maar om tot redding aan te teken, om tot beskerming aan te merk. En voordat Hy die stad nie deurgegaan het om dié wat gespaar moet word, te merk nie, sal die geregsdienaars geen strafgerig voltrek nie. Die Here God staan op die drumpel van die tempel, en die gerigsdienaars wag totdat die Christus al die sugtendes gemerk het. Dis die sugtendes, die berouvolles wat Hy ook nou kom soek. Hulle merk Hy. Húlle kom Hy teë met sy weldade. Húlle vertroos Hy. Húlle vergeef Hy al hulle misdade. Húlle bring Hy in gedagtenis voor Gods troonsetel om hulle van die strafgerig te red. Húlle wie se name Hy in Gods Raadsboek in die hemele gelees het, die uitverkorenes, kom Hy

merk ter verlossing van die komende toorn Gods. En Hy keer nie terug uit die stad vóór en aleer Hy nie die laaste een gemerk het wat gemerk moet word nie. Halwe werk, gebrekkige werk doen Hy nie. Sy rapport lui kortweg: Ek het gedoen soos U my beveel het! Dit is volbring!

Wat ŉ salige troos dat die Christus sy kerk so volkome vergader, beskerm en onderhou en dat nie een ongemerk agtergelaat word na Gods volmaakte vrye welbehae nie. En Hy doen dit vandag nog deur die kruisteken wat in die Nagmaal vir ons verkondig word.

III.

Laat ons in die derde plek let op die gewigvolle merkteken waarmee Hy sy gelowiges, die wat sug vanweë die growwe gruwels, gemerk het. Die teken waarmee die man met die linnekleed merk, is die *kruisteken op die voorhoof.*[1] Dit is van ryke betekenis. Die teken is ŉ teken dat die gemerktes intree in die regte en verpligting van die verbond. Dis ŉ gemeenskapsteken. Aan hulle word die genadige reg verleen deur die kruisteken dat hulle in Gods strawwende geregtigheid verbygegaan sal word! Dit was die aanvanklike reg. Want die kruisteken was ŉ liggende kruisteken. Hy het nie op een punt gestaan nie maar op twee punte gelê teen die voorhoofde! So was dit onder die ou Verbond. Dis dan nog meer ŉ teken van verbondsbeskerming, van uitredding teen die regmatige strafgerigte. Maar as die Christus vlees geword het onder die Nuwe-Testamentiese bedeling, dan is dit ŉ opgerigte kruis, dan staan die kruis en spreek van oorwinning en dus nie net van blote beskerming nie maar van herstelling in die volle kindsgemeenskap in die verbond. Die brood wat gebreek word, en die wyn wat uitgegiet is, verkondig vir ons vandag die krag van die oorwinnende, opgerigte kruis van Golgota en beteken en verseël aan ons algehele herstelling in die kindsgemeenskap om Christus wil, want Hy het aan die kruis gehang.

Die kruisteken, geliefdes, moet dan gemaak word op die voorhoofde van die wat sug en steun oor al die gruwels wat daar in die stad gepleeg word en waarvan hoofstuk 8 spreek. Let daarop: die teken moet nie aan hulle voorhoofde gemaak word *omdat* hulle sug en steun oor die gruwels nie! Asof hulle die teken sou verdien of waardig sou wees deurdat hulle sug en steun! Nee, die teken word op hulle voorhoofde gemaak *omdat* die Here God so gelas, omdat God dit so verkies as Verbonds-God. Daarom en daarom alleen. Dit is die uitkoms, die gevolg, van die verkiesing Gods, die gevolg van die aanwysing Gods dat hulle steun en sug. En hulle het God na sy vrymagtige welbehae in sy verbond opgeneem. Daarom moet hulle die teken op hulle voorhoofde ontvang. Hier word ons voorgehou die Verkiesing van God langs die verbondsweg. En die uiterlike kruisteken is ook nie *oorsaak* dat hulle sug en steun oor die sondegruwels nie. Nee, die uiterlike teken kom beeld net aan hulle af en verseël aan hulle Gods sparende genade.

So is dit immers ook vandag nog met die Heilige Nagmaal as teken van Christus se kruisgemeenskap. Die Nagmaalsteken is nie die oorsaak van ons sondeberou, van ons sondebelydenis nie. Dat ons berouvol steun oor ons sonde, dit het sy grond enkel in Gods vrymagtige verkiesende genade. En ons ontvang ook nie die Nagmaalsteken omdat ons so goed berou het oor ons sonde nie, asof ons Gods genade sou verdien deur ons sugtende, berouvolle hart nie. Geensins. Dat ons berou het, is reeds die uitkoms van Gods genade. En *nou kom God die reeds vasbeslote genade, wat sy vrug in ons openbaar, nader aan ons verseël in die Heilige Nagmaal.* Ag, mag ons dit tog verstaan, ook uit hierdie profesie!

Maar, geliefdes, ons moet verder daarop let dat die teken so ŉ uiters *persoonlike* teken is. Hy word aan die voorhoof van elkeen wat *sug, toegedien.* By die uittog uit Egipte is die

---

[1] Die vorm van die teken word in die teks aangewys deur ŉ Hebreeuse letter wat in die oud-Hebreeus die vorm van ŉ liggende kruis gehad het (*X*) — RED.

bloedteken aan die deurposte aangebring maar hier aan die persoon self. Dit wys ons op die geloof, die *persoonlike geloof,* waardeur elkeen Christus ingelyf word, en die persoonlike geloof waarmee elkeen Christus se weldade moet aanneem. Die persoonlike belydenis van die geloof en die persoonlike berou oor die sonde. O, hier na die Nagmaal moet elkeen persoonlik kom. Niemand kan hier in u plek tree nie.

En die teken is verder nie verborge nie maar openbaar aan die voorhoof. Die berou oor die sonde, die gesug oor die stads-gruwels moet nie ʼn geheim wees nie. Nee, dit moet duidelik uitkom, elkeen moet dit op die voorhoof kan lees. Ag, kom nie na die tafel van die Here as u maar net in die geheim by uself u sonde bely nie. Van sulke mense lees ons nie dat hulle gespaar is nie. Wie die teken nie openlik op sy voorhoof gehad het nie, moes deur die geregsdienaars getref word.

Maar as die gesug openbaar was, dan wil dit tog nie aandui dat dit uiterlik was nie. Nie ʼn uiterlike gesug en gekreun nie! Nee, die woorde gee te kenne ʼn *innerlike* lyde, ʼn hartseer, ʼn geestelike hartpyn, ʼn geestelike leed. Wat openbaar word van die gesug en gesteun, moet innerlik waar en waaragtig wees. Dan stuur die Here die man met die linnekleed, ons Here Jesus, tot die siel om aan die siel sy reddende genade te verseël. Dan het die gebreekte brood en die vergote wyn betekenis van heilsgemeenskap.

Bykomstighede val hier weg, geliefdes. Grysheid of oudheid tel by hierdie tafel nie. Jonkheid tel nie. Die horings van die altaar tel nie; die gebed tel nie. Eségiël se gebed word afgewys. Die tempel, die kerkgebou tel nie. Selfs die kerkbesoek tel nie. Skriklik is juis dit dat Gods oordeel binne-in die tempel begin by die oudstes en by die jong manne wat by die koperaltaar staan en by die vroue wat die Tammus beween. Die ampte tel dus ook nie. Die posisie verskoon nie. Al dié dinge is bykomstig. Wat tel, is of u die kruisteken ontvang het. Of u die kruis van Christus bely; of u die gekruisigde Christus deur die geloof deelagtig is, en of u die teken ontvang as vrug van u persoonlike geloof.

En dan nog net een punt. Waaroor moes die gesug en gesteun wees? Vers 9 sê dit: groot ongeregtigheid, bloedskuld en regsverbreking, en omdat hulle sê dat die Here die land verlaat het.

Dis oortredinge van die eerste tafel en van die tweede tafel van die wet — godsdienstige oortredinge en sedelike oortredinge. Maar, opmerklik, die Here plaas die tweede tafel van die wet voorop. En as u die voorbereidingspredikasie gehoor het, dan sal u dit verstaan. Dit was die samesmeltingsgodsdiens, nie terwille van godsdiens nie maar terwille van die politiek. Die omstandighede waaronder die sonde bedryf is, was die politieke toestand.

En nou plaas die Here die oortreding van die tweede tafel eerste: onderdrukking, bloedskuld, regsverbreking. En dit omdat hulle God prysgegee het, sê die HERE.

Jy moet jou naaste liefhê sê die Here, maar terwille van die politiek haat hulle mekaar, verdruk mekaar, verbreek selfs die reg — bloedskuld. O, ons is gou in vervoering oor die *waarheid.* Maar word daar ʼn vinger verroer vir die *liefde?* Die liefde vir jou naaste? Vir die liefdevolle vriendelikheid? Dit was die groot sonde: liefdeloosheid in Jerusalem. Dit is ons groot sonde: liefdeloosheid in die kerk, teenoor mekaar. Dit het Juda se oortredinge groot gemaak. Wat is die waarheid sonder die liefde? Ja, sê Paulus, al sou ek die gawe van die profesie hê en al die geheimenisse weet, al die waarheid weet, en ek het die liefde nie, dan sou ek niks wees nie, dan sou dit niks baat nie!

En, gemeente, is daar hartpyn, is daar hartseer, is daar harteleed oor die groot kwaad? Word daar gely oor die sonde van die gemeente? Word hier gesug en gesteun? En wel so soos u pas gehoor het: nie uiterlik nie maar eg en waar en openbaar? Vir diegene alleen wil die Here hier aan sy tafel teëkom met die teken van die kruis, om hulle sonde waaroor hulle

berou het, te vergeef en hulle van die vergiffenis te vergewis.

Mag die Here ons dit uit genade gee.

**AMEN.**

## "MY OOG SAL NIE VERSKOON NIE"

(NABETRAGTING )

**LEES**: *Eségiël* 9, *2 Konings 16:7-16.*

**TEKS**: *Eségiël 9:10.*

IN Eségiël 9, geliefdes, loop nog 'n tweede gedagtegang waarby ons u aandag wil bepaal vir ons nabetragting.

Ons het u in die vorige predikasie gewys hoe die bewegende troonsetel van God opgehef is van die ark met sy versoendeksel, uit die tempel uit wil gaan en net nog op die drumpel bly staan.

Maar daar is 'n tweede saak waarop ons u aandag moet vestig in hierdie selfde hoofstuk. In die tyd van Agas is die koperaltaar voor die tempel verwyder en na die noordekant verplaas, terwyl die koning Uria opdrag gegee het om, na die model van 'n altaar wat hy in Damaskus gesien het, 'n klipaltaar te bou waar die koperaltaar altyd gestaan het. Dit sal dan vir hom na sy keuse wees om verder te oorweeg wat van die koperaltaar sal word. Dit is nog die posisie waar die Here Eségiël in 'n visioen deur die tempel lei in die jaar 592 v. Chr.

Nou weet u, geliefdes, dat die brandofferaltaar voor die tempel en die verbondsark met die versoendeksel in die Allerheiligste deur God in onverbreekbare verband geplaas is. Die bloed wat van die altaar afdrup, moes gaan tot by die Verbondsark; en wat by die verbondsark oorbly, moes weer aan die voet van die altaar uitgestort word. Dat die beweegbare troonsetel van bo die gerubs op die versoendeksel opgehef word en by die tempel wil uitgaan, staan dus in oorsaaklike verband met die verwydering van die koperaltaar van sy plek af. Die gruwel wek God se jaloersheid so op dat Hy nie net uit die tempel wegwyk nie maar ook nog vanweë die ander gruwels van die stad sy geregsdienaars opgeroep het om met hulle verwoestingswapens te verskyn. Die gruwel veroorsaak dat God se oog nie meer wil verskoon en nie meer wil spaar nie. Die jong manne staan immers by die koperaltaar met hulle rug na die tempel; en hoewel hulle by die altaar staan, buig hulle ooswaarts na die son, terwyl die koperaltaar daar vér staan sonder vuur en sonder offerbloed wat daar afloop.

Ons wil nou kortliks u aandag bepaal by die ses geregsdienaars wat as Gods strawwende hand in die stad diegene slaan wat die merkteken van die kruis op hulle voorhoofde nie het nie.

Dan leer ons weer die Here God hier voor alles ken en nog nader ken. Twee gedagtes tree hier na vore:

I. Gods slaande hand deur middel van die ses geregsdienaars en

II. Gods niks sparende oog wat nie wil verskoon nie.

I.

Dis skriklike gedagtes, geliefdes. As Gods hand slaan, dan krimp ons ineen van pyn want ons weet Gods hand is sterk. Reeds die Egiptenare het respek betoon vir Gods vinger. Ons Here Jesus het gesê: God werp die bose uit met sy vinger. En God se hand? As Hy slaan,

slaan Hy raak. Die sondaar wat in Gods hand verval, sal kerm. Maar Gods oog is nog skrikliker. Gods oog, as dit nie vriendelik is nie, Gods oog as dit donker staan, is onheilspellend tot verderwens toe. Ag, u weet dit: ŉ ouer kan sy kind slaan — en dis bepaald nie aangenaam nie. Maar as die ouer se oog donker onheilspellend uitkyk, dan word dit vir so ŉ kind ondraaglik.

Gods oog kan vriendelik wees; Gods oog kan ook droewig wees; Gods oog kan barmhartig en lankmoedig wees. Maar Gods oog kan ook vlamme uitskiet, vuurstrale van toorn, en dan is dit gans seer skriklik.

Ag, Israel, jy het altyd gesing in Psalm 25:3:

*Dink aan my in mededoë,*
*as ek biddend voor U pleit;*
*milde hande vriend'like oë*
*is by U van ewigheid.*

Maar nou sal hulle dit nie kan sing nie. Nou is dit verander. Nou het dit geword slaande hande en grimmige oë. Maar dis nie omdat God verander het nie, want by Hom is daar geen verandering of skadu van omkering nie. Nie soos die sondige volk met hulle gruwels opmerk: "Die HERE het die land verlaat" om daardeur aan te dui dat die HERE, die Verbonds-God, verander en ontrou geword het nie. Maar Israel het ontrou geword. Hulle het die Here verlaat, sy altaar opsy gestoot, eenkant neergesit. En nou beskuldig hulle die HERE dat Hy sou verander het!

Nee, die slaande hande, die ses geregsdienaars — slaande hande van die Here is hulle — moet slaan omdat Israel verander en die HERE verlaat het.

En die slaande hande, die ses geregsdienaars, moet by die heiligdom begin. Die oudstes, die priesters, die Leviete moet eerste aangeval word. Hulle naamlik wat meewerk aan die verplasing van die koperaltaar. Hulle wat oor die gruwels nie steun en sug nie. Hulle wat met die kruis nie gemerk is nie. Hulle wat hulle hele lewe lank die heilige sakramentsteken verontagsaam en oor die sonde van die altaarverskuiwing terwille van die samesmeltingsgodsdiens nie treur nie.

Gemeente, daar is twee dinge waartussen ons moet kies. Net twee! ŉ Derde is uitgesluit. Jy moet jou sonde bely, jy moet die koperaltaar waarvan die bloed aftap, dit is die gekruisigde Christus, bely en die merkteken van die kruis ontvang, jy moet die Nagmaal gebruik. Anders kom God se slaande hande op jou hoof af.

Wat wil die Christene vandag? Die koperaltaar eenkant stoot, sonder offervuur en sonder offerbloed, en daarby kom staan soos die vyf-en-twintig jongmanne met ŉ vals geloof en belydenis, met ŉ buiging voor die sonnegod. Of wil u berou betoon oor die verskuiwing of uitstoting van die Christus uit die lewe en weer die koperaltaar op sy plek herstel, daarop offervuur van liefde aansteek en offerbloed van die Lam tot u versoening laat afsypel! Wil u die Nagmaal-sakrament handhaaf in u lewe of dit opsystoot? Wie dit in sy lewe nie wil doen nie — en dit oor die politiek, selfs partypolitiek — dié moet maar gerus voor Gods slaande hand beef.

Maar sal u sê: waarom tree God nie veeleer op teen die heidense heiligdomme waar Dagon, Bel, Ninoerta, Astarte, Kamos, Tammus, Sjamasj staan nie? Waar die skandseuns en -meisies verfoeilike werk doen nie? Waarom net so vreeslik teen sy tempel?

Die oorsaak hiervan lê in die deug van Gods liefde.

Ons hoef ook nie daaroor bekommerd te wees nie, want as die groen hout van Gods heiligdom nie gespaar word nie, dan sal gewis die dor hout van die afgodstempels knetterend in die vlamme verteer word. Die wêreld met sy sondetempels, met sy sondepaleise en teaters sal omkom in die vuurvlam van Gods regverdigheid.

Maar God sal sy eie afvallige huis verbrand in die vuur van sy liefde. Nie die kerk as sodanig nie. Nie die gemerktes nie. U het gesien dat aan hulle geen letsel mag gedoen word deur Gods geregsdienaars nie. O nee, die ware kerk, die gelowiges wat hulle saligheid van Christus verwag, gewas is in sy bloed, geheilig en verseël is deur sy Gees, dié sal nie aangeraak word nie. Maar wel sal die vervalste tempel, die afvallige kerk wat die koperaltaar eenkant toe stoot en wat wel ŉ gedaante van vroomheid na buite vertoon maar innerlik vervalle is, getref word. Gods liefde verdra dit nie om eenkant gestoot te word nie. Daarvoor is God te heilig jaloers. Geen altaar vóór sy altaar nie. Geen verlosser vóór Jesus Christus nie. Wat aan God behoort, is syne alleen, en sy eer moet aan die wêreld nie gegee word nie. Samesmeltingsgodsdiens moet sy altaar nie verdring terwille van die politiek nie. Samesmeltingsgodsdiens moet Christus nie opsy stoot terwille van politiek nie.

So ŉ kerk, so ŉ gemeente sal God met sy slaande hand, met sy geregsdienaars bykom. ŉ Kerk wat vir heidense gruwels die deure oopstoot terwille van politiek is erger as die wêreld. Dit is ŉ vals lading onder ŉ kruisbanier. Daarom begin Gods oordele by die heiligdom. Die wat in die heiligdom is, val eers. Al bevind hulle hul binne in die voorhowe, "by u altare", en al verwag hulle ŉ heilryke lot, Gods slaande hand, sy geregsdienaars sal hulle tref in die brandende vuurvlamme van sy heilige, jaloerse liefde. *Juis by die altaar* is dit die gevaarlikste plek, daar is die brandpunt van Gods oordeelsvuur. Die amp wat by die altaar vervals, die amp wat by die altaar staan en toelaat dat die altaar verplaas word terwille van samesmeltingsgodsdiens, terwille van politiek, Gods slaande hand sal hom of hulle eerste tref.

Daarom moet ons hier by die altaar waak. Ons moet nie kyk na oudstes of vroue of jong manne nie. Ons moet nie vir gevoelens waak nie maar vir Gods altaar in sy voorhowe. Want, o, as Gods hande slaan!

Die altaar is die brandpunt van Gods liefde. Die bloed wat neerdrup, wys heen na die bloed van Gods Seun. Die altaar is die plek van Gods uitgeputte liefde. Verder kan liefde nie gaan nie. God lê op die altaar sy *hart,* soos straks Gods Seun sy hart op die altaar van die kruis gebreek het. Hoe kan die profeet swyg as Israel soos ŉ wrede kind op die altaar trap, op Gods hart trap, op die Christus trap en Hom uit die lewe wegstoot terwille van politiek. Wie Gods altaarliefde in Christus met plomp voete en vuil hande vertrap en verstoot, wek ongenadiglik God se vlamme, sy toornende oog op, sodat Hy in der ewigheid nooit sal verskoon nie.

II.

Laat ons tweedens let op Gods oog, wat nie meer wil spaar of verskoon nie.

Gedurig word in die Heilige Skrif die lof besing van Gods oë. Die gelowige kind weet dat God vriendelike oë het. Die gelowiges se harte spring op as hulle die belofte van God ontvang: My oog sal op jou wees om jou te bewaak! Ag, hoe bid die kind van God nie om Gods oog nie! Hoe het Salomo nie gesmeek nie: Here laat u oë oop wees dag en nag oor hierdie huis. En die Here het deur sy profeet (Jeremia) beloof: Ek sal My oog op hulle stel ten goede.

Maar nou is Gods geduld uitgeput. So sê hy dit vir Eségiël. God *kan* Israel nie meer vriendelik aansien nie. Nog meer: Gods oog kan Juda nie meer verskoon en nie meer spaar nie, naamlik dié wat die merk van die kruis nie ontvang het nie, die wat die gekruisigde Christus nie bely nie, hulle wie se harte nie pyn voel as Hy eenkant toe weggestoot word nie. Diegene is dit wat Gods oog in sy vuurtoorn nie meer wil verskoon nie. Wat beteken dit as Gods oog

toornig is? Dit beteken dat Gods *hart* vergramd is. Dat Gods *siel* walg. Dat sy oneindige liefde plek gemaak het vir sy toorn. En wat moet nou oorbly van ŉ arme sondaar as God nie meer lief het nie? Al ons saligheid is juis in Gods liefde geleë.

As Gods hand ons tydelik nog seën, dan sê ons dat ons voorspoed het. Dan verwar ons voorspoed of seën met sukses. Baie wat ons nog as seëninge aanmerk, is al die begin van Gods vloek.

En as Gods hand ons nie slaan nie, moet ons daarom dan al sê: dit gaan goed? Ons moet mos nie net by Gods hand, by sy gawes leef nie! Ons moet by Gods oog leef, voor Gods aangesig. Wat sal dit ons gee as ons hier ŉ tydlank net Gods hande, sy goedere en sy gawes ontvang en ons leef ver weg onder sy oog uit? Ver weg van Gods hart, sy altaar, sy gekruisigde Christus, ver weg van sy liefdesgemeenskap. Ons is mos nie die heidene wat hulle gode dien net terwille van welvaart nie. Dit was Israel se sonde. Dis juis die samesmeltingsgodsdiens wat nie Gods liefdesgemeenskap soek nie maar net welvaart.

Waarom leef ons so oppervlakkig? Omdat ons oog van God af weggewend is soos die 25 jong manne by die altaar. Ons kyk weg van God af en soek welvaart, politieke welvaart.

Daarom is ons gebedslewe ook flou. Want in die gebed kom ons juis voor Gods aangesig staan, voor sy oog om nooddruf te begeer. Wie nie by die altaar staan waar die bloed afdrup en daar met sy oog vragend in Gods oog kyk nie, hy bid nie! Hoe kan ons bid as ons terwille van politiek ŉ samesmeltingsgodsdiens handhaaf en Gods altaar, die gekruisigde Christus, wegstoot en van God af wegkyk! Ons is besig om die hart van ons godsdiens uit te sny, geliefdes, en om die vorm in die kerk oor te hou. Die predikant moet in die kerk woon en net preek. Hy moet liefs nie uit die kerk kom nie. En ons sal die altaar eenkant in die kerk stoot om te oorweeg wat ons sal doen en buitekant samesmeltingsgodsdiens dryf terwille van die welvaart. Want die Christus het die land verlaat. Die Christendom deug nie vir die openbare lewe nie en die Christus allermins vir die politiek.

Nee, geliefdes, ons het nie net God se gawes nodig nie; nie net Gods hand om te gee nie. Ons het Gods oog nodig. Ons kan sonder God Self nie leef nie. Ons kan sonder Gods altaar nie wel vaar nie. Ons moet Gods *aangesig* soek. Ons oog moet in liefde, met innerlike sielevreugde in Gods oog staar, as dit nodig is met skreiende oë, met nederige oë, met smekende oë, met dankbare oë vir sy weldade, vir sy gekruisigde Christus; vir sy kruismerk wat Hy aan ons bedien het; vir sy heilige sakrament waarmee Hy tot ons gekom het met vriendelike, vergewende oë. Dan sal Hy die trane van ons oë afvee. So nie, geliefdes, sal sy oog in vuurvlam op ons neerslaan en ons nie spaar nie. Sy heilige oog se vuurgloed sal verteer wie Hom nie soek nie.

O, laat ons nie weggaan om Christus weer te verloën nie. Sy oog sal u vang soos vir Petrus in die binnesaal. Soek My aangesig. Ek soek u aangesig o Here, my God en my Verlosser.

**AMEN.**

## 'N VERLATE HUIS

**LEES**: *Eségiël 10.*

**TEKS**: *Eségiël 10:18.*

MET hoofst. 10 staan ons nog steeds stil by die tempelvisioen met die derde heerlikheidsverskyning aan Eségiël.

In die vorige hoofstuk het ons Gods strawwende geregtigheid leer ken. As daar geen berou

en geen sondebelydenis is nie, dan — en dit is gewis — dan stuur Hy sy wraakengele om te tref tot die dood: grysaards, jong manne en jong dogters, kinders en vroue! Dan slaan Gods strawwende hand en sy oog spaar niemand nie.

Hoofstuk 10 toon ons nou nog verder in ŉ gesig waarin die voltrekking van die straftoorn Gods bestaan. Die strafvoltrekking oor die stad met sy growwe gruwels word ons nou getoon. Uit die baie besonderhede wat ons in hoofst. 10 vermeld word, spring twee kenmerkende feite ons in die oog, waarop ons hier dan ook die hoof nadruk wil lê:

I. Die man met die linnekleed wat met sy hande vol vurige kole van tussen die raderwerk[2] en die gerubs uittrek om die stad te verbrand;

II. die Heerlikheid van die Here wat uit die tempel weggaan.

Hierdie twee gebeurtenisse vra u aandag!

I.

Die man met die linnekleed aan, geliefdes, het ons reeds in hoofst. 9 leer ken as die Christus onder die Ou-Testamentiese genadebedeling, voor sy vleeswording.

Dat sy koms nie net vrede beteken nie maar dat Hy ook vuur op die aarde werp, kom hier duidelik uit. Hier leer ons dus die Christus ook in sy toorn ken. Hier word vir ons die heilige toorn van die Messias geopenbaar. Hy kry opdrag van God: Gaan in tussen die raderwerk, vul jou twee hande met gloeiende kole tussen die gérubs vandaan en strooi dit oor die stad (vers 2).

Hierdie selfde troonwa wat die profeet aan die Kebarkanaal gesien het in die land van die ballingskap, gewaar hy nou ook in Jerusalem. Die verskyning van die troonwa met die gérubs hier te Jerusalem, net soos aan die rivier, is vir die profeet te wonderlik. Vandaar die lang beskrywing daarvan ook hier in hoofst. 10 weer. Nou leer hy eers reg verstaan dat die troonwa, wat hom nie net deur die lug nie maar ook op die aarde beweeg, en wel links en regs, voor- en agteruit, sonder om te draai, die alomteenwoordigheid van God versinnebeeld. Want die troonwa is aan die Kebarkanaal net soos by Jerusalem. En hier trek nou veral die wielwerk Eségiël se aandag. Nou sien hy wat hy tevore nog nie opgemerk het nie, naamlik dat nie net die wielwerk nie maar ook die gérubs vol oë is. En as hy nou tussen die raderwerk ŉ vuurherd bemerk vol gloeiende kole, waaruit die Man met die linnekleed sy hande vol van die gloeiende kole haal, dan verkondig die gesig dat die vuurtoorn van die Messias ŉ toorn is wat uit die troon van God spruit; *dat dit daarom ŉ heilige toorn is; dat dit ŉ toorn is vol van goddelike wysheid.* Ons leer hier dus die toorn van die Lam ken waarvan Openbaring 6:16 spreek. Dit is wel ŉ besondere toorn. Want, geliefdes, ons moet verstaan dat die ander ses wraakgeeste ook hulle verskriklike strafwerk reeds ten uitvoer gebring het (hoofst. 9). Eségiël staan hier nog maar in die binneste voorhof, en rondom hom lê die lyke van al die gruweldoeners, oud en jonk. En hy weet dat die strate van die stad ook vol lê. Maar nou kom daarby nog die toorn van die Lam. Die toorn van die Messias oor die stad en tempel. En dis verskriklik! En dit is vir die priesterprofeet Eségiël so ontsettend dat hy die netwerk van die toorn oor stad en tempel nie beskryf nie. Hy deel ons net mee dat hy die Man met sy hande vol kole sien weggaan het. En dan is dit asof die profeet huiwer om verder te verhaal. Vuur sal Jerusalem verteer soos die stede Sodom en Gomorra in die vlakte deur vuur uit die hemel verteer is. Die stad, die *heilige* stad, is ten vure gedoem! Gods vuurbombardement op sy eie stad! Verskriklik was die openbaring vir die Jood. Dit kon niemand homself ooit indink nie. En tog dit gaan gebeur.

[2] = Ratwerk

O, die toorn van die Lam, wat ŉ heilige toorn! Hy vat nie *uit sy eie* die vuurkole tussen die raderwerk uit nie, net soos Hy ook nie uit sy eie die sugtendes oor die stadsgruwels met die kruis gemerk het nie. Hy doen alles slegs op bevel van die Verbonds-God, wat nou weer op die drumpel staan en dit gelas. Dis God se strawwende geregtigheid wat Hy bedien.

O, die Man met die linnekleed, die Man met die priesterkleed, wie se priesterdiens so baie in hierdie stad, in die voorhowe van die tempel afgebeeld is. Hy word nie verwoed as hierdie stad sy bloeddiens vertrap nie! Nie in ŉ blinde woede verwoes Hy die stad nie, nie uit weerwraak nie, *nie uit boosaardigheid nie,* nie uit verwoestingslus wat in Hom opborrel nie, nie blinde woede nie, want hier is net pure oë: die raderwerk in die gérubs wat die vuur bring, is vol oë. Met nugtere, kalme, bedaarde weloorwoë wysheid word dit gedoen! En dit is juis so vreeslik. Die Man met die linnekleed is Priester wie se werk dit is om te versoen, om te red wat verlore is. Hy het ŉ inkpot aan sy sy, om die verlostes te merk en op te teken. Die Lam is waarlik ŉ *Lam,* wat nie verskeur en verwoes nie.

Maar as God nou in geregtigheid sy heilige toorn nie langer deur wraakgeeste laat bedien nie maar deur die enigste Redder, deur die enigste Man met die linnekleed, dan is daarmee alle hoop op uitredding totaal uitgesluit. As die Redder van die stad nou self die stad met vuur verdoem, dan *is* alle redding uitgesluit. Dan is die stad sonder hoop in die wêreld.

O, as die Christus, die Vredevors, van die regterhand van God af Self die oorlogsvlamme soos ŉ vuursee bo die wêreldstede aansteek, dan is alle vrede van die aarde verban. As die Lam toorn, waar sal dan nog iemand wees wat nie toorn nie?

As die Christus, die enigste Verlosser van die wêreld wat met deurboorde voete gekom het om te red, met daardie selfde voete nou kom vertrap; as Hy met die handpalm wat deurboor is en waarmee Hy gekom het om te seën, nou wegstoot en verdoem, dan is die eindoordeel daar. Dan is daar geen hoop meer vir die sondige, vir ŉ ongehoorsame volk nie. Dan sal in groot angs uitgeroep word: berge val op ons en heuwels bedek ons!

Mag God ons bewaar dat ons die toorn van die Lam nie opwek deur growwe gruwels in hierdie lewe te doen nie! Laat die manne daaraan dink, laat die vroue daaraan dink, laat die jongmense en die kinders daaraan dink, want nie grysheid en ook nie jonkheid sal verskoon word nie.

II.

Maar, geliefdes, die ergste is vir Eségiël nie die vuurkole wat die Man met linne beklee uitstort nie. Die ergste is dat die heerlikheid van die Here van bokant die drumpel van die huis weggegaan het. *Die HERE gaan sy tempel verlaat.* God wil nie meer woon in die huis wat Hy soveel eeue as die plek van sy rus verkies het nie.

God se troonwa staan reeds voor die tempel en wag op die moment dat die heerlikheid van die Here, wat nog in die huis is, hom van die troonwa sal bedien om te vertrek.

Die profeet gee daarvan ŉ treffende beskrywing. Dit gaan hier nie vliegens-vlug[3] nie. Dit is asof daar ŉ aarseling is by die heilige God om weg te gaan in sy heerlikheid.

Die gerubs ruis al met hulle vlerke. Die lugruim is al in beweging deur hulle vleuelslag, wat as 't ware al heilig ongeduldig word om nog te wag.

Want, o, die troue God se heerlikheid vertrek alleen omdat Hy nie anders kan nie. God wil as 't ware nie vertrek nie, maar die growwe gruwels van die samesmeltingsgodsdiens wat hier gepleeg is, maak dit vir sy heerlikheid onmoontlik om langer daar te kan vertoef. Selfs na soveel eeue se ontrou val dit die troue Verbonds-God nie gemaklik om Sion, wat Hy verkies

[3] = baie vinnig

het, te verlaat nie. Tog móét dit nou. Daar vertrek die troonwa reg voor hom uit. O, Jerusalem! Ikabod, die eer van die Here is uit jou vertrek! Die heerlikheid van God het uit jou weggewyk.

O, gemeente, die vurige kole lyk vir ons erger as die wegwyk van die heerlikheid van die Here. Ja, dit lyk so. Want vurige kole maak so seer. Want ons vel voel meer as ons hart. Verharde harte se eelte is harder as eelte op die vel. Wie kan die ellende sien, die gejammer hoor, die pyn dra as die oorlogsvlamme in ons huis uitslaan en stede verwoes?

Dis verskriklik as ’n stad met vuurbomme gebombardeer word. Eségiël het sy gesig weggedraai vir die verbranding van Jerusalem deur Nebukadnesar, wat hom getoon is in die gesig van die vurige kole wat die man met linne beklee oor Jerusalem uitgooi. Ons wil so ’n verwoesting liefs nooit sien of ondergaan nie. Maar die wegwyk van die heerlikheid van die Here uit ons midde gryp die sondaarmens nie so vreeslik aan nie.

Eségiël self beskryf dan ook die wegwyk van die Heerlikheid van die Here voluit.

Pragtig is dit om Gods troonwa, die ongeduldige getrippel van die diere, die geruis van die vleuels aan te kyk, nie waar nie? Vleuelgeruis is vir ons nie so ’n verskrikking soos vuurgekraak nie. Ons maak ons hiervan graag toeskouers! Hier is ons soos belangstellendes asof dit ons nie aangaan nie. Solank as ons meen dat ons nie self getref is nie, voel ons daar geen pyn van nie. Ons is soos mense wat ’n begrafnisstoet gadeslaan, die laaste uittog in oënskou neem. So neem ons ook in hierdie lewe die uittog van Gods heerlikheid uit hierdie wêreld, ja, uit ons midde, belangstellend waar sonder dat ons daardeur getref word.

Krisisse, depressies, honger, oorlog, pes, sprinkane — dié maak ons seer, maar as die heerlikheid van die Here, as die genadige goedheid Gods in al sy oneindige rykdomme, uit ons midde soek raak, uit die gemeente wegwyk, dan hoor jy van geen leed daaroor nie. Ja, daar is belangstellendes wat interessante artikels lees oor die insinking van die kerk, oor wantoestande in die kerk, oor ’n getwis in die gemeente, daar is statistieke oor die kerkloosheid en toenemende kerklosheid. Veral wanneer ons die houding inneem van die belangstellende, van die toeskouer-mens, die teatermens, dan is die kerklike verval iets wat opspraak verwek.

Maar wie voel jammer daaroor? Vir wie is dit ’n tere hartseersaak? Wie ly daaronder? Wie treur daaronder? Wie ween daaroor? Of wie soek die heerlikheid van die Here? Wie jaag na die openbaring van die heerlikheid van die Here in sy kerk? Soek ons dat die rykdomme van genade, van Gods heerlikheids-openbaring in ons geopenbaar word, in ons midde woon?

Vurige kole maak ons baie seer, maar ’n leë kerk maak ons baie minder seer! Is dit nie so nie? Vurige kole, oorlog, word meer gevrees as wat Gods goedheid en guns, Gods heerlikheid en majesteit gesoek en verheerlik word in ons midde. En selfs in die lydensweke vergeet ons dat ons Heiland, ons Here Jesus, nie geklaag het oor die kruis, oor die vurige kole van Gods troonwa op Hom uitgestort nie maar dat Hy gekerm het oor die gemis van die gemeenskap met sy Vader: My God, my God, waarom het U my verlaat?

O, die gemis van Gods gemeenskap, van Gods heerlikheid, van Gods genadige nabyheid in ons midde, dit moet die ergste vir ons wees. As dit nie so is nie, dan is dit omdat ons ontaard het!

Al strooi God oor ons oorlogsrampe uit, al verbrysel Hy ons in ’n stampblok, dan moet ons dit liewer wil dra as dat Gods heerlikheid van sy Sion, van sy gemeente sal wegwyk.

> *“Beswyk dan ooit* my *vlees en hart,*
> *dan sal U wees vir my gemoed*
> *my rots, my deel, my eewge* goed.”

En, gemeente, daar is verskynsels wat daarop wys dat die heerlikheid, die gunsryke nabyheid van God uit ons midde weg is.

Die Christelike lewenseise word onder die voet vertrap. Dat die een die ander uitnemender moet ag as homself en dat ŉ mens geen ding deur twis, ydele eer en puur gewin moet doen, dit is nie meer dinge wat normatief is vir ons persoonlike en kerklike lewe nie. Ons ag ons uitnemender as al die ander, en niemand kan ons leer nie: ons weet beter. Selfs die verkondiging van die profesie kan ons ook nie leer nie.

Sal iemand dan durf sê dat te midde van so ŉ toestand die heerlikheid van die Here onder ons is? Is die Here dan nog *Heer* en *heerlik!* Skitter die glans van sy genadeweldade dan nog onder ons, of het dit weggewyk? Ons twis as iemand vermaan moet word. Ons was mekaar se ore, maar ons versuim om mekaar se voete te was.

Die gemeente luister na die preke veeleer met vooroordele as dat hulle gestig word. Ander sit aldeur en snuif of daar nie miskien politiek gepreek word nie — asof Gods heerlikheid nie ook in die politiek moet wees nie! Nog ander, wat self die prediking nie gehoor het nie, gaan lasterlike dinge in die vlaktes daaroor uitlap.

Sal ons durf sê dat die heerlikheid van die Here in die gemeente is? Wyk Gods heerlikheid, die lieflike glans van sy genaderyke naby-syn, nie van ons weg nie?

Dit sou die vreeslikste ramp wees wat sondaars kan tref. Dis erger as oorlogsbombardemente wat die Christus van die regterhand Gods oor ŉ stad beskik! Dis vir die kerk van Christus erger as ŉ verwoede oorlog. Maar, gemeente, moenie dwaal nie! In hierdie profesie word nie geleer dat Gods heerlikheid in absolute sin sy kerk kan verlaat nie.

Die heerlikheid van die Here verlaat net die totaal vervalste kerk. Daar glinster niks van Gods genade-heerlikhede nie. Maar daar onder die ballinge aan die Kebarrivier, daar verskyn die heerlikheid van die Here! Al mag daar dan maar net *een* profeet wees, die heerlikheid van die Here sal van Hom nie wegwyk nie maar aan hom verskyn, in sy lewe en werk uitskitter. Nee, volstrek kan God sy Kerk en selfs die wêreld nie verlaat nie, want hoe sal dit dan kan bestaan?

God kan wel klaag dat ons Hom verlaat, maar nooit kan ons klaag dat God ons verlaat nie. Daar is maar *een huis* gewees wat God totaal verlaat het. En dit was die tempel waarvan ons Here Jesus gesê het: Breek die tempel af. Dit is die tempel van die liggaam van ons Here Jesus.

Die tempel, die Christus, was deur God verlaat met aardbewing en gedruis en duisternis. Daar was geen lig, geen heerlikheid Gods by die Christus nie, toe Hy uitgeroep het: My God, My God waarom het U My verlaat! En dit dat óns nimmermeer van God verlaat sal word nie. Sodat die Heerlikheid van die Here nooit van sy ware gelowiges wegwyk nie. Die liefde Gods is sterker as die dood. Dis vurige kole van heilige liefde wat onuitblusbaar is.

Maar, gemeente, as die oorlog, die krisisse, die liggaamlike nood ons meer pyn aandoen as die gemis van die heerlikheid van die Here in ons lewe, dan het ons geen part of deel aan Christus se verdienste wat in ons plek van God verlate was nie. Dan bly daar vir ons geen ander toekoms as vuur nie, ewige vuur, en Godverlatenheid. O, gemeente, laat die heerlikheid van die Here, laat lieflike hemelglanse van Gods genade tog skitter onder ons, en as dit nie skitter nie, mag ons dit mis en weer soek sodat die heerlikheid van die Here onder ons mag woon.

**AMEN.**

## SONDIGE SELFOORSKATTING BESTRAF

**LEES**: *Eségiël 11:1*—3, *Jeremia 29:*1-10.

**TEKS**: *Eségiël 11:1-3.*

IN hoofstuk 11 staan ons nog stil by die tempelvisioen.

Hoofstuk 10:19 het gemeld dat die troonwa waarop die heerlikheid van die Here uit die tempel weggewyk het, by die Oostelike Poort gaan staan het: "En die gerubs het hulle vlerke opgehef en voor my oë van die grond af opgerys toe hulle weggetrek het en die wiele gelyktydig met hulle saam; en hulle het gaan staan by die ingang van die Oostelike Poort van die huis van die Here, terwyl die heerlikheid van die God van Israel bo-oor hulle was."

Hoofstuk 11 meld ons nou verder waarom die troonwa met Gods heerlikheid by die Oostelike Poort gaan staan het. Dit was nie omdat daar enige aarseling in die voltrekking van Gods oordeel was nie. Want Gods oordeel is onherroepelik. *Nee, die troonwa het gaan staan omdat die gerig nog nie klaar voltrek was nie.* Wel lê die tempel vol lyke, soos Eségiël dit visioenêr sien, en wel is Jerusalem se strate vol dooie liggame, *maar die hoofskuldiges leef nog.* En hulle sit daar by die ingang van die Oostelike Poort. Wie is hulle? En wat maak hulle daar? Met die kerkmense, met die kerklike raadsliede, met die kerklike leidsmanne, met die kerklike publiek, oud en jonk, vroue en kinders, soos hulle daar in die tempelvoorhowe en tempelpoorte hulle gruwels bedryf, het Eségiël al in hoofstuk 8-10 afgehandel. In hoofstuk 11 gaan hy meer in besonder met die politieke leidsliede, met die *politieke raadsliede,* handel. Want die oordeel van die Here begin wel by die tempel, by die kerk, maar hy skei uit by die staat, die hoofde van die staat.

Daar by die ingang van die Oostelike Poort sit dan ook vyf-en-twintig man. Dis nie dieselfde vyf-en-twintig van hoofst. 8:16 nie. Hulle is vorste van die volk (vers 1), mense van politieke gewig. Twee van hulle word by name genoem, Jaäsanja en Pelatja, vorstelike afstammelinge van ou stamhoofde. Hierdie Jaäsanja, seun van Assur, moet ook nie verwar word met die seun van Safan nie. Hulle vorm ŉ kollege, ŉ politieke raad. En hulle sit by die ingang van die Oostelike Poort, waar dit besonder privaat was, ja, volgens 44:2, ŉ heilige, aparte plek waar nie in- en uitgegaan word nie.

Wat is nou die raadslag van die vyf-en-twintig politieke raadsliede?

Ons bepaal u aandag:

I. By hulle sondige selfoorskatting soos dit saamgevat is in die spreuk van vers 3, en

II. by hulle straf, waarvan Pelatja se dood die verseëling is.

### I.

Met die vertrek van die heerlikheid van die Here uit die tempel is Eségiël nie alleen agtergelaat nie. Die Gees het hom ook opgehef en hom tussen die vyf-en-twintig politieke raadsliede geplaas. En dadelik herken hy Jaäsanja, die seun van Assur, en Pelatja, die seun van Benaja. Waarskynlik was dit vir Eségiël aangenaam om die bekende leidsliede te ontmoet van wie, soos later sal blyk, hy niks kwaads gedink het nie. Hy het hulle met agting bejeën en die beste gedagtes oor hulle gekoester. Maar toe die Here vir hom sê: Mensekind! toe toon Hy hom ook wie die manne is. So vorstelik as wat hulle daar sit, so politiek verhewe as wat hulle is, word die sombere woorde oor hulle gespreek: dit *is die manne wat ongeregtigheid bedink en slegte raad gee in hierdie stad.* Dis die dinkers en plannemakers. Maar ongeregtigheid bedink hulle, en slegte raad gee hulle. En al wat hulle dink, en alle raad wat hulle gee, is

gemunt teen die profesie, teen die profete-woord. Hierdeur, deur hulle uitlatings word hulle ganse politiek gekenmerk (vers 3).

As hulle daar by die ingang van die Oostelike Poort sit en diskusseer, dan is dit een van hulle punte: *nie so gou kom die tyd om huise te bou nie.* En hierin stem vyf-en-twintig saam.

Hierdie woorde lyk nie of hulle van soveel gewig kan wees nie. Hulle kry egter eers ten volle hulle betekenis as hulle betrag word in die lig van Jeremia 29:5.

Toe Nebukadnesar in 597 voor Christus die eerste ballinge uit Juda, uit Jerusalem, weggevoer het, toe het die profeet Jeremia aan daardie ballinge geskryf: Julle moet nou maar daar in Babel huise bou en daar gaan tuine plant, waarmee die profeet bedoel het dat die ballingskap lank sal duur. Op ŉ spoedige terugkeer val nie te hoop nie. Bou maar huise en bewaar dit!

Maar die politici kies kant teen hierdie profetiese woord. Hulle dink en hulle hou raad en hulle koukus daar by die ingang van die Oostelike Poort en hulle stem oor die saak — en dan is dit net die teenoorgestelde van die profetiese woord. Bou huise, sê Jeremia. O nee, nie so gou kom die tyd nie, sê dié politici. En blykens die profesie van Jeremia (7:15) het hulle op daardie politieke raadsittings nie weinig teen Jeremia uitgevaar; nie. Dié verraaier en kwaaddoener Jeremia, hy krap die volk om, so ŉ profeet wat hom met politiek durf bemoei. Hulle het vir hom kwaad geword, hom geslaan, hom in die gevangenis gegooi. Profete wat hulle met politiek inlaat en die volk oorhaal! O, gemeente, u hoor dit vandag ook. Taal van ons tyd! Wat het predikante met die politiek te maak? Die predikante krap die volk om. En wat se politieke preke is dit aldeur? Waar het jy nou gehoor dat ŉ predikant hom moet bemoei met huise wat die volk moet bou al dan nie? En die politici word baie kwaad. Kan dit, dan sal die predikante in die tronke gestop word, soos in Duitsland met Niemöller die geval was. En dit net omdat hy die Skrif laat spreek, selfs teen ŉ Hitler. Dit gaan tog nie om opinies van predikante nie maar om wat die profetiese Woord vir ons tyd te sê het.

En so het u dit, geliefdes. Die *politiek teen die profesie,* en die politici teen die profetiese ampte en ampsdraers.

Dit het Eségiël daar ver aan die Kebarkanaal nie geweet nie, ja, nooit kon dink nie, van Jaäsanja, die seun van Assur, en van Pelatja, die seun van Benaja. Maar die Gees van die Here toon hom dit, plaas hom binne-in hulle koukusvergadering en laat hom hoor wat hy nie gedink het nie. Want so sê die Here: So het julle gespreek, o huis van Israel; en wat in julle gees opkom, weet Ek (vs. 5).

So voel ons hier, so hoor ons hier, so sien ons hier hoe die dier van Openbaring 13 uit die volkeresee opkom om te veg teen die heiliges en om te laster teen God, om sy Naam, sy Openbaring, sy tabernakel en die wat in die hemel woon, te laster.

Maar, gemeente, hiermee is die punt van die bou van huise nog nie uitgeput nie. Dis nog maar die negatiewe kant wat in die vertaling nie uitkom nie. Met dié woorde wil hulle tegelyk sê: *is onlangs hier in die stad nie huise gebou nie?* Jeremia het geprofeteer: Bou huise aan die Kebarkanaal! Die politici sê nie net: Nie so gou kom die tyd om huise te bou in die ballingskap nie. Inteendeel! Hulle sê: Kyk, ons het huise gebou in Jerusalem. Ons het die stadsmure herstel. Ons het wonings gebou! Ons soek die welvaart van die stad. Ons bou op! Ons politiek is welvaartspolitiek. En wat weet profete nou van die ekonomiese opbou van die land? Dis die grootste politieke dwaasheid om te sê: Bou huise in die ballingskap! Nee, ons politiek gaan lynreg teen die profete in, en ons bou huise in Jerusalem.

U het dit gehoor! Hoofstuk 7 sê dat die samesmeltingsgodsdiens ŉ *welvaartsgodsdiens* is. En die politici soek dan ook welvaart! En hulle soek die welvaart met ŉ vyandige verwerping van die *insettinge* en *verordeninge* van die Here (vers 12).

En is dit nou waaragtig moontlik dat ekonomiese welvaart ooit verkry kan word in verontagsaming van Gods ordinansies vir die lewe? Sal politieke raadsliede ooit ʼn land en ʼn volk ekonomies red, terwyl Gods verordeninge vir die lewe nie tel nie en volgens die verordeninge van die nasies (vs. 12) gehandel word? Nog nooit! Waar is daardie huisies wat Jaäsanja en Pelatja in Jerusalem laat bou het. Die oorlogsvuur van Gods toorn het dit opgelek. En die ballinge wat na die profetiese Woord aan die Kebarrivier huise gebou het, het verryk uit die ballingskap teruggekeer. So sal dit gaan met al ons behuising-skemas as ons nie vra na Gods insettinge en regte nie. Ons owerheid met ons. Dit sal nie baat om huise te bou in verset teen die profesie nie.

Glo ons tyd nog die profesie? Of krap dit die volk om? Wee die land en volk, wee die raadsliede wat hulle verset teen die profetiese Woord.

Politieke raadsliede wat die ekonomiese welvaart voorstaan, is deur die profetiese Woord van God gedoem *as hulle nie eers vra na die geestelike welvaart van die volk nie,* na die insettinge en regsverordeninge van God vir land en volk nie. Wat sal dit ons baat dat ons welvaart soek en ons vertrap Gods Woord? Nie ʼn *welvaartspolitiek* nie, geliefdes, maar ʼn *gehoorsaamheids-politiek* moet ons volg. Daartoe roep die profetiese Woord ons almal op.

Ja, nog meer, geliefdes! U moet daarop let watter soort welvaartspolitiek die raadsliede voorstaan. Dis ʼn welvaartspolitiek wat ten volle van die vyf-en-twintig man afhanklik is. Jeremia het gesê: Bou huise in die ballingskap, bou vir julleself, bou selfstandig in afhanklikheid van die profetiese Woord, in afhanklikheid van die beloftes van God, in afhanklikheid van die komende Messias.

Maar die politieke leidsliede sê: is nie onlangs huise gebou nie — naamlik deur ons met ons welvaartspolitiek, in afhanklikheid van ons beleid? Sonder ons kan daar nie welvaart wees nie! Ons is die sosiaal-ekonomiese redders!

En, gemeente, u moet daarop let waar ons tyd heendryf. Ons is so geneig om ʼn welvaartspolitiek voor te staan, afhanklik van politieke leidsliede en los van die profetiese Woord, los van of sonder die Christus. Die toestand word só, die sosiaal-ekonomiese beskouinge is van dié aard dat veelal gedink word: Ons kan wel sonder die profetiese Woord, ons kan nog sonder die Christus, maar ons kan nie sonder die regering welvaart bekom nie. Dis dan ook die regering se huis, dis sy wa, sy os en sy ploeg! Dis die regering se kinders: hy leer hulle in die rigting wat hy wil. Dis ook sy seuns; hy beslis of hulle by die ouer sal woon al dan nie. Dis ook die regering se stem. Natuurlik — die stem mag nie teen die regering wees nie! Dis straks ook die regering se diaken. Die barmhartigheidsampte sal straks die regering se liefdegawe moet verdeel in naam van die regering en met verantwoording aan die regering. Sonder die Christus, buite die Christus.

En so kry u, gemeente, ʼn onvrye, afhanklike, ʼn van die politici afhanklike welvaart, met uitdruklike verwerping, nog meer, met bestryding van die profetiese Woord. Want die profetiese Woord staan teenoor die selfstandige ekonomiese beleid van die politici omdat dit diep afhanklik is van die profetiese Woord, van Gods verordeninge; diep afhanklik is van die Christus wat gesê het: Sonder My kan julle niks doen nie. Diep afhanklik van, ja, ook aanhanklik aan die Christus, aan Wie alleen alle dinge en alle mag in die hemel en op die aarde behoort; Wie se eiendom ons is na liggaam en siel, vir tyd en ewigheid, van Wie alleen ook die welvaart, die seën is. Daarom vra ons Kategismus (vraag 30): Glo hulle dan ook in die enigste Saligmaker Jesus, wat hulle saligheid en welsyn by die heiliges, by hulleself of êrens anders soek? En dan is die antwoord: Nee; maar hulle loën met die daad die enigste Heiland, Jesus, ofskoon hulle met die mond in Hom roem.

Ons welsyn berus nie by politici wat die profetiese Woord verontagsaam nie, maar by Je-

sus Christus. Hy is ons volkome Heiland, sonder Wie ons niks vermag nie. Laat ons maar politieke heilande kies, politici meer aanhang as die Christus — ons sal dit doen tot ons straf.

Maar, geliefdes, nog meer! Daardie politieke leidsliede se beleid vind sy kroon in hulle grenslose *selfoorskatting.* Hulle sê: "Hierdie stad is die pot en ons die vleis". Hierdie woorde van hulle is 'n terugslag op Jeremia se profesie nog voor die wegvoering, toe hy uitgeroep het: Ek sien 'n kokende pot wat van die noorde af kyk (Jer. 1:13). Teen hierdie profesie neem hulle stelling. Hulle voer 'n anti-profetiese politiek, 'n anti-Gods-Woord-politiek, 'n anti-Goddelike politiek — hierdie vyf-en-twintig manne. Van hulle sê die Here: Dit is die manne wat ongeregtigheid bedink en slegte raad gee in hierdie stad. Hier is die bron van die stad se kwaad. Hulle is die opstokers teen die profetiese Woord, en die volk het hulle deur dié manne laat mislei. Hulle is dit wat Jeremia gehaat en hom in die put laat gooi het. Elke profesie van Jeremia word bestry. Dié dinge toon die Here nou vir Eségiël.

As Jeremia die komende oordeel Gods uit die Noorde, naamlik die leer van Nebukadnesar, aankondig onder die beeld van 'n kokende pot wat niemand kan keer nie — want as hy oorkook, dan kook hy oor! — voer hulle nou 'n anti-politiek. Ag, Jeremia, wat weet jy tog? Volksomkrapper, volksverwoester is jy! En dan stel die manne hulle raadsbesluit teenoor Jeremia se profesie: Hierdie stad is die pot. Laat die vyand dan maar kom! Een ding weet ons: Jerusalem is die Here se stad! En al maak hulle vure — Jerusalem is soos 'n pot. Die vuur kan die pot nie deurbrand nie. En ons, politici, is die vleis! Hoe meer dit kook, hoe lekkerder die vleis! Hoe meer dit kook, hoe sagter die vleis. Jou kokende *pot-oordeel,* is ons *politieke voordele,* Jeremia! En die ballinge aan die Kebarkanaal — hulle is die opkooksel, hulle is die afgekookte bene. Maar ons hier in Jerusalem, ons is die vleis.

Hier het u nou 'n grenslose *selfoorskatting, 'n sondige* selfoorskatting. Jeremia se profesie van die oorkokende pot vanuit die noorde het hulle net geleentheid gegee om 'n ou liedjie op 'n nuwe deuntjie te sing. Vroeër was dit: Die Here se tempel, die Here se tempel is dit! Nou is dit: Die stad is die pot en ons die vleis! Dis nog altyd dieselfde motief: ydele roemtaal. Wie kan ons leed aandoen? Hier het u *selfhandhawing* teenoor die profetiese Woord deur middel van selfoorskatting bo Gods Woord.

En waarom is die selfoorskatting so sondig? In die eerste plek gaan hierdie selfoorskatting hand aan hand met miskenning van en 'n oordeel oor die ander deel van die bevolking, in hierdie geval die ballinge. Die eiegeregtige oordeel word hulle teengeslinger: julle is die afkooksel, want ons is die vleis.

*So is die sondige politiek met 'n goeie dosis selfoorskatting.* Ons is die vleis, julle is die afkooksel! So gaan dit as partypolitiek bokant Gods Woord geag word! En dis die gruwel wat die Here vir Eségiël hier toon. So maak 'n Jaäsanja-politikus, so maak 'n Pelatja-politikus en hulle volgelinge, omdat hulle Jeremia se profesieë verag! Só en nie anders nie gaan *dit met elke partypolitiek wat ly aan selfoorskatting, wat hom verset teen die profesie!* So gaan dit as ons die dag méér voel vir ons partypolitiek as vir Gods profetiese Woord in Christus geopenbaar! Laat dit net wees watter party dit wil. Dan ag ons nie meer die een die ander hoër en beter as homself nie, maar dan ag ons onsself hoër en beter as die ander. Ja, ons doen dit ook met die Christus Self. En nooit, nimmer, kan ons Christus oorskat nie.

Tweedens is die wortel van die selfoorskatting vrees, bange vrees! En dit kan nie anders nie, want die mense daar by die ingang van die Oostelike Poort het Gods profetiese Woord en Gods verordeninge vertrap en die verordeninge van die heidense volke gevolg. Hulle is sonder God — en daarom sonder krag. Hulle is sonder die profetiese Woord, sonder die Christus, wat die wysheid en die krag van God is — en daarom sonder Hulp en sonder Raad. Hulle is raadop. En nou bly daar net een weg oor: selfoorskatting. Praat nou die ding reg. Praat julle

nou goed! Praat julle nou sterk! Praat julle nou slim! En dit doen hulle: die stad is die pot en ons is die vleis! Kyk net wat het ons nie alles gedoen vir die land nie! Ons het die huise weer gebou. Die stadsmuur herbewapen! Daar is welvaart (die regeringshulp, landswelvaart). Die stad is die pot en ons is die vleis. En wee die profeet wat teen hierdie politiek durf profeteer. Na die put, na die gevangenis met Jeremia!!

En terwille van hierdie selfoorskattingspolitiek is hulle blind vir die volkslewe! Kyk, sê die Here vir Eségiël: die strate is vol van die wat hulle verslaan! Deur magsmisbruik, deur veronregting, deur onderdrukking het hulle baie van die volk wat in hulle oë die krummels, die afkooksel is, laat ondergaan. Landswelvaart met strate wat vol ellendiges, vol onderdruktes is.

Lyk ons teenwoordige wêreldposisie nie so nie? Die hele wêreld is vandag so. Die selfoorskatting van die Nasionaal-Sosialistiese politiek, van Kommunistiese politiek, van Fasjistiese politiek, van die groot Imperialistiese politiek het die lande vol gemaak van dié wat verslaan, onderdruk is. Ook Suid-Afrika raak vol van die wat verslaan is.

Dis die onvermydelike gevolg van die politiek van selfoorskatting ten koste van Gods profetiese Woord. Die stad is die pot, dit beteken in die taal van ons tyd: die Empire is die pot! En ons wat in die pot is, ons is die vleis. Die ander wat nie in die Empire-pot is nie, is die afkooksel. Hulle sal nie kan bestaan nie.

II.

Is dit dan ŉ wonder, geliefdes, dat die heerlikheid van die Here, nadat dit van die tempel vertrek het, by die ingang van die Oostelike Poort gaan staan het! Gods strafgerig oor hierdie soort politiek moet aangekondig en op aangrypende wyse, naamlik deur die skielike dood van Pelatja, bekragtig word.

Eségiël moet Jeremia se profesie van die oordeelsbedreiging hier herhaal en handhaaf. Jeremia het geprofeteer van die kokende pot uit die noorde. Goed, sê Eségiël, so sê die Here: Hierdie stad is die pot, as julle dit so wil. Om die pot sal God sy oorlogsvure aansteek. Maar julle is nie die vleis in die pot nie. Julle is die afkooksel. By die grens, by Ribla sal julle beendere letterlik vir die voëls gewerp word (2 Kon. 25:7). Daar is die vorstelike manne letterlik geslag! En dié wat julle verslaan en onderdruk het, die wat in die ballingskap sit, wat julle die afkooksel noem, hulle is die vleis. Dit naamlik waarvoor hulle vrees, dit juis sal hulle oorkom! Selfoorskatting sal tog niks baat nie. Om die ding reg te praat, slim te praat, goed te praat, help niks nie. Gehoorsaamheid aan die profetiese Woord — dis al wat lig gee. Dis al wysheid, dis al raad en dis goddelike raad wat ons het.

Jy mag jouself oorskat, maar as jy die profesie verag, sal God jou sekerlik bykom, al is dit ook buitekant die landsgrens. Wie die Christus, die gesalfde Gods wat God gestuur het om die wêreld van sy geestelike nood, van sy sedelike nood en van sy stoflike nood te verlos, wie die Christus in die politiek loën, doen dit net tot sy straf! Al mag nog soveel goeie dinge gedoen word, al mag nog soveel skemas beplan word!

Uit hierdie strafbedreiging oor die politici — en ons is almal politici; wie is nie ŉ burger nie? — leer ons die Here ken in Christus Jesus, ons Verbondshoof.

Die Here sê dit: Julle sal *weet dat* Ek die HERE *is*, omdat julle nie in my insettinge gewandel en my verordeninge nie gehou het nie.

As die Here hierdie straf oor hulle bring, dan is dit nie omdat Hy wraaklustig is nie. Dis enkel omdat Hy *HERE, Verbonds-God* is. En as Hy as Verbonds-God verlaat word, as sy Verbondswoorde nie meer geag word nie, dan moet Hy, omdat Hy Verbonds-God is, met die verbondswraak kom. Ons het mos toe ons belydenis van ons geloof afgelê het — en ons lê dit

elke Sondag af — met eedswering verklaar dat ons bondelinge van *God* is. En wat soek ons by die wêreld? Wat het ons te doen met die verordeninge van die nasies? Wat! Ons het mos te doen met ons Verbonds-God, die Almagtige, die Alwyse, ons Redder en Verlosser in Jesus Christus. Hy sal ons behoed en bewaar — ook as die oorlogspotte oorkook.

Selfoorskattingspolitiek van die Empire-pot sal niemand red nie. Niemand nie! Oorskatting van die politiek eis onderskatting van die Christus. Wie waarborg jou dat jy nou juis die vleis sal wees in die Empire-pot? Wie verseker dit?

Nee, Christus Jesus is ons Borg en ons Waarborg, ook in die dag van oorlog.

Laat ons derhalwe nie die Verbond met God opsê nie; want ons sal dit tot ons straf doen!

Maar laat ons die Here as Verbonds-God nog nader ken! En Hy is nie ŉ ledige aanskouer van die kwaad nie, allermins by sy gemeente. As ons die profetiese Woord verag soos die vyf-en-twintig manne met hulle selfhandhawings- en selfoorskattingspolitiek, wees daarvan seker dat God dit sien, al is dit binne in jou hart, al is dit in koukusvergaderings. En ongestraf sal Hy dit nie laat nie!

En ten slotte leer ons hier duidelik dat die HERE God ook gebied oor die volke van die wêreld, al waan die ongelowiges hulle ook onder ander kragte of onder hulleself as gode. God is God en Hy alleen. God bestuur die oorloë deur sy Seun Jesus Christus, tans aan sy regterhand. En as jy die Christus en sy politiek nie volg nie, waar sal jy dan sogenaamd skuil? Watter kanonne en oorlogstuig sal jou dan kan red? O, die Christus, die gesalfde van God, is as Profeet ook ons politieke Raadsman, as Priester ook ons politieke Versoener en as Koning ook ons politieke Vors. Hom moet ons as burgers bely. Voor Hom moet ook politici ootmoedig buig. Sy Naam kan ons nooit oorskat nie, nooit genoeg verheerlik nie. Sy reddingsdade kan ons nooit genoeg roem nie. Sy profetiese Woord moet ons bewaar, ook in die politiek.

En, geliefdes, dat dit nie somaar woorde is nie, dit beseël en bekragtig God deur die skielike dood van Pelatja. Al is Eségiël hier in visioenêre toestand, het, wat hy sien werklik ook in Jerusalem gebeur. Pelatja het skielik gesterf. Met die dood van Pelatja onderstreep God die profetiese Woord van Eségiël. Met sy dood bekragtig God die profetiese Woord. Sy dood is die seël op die profetiese Woord, soos die dood van Ananias en Saffira ŉ bekragtiging, ŉ bevestiging van die apostoliese Woord was.

O, gemeente, vrees ons nog Gods Woord? Laat ons die profetiese Woord vrees tot in die politiek, tot in ons politieke raadsale. Anders sal dit waaragtig nie met ons goedgaan nie.

Die plotselinge dood van Pelatja is ŉ politieke strafdood waarmee Gods profetiese Woord tot u en my kom met die ernstige gewetensvraag: Is julle bekeer tot God, tot die Christus Gods — *ook in die politiek?*

Gemeente, dit sal ons niks baat as ons kerklik vroom is en tog politieke loënaars van Christus nie. Niks! Inteendeel, tot ons straf sal ons die Verbonds-God daar in sy gerig leer ken. Daarom gemeente, glo sy heil- en troosryke Woord.

**AMEN.**

## BELOFTE VAN VERNUWING

**LEES**: *Eségiël 11.*

**TEKS**: *Eségiël 11:14-25.*

HIERDIE gedeelte van Eségiël 11 sluit die tempelvisioen van Eségiël af. In die gees het die

Here die profeet getoon wat hy nie geweet het nie, wat hy nooit kon dink nie en wat tog werklik geheers het in die stads- en tempelpoorte te Jerusalem. Hy het daar baie gesien, meer as waarvan hy na die vlees gehou het. Onder die gesigte het hy meer as eenmaal van smart gekrul en klagend uitgeroep: Ag, Here HERE! Want wat het hy nie alles gesien nie (hoofstt. 8-11)!! Eers al die gruwels toe hy daar in die stadsmuur moes grawe (hfst. 8). Daarna die verwoestingsopmars van Gods soldate ten gerigte, elkeen met ŉ verskriklike wapen in die hand, om klein en groot, oud en jonk, grysaards en kindertjies te verderf — hoewel eers nadat die Man met die linneklere die uitverkorenes van God met die kruisteken gemerk het. Toe het hy gesien hoe die stad in vlamme opgaan deur die vuur van Gods toorn en die ontroerende plotselinge afsterwe van Pelatja. Alles was so verskriklik. En nou kom die ergste: "Toe het die gerubs hulle vlerke opgehef ... en die heerlikheid van die Here het opgerys uit die stad uit weg". Maar — en dit is die heerlike troos vir die oorblyfsel — eers nadat die Here sy belofte van vernuwing gegee het vir die oorblyfsel waaroor Eségiël telkemale met smartvolle aandoening uitgeroep het: Ag, Here HERE, wil U ŉ end maak aan die oorblyfsel van Israel?

Ons vra dan u aandag:

I. Vir die belofte van vernuwing van die oorblyfsel;

II. vir die vertrek van die heerlikheid van die HERE en

III. vir die wyse waarop Eségiël die tempelgesigte aan die ballinge verkondig het (vers 21).

I.

As Eségiël onder die skriklike gerigte in smartvolle aandoening uitroep: Ag, Here HERE, wil U ŉ end maak aan die oorblyfsel van Israel? — dan antwoord die HERE hom met goddelike aandoening, met genaderyke erbarming aangaande die oorblyfsel: Mensekind, jou broers, jou broers, die manne wat aan jou verwant is, en die hele huis van Israel, almal saam, van wie die inwoners van Jerusalem sê: Bly ver van die Here af, aan óns is dit, die land, as besitting gegee — !

Vol van goddelike aandoening is die troue Verbonds-God *nog oor die* oorblyfsel.' Maar Eségiël, jy is aangedaan oor diegene wat die oorblyfsel nie is nie. Jy roep my Eienaarsnaam en my Verbondsnaam uit oor diegene wat my eiendom en my bondsvolk nie wil wees nie. En jy roep my heilige Naam uit oor diegene wat volhard om hulle met die gruweldienste van die heidene onheiliglik te vermeng! My heilige Naam is nie te verenig met die onheilige samesmeltingsgodsdiens, wat vol growwe gruwels is nie!

Ons leer hier eerstens weer die HERE God ken. Ja, dit is asof die HERE God in sy heilige verbondstrou Eségiël hier berispe omdat hy die heilige Verbondsnaam hier in ontroering uitroep oor diegene wie se growwe gruwels die HERE hom nou net getoon het, omdat hy die heilige Verbondsnaam in ontroering uitroep oor diegene wat die oorblyfsel tog nie kan wees nie! En dan kom Eségiël met ŉ vraag vol ontroering na Gods heilige verbondstrou asof hy wil vra: HERE, wat van u verbondstrou, want daar word dan nou ŉ end gemaak aan die oorblyfsel? O, Eségiël, wil jy nou ook in hierdie poorte vol gruwels ŉ vraagteken plaas agter Gods heilige verbondstrou, ten spyte van alles wat aan jou getoon is? O, gemeente, as Eségiël, wat al die dinge gesien het, hom dan nog so sondig kan misgis deur nog altyd op Pelatja te vertrou as ŉ ware oorgeblewene in plaas van op Gods verbondstrou, dan vra ek u, waar staan u en ek? Wie dra die vertroue van u harte weg? Is dit nie die Pelatja-politikus nie? Ja, dit is so. Aan die Pelatja-politikus mag selfs die Here nie raak deur sy straf woord nie, of dit maak ons te seer! Ag, Here HERE! En dan storm ons die Messias-Christus met die stomme vraag: Wat moet nou van die Kerk word? Is dit dan nou klaar met die Kerk? O, en daar is dié wat die Verbond, wat die Kerk laat vaar terwille van die Pelatja-politikus wat neergeslaan word.

Maar onthou, dié wat so maak het Eségiël nie aan hulle kant nie! Want hoewel Eségiël oor die oorblyfsel gedwaal het, het hy geluister hoe Gods Verbondswoord tot hom kom, al kom dit dan ook hard! En waarlik, hard het die Verbondswoord tot Eségiël gekom in sy dwaling oor die oorblyfsel, toe die Gees hom as 't ware aan sy kuifhare gepluk en gesê het: Mensekind, luister tog, jou broers, jou broers, wat saam met jou in ballingskap gevoer is in 597, en die ballinge uit Israel wat in 734 en 721 weggevoer is deur Assur, onder hulle is my oorblyfsel. Oor hulle moet jy my Eienaarsnaam en my Verbondsnaam uitroep. Daar is my eiendom en my bondsvolk.

Dit is genoeg om ons vir goed te laat sien dat ons nooit mense of groepe mense moet oordeel nie, selfs nie ten beste nie. Want Eségiël het nou ŉ allerbeste oordeel oor Pelatja gehad: hy is van die oorblyfsel; en tog was hy nie net totaal mis nie, maar hy het daarmee Gods Verbondsnaam aangetas. En die inwoners van Jerusalem het ŉ slegte oordeel gevel oor dié in die ballingskap. Ook hulle was daarin nie net totaal verkeerd nie, maar hulle het met hierdie oordeel Gods oordeel oor hulle gehaal. Hierdie oordeelsonde het die straf Gods ten slotte op hulle hoofde laat neerkom.

Nee, ons moet die rigtinge, die beskouinge, die uitsprake, die leringe, die dade van mense beoordeel, maar nooit moet ons mense of seksies mense oordeel nie. Dit sal God Self doen deur onse Here Jesus Christus met die eindoordeel. En tog, dis ons sonde! Ons oordeel en veroordeel mense! Veral wanneer dit die Pelatja-politikus geld — ten beste of ten kwade.

Dan oordeel ons mekaar. Dan oordeel ons die verbond van God; dan oordeel ons ook die Kerk van die Here en sy bediening.

En het ons Here Jesus nie vir ons gesê nie: Oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie?

Kyk nou net hoe het die gruweldoeners in die stadspoorte die ballinge geoordeel. Hulle het gesê: *Julle bly ver van die HERE af, aan ons is dit, die land, as besitting gegee!*

ŉ Groot gruwel is dit! Hulle klim self soos regters op Gods troon om ŉ eindvonnis te vel en uitspraak te gee oor Gods verbond en oor sy verbondsvolk! Hulle proklameer God se troon en annekseer dit vir hulle! En om dit te kan doen, moet hulle God eers onteien en van sy troon afstoot. Dis gruweldoeners wat so maak. So doen mense wat die verbond breek en in ŉ vermengingsgodsdiens met die heidene tree. Hulle leef nie meer uit die verbondsgedagte nie maar uit ŉ heidense gedagte.

Inderdaad, ja! — hulle praat nog van HERE, Verbonds-God, maar wat hulle in hulle gedagtes en in hulle harte het, is ŉ heidense godsgedagte. In hierdie selfde oordeel van hulle lê hulle Gods-belydenis opgesluit. Hierdie Here van hulle is ŉ bepaalde landsgod, ŉ god wat net in Judea is en nie ook by die ballinge aan die Kebarkanaal nie. Want, so sê hulle, julle ballinge, julle is ver van die HERE af, want die HERE is hier by ons, in sy land en sy stad, Jerusalem.

O, daarom is dit so ŉ skriklike sonde om ander te oordeel. Dit veronderstel ŉ ander god, wat nie meer alomteenwoordig is nie, en daarom kan ek dan nou maar oordeel. By jou is God nie, net by my. God is dan soos die heidense politieke gode, wat deur hulle politieke landsgrense beperk is. God kan buite Kanaän geen God wees nie.

Ja, so maak ons met die Christus, gemeente. Ons deel die lewe in kerklike en politieke terreine. Dan sê ons: Christus is in die Kerk, in die politiek sal ons vry oordeel. Daar is Christus nie. As ons dan in die politiek mekaar oordeel, dan is dit omdat ons Christus, van Wie ons bely dat Hy aan Gods regterhand sit, van Gods regterhand wegstoot en sê: Kyk, in die kerk is Christus Koning, laat ons daar swyg! Maar oor die wêreld is Christus nie Bestuurder deur

Wie die Vader alle dinge regeer nie. Daar oordeel ons dus mekaar. Dis heidens en glad nie Christelik nie. O, gruwel van die twintigste eeu! Dis ŉ sonde wat, as die Here ons nie vernuut nie, genoeg is om ons die verderf as straf te laat ondergaan!

Maar nog erger, gemeente! Die oordeel: Julle bly ver van die HERE af; die HERE is by ons; aan ons is dit, die land, as besitting gegee! — is nie net ŉ heidense oordeel oor God nie, dit is teen alle skyn van godsdiens in, ŉ algeheel ongodsdienstige oordeel, want dit kom direk uit *dubbelhartigheid* voort. Dieselfde mense wat nou hier vroom oor hulleself oordeel: Die HERE is by ons, in sy land en stad wat vir ons as besitting gegee is, die het daar by hulle gruwels in die tempelvoorhowe en in die geheime kamers gesê: Die HERE sien ons nie; die HERE het die land verlaat (hfst. 8:12). As hulle sondig en gruwels wil bedryf, dan sê hulle: Die HERE het van ons vertrek; ons doen wat ons goed dink. En as hulle weer vroom wil wees, dan sê hulle: Die HERE is by ons, in sy land en stad wat Hy vir ons as besitting gegee het.

Dis sondige dubbelhartigheid. Eenmaal ban hulle die troue Verbonds-God die land uit. Andermaal annekseer hulle Hom uitsluitlik vir hulle. Hulle bedryf met hulle HERE sport!

So maak ŉ dubbelhartige sondaar met sy God — na die willekeur van sy dubbelsinnige hart! Dit kan ons troue Verbonds-God nie gedoog nie. En daarom, as Eségiël met ontroering Gods Verbondsnaam uitroep oor mense met so ŉ dubbelsinnige hart, dan roep God die HERE met heilige ontroering: Nee, mensekind, hierdie inwoners van Jerusalem is nie die oorblyfsel nie. Maar jou broers, jou broers, die ballinge, húlle is die oorblyfsel vir My. Ek het hulle daarheen weggedryf onder die nasies, en daar het Ek vir hulle ŉ kort rukkie ŉ heiligdom geword. Sê dit vir die inwoners van Jerusalem (vs. 16). En sê vir die ballinge: So spreek die Here HERE: Ek sal julle bymekaarmaak, en Ek sal aan julle die land van Israel gee (vs. 17). Hulle is die oorblyfsel. Hulle sal die land reinig van al die verfoeisels en al sy gruwels daaruit verwyder. *God* oordeel dus.

Hier het u die belofte van verbondstrou oor die bondelinge. En hier het u ook die *nuwe verbondsgehoorsaamheid* van bondelinge aan hulle Bonds-God, want hulle sal die verfoeisels en die gruwels verwyder!

Maar waarom sal dit so wees? Is die ballinge in hulleself dan beter mense as die Jerusalemmers? Of is dit omdat die ballinge hulleself verbeter het, terwyl die Jerusalemmers dit nie gedoen het nie? Nee, gemeente niks daarvan nie. Die ballinge is net so sondig as die Jerusalemmers. Hulle vertrou heelhartig op Sedekia se reorganisasiepolitiek — dié sal hulle nog uitred. Hulle glo Eségiël se profesie net so min as wat die Jerusalemmers Jeremia se profesie glo. Al verskil is dat die Jerusalemmers hulleself *oorskat,* terwyl die ballinge hulleself onderskat. Hulle glo dat die Jerusalemmers daar beter en hulle slegter aan toe is.

Nee, om geen enkele oorsaak van hulle kant nie, om geen eiegeregtige verbetering nie, om geen eiewaardigheid is hulle die oorblyfsel nie. Hulle is die *oorblyfsel op grond van die vrymagtige welbehae wat die HERE hier deur die belofte van vernuwing aan hulle toesê.* God se *verbondsbelofte* is die enigste grond van hulle behoudenis. Lees u hier eenmaal van hulle verdienste, van hulle trou as oorsaak van hulle oorblyfselskap onder Gods regmatige toorn? Nee, maar van vs. 16 af lees ons dat die HERE sê: omdat *Ek* hulle weggedryf het; omdat *Ek* vir hulle ŉ heiligdom geword het; *Ek* sal hulle bymekaarmaak; *Ek* sal aan hulle die land gee; *Ek* sal hulle een hart gee, en *Ek* sal die hart van klip verwyder en hulle ŉ hart van vlees gee. Daarom sal hulle in my insettinge kan wandel. Daarom sal hulle my verordeninge *kan* hou. Só en nie anders nie sal die verbond hernuut word. Só en nie anders nie sal hulle vir my ŉ volk wees en só sal Ek vir hulle ŉ God wees!

Gods vrymagtige verbondsgenade — dié is hulle behoudenis! Gods heilige verbondsbelof-

te van *vernuwing* — dié is die grond van hulle oorblyfselskap. God se heilige verbondswoord is die heilige middel om hulle te laat terugkeer. En Gods Heilige Gees sal in hulle nuwe harte gee en nuwe ore om die Woord te hoor en te bewaar. Nie die publieke opinie nie; nie ons sondige selfoorskatting nie; nie ons selfonderskatting nie maar die Woord van God uit die hemele is die enigste grond van ons verlossing; is die vastigheid van ons vertroue en die sekerheid van ons geloof! Daarom, gemeente, kan ons nie ophou om u, oud en jonk, klein en groot, grysaard en kind, uit te nooi om u vertroue te stel op die profetiese verbondswoord van onse HERE God nie!

Maar let nou op, geliefdes, waarin die vernuwing bestaan. Dit bestaan in *wedergeboorte* en *hervorming.* Nie blote uitwendige lewensverbetering nie maar innerlike sielsverandering. Die mens het ŉ hart, en die Here sien op die hart. En as die hart nie reg is voor God nie, dan baat alles niks. Die blote uiterlike vorm van Israel se seremoniële diens baat niks as Israel se hart nie reg voor God is nie. Die gedurige brandoffers, spys- en drankoffers, sond- en skuldoffers is koud en dood as die innerlike hartsbegeertes nie daaragter sit nie.

Daarom begin die Here sy vernuwing by die hart. En dan sê die Here dat Hy vir sy oorblyfsel weer *een* hart sal gee. Dit wil sê: God sal die dubbelsinnigheid uit hulle siel verwyder, sodat hulle Hom nie meer sal uitban na hulle sondelus en Hom nie sal annekseer na hulle begeerte nie. Dit sal ŉ eensinnige hart wees wat orals en altyd aan die Here verbonde is. Want "hart" beteken in die Skrif die siel in sy werkinge en sy begeertes.

En die Here sal vir hulle ŉ nuwe gees gee, ŉ nuwe lewens-beginsel, nuwe stukrag agter die sielswerkinge, sodat hulle nuwe gehoorsaamheid sal openbaar. Met ander woorde, die Here beloof hier *wedergeboorte.* Dan sal die hart nie meer soos van klip wees, sonder gevoel, sonder aandoening, sonder ontroering, dood en koud nie. Dan sal die hart aangedaan, ontroer word oor God se Woord, oor sy verordeninge en sy gebooie. Dan sal die hart gevoelig wees, soos ŉ hart van vlees. Dis volledige wedergeboorte. Uit so ŉ hart kan God eers reg gedien word.

Hierdie waarheid moet beklemtoon word teenoor die mense van die bloot uiterlike vormdiens; die Fariseërmens, wat hom net bekreun oor die regsinnigheid en die suiwerheid in die Kerk van die Here maar met ŉ hart wat vér van God is; Israel, wat hulle beroem op hulle gedurige offers, maar hulle siele is yskoud en dood vir God en sy Woord. Hulle roep oor die tempel vroom woorde uit, maar wat die hart aangaan, God is daar uitgeban. Hulle is sonder ontroering! En so is die soort mens wat hom gedurig net bekreun oor die regsinnigheid, oor die gereformeerdheid van die Kerk. Maar vir dieselfde gereformeerdheid en vir dieselfde Kerk is die hart koud, sonder gevoel, dood, soos ŉ kliphart. Die hart klop nie, die lewe tril nie van die gereformeerde waarheid van die Woord van God nie. O, die wêreld se verwyt teen die offisiële kerk dat dit *koud* is, is nie altyd sonder grond nie. Die Kerk van die Here moet deur sy warmte, sy gloed, ander tot jaloersheid opwek. Dit moet die leweloosheid sonder God en sy Woord bestraf! Ons godsdiens moet uit ons hartsdieptes opleef. As ons die Woord hoor, dan moet ons siel aangedaan wees. So was Eségiël. Hy was van begin tot end een stuk ontroering. En, o, as ons godsdiens, as ons kerkgang ŉ sleurgang is, ŉ blote vorm, sonder hartsaandoening, sonder dat ons Psalm 122:1 uit die hart kan sing, dan is ons koud, soos ŉ klinkende klok. Dan is die kerkbesoek ŉ dodemars.

Maar, geliefdes, daarvoor hoef die verbond en die kerk, die uiterlike vorm nog nie uitgespeel te word teen die innerlikheid en die aandoening, soos die sektariese liefhebbers van die blote warmte, soos die voorstanders van individuele vroomheid doen nie; soos die soort mens wat sê: In my binnekamer dien ek my God met aandoening; in die kerk raak ek net gesteurd!

Hier word egter nie kerkveragting en kerkwillekeur gepreek nie. Want wedergeboorte van

die hart roep om hervorming van die kerk. ŉ Lewende hart roep om ŉ kerk vol lewe en aandoening, ŉ Nuwe hart soek ŉ nuwe kerk, maar hy verontagsaam en verwerp nie die kerk nie. Die soeker na blote warmte, los van die kerk, het Eségiël hier hard teen hom. Die sektariese mens wat net na gees soek met veragting van die uiterlike kerk-vorm, is hier veroordeel.

Daarom, die Here sê dat die oorblyfsel met vernude harte die tempeldiens sal *hervorm.* Hulle sal al sy verfoeisels en al sy gruwels daaruit verwyder (vs. 18). Dis die eerste. En dink u dat onder ons nie kerklike gruwels is wat ons uit ons midde moet verwyder nie? Dink maar aan die een saak dat Sondae die Afrikaner se ontspanningsdag, sy gemaksdag is en ook al sy besigheidsdag. Dis ŉ gruwel. Die een maak hom die week klaar om Sondag lekker sy genot en gemak te neem. Die ander een weer om te gaan kuier ens. Dié gruwel moet ons uit ons midde verwyder. Die kerk moet nie verag word soos die sektes doen nie maar moet gereformeer word — altyddeur.

En dan, so staan daar, doel van die hartsvernuwing is dat "hulle in my insettinge kan wandel en my verordeninge kan hou om dit te doen!" Hulle uiterlike handel en wandel, hulle kerklike lewe moet nougeset betrag word.

Niemand moet hom met die gedagte vlei dat hy sonder die kerk lekker stil en vroom kan lewe in ŉ kring van eiewillige godsdiensvorme nie. Dis sektariese sieklike vroomheid wat aan die mens meer gehoorsaam is as aan God. Hy vra gehoorsaamheid wat beter is as offerande; gehoorsaamheid oor die hele linie, volle wedergeboorte van die hart, volle reformasie van die kerk. Sodat hulle in my insettinge kan wandel en my verordeninge kan hou om dit te doen.

So, gemeente, kom eers weer God se wil en sy verbondsvolk se wil in een lyn te staan. Dit bots dan nie meer tussen die Verbonds-God en sy verbondsvolk se wil nie. Daar is harmonie. Dan sê die HERE: Julle is vir My ŉ volk en Ek is vir julle ŉ God. My Volk, julle God. Dis julle troos! Dis julle krag en sterkte. Dis julle oorwinning oor die sonde, dood en graf. Dis julle verbondsbehoudenis. Hier is nie net individuele sektariese aandoeninge nie. Hier is ŉ volk, ŉ gemeente wat aangedaan is, verheug oor hulle God, ja, hulle s'n.

II.

Hoor die profeet Eségiël die skone belofte van vernuwing so, geliefdes, dan is die verwydering van die heerlikheid van die Here uit die stad vir hom des te skrikliker. Dis ŉ oordeel dat die HERE God in sy genade-heerlikheid wegwyk van ŉ verbondsvolk met klipharte, vol dubbelsinnigheid. Dis ŉ oordeel as die Verbonds-God sy heerlike verbondsgemeenskap opsê. Dis ŉ oordeel — daar hef die gérubs hulle vlerke op. Op sy troonwa vaar God voor die oog omhoog — maar nie met gejuig nie. Wie sal hier juig? Oordeel is dit! Want laat alles die mensekind gerus maar oorkom, maar laat God hom tog nie verlaat nie. Beroof ons, o God, van geld en goed, van ons dierbares en geluk, van gesondheid en eer, maar bly U tog net by ons! Laat ons u naby-syn tog net altyd gevoel. Laat ons tog nie alleen deur die lewe gaan nie. Laat daar liewer geen bees in die kraal, geen graan op die akker oorbly nie, laat die vyeboom maar leeg bly — as ons net altyd in vreugde kan opspring in U, onse HERE en God.

Wie hierdie troosryke naby-syn van God in sy lewe smaak, weet hoe ontsettend hierdie visioen van Eségiël eindig: God gaan ook weg!

Maar tog, geliefdes, bevat hierdie visioen vir ons ŉ profetiese teëhanger. Want waarheen gaan God weg? Na die Olyfberg. En al is dit vir ons ŉ verborgenheid waar die troonwa heen is vanaf die Olyfberg aan die oostekant van Jerusalem, dit bly vir ons ŉ vingerwysing na die Christus wat, nadat Hy die volledige ondergang van Jerusalem aangekondig het — hoe nie eens een klip op ŉ ander klip gelaat sal word nie, oor die Kidrondal na die Olyfberg gegaan het, vanwaar Hy na die hemel gevaar het. En net soos die wegwyk van die heerlikheid van

die Here uit Jerusalem nie was om die oorblyfsel te verlaat nie, nie was om die uitverkore verbondsvolk te verlaat nie, net so ook was Christus se hemelvaart nie om sy kerk te verlaat nie. Vanaf die regterhand van sy Vader het Hy sy Heilige Gees gestuur — die Gees van vernuwing, die Gees van wedergeboorte — en op een dag is drieduisend siele bekeer en gedoop. Soos wat die oorblyfsel in Eségiël se dae deur die Gees Gods vernuut is in die verbond, so ook word die gemeente van die Nuwe Testament vernuut om te wandel in sy insettinge. En so is daar wel angs en vrees vir die vervalste, uiterlike kerk met ŉ dooie vormdiens as uit harte van klip. Maar vir die heilige kerk van Christus, vir die wedergebore volk van God en sy gereformeerde kerk is daar steeds ŉ troosryke toekoms weggelê. So straal uit die profesieë van Eségiël reeds iets van hemelvaart en pinkster deur. God verlaat wel die versteende en veruiterlikte Jerusalem met sy dooie vormdiens tot sy straf, maar Hy doen dit net om die hemelse Jerusalem, die Nuwe Jerusalem te bou op ŉ nuwe aarde en onder ŉ nuwe hemel en om vir Hom ŉ lewende priesterdom te vorm om ewig sy lof te verkondig.

God sal sy Werk en sy Kerk tog nooit verlaat nie!

III.

Ons leer ten slotte, geliefdes, hoe Eségiël hierdie Gods-openbaringe en gerigte aan die ballinge bedien het. Toe die profeet Eségiël dit alles gesien het, het die Gees hom weer visioenêr teruggebring na die ballinge: “En ek het aan die ballinge verkondig al die woorde van die HERE wat Hy my laat sien het.” Hiermee sê hy vir ons hoe hy gepreek het. Hy het *woorde* wat hy gesien het, verkondig. Dis tog eienaardig. Hy het gepreek wat hy gesien het. Hy het gepreek as ŉ eerstehandse getuie. Hy het nie ŉ tweede- of derdehandse rapport gegee nie, maar soos ŉ ooggetuie in ŉ sprankelende en tintelende taal, vol fleur en kleur, het hy dit soos ŉ klaterende fontein voor die ballinge uit sy siel laat oorloop. Hy was ŉ prediker! Predikers moet Gods majesteit *gesien* het voordat hulle dit kan verkondig; hulle moet die heerlikheid van Christus *gesien* het. Hulle moet die gruwels binne-in Jerusalem *sien.* Hulle moet die teks nie net bestudeer en ontleed nie maar die woord van die Here in sy *rykdom sien. ŉ* Prediker wat nie kan sien en insien nie, is soos ŉ blinde wat die gemeente in ŉ sloot kan lei.

En Eségiël het al die woorde verkondig. Hy het niks agtergehou wat die Here hom laat sien het nie. Dit was sekerlik nie maklik om so te preek teen sy eie stad nie. Hy moes vir die mense somaar reguit vertel wat hulle sondes is. Vir die Jerusalemmers moes hy hulle sondige selfoorskatting meedeel, vir die ballinge hulle sondige onderskatting. Hy het die grysaards op hulle sonde gewys en die jeug op hulle oortreding; eweso vir die vroue en vir die kinders. Hy het dus nie net met onderskeiding gepreek nie maar tegelyk vir die ganse gemeente.

Al die woorde. Hy het genade en oordeel gepreek; oor geheime en openbare sondes; vir priesters en vir vorste; vir die kerkraad en vir die owerheid. Al die woorde. Hy het innerlik en uiterlik gepreek — oor regenerasie en reformasie. Oor die hart en die openbare lewenswandel. En hy het die openbaring van God Self verkondig; die openbaring van die Christus onder die Ou Testament. Hy het die Verbond Gods verkondig. Hy het nie “sielkundige” preke gelewer om mense te streel nie. Hy het nie gesoek om te behaag nie maar om te getuig aangaande die woord-dinge wat God hom laat sien het.

U sal weet, gemeente, hoe ons hierdie selfde woord-dinge aan u verkondig — of dit in navolging van Eségiël is of in verdraaiing van sy woorde. En daarvan is ons oortuig dat die Here ons vandag ook hierdie selfde woord-dinge, wat Hy ons deur sy profeet toon, wil laat sien.

En dan, geliefdes, moet ons ook so luister soos iemand wat die dinge sien, so insien. Want Eségiël noem dit nie afgetrokke, leë woordklanke nie maar woord-dinge — werklikhede. Ons moet die prediking van ons sondeskuld, van ons gruwels nie hoor as woordklanke oor ons hoofde heen nie, ons moet dit hoor, ons moet dit sien as werklikhede onder ons. Die oordele

Gods, die heerlikheid van Christus, die vastheid van Gods verbond — dis nie blote woordklanke nie, dis woord-dinge, werklikhede. Ons moet luister soos Eségiël self toe die dinge vir hom getoon is. Hy was daardeur as deur magtige werklikhede aangegryp, sodat hy in ontroering kan uitroep: Ag, Here HERE!

Ag, ons kom kerk toe en ons hoor klanke, by die een oor in en by die ander uit! En streel die klanke ons gemoed nie, dan is ons ontstemd! Nee, ons moet die gepreekte woord-dinge hoor-sien — as Gods werklikhede. Dan sal ons kerkgang ŉ aangrypende saak wees.

Dan sal ons siel ontroer word. Dan sal die kerkgang lewend wees, en ons sal buitestaanders jaloers maak. Want ons hoor-sien, ons leef met hart en oog en oor in die kerk. Dan is ons eers ŉ wedergebore gemeente in ŉ gereformeerde kerk.

**AMEN.**

## GEREED VIR DIE REIS

**LEES**: *Eségiël 12:1-20-, 2 Konings 25:1-7.*

**TEKS**: *Eségiël 12:3.*

IN hoofstukke 12-19 kom Eségiël tot die ballinge met ŉ *tweede* reeks oordeelsaankondiginge, ŉ *tweede reeks oordeelsdreiginge.* Die eerste reeks staan vermeld in hoofst. 3:16 — 7:27, nl. die beleëring en verwoesting van die land en volk, met die stad en tempel — die heilige stad en die tempel, die tempel van die HERE. Deur oorlog, honger en pes sal dit verwoes word! Ag, maar dit was in die oë van die ballinge en met name in die oë van die oudstes ŉ tog te onbillike oordeelsaankondiging. Dit kan tog nie! Hoe kan dit?

Die vorige hoofstukke het die billikheid van die oordeel buite alle twyfel aangetoon. Maar die oudstes wat voor Eségiël sit, die jong manne en vroue met kinders was vir al hierdie visioene siende blind en vir al die preke horende doof. Hulle het geweier om in Eségiël se prediking die Woord van Sion se Koning te beluister. Te lank het hulle in die waan gelewe dat die band wat die Here om Jerusalem gebind het, onverbreekbaar sou wees. Te lank het hulle gemeen dat Sedekia en sy volgelinge in 597 nie in ballingskap gevoer is nie, omdat hulle die “ware Israel” is; omdat Sedekia se reorganisasiepolitiek in hulle oog maar die regte politiek is wat, na hulle vaste mening, hulle nog sal bevry.

Daarom weier hulle om geloof te heg aan Eségiël se gesigte en sy woorde. Die sombere taferele wat hy ophang van stad en tempel, van Sedekia en sy reorganisasiepolitiek met vermengingsgodsdiens — dis vir hulle pure fantasie, uit die lug gegryp! Eségiël is vir hulle ŉ gebore pessimis. Sy gesigte is vir hulle nare drome, en sy profesieë is vir hulle vals en leuenagtig, net daarop bereken om hulle in hulle nasionale trots te tref as hy so uitvaar teen Jerusalem met sy tempel, teen Sedekia en sy reorganisasiepolitiek. Eintlik is Eségiël niks meer nie as ŉ lastige omkrapper van die ballinge, van grysaards en jong manne, van vrouens en kinders met sy gesigte en sy gepreek.

Daarom sê die Here vir Eségiël: Mensekind, jy woon onder mense van ŉ wederstrewige huis, wat oë het om te sien maar nie sien nie; ore het om te hoor maar nie hoor nie, want hulle is ŉ wederstrewige huis (vers 2). Hulle wil nie luister na die profesie nie.

Daarom gaan die Here nou langs ŉ ander weg hulle dwing om te sien wat hulle *moet sien* en te hoor wat hulle *moet hoor*. En dit gaan die Here doen deur die sinnebeeld van gereedheid om te reis, die sinnebeeld van reisvaardigheid wat die profeet Eségiël voor hulle oë moes uitvoer. Ons bepaal u aandag by die sinnebeelde en let:

I. Op die *aanskoulike onderwys:* maak klaar vir die reis, en

II. op die *verklarende onderrig:* wees gereed vir die reis.

I.

Ons is gewoond om te sê: wie nie wil hoor nie, moet voel! Maar onse goeie God sê nog eers: Wie nie wil hoor nie, moet nog eers sien voordat Hy hom sal laat voel. Die Here gaan nog eers vir die verblinde en verdoofde ballinge wat van die goddelike gesigte oor stad en tempel niks wil sien nie en van die profetiese woorde niks wil hoor nie, aanskoulike onderwys gee. Hulle het in die geestelike dinge minder insig gehad as klein kindertjies. En nou stuur die Here sy profeet na hulle toe met ŉ reeks beelde om hulle nuuskierigheid sodanig te prikkel dat hulle *sal moet vra* na die dieper sin, na die geestelike betekenis van die beelde! Die profeet moet ŉ sinnebeeldige daad uitvoer voor hulle oë. Hy moet, heel alledaags, klaarmaak vir die reis, soos ŉ balling dit sal doen. Hy moet inpak. Soos ŉ balling moet hy inpak. Net die allernodigste goedjies moet hy inpak, soos vir ŉ lang tog in ballingskap: ŉ staf, sandale, ŉ mantel, ŉ hoed, ŉ gordel, ŉ geldbeurs, ŉ watersak en dan nog ŉ sak met ŉ bietjie voedsel en ŉ bietjie klere en een en ander kleinigheid wat vir hom in sy huis dierbaar is — ŉ kosbaarheid wat tot sy siel spreek.

En dit moet hy op so ŉ wyse doen dat dit opspraak verwek, dat dit ooglopend is.

In die Ooste pak die reisiger sy reisbenodigdhede teen die aand in vir die vroeë vertrek van die volgende dag. Maar Eségiël moet sy sakke pak by dag, in die helder daglig. Dan moet hy dit na buite dra en voor die deur laat staan. Voor die oog van almal moet die reisbenodigdhede dan daar staan.

Dit moet vir almal wat daar verbygaan, eienaardig lyk. Dit moet hulle dwing om te vra: Wat gaan nou gebeur? Wat wil die profeet nou weer aanvang? Gaan hy nou trek? Gaan hy die land verlaat? Die gerug moet dan deur die groep ballinge versprei word: Die profeet pak sy handsak; hy gaan weg. Die menigte stroom dan toe om alles gade te slaan!

En nog wonderliker — so moet hulle dit dan aanskou — is die wyse waarop die profeet sy huis verlaat in die nag. Hy verlaat sy huis nie deur die deur nie maar — soos God hom gelas het — deur ŉ gat wat hy deur die muur van sy huis inderhaas en met geweld moes breek! Deur die gat in die muur het hy dan in die pikdonkerte van die nag na buite gesluip en sy skouers belaai. Daar staan hy dan met pak en sak soos een wat vir goed die land gaan verlaat — soos ŉ balling! Eségiël en sy mede-ballinge weet wat dit is! Hulle weet dit uit ervaring. Só het hulle uit Jerusalem vertrek, met wanhoop in die siel, met donkere uitsigte en ŉ slepende gang asof die voete weier om die vaderlandse bodem te verlaat. Bowendien is die gesig ook nog omsluier. Dit is ŉ vermomming uit skaamte en vanweë smart en smaad, om tog nie gesien te word nie, om self ook liewers niks te sien nie, selfs nie die grond waarop hy sy voete neersit nie.

Klaargemaak vir die reis soos ŉ balling. O balling-pelgrim! Waarheen is jou tog?

Eségiël self weet dit nie! Hy staan en wag! Wanneer vertrek jy? Hy weet dit ewemin! Hy het slegs klaargemaak vir die onbekende tog op Gods *bevel*. Hy het slegs ag gegee op Gods Woord en hom klaargemaak! En daar staan hy: een stuk gehoorsaamheid, vol ontsag vir die Gods woord! Tot ŉ sinnebeeld stel God hom vir Israel. Hierdie sinnebeeldige daad van Eségiël is egter nie net ŉ openbaring van wat in sy siel omgaan nie, maar dit sal, deurdat die ballinge dit sien en hoor, hulle siele so vervul, dat hulle hul nie meer sal *kan onttrek* van wat hulle hier van Eségiël nou sien en hoor nie. Hulle het oë maar wil nie sien nie! God sal maak dat hulle *sal moet* sien! Hulle het ore, maar wil nie hoor nie! God sal maak dat hulle nou *sal moet hoor:* die oordeelsaankondiginge oor stad en tempel, oor land en volk!

Dis ʼn stuk aanskoulike onderwys wat op ʼn pakkende en sprekende wyse die ballinge noop om die oordeelsbedreiginge te *moet* sien en te *moet* hoor. Hier het u ʼn prediking aan ʼn volk wat vir die verbondsdinge blind en vir die verbondswoord doof geword het. Hier het ons nie slegs stomme siele, arme ellendelinge nie maar stomp siele wat van geen ellende meer weet nie. Hulle kén hulle ellende totaal nie meer nie. Van oortredinge weet hulle niks, want hulle ken Gods wet, Gods verbondswoord nie meer as ʼn wet en woord vir hulle lewe nie. Hulle hoor dit wel, en hulle vernoem dit nog, maar dit is soos klanke sonder die minste betekenis vir hulle siel. Dit sê vir hulle niks nie! Dit het geen sin vir hulle dat God ʼn Woord, ʼn Wet gegee het waarna hulle moet luister om dit te doen nie. Waarom? Waarom moet dit gedoen word? Ag, dis siele wat bot is vir Gods gebod! Dis siele wat stomp geword het vir Gods Woord; harte wat gevoelloos geword het. Wat moet jy met so ʼn mens begin? As die man tog net weer onrustig wil word! As die Woord van die Here hom tog net weer wil raak! As die man tog maar net weer wil vra: Wat beteken dit? Wat is my ellende? Hoe groot is my ellende? Wat is die omvang van my ellende? Wat is die straf van my ellende? Hoe kan ek my ellende ken? As die man tog maar van sy geestelike botheid, van sy siele-stompheid ontslae kan raak. As hy tog maar weer net so wil word, dat as vir hom ʼn gesig getoon word, hy dit *moet kan sien;* en as daar vir hom ʼn profesie gepreek word, hy dit *moet kan hoor.*

O, gemeente, as die goeie God met *ellendiges* te doen het, met arme, stomme siele wat hulle nood ken, dan is die heerlike begin van Gods genade daar! Dan kom dit tot verlossing en dankbaarheid. Maar as die regverdige God met stomp siele, met bot siele besig is, dan kan dit nie anders nie as dat die oordeel, die straf van God hulle sal moet tref.

ʼn Stomp siel, ʼn bot siel kom hoogstens so ver dat hy *nuuskierig* is. En dit was die ballinge. Nuuskierig! Wat beteken dit? O, die inwoners van Jerusalem sal deur die bresse van die stadsmuur in ballingskap gaan! En ewe stomp en bot is die sielshouding: Onsin! Jerusalem en die tempel behoort aan die Here, en van Sedekia en sy reorganisasiepolitiek dink ons te veel dan dat dit ooit sal misluk! Ek hou my standpunt!

Presies so gaan dit in ons dae, geliefdes. As ʼn sondaar sy ellende ken, sy sielenood, sy sielekrankheid dat hy ʼn skuldige is voor Gods wet, dan sal hy sy toevlug by sy God en Saligmaker Jesus Christus kom soek en by hom alleen! Maar as ʼn sondaar eers bot en stomp geword het vir wet en profesie, as hy van geen ellende van hom wil weet nie, dan bly daar ten laaste net een ding oor: dan sal jy nou jou straf tot die dood *moet* sien, en jou oordeelsvonnis tot die verderf *moet hoor!* As dit nie gebeur nie, dan sal God nie meer God wees nie; dan sal God onregverdig wees en ʼn leuenaar. Dan sal bot en stomp siele reghê en waarheid spreek.

Preek maar vir ons tyd die politieke sondes soos Eségiël dit gedoen het, dan is jy partydig en teen die goeie Sedekia. En ewe botweg gaan elkeen sy gang. Preek teen die Sabbatsontheiliging, die Sondagkuiers, die laksheid om die kerk te besoek, dan volhard so baie ewe bot en stompweg in hulle oortreding. Ellende is dit nie! Dit is my gemak of plesier. En so gaan die lewetjie vrolik aan! Preek jy teen lotery, dan is dit teen bot en stomp siele. Dis mos nie ʼn oortreding nie. Dis nadelig as jy nie oortree nie! Dis geen ellende as mense dit doen nie! Nuuskierig sal na die verklaring geluister word, en dan gaan die lewe maar sy ou gang voort. Maar die kerk, die kerk is die Here s'n. Daar moet die kerkmense darem regsinnig, ortodoks, opreg wees. En die godsdiens, dié is goed en wettig; ʼn mens kan sonder godsdiens nie klaarkom nie. Maar godsdiens is godsdiens! Hou dit op sy plek! Moet nie daarmee na die alledaagse lewe kom nie. En so gaan die lewe dan maar sy ou gang!

Bot! Stomp vir Wet en Profesie! En, gemeente, as die siel eers so bot en stomp is, dan sal God maak dat jy *moet* sien en *moet* hoor, nie sy genade nie maar sy *oordeel;* want jy ken jou ellende nie; jy wil dit botweg nie ken nie. Dit is die aanskoulike onderwys van die profeet Eségiël wat daar sinnebeeldig klaarmaak vir die reis in ballingskap. Maak jou maar klaar,

botte, stompe siel, vir Gods Wet en Profesie! Maak jou klaar vir ballingskap, vir uitbanning uit Gods verbond; vir uitbanning uit sy heilige stad; vir uitbanning uit sy koninkryk, tot die ewige verderf.

II.

Maar laat ons tweedens let op die verklarende onderrig: Wees gereed vir die reis! Wat is dan die verklaring? So spreek die Here HERE: Hierdie las sien op die vors in Jerusalem en die hele huis van Israel wat onder hulle is (vers 10). Ag, hoe word met die verklarende onderrig, wat Eségiël eers die volgende more gegee het, nou al die illusies versteur! Sedekia met sy reorganisasiepolitiek vernietig!

Nog altyd het hulle juigend kon sing:

O *Heilige stad, gelukkige oord,*
*ons voete staan nou in jou poort!*
. . . . . . . . . . . . . . .
*Gelukkig hy wat jou bemin,*
*wat juigend gaan jou poorte in.*

Maar nou maak die verklaring van die sinnebeeld die heilige stad 'n ongeluksoord waar geen Israelitiese voet langer kan staan nie. Nou word vir hulle deur die sinnebeeld verkondig dat hulle voete treurende sal uitgaan en nie deur sy poorte nie maar sluipend na buite deur die bresse van die stadsmuur heen!

En Sedekia, die seun van Dawid, van wie hulle sulke hoë verwagtinge koester — want van Sedekia en sy politiek het hulle letterlik meer verwag as van die Here se profetiese woord! — Sedekia word hier in sy kleinlikheid geteken. By die ondergang van stad en tempel, van land en volk verlaat hy, as gevolg van sy verblinding en verdwasing met sy reorganisasie-politiek, in die geheim die stad deur die bresse van die stadsmuur heen na die vlakte van Jerigo om by ou vyande hulp te gaan soek. En in die nag het dit gebeur, in die pikdonker, om tog nie gesien te word nie en om self tog liewers ook niks te sien nie. Dis al begeerte van sy siel wat ontkrag is deur sy politieke verdwasing. Ten laaste dink hy slegs nog aan eie lyfsbehoud. Hy wou ander red met veragting van die wet en profesie; hy kan homself nie eens red nie, want in sy vlug sprei die Here 'n net oor hom. Hy loop hom in sy strikke vas, word gevang en na Ribla gevoer waar sy seuns voor sy oë geslag en sy oë uitgesteek word, sodat die woord vervul is dat hy self met die oog die land nie sal sien nie (vs. 12). So is Gods Woord deur die sinnebeeld verkondig, en die sinnebeeld was nie leeg en nie ydel nie. 2 Kon. 25:3 en 6 beskryf die vervulling daarvan. Hy was in sy politieke verdwasing blind; in blindheid sonder genadelig eindig sy lewe. Bot en stomp was sy siel; met hom is soos met 'n botte en stompe van gees gehandel. Sy oë was nooit gevoelig vir die lig van die profesie nie. Dit was bot! Ewe bot laat God dit uitsteek. O, bot en stomp siel! As God dan vir jou in jou botheid en stompheid preek: Wees gereed vir die reis in die bande van die dood, dan kan jy jou maar gerus klaarmaak daarvoor! Jy sal daardie reis *reis.*

Wees gereed vir die reis! Ja, waarheen? Vir die botte en stompe *is* dit 'n reis na die ewige geestelike ballingskap, na die buitenste duisternis en verderf.

Wees gereed vir die reis! Elke dag word dit vir sondaars gepreek. Ons gaan dan nie meer op gewone wyse uit ons huis se deur nie. Ons word met dodemars daaruit gedra, gehul in swart — in die pikdonker nag van die dood.

Wees gereed vir die reis! Die begrafnisstoet is alledaagse, aanskoulike onderwys! Dié wat nie wil hoor en sien nie, dié sal dan moet hoor en moet sien: die reis na die ewige ballingskap. Siele wat bot en stomp is vir die wet en die profesie, gaan reis na die ballingskap van

die dood.

Dan is die dood ŉ betaling vir die sonde, ŉ pikdonker reis — die buitenste duisternis van ŉ weerspannige huis.

O, bot siel, stomp siel, as jy tog maar hier waar die wet en profesie verkondig word, net wil sien en hoor! As jy nou tog maar onrustig wil word! As jy nou tog maar jou lamp met olie wil vul! As jy nou tog maar wil luister! As jy nou tog maar jou wil gereed maak vir die reis na die ewigheid!

Wees gereed vir die reis! Die vreeslikste, geliefdes, is dat elkeen teen wil en dank, bewus of onbewus, inpak vir die reis! Maar die siel wat bot en stomp is vir Gods wet en profesie pak net sulke goed in wat hy na die ballingskap kan saamneem. Hy maak hom klaar soos ŉ balling! Maar die ellendige, die sondaar wat sy sonde-ellende ken, wat sug en steun oor sy gruwels, wat hyg na verlossing, hy pak ook in vir ŉ reis maar soos ŉ uitgenooide gas na die maaltyd van die bruilof van die Lam. Sy siel *wil* sien, sy oor *wil* luister na wet en profesie. Hy is erg gevoelig vir die prediking. Hy is nie bot en stomp nie. Hy pak sy geestelike hartkoffers met genadegoedere, met Gods verbondsbeloftes! Hy wek by homself nie illusies nie, maar hy verwag heerlike dinge wat hom toegesê is. Hy vergader nie wat mot en roes kan verderf nie. Hy aas nie botweg op lotery en resiesbane — verganklike goed nie. Gods hele Woord is vir hom dierbaar!

Wees gereed vir die reis! Waarheen wil u reis, geliefdes? Uit Jerusalem se poorte en mure, wat ons deur ons sonde help verwoes het, uitsluip? Weg van die verbond van God? Weg uit die kerk van die Here? Of reis u na die poorte van die Jerusalem daarbo om daar te staan, om in sy poorte in te gaan! O, dan moet u u ellende voor Gods wet ken! Dan moet daar geen sielebotheid, geen sielestompheid by u wees nie. Dan moet u die woord van die Here bewaar. Dan moet ons ons Sedekia-streke laat vaar en ons Verlosser soek!

Maak klaar vir die reis, sondaar! — Dis tot die verderf.

Wees gereed vir die reis, kind van God! Dis tot die ewige lewe.

**AMEN.**

## VERAGTING VAN DIE PROFESIE

**LEES**: *Eségiël 12.*

**TEKS**: *Eségiël 12:22.*

IN ons teksvers word ons vermeld wat die uitwerking van die eerste oordeelspredikasie uit die tweede reeks oordeelsbedreiginge (hoofstt. 12-19) op die ballinge was. Dit is van belang dat die uitwerking van hierdie eerste oordeelsprofesie (hoofst. 12:1-20) vermeld sal word, want dit was ŉ profesie waarin nie net van die komende oordeel *gespreek* is nie, maar hy het dit in feite voor die ballinge se bewussyn gestel toe hy helder oordag sy reisbenodigdhede soos vir ŉ balling inpak.

Die vraag is nou: Wat was die uitwerking van hierdie harde preek op hulle siele? Wat sou hulle nou teen die preek aanvoer? Tot nog toe het hulle teen al Eségiël se profesie beswaar gehad en dit van die hand gewys!

Wat sal hulle nou weer sê? Waarmee sal hulle nou nog verder die profesie afwys? Na ŉ dag of wat het hulle ook hierdie profesie van die hand gewys! Hulle bly ŉ wederstrewige huis!

Ons wens u aandag te bepaal by die vorm *van profesie-veragting* wat in verse 21-28 vir

ons vermeld staan. Dis die sprekendste vorm van profesie-veragting deur die eeue heen, wat sy boodskap ook vir ons tyd het.

Een ding, geliefdes, was duidelik, naamlik dat die profesie van hoofst. 12:1-21 nie nagelaat het om aanvanklik ʼn diep indruk op die ballinge te maak nie. Hulle was daar aangedaan oor!

Maar na ʼn dag of wat, toe daar nog geen berigte van die val van Jerusalem en die ballingskap van Sedekia ingekom het nie, het hulle aanvanklike angs, aandoening en indruk presies in die teendeel omgeslaan! Hulle het luidrugtig begin word, begin spot en lag vir Eségiël se profesie. Die een seksie het spottend opgemerk en gesê: Die dae gaan voort en van al die gesigte kom niks nie. Die gesigte is somaar in die wind. Daar sal niks van kom nie! Die dae duur voort.

Die ander seksie het hom nie eens soveel geag om hom by die naam te noem nie, met die woorde: die gesig wat hy sien, is vir baie dae, en hy profeteer van tye wat ver is.

Hierdie spottende veragting van die profesie het in skerpte toegeneem. Sommige het dit botweg as onwaar verwerp. Agter Eségiël se woorde is niks werkliks nie; hulle is lugwoorde; hulle kom nie voort uit ʼn siel wat God met werklike gesigte vervul het nie. Eségiël gee voor dat hy ʼn ware profeet van die Here is, maar hy is net soos so baie ander wat ook voorgee dat hulle profete van die Here is, maar hulle gesigte kom nooit uit nie. Sy profesie is vals! Daar is niks van nie.

Die ander was verfynder. Hulle sê: Dit *mag* miskien waar wees wat die gesigsiener profeteer, maar dis dinge van ʼn ver-verre toekoms. Dis nie dinge vir ons dae nie.

Dit was nou, geliefdes, soos die profesie deur die ballinge ontvang is! Die een seksie merk spottend op: Wel, in ons dae kom van sy gesigte niks nie. Die dae gaan verby! Die ander vul dit met nog meer spot aan: Miskien is dit dinge vir die verre toekoms!

*Nie in ons tyd nie maar miskien in die toekoms!* — dit is die vorm waarin hulle nou die profesie verag! En dit is die opperbeste metode van profesie-veragting wat die sondaar seker nog kan vind. Dit was die gebruiklike metode in die dae van die apostel Petrus, toe die profesie-veragters opgemerk het: Waar is die belofte van sy wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die begin van die skepping af (2 Petrus 3:4). Dis *vandag nog* die gebruiklike metode van profesie-veragting. Dit is asof die mens se sielsaard sodanig is dat hy die prediking van die profetiese Woord nie so konkreet opvat dat dit waaragtig vir vandag, vir ons tyd bedoel is nie. Die prediking van die profesie is vir baie mense ʼn lang, maer woord wat half botydelik iewers deur die lug gaan en op ʼn punt ver van hom af iewers eendag die konkrete werklikheid sal raak. Dit lyk vir die sondaarsiel waaragtig *onmoontlik,* onwaar dat hierdie profesie vir vandag iets te sê kan hê. Kan die profesie dan wel so wees dat hy vir *vandag* is? Kyk, van die dinge wat voorspel is, kom niks nie! Dis beslis nie vir vandag nie! Die profesie kan nie vir vandag en vir gister en vir more wees nie. Die profesie kan nie vir Eségiël se tyd, vir ons tyd en ook vir die toekoms geld nie. Tegelykertyd kan dit nie so wees nie. Vandag sien ons met ons oog dat daardie dinge nie gebeur nie, dus kan dit net vir die toekoms wees.

En hiermee, geliefdes, word die wese van die profetiese Woord van God aangetas. Want God se profetiese Woord is nie ʼn soort waarsêerswoord wat ʼn enkele saak voorspel en wat geen ander krag het as net dit dat dit op slegs een bepaalde oomblik moet uitkom nie. God se profesie is nie so kragteloos dat dit net van betekenis en van krag sou wees vir ʼn bepaalde punt van die tyd iewers vaag, ver in die toekoms nie. God se profetiese Woord is ʼn krag van God vir elke dag van die lewe. Dit het ʼn baie konkrete boodskap vir elke dag. Hierdie vorm van profesie-verwerping woon in u en my hart! Sonder twyfel gemeente. Hy setel in die predikant se sondige natuur waar hy die preek voorberei, en hy woel en werk nie maklik in die

lidmaat se verdorwe natuur waar hy dit aanhoor nie! Ja, ons tyd is dan ook so dat, hoe nader die profesie vir vandag gepreek word, des te kriewelriger word hy! Hy verdra dit nie dat jy die profesie vir vandag moet bring nie. Die prediker moet nie so konkreet wees dat hy dinge in en om jou huis met die profesie aanroer nie. Die profesie kan tog nie vir vandag wees nie. Nee, weet u wat die mooiste preke vir die sondaar is. Dis daardie hemelskema van preke. Vat jou hoorder weg uit sy tyd, weg van die aarde af, voer hom met lokkende woorde hoog op in die lug, ja, by die hemelpoorte in en salf die siele soos ŉ hemelpriester.

Of sal ons tyd dit ook graag hoor as jy die goddelose mens — maar dan moet dit nie die goddeloosheid van jou tyd wees nie, dit moet somaar die goddelose wees — afstoot na die hel en vir hom die verskriklikheid van die hel preek. Ons sensasionele tyd hoor ook graag preke oor die hel! Maar nie oor die aarde van vandag nie! Nee!

Gemeente, laat ek u sê: Die ballinge het ŉ spreekwoord uit hulle tyd teenoor die profesie aangewend toe hulle gesê het: "Die dae gaan voort, en van al die gesigte kom niks nie." Maar ons tyd het ook sy spraak waarmee hy hierdie selfde soort van profesie-verwerping te kenne gee! Ons handelstyd, ons geldmaaktyd druk dit so uit: Die profetiese Woord van God is ŉ wissel (tjek) op die ewigheid. Dis ŉ tjek wat hier nooit gewissel sal kan word nie! Miskien hierna in die ewigheid. O, die doeltreffende vorm van profesieveragting! Ons staan daar midde-in. Ons laat die lang afstand van die toekomstige tyd wat ons vir die profesie stel, die skerpte van Gods Woord vir ons siele afstomp!

Daarom sing die digter in Psalm 95:

> "As *jul vandag sy roepstem hoor*
> *verhard jul nie, maar neig jul oor*
> *merk op die roep van sy ontferming."*

Want, geliefdes, al meld die profesie ons van toekomstige oordele, dan moet ons die profesie wat God vir die tye so lank tevore al gegee het, nie van ons kant wil bestem vir toekomstige ore nie. Dis wel brutaal as die Here God in sy lankmoedigheid lange tye te vore sy oordeelsbedreiginge bekendmaak om ons daardeur te waarsku en om ons te roep tot terugkeer en bekering, om dan daarop vir die HERE terug te antwoord: Nou-ja, HERE, laat die oordele preek net vir die tyd waarop dit moet plaasvind! Ag, as ons goeie God die dinge nie vooruit sou verkondig het nie, hoe sou die arme sondaars dan nie onthuts wees op daardie dag nie! Hoe sal vanuit die hel die Here God nie verwyt kan word: Here u is ŉ lankmoedige God, en nooit het u u lankmoedigheid geopenbaar deur ons maar vooruit te waarsku nie. O! al word die voorspellinge van die oordele nie vandag vervul nie, dan openbaar hulle juis daarin vir ons God as ŉ lankmoedige God! Dan preek hulle daardeur juis vir jou, sondaar: Keer terug! Verhard jou nie!

Daarom, hy wat die oordeelsprediking van die profesie nie vandag wil hoor nie, hy besondig hom nie net teen God se heilige Woord nie, maar hy slaan brutaal die lankmoedige God in die Aangesig!

As jul *vandag* sy roepstem hoor, verhard jul nie, maar neig jul oor. Ja, neig jul oor! Hierdie vorm van dwaling bevat immers ŉ element van waarheid, soos alle dwalinge. Die leuenagtige uitvlug van Gods profesie net na die toekoms te wil verskuif bevat dié waarheid dat Gods Woord inderdaad profeteer van dinge wat ver is. Gods Woord spreek van die toekoms na die dood, van hemel en hel, van ŉ nuwe Jerusalem, ŉ nuwe hemel en aarde, van ŉ ewige, buitenste duisternis, van die val van die Antichris en die heerlike verskyning van die Christus by sy wederkoms — dit is alles toekomsbeelde! Maar dis die glorie van die Skrif dat dit die dinge wat die swaarste is, ook die swaarste laat weeg! En die aardse en tydelike dinge weeg nie die swaarste nie maar die hemelse, ewige dinge, die onverganklike en onverderflike erfenis, die dinge wat ver is — na die dood! Maar — en dit moet vasgehou word — dis ook die

heerlikheid van Gods Woord dat dit ons nie net in kennis stel van die toekomstige dinge nie, maar dat hy dit *seker* stel, *gewis* stel. En as die profesie dan die toekomstige vermeld vir ŉ bepaalde tyd, soos vir die ballinge, dan is dit seker! En aan die sekerheid van die profesie het hulle getorring en die toekomstige dinge onseker, onvas, vals gestel. Jerusalem sal nie val nie. Sedekia sal nie in ballingskap gevoer word nie.

Maar, gemeente, al is dit so dat van Gods profetiese Woord die swaartepunt in die ewigheid lê en nie in die tyd nie, dan mag ons die waarheid nie wil misbruik om te maak asof daardeur nou die profesie van ons tyd, vir vandag niks te sê sou hê nie. Want om by die ewigheid te kom, begin die profesie altyd by die tyd in sy prediking. Die vraag van ons verlossing wat eenmaal in die ewigheid sal blyk, plaas die Skrif nie oor na die toekoms nie, maar in die hede, vandag. Nêrens sê die Skrif dat die gelowiges *salig sal word in die toekoms* nie, maar dit sê: Salig is *vandag* die armes van gees. Salig is *vandag* die reines van hart. Ons sing ook nie: Hoe salig *sal* die volk word wat na u klanke hoor nie, maar hoe salig *is* die volk wat *nou, vandag* na u klanke hoor! Waarom word die Seun van God Jesus, dit is Saligmaker genoem? Nie omdat Hy ons in die toekoms eers *sal* salig maak nie, maar omdat Hy ons salig maak, vandag al!

Ons lewe is in Christus nie eers na ons dood weggebêre nie, maar nou, vandag is ons in Christus ons Heiland verseker. O, die bekrompe en verengde opvatting van die profesie wat die woorde van Gods beloftes uitsluitend op die toekoms, weg van jou af, betrek, beroof die arme sondaar ook van alle heil, van alle troos, van alle heilsvreugde! So het die arme ballinge dan ook daar aan die Kebarkanaal gesit: ŉ treurende, troostelose massa wat in ŉ vretende onsekerheid gesnak het om te hoor dat Jerusalem nie sal val nie en Sedekia tog nie in ballingskap gevoer sal word nie! Hulle het na hulle eie keuse hulleself vrywillig in totale geestelike armoede gewerp. Nog meer, hulle het met die leuenagtige vorm van profesie-verwerping die gewisse oordeel van God op hulle gehaal. Want toe dit ŉ uitgemaakte saak was dat hulle weier om na die profesie vir vandag te luister, toe hulle die lankmoedigheid Gods afwys met ŉ beroep op die verre toekoms, toe het God met sy oordele dit bevestig dat sy profetiese Woord vir vandag bedoel is. Toe *het* God ŉ einde gemaak aan hulle spreekwoord! *Toe het* Jerusalem geval! Toe *is* Sedekia in ballingskap gevoer! Toe *is* die profesie dan ook vir vandag aan hulle ongelowige, twyfelmoedige harte vervul tot hulle oordeel. Daarom, sê vir hulle: So spreek die Here HERE: Geeneen van my woorde sal meer uitgestel word nie; wat Ek as woord spreek, dit sal vervul word, spreek die Here HERE.

Daarom, gemeente, as God in sy profetiese Woord die hede aan die toekoms verbind het, laat ons dan nie dwaaslik die hede en toekoms van die profetiese Woord skei nie. Wat die mens eenmaal *sal wees,* is nie te skei van wat hy *nou* is nie. As die profetiese Woord vir jou nie *vandag ŉ* profetiese Woord kan wees nie, dan bestaan daar verder geen grond hoegenaamd waarom hy dit vir ander in die toekoms sal wees nie.

Dit, gemeente, is die vreeslike klem van die profesie: As jy die profesie nie vir jou vandag, aan hierdie kant van die graf die heil in Christus wil laat verkondig nie, dan sal hy dit hierna ewe seker ook nie vir jou bring nie. En nog erger, as jy die profesie nie vandag aan hierdie kant van die graf vir jou jou ellende en vervloeking wil laat preek nie, dan — so sê die Here HERE — sal Hy hierna die oordele van dieselfde profesie aan jou voltrek tot jou ewige verdoemenis! Aan hierdie profetiese klem ontkom geen vlees nie.

Daarom moet die kind van God as profeet van vandag in Christus Jesus kan sê: Aangesien ek *nou, vandag* die beginsel van die ewige vreugde in my hart gevoel, sal ek na hierdie lewe volkome saligheid besit wat geen oog gesien en geen oor gehoor het nie.

Wie dit nie vandag onder die prediking van die profesie kan sê nie, staan onder die oordeel en vloek daarvan, vandag, ja, vandag, tensy hy hom bekeer waar die lankmoedigheid van

God hom daartoe oproep.

**AMEN.**

## JAKKALSE IN PUINHOPE

### OF

## DIE VALSE PROFETE

**LEES**: *Eségiël* 13:1-16.

**TEKS**: *Eségiël 13:4, 10.*

DIE Here het dit die profeet Eségiël met nadruk en by herhaling op die hart gebind dat Israel ŉ *wederstrewige* huis is, sowel in die eerste reeks oordeelsbedreiginge as in die begin van hierdie tweede reeks (hoofstt. 12-19). En u het gehoor hoe die Here deur sy profeet by die aanvang van hierdie tweede reeks profesieë op ŉ aanskoulike wyse Israel gedwing het, ten spyte van hulle wederstrewigheid teen die profesie, om te let op en te luister na hierdie ernstige oordeelsbedreiginge. Hierdie eerste harde profesie uit die tweede reeks oordeelsbedreiginge het die weerstrewige huis van Israel egter op die behendigste wyse van hulle afgestoot. Hulle het gesê: Dit is nie gesigte vir ons tyd nie, want die dae gaan voort en van al die gesigte kom niks. Miskien is dit iets van die ver-verre toekoms.

Hierdie misdadige profesie-verwerping, geliefdes, is te wyte aan hulle wederstrewigheid, hulle onwil om te luister na die profetiese Woord; hulle verset teen die profesie. Dit is die eerste rede wat Eségiël van tyd tot tyd beklemtoon het. Maar nou kom hy tot ŉ tweede groot rede waarom hulle die profetiese Woord van die HERE God verwerp. Die tweede rede is *die valse profesie.* Die weerstrewigheid teen die profetiese Woord van God was ŉ faktor wat van binne die weerspannige hart na buite gewerk het. Maar die valse profesie was ŉ faktor wat van buite af op hulle weerstrewige hart ingewerk het. Die valse profesie het van buite af hulle gedagtes beïnvloed. Die droewige feit dat niemand van hulle die sware oordeelsbedreiginge, die woorde van die profete van die HERE, ernstig opgeneem het nie, is te wyte aan die optrede van valse profete onder Israel. Vandaar dat die Here se Woord hier ook teen die valse profete gerig word. Ons wil u aandag bepaal by hierdie profesie teen die valse profesie soos dit vir ons ontvou word in die twee beelde wat Eségiël hier gebruik. En ons let:

I. Op die *ondermynende* werk van die valse profete: "jou profete o Israel, is soos jakkalse in puinhope," en

II. op die *misleidende* werk van die valse profete: "as die volk ŉ muur bou, dan bepleister hulle dit met los kalk".

I.

By nadere ondersoek, geliefdes, blyk hoe langer hoe meer die prag van taal en styl van die profeet se innerlike sielsontroering oor die kwade invloed van die valse profesie. Die profeet stapel hier die een beeld op die ander; breek sy sinne af, skuif tussen-sinne in en gebruik woordspeling op woordspeling. Dit is soos ŉ bergstroom wat neerklater. As hy van die valse profete spreek, dan gebruik hy die tekenende taal dat hy hulle noem: *profete van Israel.* O ja, dit mag hulle wees: profete van *Israel* maar nie profete van die HERE nie!

*Profete,* ja, maar profete uit-hulle-eie-hart en nie profete uit die Gees en Openbaring van God nie. Hulle mag *nebalim,* dit wil sê dwase, wees maar nie *nebiim* (profete) nie. Hulle mag voorspel maar soos waarsêers wat die leuen aankondig, maar die openbaringswoord van God spreek hulle nie.

Met ŉ bytende spot gebruik Eségiël ook ten opsigte van hulle die uitdrukking *"die hand* van die HERE". Maar hy sê van hulle nie, soos hy van homself as geroepe profeet van die

Here getuig nie: “Die hand van die Here HERE is *op* my”. Nee — “die hand van die HERE sal *teen* julle wees”.

O, dis ŉ rykdom van gedagtes en van Skrifdieptes wat ons hier toespreek! Ons kan daarin verdwaald raak! Maar die profeet lei ons deur hierdie rykdom heen aan die hand van die beeld dat hulle soos jakkalse in puinhope is. Profete uit eie hart, waarsêers van die leuen, *nebalim,* dwase, julle is soos *jakkalse* in puinhope.

En, geliefdes, dan moet ons versigtig wees om hier nie al die jakkals se streke te berde te bring en straks meer oor die jakkals te preek as wat ons die profesie preek nie! Ons moet die derde van die vergelyking hier soek, die bepaalde gedagte wat die profeet hier op die oog het. As die profeet die valse profete hier as jakkalse aan die kaak stel, dan bedoel hy *hier nie* hulle *listige aard* nie, hoewel die Nuwe Testament die valse profete se lis voorhou as hy sê dat hulle *wolwe* in skaapsklere is. ŉ Valse profeet is listig, maar hier het Eségiël dit nie daaroor nie.

Ewemin wil Eségiël hier spreek van die *vreesagtige natuur* van die valse profete as hy hulle as jakkalse teken. Seker, ŉ valse profeet is bang! Hy is soos ŉ jakkals wat in ŉ gat kruip as die gevaar genaak. So het ons Here Jesus van hulle gespreek as huurlinge wat die kudde in die steek laat en wegvlug as die gevaar kom. So het die valse profete in die jaar 597, met die ballingskap waaronder ook Eségiël weggevoer is, soos lafaards, soos jakkalse, hulle skuilgehou. Van die vredepredikers was daar toe nie een te bespeur nie! Soos die vrede wat hulle gepreek het, soek geraak het, so ook hulle. Tog wil Eségiël hier nie oor die vreesagtigheid van die valse profete spreek nie. Hy wil hier wys op die *ondermyningswerk*, op die *verwoestingswerk* van die valse profete — soos jakkalse in puinhope is hulle. Hy het trouens die ontsettende weerstrewigheid van die huis van Israel van alle kante aangetoon. Daardeur het Israel soos ŉ puinhoop geword. Alles is ingestort. Alles is verwoes! En nou is die valse profete onder die verwoeste volk, wat soos ŉ puinhoop is, *soos jakkalse in puinhope.*

Dit is veral in die Ooste die jakkalse se boerplekke — puinhope. In sulke puinhope grawe hulle hul gate. Ingestorte puinhope ondergraaf hulle nog verder. Oorgeblewe fondamente word so nog verder verwoes. Om alles te ruïneer, tot groter puin te maak, is jakkalse se lief, lingswerk. So is die valse profete. Daarom sê die HERE duidelik in die volgende vers: Julle het in die bresse nie opgegaan nie en die muur nie gebou vir die huis van Israel om in die stryd pal te staan in die dag van die HERE nie. Inteendeel, soos jakkalse in puinhope het julle verder verwoes, o, profete van Israel.

O, valse profeet! Soos jakkalse nooit hulle verskyning maak by welsaamgevoegde geboue nie maar net altyd in puinhope, so is die valse profete mense wat veral kom optree in tye van verval. In tye van afval, in tye wanneer die geestelike lewe op ŉ lae peil staan, in tye wanneer Gods Woord swak geken word, in tye wanneer die Kerk besig is om te verval, in tye wanneer die beproefde waarhede prysgegee word en nuwe waarhede, nuwe leringe, nuwe rigtinge vir die beproefdes ingeruil word, dan tree die valse profeet na vore. Dan maak die dwaalleraar sy verskyning om soos ŉ jakkals die ingestorte puin nog verder te ondergrawe, om die verkeerde koers nog verder te laat opvolg, om die dwaling te propageer. En soos dit met ŉ persoon, met ŉ huisgesin, met ŉ kerk en maatskappy is, so is dit met ŉ volk. Die dag as die volkslewe bouvallig word, dan tree ŉ skaar van leiers na vore, en almal wil red! Maar dis juis dan hulle geskikte oomblik om hulle verwoestingswerk voort te sit.

In ŉ tyd van bloeiende geestelike lewe; ŉ tyd wanneer Gods Woord deeglik geken word; waarin sedelikheid, godsdiens en kerklike lewe hoog staan, dan word die leuen en die dwaling maklik geken! Dan vind die valse profeet hoogstens by enkelinge, hier en daar, gehoor, maar die gemeente, die volk kry hy nie.

Maar die tragiek van die vervaltyd is dat elkeen uit sy eie hart spreek en dit vir die waar-

heid hou. Dan kom elkeen soos ŉ groot wyse met ŉ opinie voor die dag. En dan wil elkeen tot die *nebiim* (profete) gereken word, terwyl hulle *nebalim* (dwase) is. En dan sê elkeen: Ek is *nabi* (ware profeet, leier), en jy is *nabal* (dwaas). En dan, omdat die geestelike peil so laag staan dat die volksmenigte die valse profeet nie kan uitken nie, verhef hulle die dwase op die troon, huldig hulle as die ware profete en leidsliede, en die ware profete word tot dwase en volksverwoesters gedegradeer. So is met Jeremia en met Eségiël gehandel. So word vandag nog gedoen. Daar het ŉ vervaltydperk ingetree in ons huislike lewe — vandaar die moorde en selfmoorde, die onsedelikheid en egskeidings en die baie bedrog onder Afrikaners. Daar het ŉ vervaltydperk ingetree in ons kerklike lewe! Vandaar die Sabbatsontheiliging op groot skaal deur Afrikaners. Daar het ŉ vervaltydperk ingetree in ons volkslewe — vandaar die veragterliking en verarming onder honderdduisende. Vandaar ook die baie valse stemme onder ons volk. Dis die Sosialis, die Kommunis, die Revolusionêr, die Liberalis, die Imperialis, die Modernis! Hulle is soos jakkalse in die puin van ons Afrikaanse volkslewe om die Christelike Afrikanerdom van ons gelowige Voortrekkergeslag, van president Steyn en Kruger te ondergrawe, te verwoes!

O, die jakkalse in ons volkspuin wat nie in die bresse van ons volksmuur staan en dit opbou in die dag van die Here nie, en ons wat soos jakkalse dit verder wil verwoes en ondergrawe sodat die Christelike Afrikanerdom sal verdwyn van hierdie suidelike wêrelddeel!

Mag onse God ons behoed vir die valse leringe, vir die leuenagtige woorde!

ŉ Tweede kenmerk van die valse profeet, die jakkals in die puinhoop, is dat hy ondergrawe in plaas van die muur te bou.

Nooit spreek die valse profeet van wedergeboorte of bekering nie; nooit van terugkeer tot die goeie en ware nie; eerder beskimp en bespot hy dit. Want om jou te bekeer is om jou self in vervalle toestand skuldig te verklaar! En geen valse profeet, geen valse leier sal ooit sy sondeskuld erken nie!

Om jou te bekeer is om te gaan lê op ŉ altaar van sondoffer en skuldoffer. Maar valse profete en leiers gaan soek die sagte kussings van trone en heerskappye, liewer as om van harteleed uit die hart te bloei. Watter profete is dit wat hulle op altare gelê het? Watter profete is dit wat hulle aan die smaad en verguising blootgestel het? Watter groot Profeet is dit wat Homself aan die vloekpaal laat spyker het? Is dit nie die ware profete nie? Is dit nie die Christus nie? Watter valse profeet het dit gedoen? Jakkalse is hulle wat skerm vir hulle eie vel.

En op die gebied van ons volkslewe is dit presies so! Die manne en vroue wat hulle goed en hulle bloed veil gehad het vir hulle land en volk — dit is die ware volksmanne en volksvroue. Die ander is soos jakkalse op die volkspuin om te roof, te buit vir eie voordeel.

O, gemeente, daar sal nie verskoning wees vir u om te kan sê: Ek het nie kon weet wie valse en wie ware profete is nie. Hierdie een kenmerk is al genoeg: Wie het in die bresse gestaan in die dag van die onheil? Of wie het in die puin gesnuffel? Wie het voordeel vir hom- of haarself gesoek? U weet dit! En daarom, daar sal geen ontkoming aan wees nie. Die hand van die Here sal op sy tyd teen elke valse profeet en leidsman hom laat geld.

Die derde kenmerk van die valse profeet is dat hy uit sy eie hart spreek. En dis ook die mees krasse oordeel oor hulle. Hulle is mense met hulle eie hart en niks meer nie. Want die profeet van die Here spreek nooit en nimmer *uit* sy eie hart nie. Wat die ware profeet spreek, gaan ook nooit buite sy hart om nie. Hy spreek nie net *met* sy mond nie maar ook *met* sy hart. Hy is gevoelig vir elke woord wat hy sê, maar hy spreek nooit bloot *uit* sy hart nie. Hy spreek met hart en siel *uit* Gods openbaringswoord.

Die ware profeet se taak is enkel om as gesant van God die lasbrief van God oor te bring.

Nie uit sy hart nie maar uit Gods Woord alleen kom sy woord voort.

Valse profete stoot Gods Woord opsy en spreek uit hulle eie hart hulle eie opinies en gevoelens wat hulle dan as Gods Woord wil waarmerk. Hulle praat ook van waarheid, liefde, vrede, verdraagsaamheid, eenheid, om dit na Gods Woord te laat lyk, maar hulle lê *hulle eie opinies daarin.* Wat hulle sê, suig hulle uit hulle eie duim!

En, gemeente, daar kan geen groter teenstelling bestaan as *profeet wees* en *uit jou eie hart spreek nie.* Tog wil die valse profeet daar niks van weet nie. Want dit wat hy uit sy hart spreek, hou hy *vir waar!* Hy spreek nie dinge waarvan hy bewus is dat dit vals is nie, maar menings wat hy vir waar hou! Daarom kom valse profete ten slotte self altyd bedroë uit. Hulle bedrieg ander en *hulleself.*

En, gemeente, van die gevaar van hierdie valsheid is net een ontkoming: die profetiese Woord van God, *die Heilige Skrif.* Aan die Heilige Skrif moet ons ons opinies, ons beskouings vir ons persoonlike lewe, vir kerk, staat en maatskappy toets. Uit die Heilige Skrif moet ons dink, voel, spreek en handel. Dit doen ware profete. Dit het ons groot Profeet en Leraar, ons Here Jesus gedoen. Nie een van die Woorde van God in wet en profesie het Hy op die aarde laat val nie. Hy het alles volbring en alles vervul.

Hieraan ken u elke ware profeet, of hy uit Gods Woord spreek al dan nie. Aan Gods Woord moet ons ook ons leidsliede toets. Waaruit praat hulle? As ons volksmanne nie uit Gods Woord tot ons Afrikaanse volk spreek nie, dan is hulle jakkalse wat nog verder verwoes, ten spyte van baie mooi dinge wat gedoen word.

En, gemeente, dis vandag vir ons makliker as wat dit vir Israel was! Want toe het die Woord nog deur die mens as mondstuk tot hulle gekom. Maar ons het daardie openbaring op skrif. Ons weet dit vooruit. Ons maak ons meer skuldig as Israel as ons die valse leringe van ons eeu naloop, as ons valse profete en leiers volg.

Daarom, as die Here hulle met die oordeel gedreig het, ons nog des te meer! As die Here vir hulle gesê het: Julle sal geen raadgewers meer wees nie, julle sal in die vergadering van my volk nie meer kom nie, julle sal buite my gemeenskap, buite my vriendelike omgang uitgestoot word — dan ook vir ons in ons tyd. God sal ons buite sy vriendelike gemeenskap stel as ons die valse leer naloop.

En as die Here vir die valse profete gesê het dat hulle name in die register van die volksleiers sal ontbreek, sodat hulle onder sy gemeente nie meer gereken word nie, dan ook vir ons. Wie die valse leer volg, word uit die gemeente uitgesluit, word ook uit die Christelike volk uitgesluit.

Ja, die Here sal hulle in ballingskap laat versterf, die ballingskap wat wys op die buitenste duisternis en ewige afgrysing en omknellinge van die dood en die hel.

Daarom laat ons, wat al van nature self wederstrewig is, ons nie nog verder verwoes deur valse profete, deur valse leiers nie. Hulle is soos jakkalse in puinhope.

II.

Maar laat ons u wys op die *misleidende* werk van die valse profete. Hulle misleidende werk skets die profeet vir ons in die beeld van die muur wat die volk bou. Die woord wat hier vir “muur” gebruik word, kom net hier voor en beteken ŉ muur van los opmekaargestapelde klippe. In die muur word vir ons die werk van die volk geteken. Hulle werk met los klippe. In hulle sondige gedrag koester hulle verwagtings van dinge wat gedoen word met troubreuk. Hulle stel hul vertroue op die volke rondom hulle. Hulle bou op Egipte teen Babilonië. Hulle stel hulle vertroue in die sterkte van Jerusalem en in die uiterlike tempel wat dan onaantas-

baar sou wees. Hulle bou nie op hulle troue Verbonds-God en sy Verbondswoord nie. Hulle grond hulle nie op Gods geregtigheid en heiligheid vir hulle volkslewe nie maar op Egipte, op Jerusalem en op die tempelgebou! En dis ŉ los klipmuur sonder enige vastigheid. Dit doen die volk in hulle wederstrewigheid.

En wat is nou die misleidende werk van die valse profete? Dit, dat hulle hierdie los klipmuur wat die fondamentlose volk opbou, met kalk, nee, met *los* kalk kom toepleister. Dat hulle vir die volk kom sê: Ja, dis die veiligste politiek. Vertrou op Egipte, soek sy bondgenootskap. Bou Jerusalem se mure maar op en aanvaar ŉ welvaartsreorganisasie-politiek vir stad en land. En verder: Die heilige tempel sal nooit in die hande van heidene val nie. Daar sal geen onheil stad of land tref nie. Die tempel sal nie verwoes word nie. Julle sal nie in ballingskap gaan nie. Dit sal vrede wees en geen oorlog nie.

O, gruwelike pleisterwerk met los kalk!

In plaas dat hulle aansluit by God se geregtigheid wat alleen ŉ volk kan verhoog, sluit hulle aan by die volk se ongeregtigheid en prys dit. In plaas dat hulle aansluit by God se ewige verbonds-trou, sluit hulle aan by die volk se ontrou en prys dit aan! In plaas dat hulle die heiligheid van Gods verbond bewaar, verdedig hulle die onheiligheid van die volk.

O, valse profete soek om die volk in gevlei te kom, en al wat die volk verlang, beloof hulle en prys hulle aan. Valse profete speel met die volksgevoel en met die volkswense. Valse profete mislei die volk met mooi leuses van verdraagsaamheid, vrede, eenheid, en vertrap Gods geregtigheid en heiligheid. Maar Gods oordele sal hulle los kalk weg was soos ŉ stortbui, soos ŉ haelbui.

En so sal dit wees. So het dit ook gekom!

Gemeente, laat ons vir u preek nie die mooi woorde om die volk-sentiment te raak nie. Laat u nie mislei met verdraagsaamheid, eenheid, vrede ens. nie. Alle valse profete begin daarmee. Laat vir u preek Gods geregtigheid en heiligheid. Laat vir u verkondig word Gods oordele teen die ongehoorsame en wederstrewige geslag en Gods genade vir boetvaardiges wat berou het en hulle bekeer van hulle sonde.

ŉ Valse profeet stel die oordele uit, redeneer dit weg. Die ware profesie hou dit vir elke oortreder voor en preek vir hom bekering en genade.

Dan sal die storm van Gods oordele u nie deer nie. Dan sal reënbuie van moeilikheid u nie skade aandoen nie.

Dan staan u met die belydenis dat ons Verlosser is Jesus Christus, die Seun van God, onse groot Profeet en Leraar. Dan luister ons na Hom, sy Naam tot eer, ons tot heil.

**AMEN.**

## BANDE EN SLUIERS, WAARSÊERY EN TOWERY

**LEES**: *Eségiël 13:17-23; Exodus 13:8, 9; Deut. 6:4-9.*

**TEKS**: *Eségiël 13:18.*

ESÉGIËL, geliefdes, het te doen gehad met ŉ volk wat weerstrewig was teen elke profesie. Hulle was in hart en niere wars[4] van die profetiese Woord van God. Op ŉ aangrypende wyse betuig die Here dit aan Eségiël waar Hy hom roep om te profeteer. In hoofst. 2, wat maar tien

[4] = Afkerig

verse beslaan, beeld die Here die volk met die volgende vreeslike woorde uit: *opstandige* nasie, *hard* van aangesig, *verstok* van hart, wat *oortree* tot vandag toe, *distels* en *dorings, skerpioene,* en nie minder as *vier* maal nie word hulle gekarakteriseer as 'n *wederstrewige* huis! Israel weier botweg, brutaalweg om na die profesie te luister.

Hierdie profesie-verwerping groei uit die innerlike hart-wortel van wederstrewigheid. Hulle *wil* nie luister nie. In hoofstuk 13 toon die profeet nou aan dat, behalwe die innerlike oorsaak van weerstrewigheid, daar ook *uiterlike* oorsake *meewerk.* En dit is die valse profete. Tot hoofst. 13:16 word die valse profete, wat soos jakkalse is in hulle verwoestingswerk en in hulle misleiding soos mense wat 'n los klipmuur met los kalk bepleister, met die strafgerig bedreig.

Maar naas die valse profete is daar ook die valse profetesse (hoofst. 13:17-23) wat 'n nog verdere oorsaak is van Israel se profesieverwerping!

As die vrou in die profesie na vore tree, dan is dit altyd omdat daar wantoestande heers. As die vrou die profesie moet hanteer, dan is dit omdat daar iets verrot is. So was Debora en Hulda goeie profetesse; maar dat hulle moes optree, was reeds omdat dit al so 'n verrotte tyd was. Maar as die vroue nou ook *valse profetesse* is, dan is dit die sterkste bewys dat alles totaal verrot is. As die Here vir Eségiël sê om te profeteer teen die dogters van Israel wat as profetesse optree uit hulle eie hart, dan is dit die kulminasiepunt, of, liewer, dan is dit die laagste punt van die algehele geestelike verrotting. In so 'n tyd van versmelting met die heidendom was hierdie profetesse uit hul eie hart wel die mees God-tergende verskynsel.

Want, gemeente, die valse profete het tog nog altyd gemeen dat hulle profete van die Here is. Hulle het gemeen dat hulle tog nog binne die grense van die profesie val. Maar hierdie vroue stap openlik en welbewus oor die grens van die profesie en kom tereg op die gebied van die karikatuur-profesie, naamlik die heidense waarsêery en towerkuns. U sal onthou dat die boekrol wat Eségiël moes opeet, op die voor- en agterkant beskrywe was met klaagliedere, gesug en *wee.* Nouwel, hier is die wee by die valse profete en by hierdie valse profetesse. *"Wee die vroue wat bande vaswerk aan al die gewrigte van die hande en sluiers maak oor die hoof van allerhande mense, groot en klein, om siele te vang."*

Die eienaardige by hierdie vroue is dat hulle met *bande* en *sluiers* te werk gaan! Hieruit blyk al dat hulle sonderlinge profetesse moes gewees het. Vir hierdie *bande* en *sluiers* was daar eensdeels 'n beroep op die Wet — maar ten onregte — en anderdeels aansluiting by die heidendom. Dis al weer 'n onheilige vermenging, 'n bastergodsdiens.

In Matt. 23:5 sê die Here Jesus vir die Skrifgeleerdes en Fariseërs dat hulle hul gedenkseëls breed en die some van hul klere groot maak. Dit is die Joodse gebedsrieme en sluiers. Vir hierdie gebedsrieme van perkament (met tekste uit Exodus en Deuteronomium) wat hulle op die linkerarm bind, en vir die sluiers wat hulle om hul hoofde gooi as hulle gaan bid, het die Jode hulle beroep op Exodus 13:9 en Deut. 6:8, waar die Here vir Israel gesê het dat hulle die Wet só gedurig moet onthou en bewaar, só gedurig daaraan indagtig moet wees dat hulle dit *as 'n teken* moet bind op hulle hande en dat dit *as 'n* voorhoofsband tussen hulle oë moet wees. Maar die Jode het hierdie woord veruiterlik en nou *werklike* bande om hulle arms gebind en *werklike* voorhoofsbande gemaak. In die dae van die Here Jesus het die Skrifgeleerdes die bande dan besonder breed gemaak sodat dit beter sigbaar was. Hulle sou die wet dan besonderlik op die hart dra.

Hierdie praktyk van bande en sluiers was by uitstek heidens. Die opgrawinge het dan ook sulke towerspreuke van bind en ontbind aan die lig gebring wat toon dat bande en sluiers onmisbare bestanddele van die heidense waarsêery en towenaarskuns was.

Hier in Eségiël 13 word ons nou deur die profesie meegedeel van wanneer af die Jode die

bande en sluiers gebruik het. Die vroue, naaisters, kleremaaksters, het dit vir hulle as taak gestel om sulke bande en sluiers te maak. Die bande wat om die gewrigte gebind was, het sogenaamd die geeste gebind en ontbind. Die siel van die afgestorwene is voorgestel as 'n voëltjie wat in die oosterse grafkamers invlieg om die mummies, die lyke, op te soek. Sogenaamd deur binding van die gewrigte met dié bande word dan die siel gevang, gebind, waardeur die waarsegster se gees in verbinding tree met die afgestorwe geeste en sogenaamd profeties waarsê. Om die hoofde van diegene wat die waarsegsters kom vra, word dan die sluiers gewerp. Hulle het allerhande groottes, ook vir ou mense en jong kinders. Want die hele Israel, oud en jonk, het na die waarsegsters gegaan. Die sluier het towerkragtig gewerk op die siele. Immers, as die waarsegster die geeste met die bande bind, dan mag die wat daarna kom vra, dit nie sien nie, om op hierdie wyse in 'n atmosfeer van towery so kragtig op die siele te werk dat hulle hul gevange gee aan die waarsegsters. So het die waarsegsters geeste gebind en ontbind, siele gejaag, verontrus en gevang. En dit dan terwyl die Here se Naam daarby uitgeroep word om die towerpraktyk 'n godsdienstige kleur te gee! Maar tegelykertyd het hulle die godsdienstige praktyk verlaag tot 'n bedryf om daarmee 'n verdienste te maak.

Dit dan was die praktyk van waarsêery en towery, nie net onder die heidene nie maar ook onder Gods verbondsvolk, onder Israel.

Ons wil u aandag op drie sake vestig:

I. Op die tergende ontheiliging van Gods Naam;

II. op die gruwelike sielemoord van die waarsegsters en

III. op hulle straf.

I.

Die waarsegsters het, om aan hulle waarsêery en towery die skyn van eerbiedwaardigheid en geloofwaardigheid, die skyn van godsdiens te gee, onder hulle towerformules die Naam van die Here God uitgeroep. Dit was 'n misbruik van Gods Naam, want hulle doel was bedrog en selfsug. Niks is groter heiligskennis nie as om Gods Naam, Gods Openbaring, wat die waarheid is, uit te roep oor die leuen en die valse profesie. Want Gods Naam en sy Openbaring is een! En sy Naam, sy Openbaring gee Hy aan Israel deur die mond van sy profete. En die hele wederstrewige huis wil na die profesie nie luister nie. Nou kom die waarsegsters met hulle leuens, en hulle sê dis die openbaring van God, dis die Naam van God, dit is julle God, Israel, dis die profetiese waarheid! So het hulle meegewerk om die verbondsvolk van die Verbonds-God af te rokkel. En, gemeente, as daar twee sake is wat nie van mekaar geskei kan word nie, dan is dit God en sy Woord, sy Naam en sy profesie. Want die profesie was 'n besondere gawe van God se uitverkiesingsliefde aan Israel, sy verbondsvolk. Aan geen ander volk het Hy sy Naam, sy profesie gegee soos aan Israel, sy verbondsvolk nie. In hierdie profesie het God sy Name, sy deugde, sy volmaakthede geopenbaar; sy heerlikheid, sy heiligheid, sy geregtigheid, sy goedheid, sy almagtige krag en ewige wysheid het Hy in sy profesie aan hierdie volk laat uitskitter. In sy Woord, in sy profesie het Hy dit gedoen. Van sy profetiese Woord is God nie te skei nie. Nou kom die valse profetesse en hulle verwerp die profesie, skei God van sy profesie af om Hom nou in te sleep by hulle waarsêery en towerkuns. So ontheilig hulle die Naam van God deur sy geregtigheid in te skakel by hulle ongeregtigheid, bedrog; sy heiligheid by hulle onheiligheid, sy goedheid by hulle slegtheid, sy waarheid by hulle leuen, sy almagtige krag by hulle onmag, by hulle towerkrag. God sou dan deur die bande en sluiers openbarings gee. Dis die toppunt van die ontheiliging van die Naam van God en van Christus Jesus. Want Christus is die Ewige Woord van God, die volheid van die wysheid en die krag van God. So word die profesie, ons groot Profeet en Leraar, Jesus Christus, verwerp en die Naam van die Here God ontheilig.

Die verwerping van die profetiese Woord van God en daarmee ook van die Christus geskied in ons twintigste eeu met sy waarsêery en towerpraktyke nog net so! Die bygeloof wat Israel verteer het deur hulle vaste geloof dat daardie bandjies om die handgewrigte van die waarsêer-vrou ʼn verbasende, alwetende krag het omdat dit haar in verbinding met die geestewêreld bring; die bygeloof wat Israel se siel laat versterf het omdat hulle vas geglo het dat die sluier om die hoof van die waarsegster ʼn wonderkrag, ʼn goddelike krag uitoefen — dié bygeloof verteer vandag nog sy duisendtalle. Want waar daar geen geloof in die profetiese Woord van God is nie, daar tree die bygeloof en waarsêery en towery na vore!

Daar is die *Spiritiste* en die wat hulle vra! Die wat hulle vra, glo vas dat die spiritistiese medium oor alwetendheid beskik. Spiritiste sou dan weet waar die Krugerponde begrawe is ens.

Daar is die *kaartlegsters.* Die wat hulle gaan vra, glo vas dat die vrou deur die kaarte kan waarsê; of dat die teeblaartjies in die koppie sou kan voorspel; of die dolos! Alles bygeloof!

Daar is die sterrewiggelaars en die voëlwiggelaars! Duisende mense raadpleeg vandag sterrewiggelaars. Of die uil wat skree, is ʼn slegte voorteken!

Daar is die twintigste eeu met sy bygelowige voorwerpe wat geheimsinnige kragte sou laat uitgaan, ten goede of ten kwade. Poppies aan motorkarre en vliegtuie wat jou dan vir ongelukke bewaar; perdehoewe, ens.

Daar is die sogenaamde ongelukkige syfers waarvan ʼn verderwende krag sou uitgaan! Daar is die gewone magnetiseurs wat hulle hande op jou lê en selfs ʼn gebed bid. En daarheen gaan hoog en laag om genees te word en gehelp te word!

Daar is ook mense wat bygelowig na die Nagmaal kom en wat glo dat die brood en die wyn ʼn mens van siektes en kwale genees, dat dit pyn wegneem en jou gesondheid bevorder.

Bygeloof waardeur aangeneem word dat ʼn afgestorwe gees, ʼn kaart, ʼn teeblaar, ʼn dolos, ʼn ster kan weet en openbaringe kan gee, maar die lewende God — Hy kan nie en Hy weet ook nie. En sy Seun Jesus Christus kan en weet ook nie. En sy profetiese Woord kan ook nie en lieg. Bygeloof waardeur aangeneem word dat ʼn poppie, ʼn perdehoef, ʼn mens met magnetiese krag, ʼn spook meer krag besit, jou kan verlos en hulp kan aanbring, maar nie die Almagtige God, die gekruisigde Christus nie.

O, die bande en sluiers, kaarte en hoewe, poppies en tekens, beentjies en dolosse! Dat siele hieraan vashou en nie glo in die lewende God, sy Christus en die profetiese Woord nie — dit vertoorn God. Sulke mense mag ook nie tot die Nagmaal toetree nie. Op bevel van Christus en die apostel Paulus vermaan die Nagmaalsformulier hulle "om hul van die tafel van die Here te onthou" en verkondig dat "hulle geen deel in die ryk van Christus het nie; naamlik alle afgodsdienaars, almal wat afgestorwe heiliges, engele of ander skepsele aanroep; almal wat aan beelde eer bewys; alle towenaars en waarsêers wat vee of mense of ander dinge besweer en aan sodanige beswering glo; alle veragters van God, van sy Woord en van die heilige Sakramente!"

Daarom preek Eségiël vandag nog vir ons! En veral vir die gemeente. Want die Here sê: Die vroue ontheilig My by my volk! Ja, die Here weet dat die heidene en ongelowiges die dinge doen. Maar Hy het vir Hom ʼn volk uitgekies, ʼn gemeente vergader deur sy profetiese Woord, en Hy versterk hulle met sy profetiese Woord en Sakramente om juis in sy gemeente geheilig te word, om juis in sy gemeente vereer te word. En nou kom die waarsêers- en towergees juis in sy gemeente om daar waar God God geheilig en geprys wil wees, Hom te ontheilig en te verag! Hoe kan gemeentelede hulle siele verbind aan bande en sluiers, aan houte, bene en klippe, aan voëls en vee, aan ʼn afgestorwe gees en dan hier kom om sy Naam

weer aan te roep? Dit ontheilig God! Laat wêreldlinge dié dinge doen, maar God wil in sy gemeente wat na sy Nagmaal kom, geheilig en vereer wees. En veral die vrou staan vir hierdie dinge bloot. Die vroue-aard staan daarvoor oop. As die vrou — wat as sy goed is, beter as die man is maar as sy bygelowig is, bygelowiger as die man — dit in die gemeente doen, dan is dit verrot. Dan sal so ŉ gemeente die Nagmaal van die Here gebruik tot ŉ oordeel oor hom.

Maar wat die waarsêers- en towerpraktyk nog die mees God-tergende maak, is dat hulle dit beoefen vir hande vol gars en vir stukke brood; vir hulle inkomste; vir besigheidsdoeleindes. O, mens van die twintigste eeu wat bande en sluiers, kaarte en teeblare, bene en hoewe, poppe en allerlei voorwerpe gebruik om geld te maak, om te verneem wat die goudaandele op die mark is en wat weier om die lewende God te dien en sy Christus na die Profetiese Woord!

O, mens, jy wat die grote God en sy Christus, sy profetiese Woord en heilige Sakramente uitruil vir ŉ papierkaart, ŉ afgewaterde teeblaar; ŉ dooie os se dolos, ŉ afgeslyte perdehoef, ŉ lelike pop of swart kat — en dit terwille van ŉ handvol gars, en ŉ stukkie brood; ŉ skraal inkomste, ŉ plat beurs! Wat is jou God, sy Christus, sy heilige Woord en Sakramente dan vir jou werd? Sien u, dis die toppunt van heiligskennis! Hoe kan so ŉ mens Nagmaal gebruik?

Nee, ons verkondig vir u die lewende God en sy Christus, die wysheid, die Openbaring van God en die almagtige krag van God. Ons preek vir u die lewende Woord van God. En God se troue belofte is vir diegene wat alle waarsêery en towery verag en sy profetiese Woord glo. Vir hulle beloof Hy nie net sukses in besigheid en geluk in die aandelemarktransaksie nie maar ŉ nuwe hemel en ŉ nuwe aarde, geregtigheid en ewige lewe met ŉ volkome geheiligde siel en ŉ volsalig-verheerlikte liggaam wat nie gekoop kan word met ŉ handjievol gars en stukkies brood nie, maar wat verwerf is met die bloed van die Seun van God.

II.

Ag, en die arme volk wat hulle begeef tot die vroue, valse profetesse — as hulle self daarby nog enige sieleheil behaal het, dan sou ŉ mens tog nog kan sê: Daar sit tog darem enige heil in! Maar die vroue is soos voëljagters op die siele. Hulle maak jag op siele, hulle vang siele en hulle bind die siele en hulle boei hulle met hulle bande; verblind hulle en beroof hulle van alle krag met hulle sluiers!

U moet dit weet dat, soos die ware profesie ŉ sleutelmag is om die koninkryk van die hemele oop te sluit en toe te sluit” so is die waarsêerswoord en towerkuns, die bande en die sluiers ŉ karikatuur mag; dis ook ŉ sleutel maar van die ryk van die duisternis, en hy maak die ryk van die duisternis vir die gelowige siele oop, en vir die ongelowige siele sluit hy dit sogenaamd. Hy bind en ontbind. O, die bande en sluiers — dis ŉ mag, ŉ mag van die duisternis wat die siel vang, hom bind en doodmaak.

En hoe vang en bind die bande en die sluiers, die waarsêerswoord en die verblindingsluier in sy towermag die siele? Hoe maak die mag van die duisternis die siele dood? Só, dat hy sy hoogste eis vir siele stel in *hande vol gars en stukke brood.* Die waarsêerswoord en die towerkuns eis van ŉ siel nooit geloof, berou en bekering nie. Nog nooit het ŉ kaartlegster van beroep, nog nooit het ŉ sterrewiggelaar, nog nooit het ŉ dolosgooier of ŉ fortuinverteller van beroep van ŉ mensesiel geëis dat hy berouvol sy sonde-ongeregtigheid moet erken en hom moet bekeer nie!! Die moderne astroloog vra vir die mens net ŉ paar sjielings en dan sal hy jou geluk uit die sterre aflees; dan sal hy jou siel ontbind, gelukkig prys — maar sonder geloof in God en sonder sondeberou en bekering tot God. Gaan maar na die moderne kaartlegsters van beroep; hulle vra net ŉ paar sjielings, net hande vol gars en stukke brood. En vol hoop en stralend van geluk gaan menige jong dogter en jong seun, menige geld-dorstige man of vrou na die kaartlegsters — asof hulle ŉ paradys deelagtig gaan word.

Sien u, die waarsêerswoord laat hierdie siele leef wat moes sterf, omdat hulle God en sy

profetiese Woord verwerp en geen berou oor hulle sonde het en hulle ook nie bekeer nie, en prys hulle gelukkig.

En die siele wat moet leef omdat hulle in God en sy profetiese Woord glo, omdat hulle berou het oor hulle sonde en hulle tot God bekeer, dié vonnis die waarsêerswoord en towerkuns as dood — ŉ uitgedroogde, non-sportiewe siel wat geen behae het in die plesier van hierdie lewe nie! Ja, die gelowige kind van God is vir hierdie waarsegstermens so saai en droog, so star en strak, dat hulle hul uit die waarsêerswêreld verban! Hulle stel hulle onder hulle tug!

En so is die ware profeet nie. Hy verkondig die openbarings-woord van God nie om iets daarvoor te ontvang nie. Hy kom vlei nie die mens om deur hom beloon te word nie. Eségiël wou by die ballinge niks verdien nie! Uit húlle hand het hy nie gelewe nie.

So is ons groot Profeet en Leraar, ons Here Jesus, ook nie. Sy profetiese heilswoord, sy heilsbeloftes kom koop of ruil ons nie by Hom vir hande vol gars, vir ŉ paar sjielings nie. Sy beloftewoord is verniet. Dit kos nie geld of goed nie. Sy profetiese Woord eis nie dat jy daarvoor moet gee nie maar dat jy dit moet *ontvang!* Hy vra nie soos die waarsêer dat jy moet gee nie maar dat jy moet ontvang, dat jy moet glo! Sy Woord eis dat jy God moet ken, dat jy Christus moet ken, dat jy wet en profesie moet ken — ken deur die geloof — en dat jy daarop moet vertrou, op die Woord met sy beloftes van sondevergiffenis moet steun; daarop moet leun en daarin al jou geloofsekerheid moet grond! In die profetiese Woord moet jou siel gefundeer wees! En wanneer die siel Gods profetiese Woord ontvang het, dan kom hy in die lig, dan sien hy homself in sy sonde-onreinheid. Dan berou dit die siel. Dan laat dit hom sy toevlug neem tot die God van soveel heilsbeloftes. Dan kom soek die siel ook die Sakramentstekens om in die geloof bevestig en versterk te word. En so ontbind die profetiese Woord die gelowige siel van al sy bande tot die dood; so sluit die profetiese Woord die poorte van die hemelryk oop vir al die gelowige siele wat die waarsêers-woord in die ban doen. En al die ongelowige siele wat die waarsêerswoord gelukkig prys, bind hy tot die dood en sluit hulle in die ewige verderf en ondergang.

So staan Eségiël dan met sy profetiese woord, en hy eis van die weerstrewige bondsvolk geloof, berou en bekering tot die lewende God en ŉ terugkeer tot sy waaragtige Woord. En eers as ons inwillig op hierdie profetiese eis, eers as ons die profetiese Woord glo, mag ons bevestiging en versterking van die geloof kom soek deur die gebruik van die heilige Sakramente. Maar dan voed en sterk, dan maak Gods Gees en Woord die siel ook lewend *en sterk!*

III.

Elkeen wat die profetiese Woord verwerp vir die waarsêers-woord, word bedreig met Gods gestrenge oordeel. En met name elke waarsegster en towerkunstenares!

Laat ons ten slotte daarop let.

In verse 18 en 19 stel die Here die beskuldiging teen die valse profetesse op, en van vers 20 tot 23 spreek die Here die vonnis uit. Die beskuldiging en die vonnis klop, want die Regter van die ganse aarde doen reg. Die vroue se bedryf het die Here in sy Wese aangetas. En nou kom die Here met sy hele Wese daarteen in verset. Wat in hierdie oordeelsvonnis so merkwaardig is, is dat die Here Hom in sy oordeelsvonnis nie teen die vroue stel nie maar teen *die bande en teen die sluiers,* teen die waarsêery en towerkuns.

En ag, hoe blyk hieruit die grote goedheid van onse God. Die Here God is nie teen die *mens* nie, selfs nie teen sulke sondige mense nie maar teen die *sonde.* En as God die mens moet oordeel, dan oordeel Hy hom nie omdat hy mens is asof God die mens haat nie, maar dan oordeel God die mens enkel om sy sonde, omdat God die sonde haat. Blyk God se goedheid dan nie tot in sy oordeel nie?

En nou sê die Here dat Hy die bande van hulle arms sal afskeur en dat Hy ook die sluiers sal skeur, sodat daar geen waarsêerspraktyk en geen towerbedryf meer sal wees nie. God sal net die sondige fondament uitruk, en dan sal dié wat daarop gebou het en hulle daaraan toevertrou het, vanself instort, hulle vanself in die oordeel bring!

So bring elke sondaar wat nie op Gods woord vertrou nie, homself in die oordeel.

Maar hoe sal die Here nou die bande en sluiers verskeur? Dink daarvan nie sondig menslik nie. God sal dit doen deur die stad Jerusalem en die tempel te laat verwoes. Dan sal die jammer so groot wees en die angs so vreeslik dat sowel die vroue as die volk sal begryp dat geen band of sluier iets vermag nie. Dan sal hulle dit in hulle groot nood verskeur as iets wat niks-werd is. Dan sal hulle weet dat God die HERE is. Dan sal hulle Hom in sy heiligheid leer ken en nooit meer waag om teen so ŉ vreeslike God hulp te gaan soek in bande en sluiers, in kaarte en sterre, geeste en hoewe nie. So sal God in die oordeelsgerig die vroue se mond vir ewig stop. So sal God in die ewige oordeel alle kaartlegsters, dolosgooiers, sterrewiggelaars, waarsegsters en al die bygelowiges die monde stop. Dan sal hulle walg van daardie praktyke en dit nooit meer teen God en sy Woord gebruik nie.

Daarom, gemeente, ons preek vir u Gods profetiese Woord wat geen einde sal hê nie, Gods profetiese Woord wat ewig van krag bly. Aan Gods profetiese Woord is geen einde nie, nie in die hel na sy oordeel nie en nie in die hemele na sy saligprysing, beloftes van heerlikheid en ewige lewe nie. Ons preek vir u die profetiese Woord van Eségiël, waarteen net sondaars in verset kom, maar ŉ profetiese Woord wat baie vasstaan. Onder hierdie selfde profetiese Woord sal die goddelose krul van smart, maar op grond van dieselfde profetiese Woord sal die gelowiges ewig jubel. Op hierdie profetiese Woord moet u u geloof grond. In hierdie profetiese Woord is u geloofsekerheid gegrond. Hierdie profetiese Woord moet u glo voor u na die Nagmaaltafel kom, anders wat sal u hê wat deur die Sakrament verseël moet word? U kom soek bevestiging en versterking van u geloof! Goed, maar glo u die profesie? Glo u die profesie, dan versterk en bevestig die Sakrament u geloof tot geregtigheid en ewige lewensgemeenskap met God in Christus. Stoot u u aan die Eségiël-profesie, dan sal die Sakrament ŉ oordeel bevestig, en dan eet en drink u oor uself ŉ oordeel.

**AMEN.**

## HULP IN NOOD OF NOODHULP?

(NABETRAGTING )

**LEES**: *Eségiël 14:1-11.*

**TEKS**: *Eségiël 14:*7.

DIE ballinge het nou die verskerpte prediking van die ballingskapsoordeel gehoor en gesien hoe die profeet hom soos ŉ balling klaargemaak het, ŉ gat met geweld deur sy huis se muur gebreek en met angs soos ŉ balling deur die bresse van ŉ stadsmuur probeer ontsnap het (hoofst. 12). Hulle het ook die oordeels-profesie teen die vals profete en vals profetesse gehoor (hoofst. 13)

In hoofst. 14 kry ons nou ŉ nabetragting na die profesieë, soos die woordjie “daarop” (vers 1) ons onderwys.

Daar het toe darem iets gebeur. Eségiël verhaal nou aan ons die gebeurtenis. U moet nie dink dat dit ŉ visioen was nie! Nee, dit was ŉ historiese gebeurtenis. Wat was die gebeurtenis? Manne uit die oudstes van Israel het aan Eségiël ŉ baie eerbiedwaardige besoek gebring!

Dit was nie maar somaar die oudstes nie! Nee, dit was manne uit die oudstes, die mees respektabele van die oudstes, Israel se kerkraadslede, om so te sê. En hulle kom neem nie plek teenoor Eségiël in nie; o nee, hulle gaan sit vóór Eségiël, voor sy voete, om daarmee te betuig dat hulle as die mindere in Eségiël hulle meerdere erken. Verder gee hulle daarmee te kenne dat hulle nie gekom het om met hom te kom debatteer nie maar om nou van hom te leer. Hulle kom nie na Eségiël as privaat persoon nie maar hulle kom na hom as profeet, ja — verwonder u nie — om deur hom die Here te vra!

Sou daar nou werklik verandering ingetree het? Sou hulle, na die oordeelsprofesieë nou waarlik Eségiël as profeet van die Here erken? Eségiël was immers vir hulle ŉ domkop, ŉ idioot wat nie aldag by sy sinne is nie, veral as hulle daaraan dink hoe hy ŉ stadjie bou met mure en soldaatjies daarom; hoe hy daelank op die een sy en dae weer op die ander sy lê; hoe hy sy hare met ŉ swaard afsny; hoe hy as ŉ benoude en gejaagde ŉ gat deur sy huis se muur breek en in angs daardeur kruip. Hy was vir hulle hoogstens ŉ dromer. Maar ŉ profeet van die Here was hy na hulle oordeel nie. Die valse profete en profetesse, ja, dié was vir hulle verstandiger mense, mense na wie hulle geluister het! Die valse profete en profetesse was in hulle oë ware Godsgesante.

En nou, na die profesieë van Eségiël, kom hulle darem weer na Eségiël toe. En hulle kom na hom as profeet van die Here om die Here te vra! En hulle kom tog so eerbiedig, só deemoedig! Hulle kom deur Eségiël nou eindelik tot God Self. Hulle kom bid en vra na die Woord van die Here!

Maar net voordat Eségiël praat, kom die Woord van die Here plotseling na hom en sê: Pasop!! “Mensekind, hierdie manne het hulle drekgode in hulle harte opgeneem en die struikelblok tot hulle ongeregtigheid voor hulle aangesig neergesit — sou Ek My dan werklik deur hulle laat raadpleeg?” Eségiël, Ek belet jou om as profeet in my Naam vir hierdie manne met hulle drekgode in hulle harte ŉ profesie, ŉ antwoord te gee! Jy mag vir afgodsdienaars in hulle nood geen profetiese Woord in my Naam spreek nie. Ek Self sal elke man uit die huis van Israel wat met sy drekgode in sy hart na die profeet kom, antwoord gee. En Ek sal hom antwoord gee na die menigte van sy drekgode. Ek sal hom uitroei uit my volk!

Dit klink kortaf en hard. Is dit nie wreed nie? Die eerbiedwaardige ou grysaards wat op die oog so vol ontsag voor die profeet sit, het nog nie eens hulle monde oopgemaak nie. Hulle het hulle bede nog nie eens begin nie. Eségiël het aldag gepreek: Keer terug tot die Here en tot sy profetiese Woord, en hier hét hulle nou teruggekeer! En nou word hulle so bars afgewys!

Ja, gemeente, Eségiël sien maar wat voor oë is. Hy sien ou grysaards voor hom kniel, met hande biddend opgehef. Maar die Here God is die hartekenner en die niereproewer. Hy openbaar vir sy profeet die innerlike gesteldheid van die eerbiedwaardige grysaards se harte. Mensekind, hierdie manne het hulle drekgode in hulle hart opgeneem!

Vreeslike ontmaskering!! Hulle hele nabetragting word deur die Here oopgevlek en veroordeel! Laat ons dan vir ons nabetragting tot ons lering en vermaning hierby stilstaan! Twee gedagtes vra u aandag:

I. Dat Gods profetiese Woord aan geen afgodsdienaar in sy nood gegee mag word nie, en

II. God se straf oor elkeen uit Israel wat met ŉ afgodiese-hart na die profetiese Woord kom vra en oor elke profeet wat die profetiese Woord aan afgodsdienaars meedeel.

## I.

Is dit nie ŉ vreeslike gedagte nie dat God dit absoluut verbied dat sy profetiese Woord aan afgodsdienaars gegee word, selfs al is hulle die eerbiedwaardigste ou grysaards en selfs al

verkeer hulle in nog so ŉ groot nood! Mensekind, jy mag nie!

Wil die Here dan hier vaslê dat sy profetiese Woord net aan mense mag verkondig word wat nie afgodiese harte het nie? Sou óns dan reg hê om die profetiese Woord te hoor? Want, waarlik, watter sondaarshart is nie afgodies nie? Waarlik, as dit die bedoeling moet wees dat die profetiese Woord net aan mense verkondig moet word wat geen afgodery in hulle harte omdra nie, dan sou geen sondaar na die profetiese Woord mag gekom het nie; dan sou die Woord ook nie aan die heidene gepreek mag word nie. Immers, in elke sondaarshart setel die afgodery! En aan die ander kant is Gods profetiese Woord juis die lieflikste bewys van hoe Gods Vaderhart met soekende liefde uitgaan tot sondaars om hulle tot bekering te roep en hoe ons liefderyke en genadige God ons saligheid soek. Ag, die ganse profesie is een stuk goddelike pleitrede aan die sondaar om tog te glo, hom te bekeer en te leef, want waarom sal hy sterf?

Nee, as God sy profetiese Woord aan hierdie ou grysaards ontsê, dan is daar ŉ bepaalde rede voor! Dan is dit omdat hulle hul drekgode in hulle hart laat opklim, terwyl hulle die Here kom vra! Die Here sê: Hierdie oudstes mag die afgodsbeelde uit hulle huise verwyder het, maar hulle harte is presies nog soos die heidene se offertrone waarop hulle nou hierdie en dan weer daardie godsbeeld laat pryk. En die god wat die meeste in die guns is, staan die langste op die offertroon. En so is die oudstes se harte soos offertrone: vervul met egte godsdienstige samesmelting, het hulle ŉ hele stel gode. Al die volke se gode neem broederlik naasmekaar in hulle hart hul plek in. En as daar nood kom waarin die een god nie goed genoeg is nie, dan laat hulle ŉ ander een op hulle hart se offertroon opklim. Dit nou is die gruwel van die oudstes dat hulle in die moeilikheid was oor een en ander saak en hulle stel gode die een na die ander in hulle hart laat opklim het. Toe nie een van die gode kon help nie, het hulle ewe eerbiedig met opgehewe hande gekom om die Here God te vra. Die Here word so deur hulle die laaste in die ry gode gestel. Op hulle hart se offertroon het hulle vir die Here ook nog ŉ plekkie gehou sodat, as die ander gode nie kan help nie, die Here dan moontlik nog kan help.

Dis dan hulle godsbeskouing. Soos Kamos die Moabiete se god is en soos die Moabiete altyd die reg het om op Kamos terug te val as die buitelandse gode nie goed is nie, so reken hulle is die Here “Israel se God”; en as die ander volke se gode nie tot heil kan wees nie, dan het hulle altyd vanselfsprekend die reg om op die Here terug te val in hulle nood. So behoort die Here by hulle soos ŉ natuurnoodwendigheid. So natuurnoodwendig as wat die Jordaan se water altyd in die Dooie See loop, so natuurnoodwendig is die Here Israel se God. Hulle sien die verhouding tussen die Here en hulle nie as ŉ Verbondsverhouding waar daar wedersyds sedelik-godsdienstige regte en pligte is nie; as ŉ verbond wat hulle deur ongehoorsaamheid kan verbreek sodat hulle Gods wraak oor hulle haal nie. En verder: hulle sien geen wesenlike verskil tussen die Here aan die eenkant en Kamos en Baäl, Bel en Nebo aan die anderkant nie. Die Here staan in een ry met die gode en kry ook saam met hulle ŉ beurtjie op die offertroon van hulle hart. By Hom het hulle ŉ uitvlug as hulle in die nood is. En so is God vir hulle nie die enigste, die ware God in hulle nood nie maar ŉ nood-God onder ander gode; nie die enigste, die Redder en Hulp in nood nie maar ŉ blote noodhulp!

En dit bring die heilige God se Wese in verset teen die oudstes. Is dit nie ŉ veragting van die Here God dat Hy die laaste gestel word onder baie ander eerstes nie? Hy is nie die Eerste en die Laaste nie, maar slegs die laaste! Hoor, Israel, die Here onse God is ŉ enige Here! Vir hulle is Hy die laaste God van hulle hart.

Ja, die Here God wil ŉ Helper in nood wees, maar Hy weier om ŉ blote Noodhelper gemaak te word. Van nature doen ŉ mens nie eens so-iets teenoor ŉ ander mens nie! In sy kommentaar sê die groot Hervormer dan ook: Dit is soos wanneer iemand na ŉ dokter gaan, hom beledig, in sy gesig spuug en vir hom sê: “Jy is te dom en sleg en jy weet niks! — en

more as u in nood is, as u siek is, kom vra u hom weer: Sê my wat moet ek doen, maak my gesond!" So maak hierdie oudstes: hulle verag God en verwerp Hom, en in hulle nood kom vra hulle Hom weer! Hulle verwerp sy profesie, maar in hulle nood kom vra hulle weer daarna.

Dit is dan die sonde van die oudstes dat hulle nie genoeg het aan ŉ samesmeltingslewe en ŉ samesmeltingsgodsdiens nie maar dat hulle nou ook nog ŉ samesmeltingsprofesie, ŉ samesmeltingsopenbaring wil hê.

Eségiël het al in hoofst. 6 gewys op hulle sonde van ŉ samesmeltingslewe, dat hulle op al die berge en heuweltoppe en in al die klowe en dale saam met die Baälsdienaars leef in hulle besigheid en burgerlike lewe.

En in hoofst. 8-11 het hy hulle sonde van ŉ samesmeltingsgodsdiens bestraf, waar die oudstes in die geheime kamer vir al die gode wierook brand, waar die vroue die Tammus beween en die jong manne voor die gode buig, terwyl hulle vir die Here kom offer.

En nou is hulle so ver dat hulle ook ŉ samesmeltingsprofesie wil hê, ŉ samesmeltingsopenbaring. Die Here word na die ander gode deur die oudstes ondervra, net wanneer hulle anders nie geholpe kan raak nie. Dit is so ŉ groot gruwel dat die Here sy profesie, sy openbaring ten strengste aan sulke mense ontsê!

En, gemeente, dis asof Eségiël binne-in ons tyd staan om ons te bestraf oor hierdie sonde van ons. Immers, ons twintigste eeu is ook maar so. Hy het ook sy samesmeltingslewe. Daar in die maatskaplike lewe, in handel en nywerheid, in ons politiek meng ons met ongelowiges, met Christusverwerpers. Is dit nie so nie? Ja dit is!! En dan kom ons kerk toe. Dan wil ons weer godsdienstig wees — ŉ ongodsdienstige lewe en ŉ godsdienstige lewe tegelyk; altwee tegelyk — samesmeltingsgodsdiens. En hierby eindig dit nie! Ons wil ook ŉ samesmeltingsprofesie hê. Ons wil Gods openbaring ook as ŉ samesmeltingsopenbaring hê. U moet nie dink dat die sonde van samesmelting net daar eenkant in ŉ hoek van ons lewe heers nie. O nee, hy loop deur ons lewe heen.

Laat ons dit vir u aantoon. Op politieke gebied laat ons ons party of ons leier in ons hart opkom! Soos ŉ afgod hef ons dit dan op die offertroon van ons hart. Al wat ons hart aan liefde het, al wat ons hart aan offer het, word dan vir ons party, vir ons leier gebring, soos vir ŉ god. Kom wat wil, ek staan by my party! Daarby word God en Christus, kerk en profeet, die prediking van Gods Woord uit die hart gestoot. En so lank as die party of die leier op die offertroon van die hart setel, is die Skrif ŉ toegemaakte boek. Ons hou ons eers met die politiek-god besig. Christus het ons vir ŉ tyd onttroon van ons hart en die predikers van die Woord — wel, verbrand hulle!

Maar dan kom ons weer kerk toe. Dan word die party en die leier weer ŉ bietjie van die offertroon van die hart afgehaal, en dan word die Here God, sy Woord en Sakramente weer ŉ keer op die hart se offertroon geplaas. Sien u gemeente, dit is samesmeltingsprofesie. En dis ŉ ou sonde. Dit word deur die eerbiedwaardigste grysaards beoefen! Eerbiedig sit ons dan onder die prediking van die Woord, en ons hef ons hande op om God te vra en te bid! O, gaan maar u hart na. U sal ŉ hele stel gode vind. Onder dié is óók die Here.

U het die vorige keer gehoor dat sluiers en bande, kaarte, sterre, geeste, bene, hoewe ook van dié gode is. En om ons nou maar by die een punt te bepaal: ons tyd volg diktators, partye en leiers nie meer met oordeel van onderskeid nie. Nee, ons tyd se mens glo vas in diktators, leiers en partye. Ons laat hulle opklim op die offertroon van ons hart. Ons raak in ekstase, soos onder invloed van ŉ god. Hulle *glo* in Hitler, Mussolini, Stalin. Ons glo in ons leiers, sonder oordeel van onderskeid. En ons wil dat ons kinders hulle ook somaar so moet glo, soos ŉ kerklike belydenis. Menige ouer is daarop meer gesteld as op sy kind se Skrif geloof

— ŉ offertroon!

En dan! Ja, en dan, dan kom ons weer as daar stryd of moeilikheid is, as ons op ŉ dooiepunt gekom het, dan kom ons baie eerbiedig na die Skrif, blaai daarin, lees daarin, soek daarin, soek daarin na ŉ teks, byvoorbeeld ŉ voorskrif wat belet dat ŉ predikant aan die politiek mag deelneem. Soos die oudstes soek ons dan na ŉ profesie wat vir ons ŉ uitspraak moet gee oor ŉ moeilikheid wat ons in verband met die ander gode op die offertroon van ons hart ondervind. Ons *wil ŉ profesie hê wat die aanhou van ander gode op die offertrone van ons hart regverdig.* En vir sulke vraers is daar geen profesie nie. Die Here laat Hom nie so ondervra nie. Die Here het ook sy Woord nie gegee om so gevra te word nie. Die oudstes het na die profeet gekom nie om na die profesie te luister nie maar net om uit ŉ moeilikheid te kom! Om te hoor of daar nie ŉ profesie is wat die hartsgode ook regverdig nie. In die Bybel sal u nie tekste vind vir elke ou hartsgod nie! Soek maar! Die Here het dit streng verbied!

Kom ons so na die profetiese Woord, kom ons so na die Nagmaal, kom ons so met ons bedes soos daardie oudstes, dan sal daar beslis geen profesie, geen versterking en geen verhoring wees nie. Maar dan moet ons nie praat van onverhoorde gebede nie! Ag ja, dit het al ook vir ons tyd ŉ probleem geword — onverhoorde gebede! Daar is geen onverhoorde gebede waar daar in ware geloof gebid word nie. Daar is net onverhoorde gebede waar daar nie waarlik gebid word nie. Die vraag is nie of ons gebed verhoor of onverhoord is nie; die vraag is of ons in ware geloof gebid het en of ons nie in ware geloof bid nie. Dis die vraag!

En ons tyd praat van krisisse. Ons het ŉ komplete stel gode. En dan kom ons darem ook nog na die Here. En soos die Here Self vir die oudstes geantwoord het dat Hy volgens hulle drekgode vir hulle antwoord gee, só kry ons eeu ook sy antwoord van God na ons tyd se drekgode: mislukkings, agteruitgang, verarming!

Maar met dit alles wil onse goeie God nog in ons hart gryp, soos Hy vir Eségiël sê: Sodat Ek die huis van Israel in hulle hart kan gryp. Met die agteruitgang, wêreldkrisis, wil God nie maar net na ons beurs gryp nie maar in ons hart om ons te ontroer. Nie die krisis is God se einddoel nie maar die mens se hart. In sy oordeels-antwoord aan die oudstes gaan dit God nog om sy volk Israel se hart.

## II.

Daarom, laat ons tweedens let op die oordeel oor die afgodsdienaars wat in hulle nood na die profesie kom vra en op die oordeel van die profete wat tog teen God se gebod ŉ profesie spreek. Dit moet ons dan voorop beklemtoon by hierdie strafoordeel dat dit nie God se einddoel is met die oudstes nie maar dat Hy dit as ŉ middel wil gebruik — tot behoud, tot redding van almal wat dit sal sien en hoor! Tot vandag toe dat dit in u ore gepreek word! God wil daarmee nog in ons hart gryp! Want so spreek die Here HERE: Bekeer julle en wend julle af van julle drekgode en wend julle aangesig af van julle gruwels!” Dis nabetragting.

Ja, die Verbonds-God het vir hulle ŉ vreemde geword; sy Wese, sy Naam, sy Openbaring, sy profesie ken hulle nie meer nie; sy dade sien hulle nie meer nie; sy woorde hoor hulle nie meer nie; na sy wet leef hulle nie meer nie, daardie oudstes en die volk Israel. En tog, die Here laat hulle nie los nie. God Self gaan hulle antwoord met so ŉ ooglopende oordeel, dat dit spreekwoordelik sal word soos van Korag, Datan en Abiram — om op dié wyse in die hart van die volk te gryp. Hulle kom hulle aangesig voor die Here stel, die oudstes, maar nou gaan die Here as antwoord op hulle versoek sy aangesig teen hulle stel. En in Gods aangesig tree al Gods dade na vore. Die Here se aangesig is die konsentrasie, is die samevatting van die hele dadekompleks van God, wat Hy as die lewende God van Hom laat uitgaan, sy dit tot redding van dié wat in ware geloof tot Hom kom, sy dit tot oordeel van dié wat hulle geveinsdelik onderwerp. Dis die vreeslike van die antwoord!

Dié wat met afgodiese harte tot die Woord van God kom, sal die Here antwoord na hulle afgodiese harte. Hulle bring die stof, die inhoud van hulle oordeel self saam. Nou sal hulle niks anders kry om terug te neem van die Here as antwoord nie as die seël van die veroordeling wat hulle alreeds in hulle hart dra! Die Here antwoord hulle nie soos hulle dink of vermoed nie maar net soos hulle verdien. Hulle hou mos vol dat die oordele waarmee Eségiël hulle bedreig het, blinde donders is. Dis somaar maar net ŉ gedreun in die lug sonder werklike weerligstraal, sonder bliksems om te kan tref. Daarom sal God hulle nou só antwoord dat dit spreekwoordelik word. God wil daarmee in hulle hart gryp. God sal sy toornende aangesig teenoor hulle stel; Hy sal hulle uitroei uit die volk Israel, en hulle sal weet dat die Here God is.

Hoe die Here hulle uitgeroei het, laat die profeet daar. En hoe die Here elke tyd se afgodsdienaars sal uitroei, laat ons ook daar. Een ding is duidelik: die Here sal sulke afgodsdienaars wat om ŉ profesie vra, en sulke profete wat hulle laat verlei en vir hulle ŉ profesie gee, ŉ skynbare oplossing van hulle moeilikheid teen Gods Woord in, net eenders straf met die doel om in ons hart te gryp. Die skriklikheid van die oordeel bestaan daarin dat God sy toornende aangesig rig teen sulke vraers en teen profete wat sulke vraers te woord staan!

Elkeen uit Israel, elkeen uit die gemeente van Christus wat tot die profetiese Woord kom met ŉ hart wat soos ŉ offertroon vir elke afgod van sy tyd ŉ setel saam met die Here bied sal God uitroei saam met die profete wat hom antwoord. God kom in verset teen so ŉ hart. God roei hom uit.

En dit sal geen verskoning wees nie om te sê: Ja, maar daar was tog profete wat vir ons so gesê het! Want die Here sê: Ook daardie profeet het *die Here* verlei om vir sulke vraers te profeteer. Dink maar aan die geskiedenis van die 400 profete voor Agab teenoor Miga wat alleen die Woord van die Here gepreek het. God verlei dié soort profeet sodat Hy deur hulle optrede die hipokriete, die mense met harte soos offertrone vir elke god, te sif en te onderskei van die ware gelowiges, wat in die geloof kom tot sy profeet!

En God stuur die valse profete, omdat die ongelowige volk sulke harte het wat valse profete wil hoor en nie die ware profete nie. Die volk het dit verdien om sulke profete te kry. Dis reeds hulle straf.

En so, geliefdes, is Gods oordeel ŉ afgrond. Niemand vind die bodem daarvan nie. Valse profete laat die Here juis optree tot ŉ straf vir die afgodiese sondaarsharte. En die straf oefen God weer uit om daardeur as met ŉ middel te gryp in die hart van sy volk sodat die huis van Israel nie meer agter die Here sal wegdwaal nie en hulle nie meer verontreinig met al hulle oortredinge nie. Dan sal hulle vir My ŉ volk wees en Ek sal vir hulle ŉ God wees, spreek die Here HERE.

Daarom is die ondersoekende vraag vir u by die prediking van die oordeel van die Here hier: Gryp God met hierdie oordeelsprediking in u hart of in u sak? Tref dit tot u spyt u goed of tot u sielevreugde u siel, sodat u ŉ walging kry aan die drekgode van u eie hart, dat u tot inkeer kom, u daarvan afkeer en terugkeer tot die Here? Ja, dit sal ŉ ware nabetragting wees om ons in ons lewe te bekeer en ons te verbeter en ons hart nie ŉ offeraltaar vir drekgode te laat wees nie, sodat net die Here God in ons hart troon en ons sy profetiese Woord in liefde gehoorsaam, sodat Christus die groot Profeet en Leraar alleen Koning sal wees in u hart.

**AMEN.**

## PERSOONLIKE VERANTWOORDELIKHEID OF GEWISSE, STRAWWENDE GEREGTIGHEID

**LEES**: *Eségiël 14:12-23.*

**TEKS**: Eségiël 14:14.

IN hoofst. 14 lees ons dan eindelik van ŉ nabetragting by die keur van Israel se oudstes op die verskerpte oordeelsbedreiginge van die profeet Eségiël. Die verskerpte oordeelsbedreiging van die ballingskap van die wederstrewige huis van Israel wat Eségiël op so ŉ aangrypende sinnebeeldige wyse gepreek het, toe hy vol angs met geweld ŉ gat deur sy huis se muur gebreek en in die pikdonker met ŉ bedekte gesig soos ŉ balling vertrek het uit die bresse van sy huis se muur, en die oordeelsaankondiging oor die valse profete en die valse profetesse wat Israel in sy wederstrewigheid teen die profetiese woord sterk, het dit ten gevolge gehad dat die oudstes nou na Eségiël *as profeet* gekom, voor sy voete gaan sit en met opgehewe hande biddend om ŉ profesie, om ŉ woord van die Here gevra het. Hulle kom dan nou weer na die gehate profeet om deur sy mond die Here te vra. En Eségiël, wat ook maar nie ŉ hartekenner en ŉ niere-proewer was nie, sou hulle skynvroomheid vir eg aangesien en hom in hulle koms tot hom verheug het as dit nie was dat die HERE God onmiddellik ingegryp en Eségiël ten strengste verbied het om tot hulle as profeet van die Here te spreek nie. Want hulle vroomheid is skynvroomheid. Hulle wil uiterlik tot die Here kom, maar in hulle harte het hulle hul drekgode opgeneem. Hulle harte is offertrone van ŉ hele stel ou gode. Hulle het ŉ komplete stel gode. Hulle beoefen ŉ samesmeltinggodsdiens. En nou, terwyl hulle ander gode op die offertroon van hulle hart geplaas het, kom hulle om die HERE, Israel se God, ten laaste ook ŉ beurtjie op die offertroon van hulle hart te gee.

God se profetiese Woord is nie gegee vir sulke afgodsdienaars nie. God gee sy Woord nie vir mense wat vooraf klaar standpunt ingeneem het oor wat ŉ heilige stad en heilige tempel, oor wat ŉ offerdiens is, oor Sedekia se reorganisasiepolitiek, en dan na Eségiël kom nie om die Here se woord te hoor nie maar net om regverdiging te soek vir hulle reeds ingenome standpunt. En God verbied sy profeet nie net om aan sulke afgodsdienaars sy profetiese Woord te spreek nie, maar Hy Self sal hulle ook straf volgens die menigte van hulle drekgode en net so ook die profeet wat tot hulle durf spreek.

Dit was die profesie wat ons in die vorige leerrede beluister het.

In verse 12-20 van hoofst. 14 gaan die profesie nou verder *teen die vraag wat hulle in hulle hart omgedra het en wat hulle wou kom vra het maar nog nie met soveel woorde kon uitspreek nie.* Ons

wens nou u aandag te bepaal by hierdie profesie en ons let:

I. Op die onverbiddelike eis van persoonlike verantwoordelikheid in die verbondslewe;

II. op die onverbiddelike straf van God oor elkeen wat die persoonlike verantwoordelikheid in die verbond verontagsaam.

### I.

Die oudstes het gekom om ook die HERE te vra, maar Hy het hulle nie eens die kans gegee om hulle bede onder woorde te bring nie. Sonder omweë het die Here hulle deur Eségiël laat aansê dat Hy van hulle skynvroomheid en dubbelhartigheid nie gedien is en Hom nie laat

ondervra nie.

Maar uit wat die Here verder aan Eségiël openbaar, kan ons duidelik aflei wat die bede was wat hulle op die hart gedra het. Dit was ŉ vraag oor die lot van Jerusalem, Jerusalem waarvan die profeet sulke donker dinge verkondig.

Die oudstes het waarskynlik sover gekom *dat hulle die verdorwenheid van die stad en die regmatigheid van die oordeel daaroor toegestem het.*

Maar selfs as die mensehart by erkenning van sy sondeskuld en strafwaardigheid bevryding soek, is dit dan nog weer sy sonde dat hy nie by God nie maar by die skepsel verlossing soek.

Presies soos die Kategismus ons in Sondag 5 dit voorhou, só is die sondaar. Hy loop nou eers die aarde oor in sy lengte en breedte, en hy soek en vra of daar nie darem maar nog ŉ blote skepsel te vinde is wat vir ons kan betaal nie. O, dit is net besondere genade van God wat ŉ doemskuldige sondaar verlossing laat soek by die Verbonds-God, by die Middelaar Christus.

Die oudstes het onder die indruk gekom van die swaar skuld wat op die stad en tempel rus. Maar nou het hulle gedagtes probeer heil soek by die godvrugtiges wat nog in Jerusalem oorgebly het. So het Eségiël trouens in hoofstuk 9 geprofeteer, naamlik dat daar diegene is wat die Man met die linnekleed en die inkpot aan sy heupe aan hulle voorhoofde met die kruisteken merk. *En nou is dit die vraag wat hulle wou stel: of die stad terwille van die vromes dan nie gespaar sou word nie.* In hulle gedagtes het hulle die geskiedenis as medegetuie ingeroep. Het God dan nie vir Abraham gesê dat Hy die goddelose stad Sodom sal spaar as daar *tien* regverdiges in is nie? En Jerusalem staan in hulle skatting tog nog baie hoër as Sodom. Nooit het die oudstes kon droom dat die “stad Gods”, waar onse Here gekruisig is, volgens die Godsopenbaring nog só diep kan sink dat hy geestelik Sodom en Egipte (Openbaring 11:8) genoem sal word nie.

Maar verder dink hulle aan Noag, om wie se geregtigheid sy hele huisgesin gespaar is. En Job het met sy priesterlike voorbede sy drie vriende behou waar die Here hulle wou doodmaak (Job 42:8). Is dit nou nie ook moontlik met Jerusalem nie?

En dan verstaan ons, geliefdes, dat die oudstes, hoewel hulle in ŉ gedaante van vroomheid voor die profeet verskyn het, eintlik met ŉ profetiese strikvraag na hom toe gekom het. Soos die ouderlinge en Skrifgeleerdes na ons Here Jesus met strikvrae gekom het, so het die oudstes ook met die strikvraag gekom: Eségiël u profeteer nou van Jerusalem se ondergang maar profeteer dan ŉ bietjie waarom is Noag se ark, Job se vriende gespaar, en waarom het die Here Self beloof om Sodom te spaar, terwille van tien regverdiges daarin! En as die Here in die profesie tot drie-, tot viermaal toe sweer: “A1 was Noag, Daniel en Job daarin, *so waar as Ek leef, spreek die Here* HERE; *hulle sou geen seun of dogter red nie; hulle sou net hulle eie siel deur hulle geregtigheid red,* dan toon dit nie net vir ons met sekerheid aan dat dit die vraag was wat hulle besig gehou het nie, maar dan laat dit ons sien hoe die Here God hulle hart tot op die bodem ken. Dan wys die Here met hierdie woorde strafdreigend hulle dubbelhartigheid af waarmee hulle aan die eenkant teen die profesie volhou dat Jerusalem sal bly staan en tog weer kom vra na dieselfde profesie wat Jerusalem se ondergang aankondig; hulle dubbelhartigheid dat hulle aan die eenkant in troubreuk voortleef terwyl hulle op Gods trou bly aanspraak maak; hulle dubbelhartigheid dat hulle die verbondseise verwerp maar op die verbondsweldade aanspraak maak. Hierdie dubbelhartigheid wys die Here nie net strafdreigend af nie, maar Hy stel in hierdie woorde die onverbiddelike verbondseis van persoonlike verantwoordelikheid.

Twee veronderstellinge stel die Here hier voorop:

(1) As die land, as die stad in die geheim, bedektelik (want dit beteken die woord in die Hebreeus) troubreuk pleeg, die verbond breek en ontrou word. Dit is iets wat die heidene nie kan doen nie. Dit kan alleen, die verbondsvolk doen. En die skriklikste is nog as hulle dit in die geheim doen. Want dan skyn dit of hulle die Here dien, maar hulle hart is ver van die Here. Dan is dit erger as Sodom; want Sodom is openbaar.

(2) As die Here dan hongersnood, wilde diere, oorlog en pes stuur om alles te verwoes, dan, al sou sulke spreekwoordelik regverdige heiliges soos Noag, Daniël en Job in so ŉ land of stad wees, sou hulle die oordeel nie kan afwend nie; nie van hulle eie kinders nie; hulle sou net persoonlik deur hulle geregtigheid gered word.

Dit is asof die Here wil sê: Julle noem Noag, Daniël en Job, om wie se ontwil die Here kinders en vriende gespaar het van die oordeel, maar julle vergeet dat die drie manne juis geleef het na die verbondseis van persoonlike verantwoordelikheid. Het Noag sy eie kinders, Gam en Kanaän kon bewaar? Kon Daniël sy volk bewaar? Het Job sy eie kinders kon bewaar? Die persoonlike verantwoordelikheid is soos ŉ wig wat selfs vriendekringe en huisgesinne uitmekaar laat spat, as dit nie deur elkeen van die gesin nagekom word nie.

En dis hierdie onverbiddelike eis van persoonlike verantwoordelikheid in die verbondslewe wat ons vandag met klem moet preek. Want ons sondaarshart is op sy beste nie anders as dié van daardie oudstes nie. En om die prediking op u hart te bind, moet u bedink dat die verbond wel uit *twee partye* bestaan, naamlik die genadige Verbonds-God en die begenadigde verbondsvolk, maar vir elkeen van die twee partye behels die verbond *twee dele,* soos die Doopsformulier dan ook sê: “Aangesien daar in alle verbonde twee dele is ...” Die twee dele aan die kant van die Verbonds-God as party in die verbond is: (1) dat God in die Verbond aan sy verbondsvolk as die tweede party sekere *verbondseise* stel, sekere verbondsverpligtings oplê wat nagekom moet word, en (2) dat God in die verbond aan sy verbondsvolk as tweede party sekere verbondsweldade, sekere verbondsbeloftes toesê!

Aan die ander kant is die twee dele aan die kant van die verbondsvolk dit: (1) dat hulle Gods verbondsbeloftes aanvaar en (2) dat hulle teenoor verpligtings wat God op hulle gelê het, skuldenaars is by God om dit na te kom. Hulle het dus verbondsvoorregte en verbondspligte. En nou is dit die oudstes uit Israel se sonde dat hulle wel aanspraak maak op die verbondsvoorregte aan hulle kant of op die verbondsbeloftes van God se kant, maar teenoor hulle verbondspligte, teenoor God se verbondseise pleeg hulle troubreuk in die land.

En die sonde openbaar hom in twee vorms! Die eerste vorm van die sonde was hulle vaagheid. Hulle beroep hulle teenoor Eségiël se oordeelsbedreiginge daarop dat hulle die heilige volk van die Here is; dat die stad Jerusalem heilig is; dat die tempel die Here se heilige woonstede is. Hulle het hulle geloofsvertroue op die Here ingeruil vir ŉ vertroue op die stad, op die tempel, op die verbondsvolk, op die gedurige offer by die tempel. En dit is in die grond van die saak niks anders as afgodery nie. Van persoonlike verantwoordelikheid in die verbond is daar by hulle geen sprake nie. Dit gaan by hulle nie om die vraag *hoe* hulle in die verbond lewe nie maar slegs om die vraag of hulle van die verbond is. God se genadebeloftes koppel hulle aan die tempel vas sonder om aan hulle verbondspligte te dink.

Dis mos ook ons tyd se sonde. Dit gaan by talle lidmate net om die *feit* dat hulle aan ŉ Kerk behoort. *Hoe* hulle as lidmate van dié Kerk leef, daar dink hulle nooit nie of seer selde aan. Dit gaan nie om die vraag *hoe* ons in die verbond leef nie maar slegs of ons ook daarin gereken word.

Ons vra dan ook net of die kindjie al gedoop is, maar oor die vraag hoe die doopsverpligtinge nagekom word, bekreun ons tyd hom nie. Ons wil ook belydenis van ons geloof aflê en is slegs daarop gesteld *dat* dit gedoen moet word, maar oor die vraag *hoe* dit gedoen en *hoe*

daar geleef word, bekommer ons ons minder. Ons is erg gesteld op ons kerk en dat ons regsinnig is. Ons sal vra of iemand lidmaat is, of hy ook die Sakramente gebruik, of hy ook gereeld besoek word. Maar die vraag hoe 'n lidmaat hy is; hoe hy die Sakramente gebruik, hoe hy die amptelike besoek ontvang en waardeer; hoe hy in die verbond leef — dit laat ons daar! Dis die sonde van die vaagheid wat die oudstes so diep skuldig gemaak het. Dit het by hulle slegs gegaan om die vraag of hulle ook na die profeet kom, of hulle ook na die profesie vra, maar *hoe* kom hulle, *hoe* vra hulle? Dis 'n soort geestelike lewe wat kant nog wal raak vanweë algemene vaagheid. So is ons! Ons godsdienstige lewe verloop in 'n *algemeenheid,* en betekenislose *vaaghede.* So word die ganse Verbond vervaag; dit word op dié wyse feitlik uitgewis, kragteloos gemaak. As ons geestelike lewe eenmaal so vervaag en veralgemeen het, dan oortree niemand ooit nie, dan is niemand ooit skuldig nie, want waaraan sou hy dan skuldig wees? Ondersoek u self maar! Persoonlike verantwoordelikheid is weg!

Maar daar het by die oudstes nou verandering gekom. Die prediking van Eségiël het in hulle vae verbondslewe 'n dik swart streep getrek wat hulle nie kon vervaag nie. Die stad en tempel gaan verwoes word! En nou kom hulle terwyl hulle weer in die sonde van die individualisme verval. Nou los hulle weer die verbond, die stad en die tempel om rus en vastigheid vir hulle siel te soek in vroom enkelinge, in enkele uitnemende persone. Daar is darem in Jerusalem nog vroom manne soos Noag was, soos Daniël, soos Job, soos Abraham. En solank as hulle daar nog is, sal die stad en die tempel wel nog voortbestaan.

O, die sonde van individualisme verteer ook ons geestelike lewe. Dis nie net die Metodis wat met verbygang van die kerk, die ampte en die verbond hom besig hou met individuele bekeerlinge nie! Dis nie net die Oxford-groep wat die kerkprediking as vrugtelose massaprediking uitruil vir sy groepies van enkelinge en individue nie. Dis ook in ons kerke waar die sonde woed, wanneer ons soos die oudstes met groot piëteit ons hand ophef om te verwys na dié en dié wat dan so en so vroom en godvrugtig sou gewees het; wanneer ons in 'n godvrugtige of vooraanstaande voorvader of broer of suster ons vastigheid soek vir ons kerklike en godsdienstige lewe. So vergoddelik ons enkelinge en soek ons godsdienstige vastigheid in die vrome mens. So soek ons 'n fondament in die bekeerde individu. Terwyl ons ons persoonlike verantwoordelikheid in die verbondslewe verontagsaam, kom ons met 'n beroep op die godvrugtiges wat met persoonlike verantwoordelikheid voor God in die verbond geleef het. Op dié wyse word hulp en heil gesoek by vromes, by heiliges, by die mens en nie by God nie.

Seker, gemeente, onse Here God doen baie weldade aan die wêreld terwille van die regverdiges wat met hulle persoonlike verantwoordelikheid, met hulle persoonlike geloofslewe, met hulle persoonlike belydenis en bedes voor God staan en stry. God sal ook eenmaal die dae verkort terwille van sy uitverkorenes! Maar onse goeie God sal dit nie aan mense doen wat hulle eie persoonlike verantwoordelikheid van hulle afwerp en hulle op ander vromes beroep nie. As jy nie self persoonlik jou Here God bely, Hom persoonlik vrees en eer, Hom persoonlik as jou Here en Verlosser ken nie, dan gedoog onse God dit nie dat jy jou op ander godvrugtiges sal beroep nie. Dan sweer Hy by Homself: Sowaar as Ek leef, al was Noag, Daniël en Job daarin, hulle sou geen seun of dogter red nie, hulle sou net hulle eie siel deur hulle geregtigheid red!

Want God se verbond sluit die persoonlike verantwoordelikheid nie uit nie maar in. Wat baat dit dat jy vir vroomheid en godvrugtigheid na ander verwys as jy persoonlik dit nie is of wil wees nie? Wat baat dit jou om op 'n vroom mens te steun wat op God vertrou het as jy persoonlik nie op God vertrou nie? Wat baat dit jou as jy verwys na 'n mens wat 'n lewende lidmaat van die kerk was as jy dit self nie ook wil wees nie? Wat beteken dit as jy met 'n mate van trots verwys na so 'n of so 'n ou broeder wat die verbond van God geken en betrag het en jy self ken en betrag dit nie, asof God hom alleen geroep het om onder die verpligting van die

verbond te staan en asof jy daarvan ontslaan sou wees! Wanneer ŉ mens persoonlik nie meer jou verbondsroeping en verbondsplig nakom nie, dan maak jy soos hierdie oudstes. Jy loop rond met ŉ beroep in jou hart op dié en dié wat godvrugtig was terwyl jy jouself sonder godsvrug voor Gods aangesig stel. Vir ŉ verbondsvolk, vir ŉ kerk, vir ŉ mens wat so tot die Here kom — so sweer die Here — sal honger, wilde diere, oorlog en pes as straf dien! Daar sal geen ontkoming wees nie. Nie vir die Jood nie, al beroep hy hom nog so sterk op Abraham se God en Vader, nie vir die soort Christen wat hom op sy kerk se belydenis beroep terwyl hyself nie bely nie.

Nee, br. en sr., solank as die Verbonds-God nie deur u persoonlik bely word as *my* God en *my* Vader nie; solank as u nie persoonlik soos Thomas belydend wil uitroep: *my* Here en *my* God nie, solank is daar vir u nog geen versoening en geen vrede nie maar skriklike oordele.

Onthou tog dat selfs Noag sy eie seun Gam nie kon red nie en dat Job sy eie kinders nie kon bevry nie. Bedink tog dat die Here Jesus gesê het: Daar sal twee op een akker wees; twee sal op een bed lê en een sal aangeneem en die ander verwerp word. Want die een kon die ander nie red nie, al is hy nog so gelowig en vroom.

Die persoonlike verantwoordelikheid in die verbondslewe eis God onverbiddelik van u op straf van die dood. Geen vaagheid gedoog God in die verbond nie, maar Hy eis van u u persoonlike verantwoordelikheid.

II.

Vir elkeen wat dit verwerp, wag die gewisheid van die oordeel. Laat ons u tweedens daarop wys. Die profesie beklemtoon op kragtige wyse die gewisheid van die oordeel oor elkeen wat in die verbondslewe nie met persoonlike verantwoordelikheid voor God leef en tot God kom nie. Dit blyk eerstens in die drie name en in die volgorde waarin hulle hier tot vier maal toe vermeld staan.

Die drie manne, Noag, Daniël en Job, was, soos die Skrif, soos die Here Self getuig, vroom en godvrugtig. Hulle was geregverdigdes nie van nature nie maar deur hulle geloof in die Here. En as daar gelowiges sou kon wees wat ŉ ander sondaar kan red, dan moes dit hulle gewees het.

En nou moet u daarop let hoe in die volgorde van hulle name die gewisheid van die oordeel toegespits word.

In Noag se tyd was die groot wêreldkrisis, die wêreldoordeel deur die sondvloed. En die vrome Noag, prediker van geregtigheid, het deur sy geregtigheid nie eens sy eie kind Gam kon red nie, hoewel die Here hom gespaar het om Noag se ontwil.

In Daniël se tyd, dieselfde tyd as dié van Eségiël, was dit die krisis, die oordeel van die ballingskap oor die verbondsvolk Israel. Dis nou nie meer die wêreld nie maar die verbondsvolk. Die kring is al nouer. En Daniël het van sy eie volk, van sy eie bloed, wat hy so lief gehad het, nie uit die ballingskap kon red nie.

En in Job se huis, se gesin — die kring is nou so nou as wat dit kan kom — was ook ŉ krisis, ŉ oordeel onder die toelating Gods deur Satan uitgevoer. En Job het sy eie kinders, vir wie hy so gereeld elke dag van die week geoffer het, nie kon bevry van die oordeel nie.

Die eis van persoonlike verantwoordelikheid geld nie net in die wye wêreldlewe nie; dit geld ook nie net in die verbondslewe, in die kerklike lewe nie maar tot in die enge kring van die huisgesin. En as daar iemand is in ŉ huisgesin wat God en Christus nie persoonlik ken, bely en vrees nie, dan kom die oordeel oor hom. En as dit met die vrome manne, Noag, Daniël en Job, so was dat hulle nie een kon red nie, wie sal u vandag dan nog kan noem? Watter

vroom broeder of suster, watter godvrugtige ouderling, diaken of predikant, ja, watter vroom vader of broer of suster is daar dan op wie u u sou kan beroep? Inteendeel, met so ŉ lewe wek u God se toorn op!!

Tweedens kom die gewisheid van die oordeel oor elkeen wat die persoonlike verantwoordelikheid in die verbondslewe verontagsaam, uit in die viervoudige herhaling! En ook hierin is daar ŉ toespitsing van die gewisheid van die oordele. By Noag spaar (nie red nie) die Here agt siele. By Daniël spaar die Here vier siele (hy en sy drie vriende verkeer nie in die ellende van die ballingskap nie maar aan die koninklike paleis), by Job maar twee siele, hy en sy vrou! En dat dit hier tot vier maal toe herhaal word, spreek van die absolute algemene geldigheid van die oordele oor die vier hoeke van die aarde. Daar sal oor die aarde in geen huisgesin en geen kerk, onder geen volk ŉ uitsondering wees nie!

Ten slotte word die gewisheid van die oordeel oor elkeen wat die persoonlike verantwoordelikheid in die verbondslewe verontagsaam, vasgelê in die drievoudige eedswering van die Here God by Homself. En, gemeente, dit is ons heil, hierdie eedswering van God. Dis ons heil dat die Here God tot in die uiterste toe sy reddende geregtigheid juis deur sy strawwende geregtigheid gestand doen. Want as God sy verbondseise nie handhaaf nie, dan is God Self veranderlik. Dis ons heil dat God Homself in die oordele handhaaf.

Dis ons verlossing dat onse Here God sy eie Seun, Jesus Christus, nie gespaar het nie maar die straf op Hom laat rus het, die helse straf, omdat ons ons persoonlike verantwoordelikheid voor God vertrap het in Adam. Want Christus het as die groot Verantwoordelike in ons plek borgtogtelik, *persoonlik* gestaan. En in Christus Jesus moet ons ook weer persoonlik voor God staan.

En dis die kenmerk van die geroepenes van God, soos ook van Eségiël, dat hulle teenoor die onverantwoordelike toeskouer-mens, wat soos die oudstes vir niks verantwoordelik wil wees nie, die geregtigheid Gods verseker. En dis die bewysstuk van die redding van die regverdige, van die wat in persoonlike verantwoordelikheid voor die Here God in die verbond leef, dat diegene wat die persoonlike verantwoordelikheid verontagsaam, gewis geoordeel sal word.

Daarom, laat ons ons bekeer en met ŉ persoonlike geloof, met persoonlike belydenis, met persoonlike godsvrug, in die verbond, in die kerk, in ons huisgesinne leef. Elkeen!

Sekerlik, dan sal die Here ook terwille van ons, as sy geregverdigdes deur die geloof, die wêreld spaar van honger, insekte, oorlog en pes. En so nie die oordeel is gewis.

**AMEN.**

## GODS STRAFGERIGTE — SY BEWYSSTUKKE

**LEES**: *Eségiël 14:12-23.*

**TEKS**: *Eségiël 14:21-23.*

NIE die wêreld, nie die verbond, nie die huisgesin kan deur die geregtigheid van selfs die godvrugtigste mense gered word nie. In hierdie lewe, in die verbond, in die huisgesin staan elkeen voor God *persoonlik* verantwoordelik. En wie nie die persoonlike verantwoordelikheid op hom wil neem nie, sal onverbiddelik die strafgerigte van God ondergaan, al is hy ook omring deur regverdiges. En Jerusalem moet Gods straf ondergaan. Jerusalem is nie te redde nie. Billikerwys, regmatig sal God hom straf.

Maar nou kom ons teksvers met ŉ uitspraak wat vir ons oënskynlik teenstrydig lyk met die

voorgaande. Vers 21 sê nog: Hoeveel meer as Ek my vier kwaai strafgerigte, swaard, honger, wilde diere, pes, op Jerusalem afstuur om daaruit mens en dier uit te roei! Dan sal niemand gered word nie.

En vlak daarnaas sê vers 22: Maar kyk, daarin sal oorbly wat ontvlug! Daar sal wees wat sal ontkom. En — dit lyk so teenstrydig — ook sal seuns en dogters saam ontkom. *Huisgesinne,* anders as in Job se geval, sal ontkom. Dit lyk asof die pas beklemtoonde persoonlike verantwoordelikheid hier weer kragteloos gemaak word. Noag, Daniël en Job kon net hulleself red; hulle kon nie die wêreld, die verbondsvolk of selfs ŉ huisgesin red nie, nie eens ŉ seun of dogter nie, soos Job. Hoeveel te meer sal in Jerusalem ŉ seun of dogter gered kan word as die Here sy vier kwaai strafgerigte bring! En hier staan nou weer: daar sal wees wat sal ontkom, en seuns en dogters sal ook saam ontkom! Wat die Here eers as onmoontlik aankondig, voorspel Hy nou weer as toekomsgebeure. Dit *lyk* teenstrydig. Dit lyk asof die Here ja en nee tegelyk sê. En so kan die Bose menige siel mislei en sê: Die Bybel is teenstrydig. Jy moet dit maar nie te nou neem met Gods strafgerigte nie! So absoluut en betroubaar is Gods Woord tog nie! En so kom Satan vandag nog tot die mensekinders en sê: Is dit ook so dat die Here gesê het ŉ gelowige ouer sal sy seun of dogter nie kan red nie? Dit kan ook nie, sê Satan, want hier staan dat seuns en dogters tog ook saam sal ontkom!

Daarom, gemeente, wil ons u aandag by hierdie verse bepaal om u te toon die diepe Skrifgedagte waardeur sal blyk dat hier nie iets teenstrydigs staan nie. Nee, hier word iets anders geleer. Hier word God se bewysstukke vir ons voorgehou. Onse Here wil met die ontkomenes uit Jerusalem, met die seuns en dogters, vir die ballinge die waarheid van sy profetiese Woord gaan bewys. Ons let:

I. Op die. feit dat die Here die strafgerigte Syne noem: *My* vier kwaai strafgerigte, en

II. op die ontkomenes met seuns en dogters as bewysstukke van Gods profetiese Woord aan die ballinge.

I.

My vier kwaai strafgerigte. Ja, dit mag ons aandag nie ontsnap nie dat die HERE die strafgerigte aandui as: Myne! Die hele wêreld, die hemel en die aarde is die Here se eiendom. En om sy verbond ontwil, in Christus Jesus ons Verbondshoof sê die Here vandag nog van sy ganse skepping: Dis Myne! En die strafgerigte wat die Here daarin oefen, moet ons ook nie die HERE wil ontneem nie. Dis *Syne* — met nadruk! Deur hierdie hele hoofstuk beluister ons dit. Hoeveel maal staan daar nie: As Ek my hand teen die land en stad ophef, en Ek mens en dier daarin uitroei (vers 13)!

As Ek wilde diere stuur, (15).

As Ek die swaard bring (17).

As Ek pes in daardie land stuur (19).

As Ek hongersnood bring (13).

Die strafgerigte oefen die Here uit. Dis sy strafgerigte en Hy sê ook: Dis Myne!

En tog gemeente, is ons nie net ontrou aan hierdie taal nie maar ook aan hierdie gedagte, aan hierdie waarheid! As die staf van die brood gebreek word, as ons inkomste waarmee ons ons lewe moet voortsit, ons ontval, as daar verarming intree, dan is ons gou om dit aan die maatskaplike toestande te wyt of aan die internasionale verhoudinge of aan die bemarkingstelsel of aan die regering. Dan moet kommissies van ondersoek aangestel word om die probleme op te los. Sekerlik, armoede kan intree, en tree ook in, deur wantoestande van die mark en handel, deur valslik of meganies bewerkte of veroorsaakte maatskaplike wantoestande of

internasionale verhoudinge. Dit tree ook in deur ŉ swak regering wat sy eie land se belange nie so behartig as wat hy hom besig hou met internasionale aangeleenthede nie. Maar dan moet ons tog nie hierby stilstaan met miskenning van die Here onse God nie. Dan moet ons daarby tog nie maak of onse God nie meer regverdiglik kan straf nie en asof die misstande nie sy strafgerigte is oor ons hedendaagse maatskappy. Die opgeblase markwese wat altyd maar weer net wind baar en geen welvaart nie, die swak of magtelose regerings is maar instrument in die hand van onse strawwende God. Dis nie probleme wat kommissies van ondersoek sal oplos nie. Dis middele in die Hand van onse strawwende God. En dis middele wat die Here nie maak nie maar wat ons kweek in ons ongehoorsaamheid. As daar ŉ regering op die stoel kom, dan is dit ons wat hom daar gebring het. Ons sal ontvang wat ons wil hê, ons sal ontvang wat ons verdien — soos Israel toe hulle vleis, kwartels, begeer het. Hulle het dit ontvang. Ons kry van ons regverdige God net wat ons gesoek het, ook as Hy ons besoek met sy straf. Maar dan moet ons nie gaan sê die maatskappy wat ons gevorm het, die handel wat ons dryf, die regering wat ons gekies het, is ŉ probleem; kommissies van ondersoek moet dit probeer oplos nie. Dan moet ons berouvol opsien tot onse God, Wat ons straf met ŉ roede wat ons gekweek het.

As oorlog uitbreek, dan roep die mens uit: Dis dié of dié. Maar dat dit die Here is wat dit as ŉ gesel oor die wêreld ophef, daarvan weet of spreek ons tyd nie.

As daar ŉ epidemie uitbreek, dan word op die dokters geskreeu of gewag. Hulle moet dan rapporte uitbring, en dan gaap almal angsvallig die rapport aan meer as wat ons gryp na Gods profetiese Woord, wat vir ons nie net van oplossing vertel nie maar van verlossing en wat ons roep met sy beloftewoord dat ons ons moet bekeer en ons sal leef.

As daar allerlei gediertes op ons akker kom, soos ruspes, vlieë, insekte, sprinkane, dan sê ons dis ŉ plaag. En dan wil ons die sprinkane as ŉ pes uitroei en so God bestry, in plaas van ons eers tot onse God te bekeer en dan gelowig die insekte te bestry.

Hieruit blyk dat ons in die werklike praktyk nie glo dat die Here alles beskik nie. Ons belydenis lê daar, en selfs die aller-gewoonste dinge soos lower en gras, vrugbare en onvrugbare jare, gesondheid en krankheid en al die dinge word aan Gods hand toegeskryf. En niemand van ons twyfel aan die woorde nie. Dis suiwer, ons sê dit vlot op. Ons sê dis die regsinnige leer, en wee die mens wat daaraan torring! *Maar* glo ons dit waaragtig in ons lewe, hier in die praktyk: op jou akker, op jou mark, in jou maatskappy, in jou politieke verhoudinge? Is dit dan nie maar veelal so dat dit wel vir ons ŉ leer is wat in die kerk gepreek moet word maar wat prakties vir ons in die lewe nie geld nie?

En as ons sê: Nee, maar ons glo dit, dan sê die Apostel Jakobus vir ons: Toon my jou geloof uit jou werke, uit jou geloofsvrugte. Waar is jou berou en bekering? Waar is jou geduld, jou onderworpenheid in teenspoed en jou dankbaarheid aan die Here in jou voorspoed? Hoe bewys jy dit?

Ons moet terug na die Heilige Skrif, maar nie soos die sektes wat wil teruggaan na die buitengewone geestesgawes, na tale en gesondmakinge nie. Ons moet terug na die Bybel om ons oog weer te *rig op die lewende God, aan Wie alles behoort, ook die strafgerigte, en om ons toevlug te neem tot Jesus Christus ons Verlosser.* Ons sien God nie meer raak nie. Ons merk nie eens sy vinger in ons hedendaagse lewe nie!

II.

Maar wat hierdie profetiese Woord van nog ingrypender betekenis maak, is dat God met sy bewysstukke tot ons kom onder sy oordele om sy profetiese Woord vir ons as waar te bewys. Ja, want Israel wou juis die profetiese Woord wat hierdie waarhede van Israel verkondig het, nie geglo het nie. En ons ook: ons tyd maak ook so. Hy hoor hierdie selfde ou waarhede

vir hom preek, maar hy beluister dit krities in dié sin dat hy aldeur besig is om te luister of die prediking sy standpunt, sy beskouinge bevestig. En as die prediking van die profesie ons beskouinge nie bevestig nie, dan voel ons om dit nou maar ronduit te sê: dit staan ons nie aan nie!

En, gemeente, die profetiese prediking is juis nie om *ons* beskouinge, om *ons* dade, om *ons* opinies te bevestig of bewys nie maar om Gods Raad en wil vir ons te ontvou. En Gods seëninge en strafgerigte is bewysstukke, nie vir ons beskouinge of opinies nie maar van Gods profetiese woord!

So sal die ballinge aan die Kerbarkanaal deur die strafgerig van God oor Jerusalem heen bewysstukke van God ontvang ter bevestiging van sy profetiese Woord.

Daar sal onder die strafgerigte dié wees wat sal ontkom. En hulle sal *met* hulle seuns en dogters ontkom. Hulle sal volle gesinne wees. Maar hulle sal ontkom om met die ballinge self in die gevangenis te gaan en in die ellende van die ballingskap te deel.

Hulle sal dus nie gered word, gespaar word vir Gods strafgerig nie. Dit juis sê vers 22 nie! Die vorige verse spreek van seuns en dogters wat nie *gered* sal word van die strafgerig Gods nie, selfs nie deur toedoen van ŉ regverdige Job nie, vanweë die verbondseis van persoonlike verantwoordelikheid.

Nee, hier staan slegs dat hulle sal ontkom as gesinne, uit die puin van die verwoesting van Jerusalem. En hiermee verval alreeds die skyn van teenstrydigheid van hierdie verse met die vorige gedeelte van die hoofstuk.

Hierdie ontkomenes, wat met hulle seuns en dogters ontkom, is *nie voorwerpe van Gods besondere genade nie* maar slegs van sy algemene genade. Was hulle draers van God se besondere genade, dan sou die strawwende hand Gods hulle tot bekering gelei het. Maar dit was nie die geval nie. Hulle moes in hulle ontkoming slegs dien om aan die ballinge aan die Kebarkanaal te bewys dat Gods profetiese Woord waar is. En so moes hulle dien om Eségiël se *medeballinge tot bekering te bring.*

Die ballinge moes vertroos word oor die kwaad wat die Here oor Jerusalem gebring het, en hulle moes tot die berouvolle erkentenis kom dat die *Here reg was* in al sy weg en werk; dat die Here nie sonder oorsaak gedoen het wat Hy aan Jerusalem gedoen het nie; dat die Here se straf oor Jerusalem reg en billik was.

En so moes hierdie ontkomenes dien tot heil van die ballinge. Hulle ontkoming verbreek nie die verbondseis van persoonlike verantwoordelikheid nie, as sou regverdiges seuns en dogters kan red. Bewysstukke moet hulle slegs wees om te toon dat Gods oordeel regverdig was. Watter soort van mense moes hulle dan nie gewees het nie! Die ballinge het nog altyd gedink dat die Jerusalemmers seker maar die regverdiges is. Maar nou sal hulle sien en die taal van die mense hoor. Nou sal hulle erken: Nee, as dit so is, dan kon die Here Jerusalem nie onverwoes laat nie!

Dat onse goeie God hier dus, om so te sê, aan die ballinge rekenskap kom gee van sy strafgerig oor Jerusalem deur middel van die ballinge, is ŉ betoning van grote genade en liefde van God, is nog genadeprediking.

Ja, dit is dan juis die vertroosting van die ballinge — as hulle die slange-venyn onder die tonge van die ontkomenes sal bemerk! As hulle sal sien, dan sal hulle Gods strafgerig billik. Dan sal hulle volkome daarin berus, dan sal hulle God regverdig en sê: Ja, Here, u het goed en reg gedoen deur Jerusalem te verwoes. Dan sal hulle nie meer sê die Here is streng en wreed en onbillik nie. Nee, dan sal hulle verwonderd wees dat God nog so geduldig was!

Ja, die kerk van die Here was nie meer in Jerusalem nie maar daar onder die ballinge. Daarom dat die profetiese Woord hulle ook nooit wou loslaat nie. Self sal hulle dit dan sien, nadat hulle tot inkeer gekom het, na soveel bemoeienisse, na sulke konkrete bewysstukke van Gods Woord.

Maar dit was die sonde van die kerk dat hy nie na die profetiese Woord geluister het nie maar eers deur sulke vreeslike bewysstukke van die profetiese Woord tot erkenning, tot belydenis, berou en bekering gekom het.

En so is dit veelal vandag nog. Daar is vandag nog maar diegene wat wel die profetiese Woord hoor en soms ook ergerlik voel daarteenoor en reken dat die Woord van die Here te hard, te wreed, te streng is. Hulle sien nie Gods regverdigheid nie. Hulle wil net aanspraak op Gods liefde maak. En as Gods profetiese Woord vir ons Gods geregtigheid voorhou, dan staan ons soos die ballinge te midde van die genadewoord waarmee God ons as nog oorlaai, en ons hef ons arm op teen die Here: Dit kan nie so wees nie! Hoe kan die profesie so praat?

En tog, geliefdes, onse goeie God bewys juis met soveel rampe, soveel armoede, soveel sogenaamde probleme, soveel ontsonke gesinne en volke dat Hy nie sonder oorsaak dié dinge, die swaar en benoudhede oor die wêreld bring nie. *Daar is ŉ oorsaak.* Dis ons sonde. Dis strafgerigte van die Here. Dis Syne! En vir die ware kerk van die Here is dit bewysstukke van die waarheid van sy Woord. En vertroos dit ons? Laat dit ons berus onder die strafgerigte Gods? Of sal ons met ons seuns en dogters, soos die ontkomenes uit Jerusalem, nou éérs laster en teen God opstaan? Wat is ons houding teenoor die dinge en die lewe?

Gemeente, die wêreld met al wat oor hom kom, is een groot bewys van God se geduld, van sy barmhartigheid en van sy reg.

En dit moet sy kerk erken. Nie die wêreld nie maar die kerk moet berus, moet getroos wees oor wat die Here doen. Die wêreld sal nie. Dié kom met rewolusie. Die kerk kom met erkenning van Gods goedheid te midde van sy reg. En hierin is die kerk weer ŉ bewys van Gods verlossende werking deur die Heilige *Gees.* In die kerk het die Here sy *Gees* uitgestort. En uit die Gees oordeel die kerk na die profetiese Woord.

En nou wil ons u vra:

(1) Kan die Here ons nou die wêreld instuur en vir die wêreld sê: Wêreld, jy sal my kerk onderken in sy Weg en handelinge: Hulle is getroos!

(2) Kan ons Here die wêreld toeroep: Wat Ek daarin gedoen het, het Ek nie sonder oorsaak gedoen nie! Sal ons die wysheid.van God in hierdie wêreld regverdig as sy kerk?

Mag Hy ons daartoe sy genade gee.

**AMEN.**

## DIE SONDE VAN ONVRUGBAARHEID

**LEES**: *Eségiël 15 en Lukas 13:*6-9.

**TEKS**: *Eségiël 15:2.*

NA die oordeelsbedreiginge as ŉ regmatige straf van God oor die wederstrewige Jerusalem het die ballinge — soos ons in hoofst. 14 gesien het — ten laaste gehoop dat Jerusalem terwille van die regverdiges daarin gespaar sal word. Maar die Here wys die gedagte af met die onverbiddelike verbondseis van persoonlike verantwoordelikheid. Geen regverdige, ja, nie Noag, Daniël of Job, kan seuns of dogters gered het nie. En Jerusalem sal nie deur regverdi-

ges in hom gered kan word nie. Jerusalem sal verwoes word, en die Here sal huisgesinne uit Jerusalem laat ontkom in ballingskap om vir die ballinge as bewysstukke van God te dien dat sy oordeelsvoltrekking oor Jerusalem, billik en regmatig was.

Bowendien, die HERE kom in hoofst. 15 deur ŉ gelykenis die waardeloosheid van Jerusalem beklemtoon. Jerusalem is sodanig dat hy in vergelyking met ander stede totaal sonder enige nut is. "Mensekind, wat is die hout van die wingerdstok meer as al die hout — die wingerdloot wat onder die hout van die bos is?" (vers 2).

Hierop moet die antwoord lui dat wingerdhout in vergelyking met ander houtsoorte waardeloos en nutteloos is. Die wynstok is edel, nie om die waarde van sy hout nie maar enkel om sy vrug wat hy dra. Dra ŉ wingerdstok dus geen vrug nie, dan is hy waardeloser as ander wilde bome in die bos wat geen vrugte dra nie. Want die wilde bome se hout kan ŉ mens tog nog gebruik om ŉ meubelstuk of ŉ muurpen mee te maak. Maar van ŉ wingerdhout kan selfs nie eens ŉ muurpen gemaak word nie. Dis waardeloos; dis nutteloos as dit nie vrugte dra nie.

Wat is Juda in vergelyking met die ander nasies? En wat is Jerusalem in vergelyking met ander stede? Die ander nasies munt uit in hulle kunde en wetenskap, in hulle manmoedigheid en dapperheid in die oorlog. Hulle is soos reuse bome waarvan die hout allesins nuttig en bruikbaar is. Maar Juda is in homself waardeloos soos wingerdhout en Jerusalem *is soos ŉ* ou wingerdstok wat geen vrugte meer dra nie. Juda is in homself minder werd as ander nasies. Juda deel bo ander volke slegs in dié voorreg dat hy deur Gods Hand geplant is soos ŉ wingerdstok, nie om die waarde van sy hout nie, nie om enige goeie hoedanigheid nie maar slegs met die doel om vrugte te dra. Dit is Juda se roeping om vrug te dra, om gehoorsaamheid te openbaar, om die troue Verbonds-God Wie se hand hom geplant het, te dien. En nou dat Juda opgehou het om vrugte te dra, om die HERE te dien as hulle Verbonds-God — wat is Juda meer as ander volke? Wat het Jerusalem bo ander stede dat hy nog gespaar sal word?

Inteendeel, wingerdstokke wat geen vrug meer dra nie, word uitgeruk en in die vuur gegooi, want dit neem die vrugbaarheid van die grond op en verdruk ander plante. Juda, Jerusalem in sy totale onvrugbaarheid, vrugteloosheid, godsdiensloosheid, Godloosheid verdien nou net om uitgeruk, om verwoes en aan die oorlogsvuur prysgegee te word (vers 6).

En nog erger, as wingerdhout nou alreeds aan beide uiteindes aangebrand is, sodat die middelste stuk half verkool is, dan is dit nog die mees waardelose. En so is Juda! Want die noordelike tienstammeryk is in 722 reeds deur oorlogsvuur verbrand en in puin gelê. En in 597 is Juda self beleer en deur oorlogsvuur verniel, sodat sy bestes, onder wie ook Eségiël, die profeet, in ballingskap gevoer is. En nou is Jerusalem, Sedekia se stadsrykie, as 't ware aan weerskante aangebrand, half verkool, deur oorlogsvuur klaar verwoes. Watter nut, watter waarde het Juda en Jerusalem nou nog verder onder die volke en stede?

Hulle is nikswerd en behoort verder net aan die oorlogsvuur prysgegee te word! Jerusalem is nutteloos, waardeloos! Dit sou geen sin hê om die stad langer te spaar nie. Dit sou geen doel meer dien nie.

Dit is dan nog ŉ verdere antwoord op die gedagte van die ballinge dat Jerusalem, die heilige stad, dat Sedekia se stadsrykie tog nog sal voortbestaan. Waarskynlik het hulle ook in hulle harte gevra of Juda dan tog nie die HERE se edele wynstok is wat Hy Self geplant het nie! (Jes. 5:2, Jer. 2:21). Hierdie gelykenis is nou die antwoord daarop.

En hierdie gelykenis verval nie in herhaling van die vorige oordeelsbedreiginge nie! O nee, ons het hier ŉ gans nuwe aspek in Eségiël se profesie oor Juda en Jerusalem! Want die wingerdstok in hierdie gelykenis word nie geteken as een wat wel sy vrugte voortgebring het maar wat dit misbruik het soos in Hos. 10:1 nie; ook nie as ŉ wingerdstok wat verwilder en verbaster het en nou wilde vrugte voortgebring het soos in Jer. 2:21 en in Jes. 5:2 nie. Nee,

die wingerdstok van hierdie gelykenis word vir ons geteken as ŉ wingerdstok wat in ŉ bos gerank het maar wat geen vrugte dra nie. Hy word vir ons geteken nie in misbruik van sy vrugte nie, nie in die dra van bastervrugte nie. Die profeet wil hier nie meer wys op die sonde van samesmelting in die lewe nie. Hy wil hier wys op die vreeslike sonde van onvrugbaarheid, waardeur ons lewe waardeloos is voor God. Dit is die derde van die vergelyking hier. En hy wys hier ook op die straf van God op die sonde van vrugteloosheid.

Ons wil dan ook u aandag by hierdie twee gedagtes bepaal, naamlik:

I. Op die vreeslike sonde van vrugteloosheid en

II. op die straf van God oor dié sonde.

**I.**

Juda, Jerusalem strafwaardig! Billik, regmatig is die troue Verbonds-God se oordeelsbedreiginge. Dit het Eségiël op alle moontlike maniere aangetoon. En nou dat die ballinge die gedagte koester dat, ten spyte van alles, die stad moontlik nog gespaar kan word, al is dit ook terwille van enkele regverdiges daarin — nou kom die HERE en sê deur die mond van sy profeet: Jerusalem is nie net billikerwys strafwaardig nie, Jerusalem self is *waardeloos, nutteloos.* Dit dien tot geen nut hoegenaamd meer nie. Dit lewer geen vrug meer nie. Dit is waardeloser, nutteloser as die heidense stede en volke. Ag, die ballinge waardeer Juda en Jerusalem nog so hoog! Jerusalem is vir hulle alles werd! En hier kom die Woord van die Here: Jerusalem is nie eens soveel werd as die waardelose wingerdhout nie; dit is soos ŉ wingerdloot wat van twee kante reeds aangebrand is! Dit is totaal nikswerd! Waarom? Omdat dit nie meer dien vir die doel waarvoor die Here dit geplant het nie. Dit dra geen enkele vrug van dankbaarheid meer nie, daar is geen gehoorsaamheid hoegenaamd nie. Daar is geen verbondsliefde meer nie. Jerusalem is vir die troue Verbonds-God dood, ja, verkool! Die lewe vir die Here is uitgebrand! Die liefde is geblus!

Dit is die sonde van onvrugbaarheid. Hoe sal ons die sonde van onvrugbaarheid tipeer? Die sonde doen hom voor in daardie bepaalde vorm dat jy gaan doen wat God jou verbied het. Dis die sonde in sy samesmeltingsvorm, in sy vorm van bondgenootskap met die wêreld. Hierdie sonde maak strafwaardig voor God!

Maar die sonde doen hom verder voor in die vorm dat jy nalaat wat God jou gebied het. Dis die sonde van nalatigheid. En dié sonde maak waardeloos. Dis hierdie soort sonde van Jerusalem wat in hierdie gelykenis vir die ballinge voorgehou word. Dis ook hierdie soort sonde wat heers in die lewe van die teenswoordige Christendom, in die lewe van die gemeentes.

Die sonde in hierdie vorm, naamlik dat ons nalaat om te doen wat God gebied het, word te weinig as sonde erken en bely, en in die reël is daar oor hierdie soort sonde selde enige berou.

Nietemin, geliefdes, is dit vir die volk van God die grootste sonde wat te bedenke is, waar die Here dan ook, as daar nie bekering intree nie, met algehele uitroeiing dreig.

Die rede waarom ons hierdie soort sonde so weinig ag, is omdat dit negatief van aard is. Solank as iemand nie bepaald verkeerde dinge doen nie, solank as iemand nie in die oog lopende mistrappe begaan nie, verwek dit onder ons in die reël geen opspraak nie. Dit is dan nog geen positiewe oortredinge nie. So ŉ mens ag ons vry van growwe smette. Daar is op so ŉ mens nie iets aan te merk as hy nie moor nie, nie hoereer nie, nie steel nie. Ook al bly die akker van sy geestelike lewe so skraal en kaal soos ŉ woestyn! Al is sy lewe soos ŉ kaal boom sonder vrug, dan maak dit vir ons teenswoordige Christendom nie saak nie.

Maar wee hom as hy ŉ giftige vrug voortbring; wee hom as hy ŉ misdaad begaan het. Dan

wys ons tyd hom met die vinger agterna: hy is ŉ dief, ŉ dronkaard, ŉ rower, ŉ owerspeler.

Maar bring iemand in die geheel geen vrugte voort nie, doen hy nou net nie enige misdaad nie — al doen hy nie positief goed nie — dan gaan so ŉ geestelik vrugtelose lewe tog vir goed deur na ons tyd se oordeel. *Wel, hy is nou nie danig godsdienstig nie; hy is nou nie juis ŉ kerkman nie; hy is nou nie so doodeerlik nie, maar hy is nie ŉ Godloënaar nie! Dit is hy beslis nie!* Hy is ook nie van dié soort wat Sondagsport sal beoefen nie; hy bring die Sondag stil en stemmig deur; ŉ gewetelose bedrieër is hy beslis nie. Hy hou hom op sy plek!! En so word hierdie soort geestelik onvrugbares vir die ereposisies bestem in staat en maatskappy. As iemand net nie ŉ Godloënaar, ŉ dronklap, ŉ hoereerder of ŉ rower is nie, dan sit ons twintigste-eeuse Christendom ons stempel van goedkeuring op hom, al is hy ook geestelik so dor soos ŉ aangebrande wingerdstok.

Die vraag is of die Here ook so oordeel. Brand sy heilige toorn net daar waar die ongeregtigheid uitgegiet word? Is dit net rowers, slegte mans en vrouens, tollenaars en hoere wat sy heilige Naam skend? Sou God nie ook toorn as diegene wat hulself tot sy kerk reken, die goeie nalaat al doen hulle nou nie juis bepaalde growwe gruwels nie? Die doel van Christus se gemeente is nie net om nie growwe gruwels te doen nie! Nee, onse Here Jesus sê: Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te gaan dra. En: Hierin is my Vader verheerlik dat julle veel vrug dra, en julle sal My dissipels wees. Soos die Vader My liefgehad het, het Ek julle ook liefgehad. Bly in hierdie liefde van My (Joh. 15). Alleen die rank wat in die wynstok, Christus, ingelyf is, kan vrugte dra.

Ons Here Jesus het oor die tollenaars en sondaars wat hulleself nie meer tot die gemeente gereken het nie, nie so getoorn as oor die Fariseërs wat hulle daarvoor uitgegee het dat hulle die regverdige volk van God is, wat nie met hoere, met tollenaars en sondaars omgaan nie maar wat juis die liefde nagelaat het en geen goeie vrugte gedra het nie. Nie oor tollenaars en sondaars het Hy so getoorn en sy wee uitgespreek nie maar oor die Fariseërs wat, soos ŉ rykbeblaarde vyeboom, geen vrugte gedra het.

Ja, gemeente, ons dink veelal dat daar in die ewige verdoemenis gespuis soos moordenaars, rowers en hoere sal wees. Sekerlik, die Skrif leer ons dat sulke sondaars, as hulle hul nie bekeer nie, in die buitenste duisternis gewerp sal word. Maar dis nie al wat die Skrif sê nie. Die Here Jesus sê vir dié aan sy linkerhand — en dit geld dan diegene wat nie in Christus ingelyf is en daarom geen vrugte kon dra nie: Ek was nakend en julle het My nie geklee nie — julle was vrugteloos, nalatig! Ek het honger gehad en julle het my niks gegee om te eet nie — julle was vrugteloos in die liefde! Ek was in die gevangenis en julle het My nie besoek nie — julle was nalatig in die liefdesvrugte. Gaan weg van My in die buitenste duisternis. Dis nie moordenaars en rowers en hoere hierdie nie! Dit was slegs geestelik vrugtelose mense op wie anders niks aangemerk kan word nie.

Hier is dus ruimte vir ernstige selfondersoek.

Hulle het slegs sekere kleinighede in die lewe *nie* gedoen nie. Hulle het nie groot gruwels bedryf nie. Hulle het maar net ŉ ou bietjie watertjies nie te drinke gegee nie; ŉ paar stukke klere nie meegedeel nie; ou besoekies nie afgelê nie. Dis al! Maar dis juis vir die liefde ook alles! Daar is 52 Sondae in die jaar. En waar bring u die 52 Sondae deur? Ag, ons weet: nie in die kroeg nie, nie op die resiesbaan nie, nie in hoerhuise nie, nie op rooftogte nie. Die ouderlinge rapporteer ook: Daar is niks te rapporteer nie; niks kwaads nie. Maar waar het u die 52 Sondae deurgebring? Waar? Was u elke more en aand onder die gehoor van die Woord van die Here, om sy Naam aan te roep, om aan die arme ŉ handreiking te doen — ŉ kleinigheidjie? Of as u miskien hier was, het u nie miskien alles ewe gelate aangehoor sodat alles vir u vrugteloos was en die ou mens in u maar doodgewoon sy gang gegaan het nie? Die een het

die middag niks kwaads gedoen nie — maar net ʼn bietjie gaan lê en rus! Dis tog nie so ʼn groot kwaad nie!! Of het die more nie so gevoel om te kom nie of het behoefte gevoel om ʼn vriend of vriendin te gaan besoek. Dis tog nie growwe gruwels nie! Maar vir die diens van God was dit vrugteloos! Daar was geen erediens nie, geen godsdiens nie. Daar was nalatigheid teenoor die groot gebod: liefde tot God! Die geestelike lewe was vrugteloos. Dit was voor God nikswerd, waardeloos, nutteloos!

Ek weet, dis nie aangenaam vir die vlees om dié dinge te hoor nie! Dis so veeleisend; dit vra algehele opoffering! Dit eis die hart so totaal op! Dit vra al jou krag! Dit eis ook jou rus, jou slapie op, jou kuiertjie! Dit eis dat jy lus moet hê, o onlustige hart, vir kerkdiens! Dit eis dat jy vrugte moet dra! En dit lyk maar ou klein vruggies. Onder andere moet jy hier ʼn offergawetjie voor God kom neerlê! Jy moet hier vier versies kom sing, staan en saambid en luister! En tog, dit noem die Skrif vrugbaarheid! En as dit nie daar is nie — en ons hou maar net een gebod hier voor — dan sê die Skrif: Vrugteloos, nikswerd! Wat, mensekind, wat is so ʼn dooie, vrugtelose wingerdloot, wat is so ʼn lidmaat meer werd vir die koninkryk van God as die ongelowige en die heiden? Wat! Jy sê jy is ʼn Christen, lidmaat van ʼn Kerk! Watter vrugte dra jy? So geoordeel is ʼn dief nie net die man wat daar agter die slot in die tronk sit nie, maar elke gierigaard wat vir Gods koninkryk niks oor het nie, al steel hy self nie.

ʼn Moordenaar is nie net die man wat na die galg gelei word nie, maar moordenaars sit ook hier in die kerk as hulle *nalaat* om ʼn broeder of suster in liefde te vermaan; as hulle nalaat om hulle naaste en selfs hulle vyande lief te hê. ʼn Lasteraar bedryf nie alleen duiwelswerk nie, maar elkeen wat nalaat om sy naaste se eer en goeie naam te bevorder soveel in sy vermoë geleë is.

O, hierdie sonde van nalatigheid, van onvrugbaarheid is so skriklik omdat so ʼn lewe ʼn *mislukte* lewe is! O ja, na ons twintigste-eeuse maatstaf sal ons sulke lewens geslaagd noem, terwyl na hierdie profesie hulle misluk het, nikswerd is. Die groot vraag is of ons God liefhet, of ons sy diens liefhet, of ons Hom vrees en gehoorsaam na sy Woord. Dis nie die vraag of ons leef of kan leef nie maar of ons vir onse God leef!

Dit kan wees dat ons ons lewe op die wêreld druk bestee het, dat ons geslaag het in wat ons aangevat het; dat ons vir ons seuns en dogters ʼn taamlike posisie in die lewe besorg het. Maar as daar vir God in sulke lewens nie plek is nie; as ons die liefdediens van ons God daarin nagelaat het, is alles nikswerd! Nutteloos. Dan, so vra die Skrif, wat is sulke mense beter as heidene? Wie sy God nie dien en liefhet nie, sy lewe het misluk! Sy lewe mis sy doel, is vrugteloos.

O, Jerusalem, God het jou gefundeer vir sy diens, sy verbondsdiens. Maar jy het dit nagelaat, en daarom is jy ʼn mislukte stad! Waardeloser as Babilon! O, aaklige gedagte! ʼn Mislukte gemeente! ʼn Mislukte huisgesin, ʼn mislukte lewe, nie omdat groot gruwels gepleeg word nie maar omdat dit vir die diens van God vrugteloos was.

Hierdie sonde van vrugteloosheid is verder so ernstig, omdat dit ander in die weg staan, ʼn Druiwestok wat nie vrugte dra nie, is nie net vrugteloos nie, maar dit staan ander stokke in die weg. Dit misbruik die misstowwe en sappe wat ander kon gebruik het. Dis egoïsties, selfsugtig, gebruik alles en gee self niks nie. Daar is sulke Christene ook. Die goed wat God hulle gegee het, hou hulle net vir hulleself, bestee dit net aan hulleself. Hulle vergeet dat God hulle dit gegee het om daarmee vrugbaar te wees. ʼn Wynstok is daar om sy vrugte te laat pluk. En as ons dan net vrugte van ander mense wil pluk, dan oordeel die buitestaanders: Wel, as dit Christelik, as dit Gereformeerd is, dan wil ons dit nie wees nie, dan wil ons aan die kerk nie behoort nie. Dit sal sulke mense wel nie van straf onthef nie, maar die vrugtelose egoïs is medeverantwoordelik vir sulke vrugteloosheid. Hy word nie net self ryp vir die oordeel nie,

maar hy verhinder ander om in te gaan in die koninkryk. O, hoe staan dit in u lewe met die geloofsvrugte? Bly ons maar dieselfde selfsugtige, kwaadsprekende mense van vroeër, of is daar vrugte van die bekering? Die Landman, onse Here Jesus, kom en Hy soek nie hout en blare nie maar vrugte. Nie soos stywe, koppige bome van die bos nie maar soos wingerdlote moet ons ons in gehoorsaamheid laat lei en moet ons deur die geloof krag put uit Christus ons stamhoof; en waar Hy ons lei, moet ons vrugte dra. Of Hy u as sy rank in die krankbed lei, u moet daar vrugte dra; of Hy u in armoede lei, u moet daar vrugte dra. Of Hy u op die weg van teenspoed lei, u moet vrugte dra! U moet getroos wees onder sy leiding en bestuur! Dan is u lewe nooit waardeloos nie, nooit misluk nie!

As daar geen vrug is nie, as dit waardeloos is, kom Hy met sy snoeimes, stel sy aangesig daarteen, roei dit uit en bestem dit vir die vuur.

II.

Laat ons kortliks let op die straf van God oor die sonde van onvrugbaarheid. Teen die sonde van onvrugbaarheid rig God sy aangesig om so ŉ stad, so ŉ land en so ŉ volk uit te roei.

Want soms stuur die Here sy kastydinge, sy strawwe en plae, maar dan het Hy daarmee tog nog nie sy aangesig teen land en volk gerig nie. Dan is die strawwe nog middels in Gods Hand. Maar as God sy aangesig daarteen rig, dan is die verwoestings-oordele die doel self. God se vaste oogmerk is dan om te verwoes en uit te roei. Dan gaan dit uit die een vuur in die ander vuur, aanhoudend van die een straf tot die ander, van die een plaag tot die ander. Want God het sy aangesig daarteen gerig om uit te roei, met wortel en tak! Om te verwoes. Waarom? Nie om growwe gruwels nie — maar om die sonde van onvrugbaarheid, die sonde van nalatigheid in die liefdediens van God en van jou naaste. O, dis ŉ sonde wat onse goeie God se aangesig strak stel om te ontwortel. Naam-Christendom van die twintigste eeu, as jy onvrugbaar word, dan sal God sy aangesig strak stel teen jou in hierdie eeu! Naam-Christendom in Suid-Afrika, as jy vrugteloos word, dan is jy waardeloos en sal God jou uitroei deur oorloë, vervolgings, honger en swaard.

Neem maar die probleme van armoede. As die sogenaamde Christendom sy vrug van barmhartigheid hier nie wil dra nie, dan sal God hom uitroei, want waartoe dien hy dan? God het Christene nie geplant om selfsug te beoefen nie. Vir diegene wat nie in Christus ingelyf is nie en daarom onvrugbaar gebly het, wag die ewige straf. Want so het ons Heiland gesê: Gaan weg van My af, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele. Want Ek het honger gehad, en julle het My niks gegee om te eet nie; Ek het dors gehad, en julle het My niks gegee om te drink nie. Ek was ŉ vreemdeling, en julle het My nie herberg gegee nie; nakend, en julle het My nie geklee nie; siek en in die gevangenis, en julle het My nie besoek nie. En dan sal gevra word: Here, wanneer het ons U honger gesien of dors of ŉ vreemdeling of nakend of siek of in die gevangenis en U nie gedien nie? Dan sal Hy antwoord en sê: Voorwaar, Ek sê vir julle, sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie. En hulle sal weggaan in die ewige straf! En dit om die sonde van onvrugbaarheid. Dis nodig dat ons onsself sal ondersoek.

Hoe sal U Hom wil ken? Die Landman kom straks maar nie om hout of blare nie — maar om die vrugte!

**AMEN.**

## 'N WELDADIGE VERBONDS-GOD MAAR ’n ONDANKBARE VERBONDSVOLK

(VOORBEREIDING)

**LEES**: *Eségiël 16:1-34.*

**TEKS**: *Eségiël 16:*6, *15.*

DIE profeet Eségiël het in hoofst. 15 die waardeloosheid van Jerusalem, van Israel aangedui in die gelykenis van die wingerdhout in die bos. Dit dra geen vrug meer nie, en as hout deug dit vir niks nie. Jerusalem, Israel, het geen rede van bestaan meer nie.

In hoofst. 16 gaan die profeet nou verder in op die waardeloosheid, op die onvrugbaarheid van Israel as Bondsvolk. In ons teksverse gaan hy dit aantoon in die ontrou en in die ondankbaarheid van Israel teenoor die genaderyke weldade van die troue Verbonds-God.

Dit is ’n ontsettende hoofstuk vanweë die taal en die beeld wat die profeet hier gebruik, sowel wanneer hy die Here se verbondsweldade aan Israel beskryf in verse 1-14 as wanneer hy Israel se ontrou en ondank aantoon in verse 15-34. Dis om hierdie taal en beeld dat die Jode tot vandag toe nog Eségiël 16 nie in die sinagoges lees nie. Maar, geliefdes, ons moet nie vromer wil wees as die Here nie, en ons moet nie beter wil weet as die Here nie, die HERE Wat volkome heilig is en oneindig is in sy goddelike wysheid, as Hy in sy Heilige Skrif die mens in sy sonde-ontrou en -ondankbaarheid vir ons voorhou, sodat ons onsself reg kan ken en bekeer.

U mag sê: Hierdie hele beeld van die hoer waarmee sowel God se verbondstrou as Israel se ontrou en ondankbaarheid voorgestel word, is darem te realisties — en ek kan u verseker dat dit in die vertaling enigsins versag is! — maar die heilige erns waarmee die profeet spreek, maak dat hy met hierdie realisme tog nie afstoot nie en geen sinne prikkel nie. U mag sê: Die profetetaal is hier darem baie onkuis. Dan antwoord ons: Dit mag vir die Westerling onkuis wees, maar die Oosterling spreek oor baie dinge wat vir ons onkuis klink, met onbevangenheid en reinheid. Sodat ons moet beklemtoon dat wat vir ons hier onkuis klink, allermins onkuis is. Want te midde van alles is die profeet hier vol sprankelende liefde vir die troue Verbonds-God en een stuk harteleed oor Israel se ontrou en ondank. Ons wil u aandag hierop vestig en let:

I. Op Gods verbondsweldade;

II. op Israel se ontrou en ondank daarteenoor.

I.

As die profeet Gods verbondsweldade aan die afvallige Israel hier voorhou, dan gryp hy vér terug tot die oorsprong van Israel. Ag, die balling, hulle leef by die troos, en hulle beroem hulle daarop, dat hulle kinders van Abraham is. Hulle is nie onbesnede heidene nie. Maar die profeet verpletter hierdie verwaande trots as hy sê: Israel, die aard van jou oorsprong is Kanaänities; jou vader was ’n Amoriet en jou moeder ’n Hetiet. Dit bedoel die profeet nie in die sin van geslagtelike afstamming nie maar in sedelik-godsdienstige sin. Want die sedelik-godsdienstige invloed van die Amoriete en van die Hetiete was *so* groot dat Abraham se vaders hulle afgode daar oorkant die rivier gedien het. Julle beroem julle op Abraham! Was hy nie onbesnede nie? En het sy huis nie meegedoen aan die afgodery nie? Laat dit vir julle diep beskamend wees, eerder as om te roem in Abraham. Alle roem is tot by Abraham uitgesluit. Israel, wat jy is, het jy uitsluitlik aan jou goeie God te danke. Wat Abraham is, het hy enkel en alleen aan sy Verbonds-God te danke. Want hoe was dit gesteld met Abraham, die geboortestond van Israel? Dit was puur heidens, onrein, alles onbesnede! Abraham was so nikswerd

in die oë van die Amoriet en die Hetiet met hulle heidense sedelik-godsdienstige oorheersing dat hulle hom bejeën het soos Oosterlinge maak met ŉ meisiekindjie wat gebore word. ŉ Meisiekindjie se geboorte is as ŉ ongeluk beskou. Soms word dit oombliklik na die geboorte lewendig begrawe uit veragting. Soms word so ŉ gebore meisiekindjie ongewas, sonder dat die nawelstring afgesny is, sonder dat dit met sout ingevryf as ŉ teken van toewyding aan die gode, somaarso in die geboortebloed te vondeling gelê. Of as ŉ ouer ses kinders grootgemaak het, van wie twee dogters is, dan sê hulle dat hulle slegs vier kinders het. Die dogters tel nie eens nie.

Maar, Israel, dié eer is jou nie eens gegee nie. Jou geestelike ouers, die Amoriet en die Hetiet, het jou in jou eerste ontstaan in Abraham veragtelik verwerp soos ŉ verworpe Oosterse meisiekindjie wat in die bloed te vondeling gelê is. Ongewas, onrein, met nawelstring ongesout het jy daar publiek langs die weg gelê — as ŉ prooi vir honde en onrein diere. En almal het uit afkeer vir die onreinheid van Abraham, van jou oorsprong, jou verbygegaan, het in jou geen behae gehad en geen ontferming oor jou gehad nie. Wat roem jy dan in jou afkoms? Wat roem jy dan, o Jood, dat jy jou vandag as besnedene van andere wil onderskei as rein?

Wat sal ons tog praat oor ons afkoms? Wat sal ons tog roem oor ons voorouers? Ons het ook die neiging om ŉ atmosfeer van heiligheid te skep oor die afgestorwe vaders in die geskiedenis van die kerk, en dan gaan ons daar praat op. Maar wat, so vra die Skrif hier, wat was hulle oorsprong? Watter reinheid en geregtigheid het hulle gehad? Watter reinheid en geregtigheid het u en ek? Sal ons nou eenmaal ophou, radikaal ophou, om oor eie goedheid, oor eie opregtheid, oor eie regsinnigheid by onsself te roem! Ons leef veelal uit ŉ gedagte wat ons laat vra: Wys my wat ek gedoen het wat sondig is! Wys my wat ek as lidmaat van die kerk gelees of gedoen het wat my tugwaardig maak! Terwyl ons geestelike toestand verrot is. Hoe is dit met u huisgodsdiens gesteld? Hoe is dit met u kinders se huis-katkisasie? Hoe met Sondag se godsdiens? Kom u saam? Hoe met u kerkbesoek?

Gemeente, Gods Woord kom hier tot u en se vir u: Hou op om langer so goed van jouself te dink! Want in jouself, in jou oorsprong, is jy soos ŉ Oosterse meisiekindjie wat in veragting na haar geboorte weggegooi lê in die oop veld, ongewas, vol bloed, en wat in onreinheid lê en spartel. As u so ŉ gesig moet teëkom in die veld, so sê die Skrif, dan weet jy hoe jy voor God lyk. Onrein. Nooit moet u die minste in uself wil roem nie. Dis uitgesluit. Ons moet gelowig sing:

> *Nie aan ons,* o *troue God,*
> *Aan U Naam alleen gee eer!*

Ja, want al wat leef, het by die bloedkind verbygeloop en met veragting gesê: Sterf! Maar net die Barmhartige, die oneindige, algoeie God het in sy vrymagtige verkiesing daar verbygegaan en uit vrye welbehae gesê: Kindlief, van almal verworpe in onreinheid, ten spyte daarvan dat jy in jou onreinheid lê, sê Ek: Leef! My kind, leef! O, die goeie God! Die vrymagtige, genadige God! Die barmhartige, ontfermende God! Hy, Hy alleen moet geroem en geprys word tot in ewigheid!

> *Nie aan ons, o troue God,*
> *Aan U Naam alleen gee eer!*

In sy vrymagtig verkiesende welbehae is Hy dus voor alles te pryse!

Maar verder ook om sy genadeverbond ontwil. Hy het die vuil, onrein kind opgeneem in sy verbond en dit gereinig in die reiniging deur sy verbondsteken. Hy het dit met water gewas en die sondevuilnis afgespoel en met sy Heilige Gees (olie) gesalf. En Hy het sy verbondsvleuels oor die kind uitgesprei, die armoedige naaktheid met die verbondskleed van geregtigheid bedek, die slip van sy Mantel oor haar gesprei en so in die belydenis van sy Naam (ge-

loof) sy verbondstrou met haar aangegaan, bruidsversiersele aan haar verskaf. Die goddelike Verbondsbruidegom het al sy verbond-skatte en weldade aan haar meegedeel: veelkleurige klere, robbevelskoene, fyn linne en sy, armbande, halsketting, neusringe, oorringe, ŉ pragtige bruidskroon, goudversiersels, en Hy het haar gevoed met die kostelikste spyse: fynmeel, heuning en olie, sodat sy so mooi geword het, dat sy koninklike waardigheid bereik het. En daar het van haar ŉ nuwe Naam uitgegaan tot die nasies: die Naam van die Here HERE na wie sy vernoem is.

O, gemeente, al die genadeverbondsrykdomme het die genadige God as bruidskatte gegee. Hy het na ons gekom en ons uitverkies; ons het nie na Hom gegaan en Hom uitgekies nie. Hy het aan ons met die verbondsteken van die Heilige Doop die heerlike weldade van volkome sondevergiffenis en ŉ wedergebore hart beseël en bekragtig. Hy het ons versier met geloof, hoop, liefde, geduld, lydsaamheid, barmhartigheid, gewilligheid, offervaardigheid, diensvaardigheid. En in sy Heilige Nagmaal het Hy ons gevoed met kostelike sielespyse wat nooit kan vergaan nie en ons sy heilsgemeenskap laat geniet. Alles behoort aan die Here. Dis sy verbond met ons en nie ons verbond met Hom nie. Dis sy weldade en seëninge aan ons! Al wat ons as gemeente het, het ons van die Here ontvang.

Die wêreld soek ook na versiering en na rykdomme. En die wêreld wedywer ook om skoonheid en rykdom. Maar dis alles verganklik en verderflik. Die versiering van die gemeente is ŉ onverganklike en verderflike versiering, en die rykdomme van sy verbond bly tot in ewigheid.

Wat wil ons dan roem by onsself of oor ons voorgeslag? Laat ons die roem van onse Here verkondig!

As skoonheidsbruid wat deur Christus versier is, moet die Kerk die ligglanse van die genade wat van God ontvang is, in die wêreld laat afstraal en so die roem van onse Verbonds-God verkondig. Die gemeente moet nie spog en homself beroem nie, maar soos ŉ roos moet hy oopgaan en in die wêreld pryk. Soos ŉ ontluikte roos sy geure versprei, so moet die gemeente wat geheel en al aan die Here en sy verbond behoort, God se Naam, God se deugde verkondig, sodat Hy deur ons verheerlik word.

Dit betaam ons om die Here te dank. Dit moes Israel ook gedoen het. Maar laat ons let op Israel se ondank!

Nadat die profeet die Here se verkiesingsliefde geskets het, waardeur Hy Israel as ŉ vondeling opgeroep, liefdevol versorg en as bruid ondertrou het in sy genadeverbond, haar met sy skatte oorlaai het sodat Israel met alles en in alles aan die Here behoort, word nou verder Israel se ontrou en ondank des te verskrikliker deur die profeet aangeteken.

Soos ŉ swart streep trek die profeet Israel se ontrou en ondank teenoor die Here se genadegoedheid af. Israel se ontrou en ondank in sy verbondsverhouding tot God word geteken in die beeld van ŉ hoervrou wat langs die grootpad sit en haarself te koop aanbied.

ŉ Mens kan dit in letterlike sin verstaan vir sover die Baäls- en Astartedienste met ontug gepaard gegaan het. In die skemering word met wyn en musiek die sinne gestreel by die Baäls- en Astartedienste, en so is die drifte geprikkel, so het die wellus botgevier in die vorm van godsdiens.

En vandag is dit nog maar so. “Waar die suiwere geopenbaarde godsdiens nie beoefen en bewaar word nie, daar tier die onsedelikheid. En u sal verbaas wees as u verneem van die uitkroppers van die onsedelikheid onder ons volk. Dit blyk dat 75 persent van die seuns wat getoets word vir militêre diens, ongeskik is weens onsedelike gedrag. U merk dit uit die berigte van omgang van ons Afrikanerdogters met alle moontlike tipes. Dit is omdat ons gods-

dienstig, soos Israel, heidens geword het en nie meer suiwer is nie.

Dit blyk dan ook uit hierdie profesie, waar die profeet Israel baie realisties teken langs die oop grootpad om homself te koop aan te bied. Want Kanaän lê op die kruispunt van al die groot roetes tussen Egipte, Assur, Sirië en Babilonië. Hierdie volke se kultuur- en godsdienstige invloed het oor dié roetes hulle laat geld. En daar op die kruispunt sit Israel en bied homself aan om ook die Egiptiese godsdiens of die Assiriese of Babiloniese godsdienste en gode te dien en aan te hang en so troubreuk te pleeg teenoor die troue Verbonds-God en geestelik te hoereer, deurdat Israel ander gode naloop en soek. Sodat die profeet spottend vra: Hoe smagtend is jou hart, spreek die Here HERE, dat jy al hierdie dinge gedoen het, die werk van ŉ onbeskaamde hoervrou! (vers 30). Die enige ware en geopenbaarde godsdiens word troueloos verlaat, en ander nuwe godsdienste word aangehang. Op elke nuwe beweging is hulle verlief. Elke nuwe metodistiese vlaag, nuwe idee en leringe word aangehang met hartstog, terwyl die liefde en die ywer vir die ware godsdiens en vir die kerkediens verslap. So skriklik was dit onder Israel dat selfs die Filistyn hom geskaam het vir Israel se ontrou in sy godsdiens en vir sy naloop van alle wêreldgode. Hulle bly ten minste nog trou aan hulle ou gode. Maar Israel?

En, weet u, daar is onder ons Afrikaners gevalle dat die inboorling sy hoof skud vir wat die Afrikaners, sogenaamde Christene, doen. Sover staan ons verwyderd van trou en dank aan onse goeie God. Daarom moet ons as Nagmaalgangers halt roep, ons gaandeweg bekeer en, trou aan onse Verbonds-God, Hom ons lewe lank dank. Maar die profeet gaan verder, en daarmee kom hy ook naderby ons.

Israel se skandelike bedryf is dat die Here sê: Jy het *my* olie, en *my* reukwerk voor hulle (afgode) neergesit. En *my* brood wat Ek jou gegee het — fynmeel en olie en heuning — dit het jy voor hulle neergesit as ŉ reukwerk. My kinders het jy geslag en hulle deur die vuur laat gaan. Daarby het jy van *my* goud en silwer vir jou versiersels gevat.

Dit is die toppunt van ongeregtigheid.

Die profeet gaan verder in op die verbondsontrou. Wat Israel in die verbond van die Here ontvang het, is nie net geestelike gawes en weldade nie, nie net wedergeboorte, geloof, regverdigmaking en heiligmaking nie, maar ook olie, wyn, heuning, koringmeel, klere, goud, silwer, kinders. Dis alles verbondsgawes. Dis die Here, die Verbonds-God se goedere. Wat het Israel gehad? Niks! Daar in die bloed, in die veld het hy gelê. Hier die goedere is alles nog verbondsweldade wat aan die Here toekom en waar die HERE in verbondstrou mee gedien moet word en aan Hom alleen toegewy moet word. Maar Israel vat hulle goud en hulle silwer en alles en hulle bestee dit in die diens van dié wat buite die verbond staan. Hulle sit dit voor ander gode neer. Israel sondig met die verbondsgoed wat hy van God gekry het.

Israel is soos ŉ ontrou vrou wat met haar man se swaarverdiende goed feesmaaltye hou en met ander mans omgaan. Kan dit skandeliker? Behalwe owerspel pleeg hulle diefstal. God se goud en God se silwer word nie in God se diens nie, nie ten bate van sy verbond nie maar ten bate van vreemde dienste en beweginge gebruik.

Wat hier dus met nadruk staan, is dat al die tydelike goedere van die verbondskind, van die Nagmaalganger, Gods goedere is waarmee Hy na die Nagmaal gedien wil wees. En wat maak ons tyd? Ons is die eienaars, en ons het God verlaag tot die Bedelaar. Van rentmeesters van Gods verbondsgoed het ons onsself gepromoveer tot eienaars. Ons wil met ons goud en silwer maak wat ons behaag. Ons is ontrou en ondankbaar. Owerspel en diefstal word bedryf met God se goed.

Dis verbondsbreuk, want met die huweliksluiting, met die verbondsluiting tussen Israel en God het God tesame met die reiniging, regverdiging en heiliging goud, silwer, olie, brood en

water, alles vir Israel gegee as bruidskatte, as huweliksgifte, as verbondsweldade. Vir elke druppel water, vir elke brood, vir elke pennie het Christus gely en dit met sy bloed gekoop as sy eiendom. En dit moet die gemeente se trou en dankbaarheid wees dat ons nou ook net ons Here Christus daarmee dien. Ons Nagmaalsformulier vermaan owerspelers, hoereerders en diewe om hulle van die tafel van die Here te onthou solank hulle in sulke sondes bly, sodat hulle gerig en verdoemenis nie des te swaarder word nie. En volgens hierdie profesie is diewe en owerspelers mense wat God se verbondsgoedere soos olie, meel, klere, goud en silwer nie in sy verbondsdiens gebruik nie. Nie ŉ berowing van mense nie maar van God!

Ja, en wat maak ons? Ons vat ons goud en silwer en ons gaan lê dit voor ou Abram of Ismael, voor Sedulsky neer — ons wy dit in sy besigheid en diens terwyl hy deur ons land gaan, buite die verbond staan en Christus verwerp. Christus se goud en silwer vat ons en ons lê dit voor Mohammed en voor die Judaïs neer.

My goud, my silwer, my olie, my fynmeel, sê die Here word aan ander in ontrou weggegee. Waar is ons Christelike onderneminge? Ontrou is ons aan die Verbonds-God. Diewe, rowers van die verbond. Ons pleeg ontrou teenoor Christus, hier waar ons van die Nagmaal af opstaan!

Bekeer julle! Bekeer julle, Nagmaalgangers! Moet nie vir julle slim hou teen God se Woord nie. Of sê my hoe gaan u met u goed — ekskuus, met die Here se goud en silwer — Hom dien? Hoe? U gaan nou om ontrou en ondankbaar te wees, as ons ons nie bekeer tot verbondstrou nie. Maar Israel het ook nog hulle kinders — nee, die HERE se kinders!! — deur die vuur laat gaan, dit wil sê eers doodgemaak en daarna in die Mologdiens geoffer. Dis ook ons tyd se sonde! Ons pleeg eers geestelik moord op die kinders van die verbond van God deur hulle nie in die verbondsleer op te voed nie, en daarna wy ons hulle toe aan diens van die Christusverwerpende Judaïs of Mohammedaan! Of doen ons dit nie? Ons doen dit en ons sien dit doen, terwyl ons dit daarby laat!

In verse 23-34 kom die heul met Egipte, Assirië en Babel ter sprake, Israel se gruwelsonde van politieke hoerery. Israel se Verbonds-God was ook sy politieke mag, sy politieke oorwinning en bestaan sonder die hulp van ander heidense volke met hulle gode en godsdienste. Maar ook hierin is Israel een stuk ontrou en ondank. Want in sy ontroue versaking van sy Verbonds-God, betaal Israel skatting en selfs die tempelheiligdomme vir die volke om hulle te help — erger as ŉ hoervrou wat om hoereloon haarself uitleen en klaag dat sy te min loon ontvang. Maar Israel gee nog bowendien God se goed weg en leen homself uit vir daardie wêreldryke om voordeel uit hulle te trek.

Net so doen ons Afrikaanse volk vandag. Ons gaan vra hulp by ŉ wêreldryk wat die Godtergende Rusland as bondgenoot soek; ons sê ons hulp toe aan ŉ wêreldryk en gee bowendien nog duisende ponde! Daarin is ons die teendeel van die hoervrou. God se hulp is vir ons in ons politieke ontrou slegter as dié van die wêreldryk waarmee ons heul. O, ons verbondsontrou en -ondank! Is dit partypolitieke prediking of verbondsprediking? Behoort ons politiek buite die verbond of ook daarbinne? O, laat ons ons bekeer van ons ontrou en ondankbaarheid teenoor Gods Verbondsweldade en laat ons getrou en dankbaar wees.

**AMEN.**

## SUSTER SODOM
## OF
## 'N SPOT- EN STRAFPREDIKASIE

**LEES**: *Eségiël 16:35-63 en Openbaring 11:7-10.*

**TEKS**: *Eségiël 16:46.*

IN hoofstuk 16 teken die profeet die verhouding tussen die Verbonds-God en sy verbondsvolk as dié tussen man en vrou. Eers wys die profeet op die troue Verbonds-God se verbondsweldade waardeur Hy Israel, as ŉ onrein kind te vondeling gelê, in sy bloed met verbondsliefde opgeneem en gereinig het. Daarna met haar ŉ huweliksverbond aangegaan en haar met ŉ rykdom van weldade en seëninge begiftig het (verse 1 tot 14).

In verse 15 tot 34 teken die profeet teenoor Gods verbondsgenade Israel se ontrou in haar hele lewenshandeling met God se verbondsgunste, deurdat Israel dit ondankbaar in die diens van heidense volke, godsdienste en kulture bestee.

In verse 35 tot 58 teken die profeet Israel se straf vir haar ontrou en ondank, terwyl hy nog nader in ŉ spotbeeld Israel se verbondsgruwels uitbeeld.

In verse 59 tot 63 teken die profeet, ten spyte van al Israel se gruwels, God se troue verbondsliefde wat die enigste behoudende krag is van ŉ arme, goddelose sondaar.

Ons wil dan korteliks met u stilstaan by:

I. die spotbeeld: Jerusalem, jou ouer suster Samaria, jou jonger suster Sodom (vs. 44-59);

II. die straf (vs. 35-43);

III. Gods Ewige Verbondsliefde (vs. 59-63).

I.

Voordat ons u aandag by Eségiël se strafpredikasie (verse 35-43) bepaal, let ons eers op die profeet se spotbeeld waarmee hy Juda se ontrou nog nader uitbeeld. Hierdie spotbeeld is op sigself ook reeds ŉ vlymskerpe geseling van Jerusalem.

Die tekening van die spotbeeld waarmee die profeet Jerusalem bespot, sluit weer aan by die begin van hoofst. 16 deur Israel te herinner aan sy afkoms. Israel se afkoms, sedelik-godsdienstig geneem, is uit die Hetiete, ŉ Indo-germaanse volk wat nie eens aan die Semitiese volkeregroep verwant was nie, ŉ volk met agteruitwykende voorkoppe, groot neuse, ŉ allersnaaksste taal en wonderlike gode, en uit die Amoriete, wat voor Moses moes swig oorkant die Jordaan!

Uit ŉ verbasterde godsdiens en ŉ verbasterde kultuur het Abraham en sy voorgeslag geleef. En daarby is hulle nog met veragting bejeën, sodat niemand op hulle gelet het nie. Hierop het ons ŉ vorige keer reeds gewys. Spottend begin die profeet nou met ŉ spreekwoord: Soos die moeder, so haar dogter; die appel val nie ver van die boom nie. Van nature het jy vandag nog maar daardie selfde heidense sedelik-godsdienstige neiginge en begeertes! Ons moet dit vandag ook nog maar onthou, al is ons lidmate van ŉ Gereformeerde Kerk. Van nature het ons nog dieselfde sondige aard as die veragtelikste heiden. Met hierdie spottaal kom die Skrif tot die sondaars wat soos die ballinge nie meer geglo het dat hulle voor God strafwaardig is nie; hulle behoort aan die kerk en weet van beter!!! Vir diegene sê die profeet: Jy

is maar nog Hetities-Amorieties van aard!

Maar nou gaan die profeet verder. Hy gaan vir Jerusalem in sy eiegeregtige trots spottend sy familie uitlê. Hy gaan vir Jerusalem sy susters wys; die ouer een en die jonger een en Jerusalem tussenin. Weet jy wie jou ouer suster is, Jerusalem? Samaria wat jy so diep verag; Samaria, die teenswoordige Samaria met sy gemengde bevolking uit Jode en heidene; Samaria, die stad van die tienstammeryk wat van Jerusalem afgeskeur en met die heidene uitgebaster het!

En weet jy wie is jou jonger suster? Sodom! En hoewel jy, Jerusalem, met diepe veragting neersien op Sodom en sy onreinheid — dis jou bloedsuster. Julle twee lyk sprekend op mekaar! Dis nie die enigste maal nie, geliefdes, dat die kombinasie Jerusalem-Sodom in die Skrif voorkom nie.

Die balling Johannes op Patmos, wie se profetiese boek baie ooreenkom met dié van Eségiël, weet net so goed van die ooreenkoms tussen Jerusalem en Sodom as Eségiël die balling aan die Kebarkanaal. Johannes vergelyk Jerusalem, waar onse Here gekruisig is, met Sodom en Egipte.

Oënskynlik was daar groot onderskeid tussen die drie. Elke reggeaarde inwoner van Jerusalem het ʼn diep afkeer van Sodom; en as die Jood aan Egipte dink en die wrede slawerny by die steenoonde, dan vervloek hy Egipte. Tog is daar ʼn skriklike *ooreenkoms* tussen die drie. Want *Sodom* het sy skendende hand uitgesteek na die Engel van die Here, die Christus in sy verskyning nog voor sy vleeswording, daardie nag voor die stad se ondergang. En Egipte het, toe Farao bevel gegee het om al die Joodse seuntjies in die Nyl te gooi, nie net die volk Israel in sy bestaan bedreig nie maar die koms van die Christus bedreig. Want Israel het die Messias na die vlees in sy lendene gedra.

Egipte het dus ook ʼn aanslag op die Christus gedoen.

Maar Jerusalem, die heilige stad, die stad van die groot Koning, het nog verderfliker gehandel as Sodom en Egipte en is in boosheid hulle meester.

Jerusalem is die stad waar onse Here ook gekruisig is, vervloek is. Jerusalem vergryp hom nie maar net aan die Christus in sy tydelike verskyningsvorm soos Sodom nie, en ook nie aan die Christus in die lendene van die volk Israel soos Egipte nie maar aan die volle profetiese prediking en aan die seremoniële afbeelding van die Christus; aan die vleesgeworde Woord, Wie se heerlikheid Jerusalem gesien het. Ja, Sodom is nog nie so erg as Jerusalem in hierdie groot kwaad nie. Sy is Jerusalem se kleiner suster; “jy het verderfliker gehandel as Sodom in al jou weë” (vers 47). Sodom was, vergeleke by Jerusalem, nog maar ʼn kind in hierdie boosheid, ʼn kleiner suster. Want Sodom het *vleeslik* ontug bedryf. Maar Jerusalem het behalwe *vleeslike* ontug ook *geestelike* ontug bedryf. Want Israel het sy troue Verbonds-God verlaat, Wat met hom ʼn heilsverbintenis aangegaan het, ʼn sonde wat Sodom uit die aard van die saak nie gedoen het nie, want God het geen genadeverbond met Sodom nie. En nou mag ons vandag oordeel dat ʼn hoereerder ʼn gruweliker sondaar is as ʼn kerkmens wat met God nie so nou rekening hou in sy lewe nie, Christus nie so suiwer bely nie en origens “fatsoenlik” lewe, maar dis nie die waardering van die profesie nie. Die profesie oordeel: wie God verlaat, wie Christus verag in die lewe — al leef hy verder uitwendig goed — is gruweliker as Sodomiete.

Desnietemin het die seuns van Abraham in Jerusalem uit die hoogte neergesien op die dogters van Sodom. Sodomiete! — dit was vir hulle verskriklik slegte mense. Vader Abraham se gebede kon hulle nie eens red nie. Die naam van jou suster Sodom, sê Eségiël (16 vers 56*)* is in jou mond nie eens gehoor in die dag van jou trotsheid nie. Sodom was te veragtelik, en Jerusalem was trots daarop dat hy Jerusalem en nie Sodom is nie. Dank die Here dat ons tog nie Sodomiete is nie!

En Samaria, die plek waaroor die Jood van veragting op die grond spuug? Ja, sê Eségiël, Samaria is ook ver beter as Jerusalem; dit het nie eens die helfte van jou sondes gedoen nie. Jy het jou sonde vermenigvuldig meer as hulle, Jerusalem! Want Samaria het nie eens 'n tempel gehad nie en Jerusalem wel. Samaria het somaar maar saamgeroepte priesters gehad, terwyl *Aäron se seuns* in Jerusalem gedien het. Het Jerusalem met sy offisiële heiligdom nie ver bo Samaria gestaan nie? Ten spyte daarvan het Jerusalem gruweliker gesondig, en daarom is dit ook dieper skuldig as Samaria. Daarom, Eségiël kon Jerusalem nie dieper tref as om hom benede Samaria en Sodom te plaas nie. Foei, wat was dit vreeslik dat die profeet vir Jerusalem, vir die kerk, sê: Jy is benede die hoerstad Sodom, dubbel benede die basterstad Samaria. Die offisiële kerk, Jerusalem, gruweliker as die sektariese tienstammeryk, Samaria, en as die heidense Sodom!! En dan is Jerusalem nog te trots om dit te erken!

Dink daaraan, gemeente, as ek vandag vir u moet sê: U is verderfliker as die Russelliete, die Jehowas-getuies en die Blourokke teen wie u so veroordelend spreek! En die heidense naturelle daar in die Soutpansberge is teenoor u klein kindertjies in die boosheid! Hoe sal u voel? Sal u dit glo?

Jerusalem, Samaria, Sodom; Kerk — sekte — wêreld!

Met hierdie prediking kom Eségiël vandag na u toe! Is dit nie so dat ons ons as kerklike mense ver verhewe voel bo die sektewese en die wêreld nie? Is dit nie so dat ons soos die ballinge ons te hoog ag om naas die sekte en die wêreld gereken te word omdat ons aan 'n kerk behoort nie? Is dit nie met ons so dat ons wel bereid voel om onder ons hier in die kerk te bely dat ons teen al die gebooie van God swaar gesondig het en geeneen daarvan gehou het nie en nog steeds tot alle boosheid geneig is; maar dat ons as ons hier uittree, in vergelyking met die Jehowas-getuie en die Blourok, in vergelyking met die wêreldling wat Sondags rondry, sport beoefen, dans en bioskoop besoek *ons heelwat regverdiger gevoel* omdat ons Jerusalemmers, kerkmense is nie? Is dit nie so dat ons so tussendeur al lankal 'n eie regverdigmakingsleer daarop nahou, wat ver van Gods woord af is nie, soos dié van die ballinge. Is dit nie so dat ons God intussen al gebied het om kerkmense, Calviniste en Gereformeerdes te regverdig, te heilig maar geen goddelose nie? Waar staan dit in die ganse Skrif dat God kerkmense, Calviniste, Gereformeerde mense regverdig? Nêrens! Net so min as wat daar gestaan het dat God Jerusalemmers regverdig!

Wat staan daar in die Skrif? Paulus skryf vir die Romeine (hoofstuk 4:5): Glo in Hom wat die goddelose regverdig (nie kerkmense nie). En hoofstuk 5:6: Want toe ons nog swak was, het Christus op die regte tyd vir die goddelose gesterwe — nie vir Jerusalemmers, vir kerkmense nie. Hy wil nie van ons hoor dat ons met trots Jerusalemmers, kerklike mense is nie maar dat ons in onsself goddeloos is en dat ons dit berouvol sal bely.

Ag, en dit is wat hierdie profesie by Jerusalem, by die kerkmens wil vind: die boetbelydenis dat ons in onsself goddeloos en ongeregverdig is! Die diepe sondebesef onder die bediening van die genade van die gekruisigde Christus dat ons eerder as om in eiegeregtigheid die wêreldling uit die hoogte te oordeel, sal gevoel: Wêreldling, ek en jy is maar broers! Ja, ek gevoel my selfs baie slegter as jy hoewel ek 'n Calvinis, 'n lidmaat van 'n Protestantse Kerk is. Laat ons ons tog nie soos die ballinge op Jerusalem, op die kerk beroep nie. Dis juis dan wanneer ons met Jerusalemse boosheid, wat bo dié van Sodom is, Christus op 'n vroom manier verwerp. Laat ons ons sonde-ongeregtigheid voor God ken en diep besef, en laat ons ons bekeer en tot Christus kom, wat vir goddelose, vir sondaars gesterf het en wat onregverdiges geregverdig het deur sy bloed. Dan sal ons eers ware lidmate van Christus se kerk kan wees. Dan sal ons nie eiegeregtig-roemende kerklidmate wees nie maar dankbare, verloste, geregverdigde lidmate deur Christus se bloed! Dan eers bely ons die Christus, nie net Sondags in die kerk, met kerkbelydenis nie, maar hartgrondig deur ons hele lewe heen!

O, jou suster Sodom! Ag, onse goeie God, hoe goed is dit tog dat u ons agtervolg met hierdie diep vernederende vergelyking; dat U ons trotse harte striem met hierdie haltwoord; dat U ons bespot oor ons dwaasheid wat ons aankleef. Tugtig ons tog totdat ons duidelik insien dat U geen kerklike mense regverdig nie maar dat U goddelose regverdig, gratis, verniet, en dat ons eers op grond van u regverdiging werklik kerkmense kan wees!

II.

So nie, laat ons dan weet dat die sonde van Jerusalem dubbel sal tel en dat dit vir Sodom verdraagliker sal wees in die oordeelsdag as vir haar! O, wat ʼn ernstige woord vir die kerklike mens! Dit is asof Eségiël die Jerusalemmer wat die Messias verwerp maar darem met trots Jerusalemmer wil wees, eintlik bespot in sy strafaankondiging wat nou tweedens u aandag vra. Dis asof die Skrif die kerklike mens wat hom daarop beroem dat hy ʼn kerklike mens is maar die Christus nie reg bely nie, in die strafaankondiging bespot. Luister! Spottend sê die HERE: Ek sal al jou minnaars bymekaarmaak vir wie jy aangenaam was, en Ek sal jou naaktheid vir hulle ontbloot, sodat hulle jou hele naaktheid kan sien. Israel, jy het mos om die guns van Assur, van Babel, gebedel en jy het mos die verbondsgawes van jou Here vir Assur aangebied om jou te kom help, asof jy nie ʼn HERE het wat jou kon help as jou troue Verbonds-God nie! Goed, Assur, Babel, sal nou kom — nie meer as jou beskermers nie maar as jou verwoesters. Hulle sal kom, want julle het mos daarna verlang! En, Israel, jy het jou skaamte vir Assur en Babel wou ontbloot, jy het jou as 't ware uitgetrek, jou beroof, die tempelgoud vir daardie vorste as skatting weggegee! Goed, hulle sal julle nou eers reg kom ontbloot.

En dan, Israel, sal nog meer as jou liefhebbers kom. Ook dié teen wie jy was, hulle sal ook kom! En almal sal jou skaamte sien! Want, sê die Here, Ek sal jou oordeel volgens die verordeninge van vroue wat owerspel bedrywe en bloed vergiet. Volgens die Wet in Levitikus en Deuteronomium moes ʼn vrou wat owerspel bedryf eers ontklee en nakend aan ʼn skandpaal gebind word om gesmaad te word. Dan moet die hele vergadering van Israel so ʼn owerspeelster met klippe doodgooi. En so sal die Here ʼn groot vergadering saamroep van al die volke, en dié sal Jerusalem naak en bloot stel, al sy vestings en mure wegbreek en al wat kosbaar is, al sy goud en silwer en kosbaarhede buit, en dan sal hulle die stad stenig met hulle steenwerpers en die huise met vuur verbrand, presies soos met ʼn owerspeelster.

Wat ons hier aangryp, geliefdes, is dat Gods oordele nie willekeurig is nie maar streng wetmatig en dat dit ten nouste verband hou met die gepleegde sondes. Sonde en straf sal verband hou met mekaar.

As die Christendom by die ongelowige wêreld hulp soek en so Christus ons Verlosser verbygaan, dan sal die Christendom die ongelowige wêreld kry — maar tot sy skande en straf!

As ons soos Jerusalem by die wêreldryke en by Rusland hulp soek, wyl ons nie vertrou dat die Here God ons alleen sal beskut deur sy wonderlike albestier as ons maar na Gods Woord ons roeping en plig getrou en gelowig doen nie, dan sal ons nog die Sowjet hier in Suid-Afrika kry maar tot ons skandelike ondergang. As die kerk van Christus ʼn valse belydenis van die Christus met ʼn Here-Here-geroep daarop nahou, terwyl ons nie waarlik glo nie, dan sal ons met die valse belydenis daarvoor by die eindoordeel ontmoet word en skandelik, met vals belydenis en al, in die verderf ewig ondergaan!

As die kerk van Christus hom as kerk van Christus nie self in ag neem en bewaar nie, al is dit ook in ʼn stryd ten bloede toe, dan sal dit in die dag van die oordeel vir die wêreld verdraagliker wees as vir die kerk. Wee jou, Kapérnaum, want as in Sodom die kragtige dade plaasgevind het wat in jou plaasgevind het, sou hy bly staan het tot vandag toe. Maar ek sê vir julle dat dit vir die land van Sodom verdraagliker sal wees in die oordeelsdag as vir julle.

Gemeente, dis asof Eségiël en asof onse Here Jesus Christus met Sodom na ons toe kruip en ons vermanend toeroep: As in Sodom hierdie profetiese woord geval het wat aan julle voorgehou word, sou hy bly staan het tot vandag toe, sou die stad nie omgekom het nie. As julle die Woord net bewaar, dan sal julle bestaan, want selfs Sodom sou bestaan het as hy hierdie woord ontvang het. En so nie: weet dan dat in die oordeelsdag dit vir die land van Sodom verdraagliker sal wees as vir dié wat nou die profesie verwerp.

III.

En tog, gemeente, oordeelsbedreiginge, strafgerigte sal geen stad of land of volk of sondaar red nie. Van wanneer af is dit nou dat Eségiël tot die ballinge kom met oordeelsbedreiginge, met strafgerigte — en tog daar is ten spyte van dit alles geen keer aan Jerusalem se ondergang en verwoesting nie. Jerusalem gaan. Die oordele wat hom aangesê word, het hom ook verteer en het selfs nog erger geword.

Wat die sondaar red en behou, is enkel Gods ewige verbondsliefde en verbondstrou. Ja, dit is so, die verbondsbreker se pad kom op sy kop terug maar: *Ewenwel!* Ewenwel sal Ek, sê die Here, dink aan my verbond met jou in die dae van jou jeug; en Ek sal ’n ewige verbond met jou oprig!

Die verbond wat Israel breek, is mos nie Israel se verbond nie. Die Here sê: Dis my verbond! En as God sy verbond en sy ewige liefde en trou gedenk, dan, ten spyte van die oortredinge, handhaaf Hy ewenwel die verbond. In sy liefde en trou dink Hy daaraan. Ewenwel sal Ek *dink!* Het die moordenaar aan ons Here Jesus se regterhand nie uitgeroep nie: *Dink* aan my, Here, wanneer U in u koninkryk kom! Sing die digter nie:

*Dink aan my in mededoë,*
*as ek biddend voor u pleit.*

En jubel hy dit nie weer uit nie in Psalm 98:2:

*Hy het gedink aan sy genade,*
*Sy trou aan Israel nooit gekrenk;*

en in Psalm 105:

*God het gedink, uit welbehae*
*aan sy verbond uit vroeër dae!*

Ewenwel sal Ek dink aan my verbond — dis die eerste roering van die paradyswindjie wat ons teenwaai uit die profesieë van Eségiël, te midde van die woestyn van oordele. Ag, dit is tog nie Gods oordeel, Gods toorn wat sondaars red nie, maar sy goedheid, sy genade. As God se liefdedenke tot sy verbond uitgaan, dan, ja, dan eers sal Israel aan sy weë dink en skaam wees! Dan neem Israel sy susters aan! Dan glo Jerusalem dat Samaritane en heidene ook gered kan word. Dan eers is Jerusalem klein, ootmoedig; dan sal Jerusalem sy mond nie meer oopmaak om homself teen die Here te verdedig nie; want dan sal Hy net God se liefde en goedheid sien in die versoening wat vir hom bewerk word; versoening deur Jesus Christus, die Seun van God se ewige welbehae: Hy verbrysel harde harte; Hy verteder groot sondaars.

Ag, Here, *dink,* dink tog aan my uit genade! Dink aan U verbond uit vroeër dae!

**AMEN.**

DIE SONDE VAN TROUBREUK

**LEES**: *Esëgiél 17, 2 Kron. 36:11-21.*

**TEKS**: *Eségiël 17:2.*

Die profeet Eségiël het in hoofstuk 16 in sterk bewoordinge gewys op die sonde van die volk, op Juda se ontrou en ondankbaarheid teenoor die weldadige Verbonds-God. In hoofstuk 17 gaan die profeet nou wys op die sonde van Juda se koning, Sedekia. Die sonde van die volk is aan u voorgehou. Nou moet die sonde van die koning blootgelê word. Die ontrou van Israel is oorsaak van Jerusalem se gewisse straf na die wyse waarop ŉ oorspelige vrou gestraf is. Maar die sonde van die koning — so teken die profeet dit — wek God se toorn ook só op dat die onheil oor Jerusalem, oor die koning en die volk vas besluit is. Die sonde van die koning word hier nie voorgehou as ŉ aanvulling van die volk se sonde, sodat dit tesame met die volksonde die toorn van God opwek nie! Nee, die sonde van Sedekia *op sigself geneem* was so swaar dat dit die oordeel Gods oor die koningshuis en volk wakker geroep het.

En verder, as Eségiël Sedekia se sonde hier voorhou, dan doen hy dit sonder om met ŉ enkele woord te gewaag van die oortredinge van die konings vóór hom. Sedekia se oortreding word hier alléén genoem. Want Eségiël se tydgenote het gewaan dat die ondergang van stad en tempel te wyte sal wees aan sondes van die verlede, van die vroeëre konings, en dat Sedekia allermins iets gedoen het wat so swaar strafwaardig is. Sedekia het die volk agter hom gehad. En selfs die ballinge het alle verwagtinge gekoester van sy reorganisasiepolitiek. Op hierdie politiek, wat baie kortsigtig was en waarin hy gesteun het op die hulp van Egipte, moes Eségiël liefs nie iets aangemerk het nie. Die volksgevoel het dit nie verdra nie. Dit was vir hulle die enigste ligpunt in hulle ballingskap.

Om dié rede moes Eségiël aan Israel Sedekia se oortreding alleen voorhou as genoegsaam om Gods vlammende wraak oor Dawid se koningshuis en oor Dawid se stad te laat kom.

Hierdie sonde moes Eségiël op uitdruklike bevel van die Here in ŉ *raaisel* aan die huis van Israel opgee. Want ŉ Oosterling se oor word deur ŉ raaiselspreuk besonderlik geboei. Hierdie keer moet Eségiël egter ŉ raaisel opgee omdat Israel ŉ wederstrewige huis is en nie wil luister nie. Deur die raaiselspreuk wil die Here hulle aandag trek en boei en hulle in hulle wederstrewigheid pakkend teenkom. Aandag! Luister nou, dis ŉ raaisel! En ŉ raaisel kom nie met geheime of totaal onbekende dinge nie. Nee, ŉ raaisel kom juis na jou toe met bekende, alledaagse dinge wat hy net in sy beeldspraak verberg met die doel om aandag te trek. Hierdie sonde van Sedekia *is ŉ* bekende iets vir die volk! Maar die raaiselvorm waarin dit verkondig word, vra net spesiale aandag. Gemeente, dit is soos die Hebreër-brief dit stel: God het vantevore baiekeer en op baie maniere tot die vaders deur die profete gespreek. Eségiël het deur simboliese handelinge, deur regstreekse toesprake gespreek en hier weer deur ŉ raaiselspreuk — as ons maar net wil *luister!*

Ons wil met u stilstaan:

I. By die sondige troubreuk van die koning as hoof van sy ryk en

II. by die oorwinning van die sonde alleen deur die Messias-Koning en die koms van sy koninkryk.

I.

In ŉ raaiselspreuk van twee arende en van ŉ wingerdstok word die sonde van Sedekia voorgehou in verse 1 tot 10.

Die groot arend met groot vleuels, lang vlerke en veelkleurige vere vlug na die Libanon, storm los op sy buit en pluk van die magtige sederboom die top af. Maar hy gooi dit nie

vernielsugtig weg nie. Hy voer dit weg na die koopmansland, na die besigheidsland, na Babel. Daarna kom hy weer terug en neem van die saad van die land ('n steggie) en plant dit in Kanaän, die vrugbare saailand, as ŉ wingerdstok, met die doel dat dit moet groei en vrugte dra. En dit het hom geluk, want dit het wortel geskiet en uitgespruit.

Onverwags daag ŉ tweede arend op, ŉ arend, nie so skitterend as die eerste nie. Hy het groot vleuels maar nie lang vlerke nie en digte vere maar nie veelkleurig nie.

Tog skyn die wynstok meer vertroue in hierdie arend te hê en het sy wortels en ranke na hom gebuig om deur hom bevogtig te word.

En dan trek die profeet onverwags die aandag van die arend af met die vraag: Sal dit geluk? Sal die dwase handelwyse van die wingerdstok geluk? So vra die Here HERE.

Verse 11 tot 15 verklaar dan die raaisel. Die raaisel laat hy nie aan die volk oor om te verklaar nie. Nee, alle misverstand oor die saak van die raaisel moet uitgesluit word. Eségiël het nie die toepassing van die preek aan die gemeente oorgelaat, soos sommige predikers die gewoonte het nie.

Die eerste arend is die koning van Babel, Nebukadnesar, heerser oor ŉ magtige ryk (groot vleuels en lang vlerke), en sy heerskappy strek oor verskillende volke uit (veelkleurige vere). Hy het as veroweraar op Palestina afgekom en koning Jojagin met die adel van die volk (top van die groot seder) na Babel weggevoer. Dit was in 597 vóór Christus. Niemand weet beter van die wegvoering as die ballinge nie. Dit was hulleself: Jojagin, die moeder van die koning, die vroue van die koning, sy hofdienaars en al die magtiges van die land. Die kruin van die sederboom.

Tweede fase van die raaisel is dat Nebukadnesar Mattanja, die oom van Jojagin, uit die koninklike geslag neem en hom as vasalkoning oor Jerusalem aanstel (die saad van die land) en hom Sedekia — geregtigheid — noem. Hy sal hom versorg, maar dit moet nie weer ŉ groot seder word nie, nie weer ŉ magtige ryk nie! Dit moet slegs ŉ laag op die grond groeiende wingerdstok wees om vir Nebukadnesar vrug te dra. Juda moet nou dien as ŉ bufferstaat tussen Babel en Egipte, sy konkurrent, en so diensbaar wees aan Nebukadnesar se planne. Dit het met Sedekia se volle instemming gebeur, en onder plegtige aanroeping van Gods Naam het hy Nebukadnesar as soewerein erken en hom so verplig tot gehoorsaamheid en trou aan Nebukadnesar onder die regverdige straf Gods as hy die voorwaardes nie nakom nie (verse 13 en 14). Dit weet die ballinge.

Die derde fase van die raaisel is dat die koning van Egipte (tweede arend) wat minder majestueus is, wat ŉ moondheid van die tweede rang is, voor die dag kom. En Sedekia neig somaar dadelik oor na Farao Hofra, buig sy wortels en takke om na Egipte, *reorganiseer sy hele politieke beleid om aansluiting te soek* by Egipte teen Babel. Hy word afvallig van Nebukadnesar, wat hom by God trou laat sweer het, en nou gaan hy deur sy gesante (vers *15a) ŉ* verbond met Egipte aan.

Dis die groot sonde van Sedekia: hy hou sy eed nie — al was dit ook teenoor Nebukadnesar. Hy pleeg troubreuk, al was dit ook teenoor Nebukadnesar. *Troubreuk* teenoor Nebukadnesar! Dit is Sedekia se groot sonde wat God se toorn teen hom laat ontvlam. Dit lyk enigsins vreemd, nie waar nie, gemeente? Was *dit* nou *so ŉ* groot sonde om te probeer loskom van die indringer Nebukadnesar, wat wederregtelik oor Gods land en volk geheers het? Is dit so ŉ groot gruwel?

Was die sonde van die volk wat die verbond van God met hulle afgodery en hoerery gebreek het, nie baie gruweliker nie: Sedekia het maar net ŉ verdrag met die aartsverdrukker, Nebukadnesar, gebreek? O, vra maar vandag vir elke oorwonne volk wat hulle daarvan dink.

En net soos die ballinge aan die Kebarkanaal sal hulle solied agter so ŉ koning staan en sy politieke beleid steun, want dis hulle reg, hulle volksbestaan!

En tog, hier kom die profeet en hy teken hierdie daad van Sedekia as die gruwel van die koning! ŉ Koninklike gruwel, ŉ Regeringsgruwel wat God skriklik vertoorn.

Waarom? Nie dat Eségiël vir Nebukadnesar die pleit voer nie! Nie dat hy vir die goeie reg van ŉ Babiloniese imperium intree nie! Nie om hier vir empire-liefhebbers ŉ pleitgrond te bied nie! Laat ons dit maar as ŉ uitgemaakte saak beskou dat die Heilige Skrif vir geen empire-aanbidder enige regsgrond bied nie. Dit gaan hier glad nie om blote onderworpenheid aan Nebukadnesar as koning van Babel nie!

Maar u moet daaraan dink dat Sedekia aan Nebukadnesar trou gesweer het onder aanroeping van die Naam van Israel se God. Sedekia het beloof om die bepalinge van die verdrag te hou onder inroeping van al God se vloeke as hy dit verbreek! Daarom het die verbond heilig en onbreekbaar geword. Israel se God is as Beskermheer van die verdrag uitgeroep. Nebukadnesar het Sedekia nie laat sweer by homself of by Babel se gode, Bel of Mardoek, nie maar by Israel se God! En daarom, nie om Nebukadnesar of die Babiloniese imperium se ontwil is die troubreuk van Sedekia so ŉ groot gruwel nie maar terwille van die driemaal heilige Naam van Israel se God.

Met sy troubreuk teenoor Nebukadnesar het Sedekia die Naam van Israel se God ontheilig! En as Israel se God by so ŉ vergryp teen sy heilige Naam soos ŉ ledige toeskouer stilsit, wat moet ŉ heiden soos Nebukadnesar dan van Israel se God dink? En daarom, Sedekia het Israel se God by ŉ heiden soos Nebukadnesar onteer, Gods heilige Naam geskend! Met ŉ verdrag wat in Gods Naam aangegaan is, mag nie willekeurig gehandel word nie, selfs al is dit ook met ŉ blinde heiden. En soos Psalm 15 sê: al het ons gesweer tot ons skade, dan mag ons nie verander nie. En dit het Sedekia gedoen! Waarom? Omdat by hom as koning Gods Naam maar droef min of niks getel het nie. En in die ryk van Juda was Gods Naam nie van veel gewig nie. Dis die ernstige vraag vir owerheid en volke: hoe waardeer hulle Gods Naam? Sedekia het sy koninklike hoogheid en sy volksvryheid hoër geag as Gods Naam. Gods Naam was vir hom baie minder werd as sy koninklike vorstelikheid en as die grootsheid van sy ryk! En hy het vir sy koningskap en vir sy ryk se goeie voortbestaan eerder in Farao Hofra geglo as in die alvermoënde Naam van Israels God. Farao Hofra, dié sal weer Sedekia se vorstelikheid laat skitter en Juda se koninkryk verheerlik maar nie die HERE God nie! Dit was wel ŉ reorganisasie-politiek wat die heil en welvaart van Jerusalem beoog het — *maar dit was ŉ* volslae *goddelose politiek, ŉ* Koning wat trippel rondom die tempel van ywer maar, helaas, sonder die belydenis, sonder eerbied vir Gods Naam! En dit was ook die politiek van die volk. En o, wee ŉ owerheid, wee ŉ volk wat ŉ politieke beleid volg wat Gods Naam verag. Die heilige God sweer by Homself: Sowaar as Ek leef! Ek sal gewis my eed wat hy geminag het, en my verbond wat hy gebreek het, op sy hoof laat neerkom!

En hoe is dit met ons gesteld? Is ons Afrikanervolk nie ŉ volk wat met die aanroeping van Gods Naam gebore is nie? Aan Wie ons, ons trou toegesê het nie? En ons hoë owerheid — roep hy nie Gods Naam aan in sy raadsaal nie? En wat dink ons van Gods Naam vir ons volksbestaan, vir dié van ons hoë owerheidserf! Gods Naam is vandag vir ons minder as die empires! Ons verwag meer heil van hulle as wat ons op onse God vertrou! Ons goeie beskerming is nie vir ons by God gewaarborg nie maar elders. Die sonde van Sedekia was nie dat hy heil gesoek het by Egipte in plaas van by Babel nie! Nee, ook as hy van Babel meer verwag het as van die Here God, dan het hy Gods Naam onteer! Dit geld altyd: Moet op prinse nie vertrou nie, by wie niemand heil kan vind!

O die sonde van troubreuk! Groot politieke sonde van ons eeu. As Christenvolke en -

owerhede spreek ons alles voor Gods alsiende oog. Ons staan steeds voor Gods aangesig. Sy Naam is altyd by ons. En die raaisel van die arende vra vir u of u in u woord betroubaar is! Ons samelewing as volke, as nasies, as lede van ŉ maatskappy rus op die betroubaarheid van ons woord. En as die Christen onbetroubaar is in sy woord, dan is dit altyd ŉ sonde wat God vertoorn! Omdat ons belyers van Gods Naam is, is die ere van Gods Naam gemoeid met ons woord! Troubreuk van ons woord, al is dit teenoor ŉ heiden, *is ŉ* skending van Gods Naam. Betroubaarheid moet daar wees in ons sakewêreld, in ons handel, in ons politieke lewe! Is die onbetroubaarheid in die wêreld se politieke lewe nie die groot gruwel van die twintigste eeu nie? Die diplomate vleg oormekaar heen, en dit gaan alles om die betroubaarheid of onbetroubaarheid van ooreenkomste en verdrae. En daarom is die twintigste eeu se owerhede, konings en regerings se sonde so Godtergend dat ons beskawing wil instort omdat God ons nie ongestraf wil laat nie. Ons sê die lewe is vol raaisels! As ons egter maar die raaisel van die twee arende in ag wil neem en nie so troubreukig in ons gegewe woord is nie, dan sal daar rus wees in die politieke lewe van die ou wêreld. En wil ons ons nie bekeer nie — God het gesweer by Homself! En Hy sal nie troubreuk pleeg nie. Sy Woord is sy Woord.

II.

Laat ons u tweedens aantoon hoe hierdie sonde alleen oorwin kan word deur die geloof in die Messias Koning en in die koms van sy heerlike koninkryk. Vir ons tyd wat Koning Jesus en sy koninkryk wil uitsluit uit ons politieke lewe, is dit vreemd dat die profeet by hierdie hoofstuk met die Messiaanse belofte kom. Want teenoor die twee arende kom die HERE God Self ook en Hy neem ook ŉ top van die seder, ŉ baie swak en teer steggie, en Hy plant dié op die verhewe Berg van Israel, op Sion. En dit sal groei, nie plat soos Nebukadnesar se druiwestokkie nie maar tot ŉ hoë, heerlike seder met wyduitgestrekte takke, en dit sal vrugte dra en voëls van allerhande vere sal daaronder woon. En al die bome van die veld sal weet dat dit die Here HERE is.

Die Here het Serubbabel gevat, veragtelik en swak teenoor Babel en Egipte, hom uit die ballingskap gevoer en Jerusalem laat herbou. Later Esra en Nehemia. En die Christus is uiteindelik gebore uit die veragtelike Nasaret, uit die huis van ŉ armoedige timmerman — ŉ teer en baie swak ou toppie in vergelyking met ander vorste. En Hy het sy koninkryk in hierdie wêreld gestig, baie swak en veragtelik teenoor die groot empires. En tog, die veragtelike Christus het die graf en die dood oorwin, wat geen ander vors ter wêreld ooit kan doen nie. En sy koninkryk het opgeskiet en groot geword, soos geen empire nog geword het nie. Verskillende tale en volke koester hulle in die skaduwee van die koninkryk. En al die bome van die veld, al die wêreldryke besef dit dat die HERE groot konings en groot wêreldryke verneder en vernietig en klein en swak rykies verhoog. Dat Hy ŉ bloeiende wêreldryk laat verwoes en ŉ agterlike ryk laat opskiet asof Hy ŉ droë boom laat bloei.

Op wie moet ŉ koning, op wie moet ŉ owerheid, ŉ volk dan vertrou? Op groot empires? Nee, op die Naam van die Here HERE en Jesus Christus, die Koning van die koninkryk van die hemele, Wat met alle mag beklee is en in die hemel en op die aarde en wat aan die regterhand van God sit. Op sy Naam moet ons vertrou! En ons politieke verdrag, ons politieke ooreenkoms, ons politieke woord in die politieke wêreld moet vas en betroubaar wees, want ons spreek voor die Here HERE van die ganse aarde. In die geloof in sy Naam en in die koms van sy koninkryk in ons hart sal die sonde van konings en owerhede alleen oorwin kan word.

U moet verstaan, geliefdes, waar die sonde vandaan kom. Daar is twee lyne. Eerstens die afgodery en ontrou van die volk in Gods verbond (hoofst. 16). Dis die godsdienstige lyn. Tweedens is daar die wêreldryke wat God as instrumente in sy Hand gebruik om so ŉ verbondsvolk te tugtig. Maar die wêreldryk tree in eie mag op en nie as diensknegte van die Here nie, en hulle oorweldig daardie nasie omdat dit nie kan regeer nie of sogenaamd ŉ

gevaar word vir die vrede of opstandig is. Dis die menslike lyn!

En wat gebeur nou? Daardie owerheid van die afvallige volk kan op God nie langer steun nie, want daar is afgodery wat hy in sy volkslewe gedoog en selfs propageer.

Dit het Sedekia gedoen. Nou is daar net een weg as hy hom met sy volk nie wil reformeer en tot God bekeer nie. En dit is om die weg van politieke berekeninge in te slaan. Gods Naam word geminag, en die empire word as so en so sterk beskou. Soveel manskappe, soveel slagskepe, soveel vliegtuie, soveel duikbote ens. Dan begin die diplomasie en hoër politiek. Dan kom die gevlei. Dan word onbetroubare woorde oor en weer gespreek, en dit hoor ŉ almagtige en alwetende God. Dan kom die troubreuk! Die sonde van troubreuk wat God so vreeslik vertoorn, groei uit die godsdienstige hoerery aan die een kant en uit die imperiale politieke drywery aan die ander kant. O, die troubreuk, die onbetroubare woord, dit is die voldrae vrug van die godsdienstige verbondsbreuk en imperiale wêreldpolitiek in die persoon van die koning, van die owerheid. God toorn skriklik daaroor! En dit kan alleen oorwin word deur algehele terugkeer tot God in Jesus Christus en deur in ons politieke lewe betroubaar te spreek met die geloof in sy alvermoënde Naam! Dit is Christelike politiek: die geloof dat Jesus Christus — en nie ŉ empire nie — uit ŉ droë boom groen uitspruitsels kan laat bloei. Hy kan, as ons glo in sy Naam en as sy Koninkryk in ons harte kom, ons vrymaak en ons laat bloei. Dis tog so heerlik om te sien dat één vorstin, die koningin van Nederland, haar volk opgeroep het tot ŉ geestelike herbewapening, tot geloof en vertroue op God. En omdat sy ŉ betroubare woord spreek teenoor al die vorste en owerhede en empires, staan haar koninkryk selfstandig, sonder om met die groot empires gekompromitteer te wees. En ons, waar staan ons? Ingevleg in die politieke netwerk van die empire-belange met sulke onbetroubare woorde dat dit die daglig nie kan verdra nie.

Ag, mag ons dit tog verstaan — die geestelike mag van ŉ betroubare woord gespreek in Gods Naam en voor sy aangesig! Die magtige Naam van Jesus vernietig groot empires, en swak ou volkies laat Hy weelderig opbloei.

Glo dan tog, o konings en owerhede, in die Naam van Jesus Christus en nie in kanonne en vliegtuie en slagskepe van empires nie.

**AMEN.**

## GEMEENSKAPLIKE AANSPREEKLIKHEID
## EN
## PERSOONLIKE VERANTWOORDELIKHEID

(NABETRAGTING )

**LEES**: Eségiël 18.

**TEKS**: *Eségiël 18:25.*

Die profeet Eségiël het nou in die voorafgaande hoof stukke die sonde van Juda en Jerusalem onder leiding van Dawid se troonopvolgers in ŉ helder lig gestel en daarmee die onafwendbaarheid van die komende oordeel van die Here oor land en volk duidelik aangekondig. Dit is nou duidelik aan hulle verkondig dat die stad en tempel met die inwoners deur die straf

van God besoek sal word.

Onder dié omstandighede het die vraag van die skuld na vore gekom. Watter skuld het die huidige geslag daaraan dat die toorn van die Here so ontbrand? Is dit dan nou so — aldus het hulle geredeneer — dat die kinders moet boet vir die sonde van die voorgeslag, waaraan hulle geen deel het nie? Hulle het gesien dat die goddelose Manasse 40 jaar lank geregeer en rustig op sy bed in sy huis gesterf het. Maar die vrome Josia, wat die hele tempeldiens gereformeer het, sterf somaar na ŉ kort regering op die slagveld voor Farao se strydmagte. En daar staan dit in die Wet — so verkeerd het hulle die Wet gelees en ook willekeurig toegepas: "Want Ek die HERE jou God is ŉ jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en die vierde geslag van die wat My haat!" En het Eségiël dan nie in hoofst. 14 verklaar nie: "A1 was die drie manne Noag, Daniël en Job daarin, dan sou hulle geregtigheid net hulle eie siel red en geen seun of dogter red nie."? So moet God dan die onskuldiges straf terwille van die *skuldiges*. En met bitterheid het hulle hul magteloosheid gevoel onder die straf-bedreiginge van Eségiël. Want hulle is nou die onskuldige kinders wat gestraf moet word terwille van die skuld van hulle voorgeslag! En hulle het die bitterheid uitgedruk in ŉ sarkastiese spotdig of spreuk: "Die vaders het groen druiwe geëet, en die tande van die kinders het stomp geword!" Met hierdie sarkastiese spotdig wou hulle ŉ ongerymdheid in Gods bestuur uitdruk.

Want wat was die posisie? In Sirië gebeur dit vandag nog dikwels dat groen druiwe geëet word, waarvan die gevolge is dat die tande stomp en stroef word. Maar, sê die ballinge, ons moet dan nou ondervind dat God se wet, dat God se bestuur bitter in stryd is met ons ervaring. Nie die tande van die man wat groen druiwe eet word stomp nie, maar dié van sy kinders. So is God se wet, so is God se geregtigheid. Net so ongerymd as wat dit is dat kinders se tande stomp word omdat hulle ouers groen druiwe geëet het, net so ongerymd, net so onregverdig is dit van God dat Hy kinders besoek met strafbedreiginge vir die sondes van die voorgeslag.

En hiermee was die ballinge hulleself skoon. Hiermee betuig hulle hul onskuld teenoor die prediking van Eségiël. Hiermee matig hulle hul die reg aan om die Here alle geregtigheid te ontsê as Hy sy oordele oor stad en tempel laat kom. Hiermee verseg hulle ten enemale om te kom tot skulderkentenis en tot bekering, tot nuwe gehoorsaamheid!

En dis nou teen hierdie godslasterlike bitterheid wat Eségiël sy profetiese woord hier rig.

Dis ŉ ontsaglike probleem waaroor die profeet die lig hier laat val. Daarom gaan hy so diep in besonderhede in en skroom hy nie om in hierdie hoofstuk oor en oor in herhalinge te verval nie. Want aan die een kant is daar die solidariteit (verbondenheid) van die geslagte. Die hele menslike geslag is aanspreeklik voor God vir die sondeskuld in die wêreld! Aan die ander kant is daar die persoonlike verantwoordelikheid van elke mens vir sy eie dade. Die Judeërs en die ballinge lê in hulle bitterheid net nadruk op die gemeenskaplike aanspreeklikheid van die menslike geslag voor God vir die sonde en ontken die persoonlike verantwoordelikheid vir hulle eie dade. En daarmee ban hulle alle sondebewussyn, berou en bekering uit. En as die profeet Eségiël die persoonlike verantwoordelikheid hier so sterk preek, ontken hy nie die verbondenheid van die geslagte in die sondeskuld nie, maar hy preek die persoonlike verantwoordelikheid so skerp omdat hulle dit ten enemale ontken. En solank as hulle dit doen, kan berou en bekering nooit intree nie.

Ons wens dan kortliks met u stil te staan:

I. By die verbondenheid van die geslagte en

II. by die persoonlike verantwoordelikheid.

I.

Persoonlike verantwoordelikheid en gemeenskaplike aanspreeklikheid is twee sake wat die Heilige Skrif met eweveel klem leer. Tussen die twee bestaan geen teenstrydigheid nie. Die Wet van God bedreig die sondaar en sê: "Ek, die HERE jou God, is ŉ jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou." Hier word dus duidelik deur God self uitgespreek die verbondenheid van die geslagte en die bedreiging met besoeking oor die geslagte sowel as die belofte van seën. Daar is dus erfskuld en erfsmet!

By die toepassing van Gods wet het die profete Jeremia en Eségiël veral die *persoonlike verantwoordelikheid voor God benadruk:* Die siel wat sondig, dié moet sterwe; die seun sal nie die ongeregtigheid van die vader help dra nie.

Hierdie twee lyne, geliefdes, sny mekaar nie, kruis mekaar nie; stry nie met mekaar nie! Hulle loop ewewydig langs mekaar deur die hele Skrif, en ons kan nie een van die twee mis nie. Hulle is soos die twee lyne van die spoorweg of soos die tou wat agter ŉ solderwerk oor ŉ katrol loop. Breek jy een kant van die spoorweg af, dan ontspoor die trein en is daar ŉ dodelike ongeluk. Gryp jy net een end van die tou oor die katrol, dan stort alles in die diepte. Maar hou jy albei uiteindes, dan bly jy in ewewig. So is dit met die verbondenheid van die geslagte en die persoonlike verantwoordelikheid. Altwee moet vasgehou en bewaar word, anders verongeluk die hele sedelik-godsdienstige lewe. Dit was die gruwelike sonde van die ballinge dat hulle net één van die twee vasgehou het, net die verbondenheid van die geslagte. En deur hulle verwerping van hulle persoonlike verantwoordelikheid voor God het hulle God nie net gelaster, van ongeregtigheid beskuldig nie, maar hulle self het bly sit sonder berou en sonder bekering.

Eségiël se prediking wil hierdie sonde by hulle bestraf. Maar hy verwerp met geen enkele woord die verbondenheid van die geslagte, die erfskuld en die erfsmet, die erfstraf en die erfvloek nie. Dit is dan ook so dat daardie spreuk in die mond van die goddelose ŉ ander betekenis het as in die mond van die regverdige. Die Heilige Skrif leer dat as die ouers suur druiwe eet, die tande van die kinders stomp word. Die Here besoek tot in die derde en vierde geslag die sondes van ŉ vorige geslag waar daar geen bekering intree nie! Want die sonde is juis, omdat ons uit een stamhoof Adam gebore is en onder een verbondshoof Adam gestaan het, sodanig dat dit homself uitbrei oor die hele menslike geslag. Niemand sondig net vir homself alleen nie. Daarvoor is die bande van bloed te nou. God besoek die sondes van die vaders aan die kinders tot in drie en vier geslagte.

Vandag nog kan ons dit sien, ook in ons naaste omgewing. Ons sien ons eie sondes en karaktergebreke in ons eie kinders. Die nageslag van ŉ dronkaard is nie selde nie liggaamlik en geestelik ontaard. Wat in baie gestigte deur kranksinniges en idiote gely word, is ŉ stil verwysing na die sonde en ongehoorsaamheid van die ouers. Die dwaling van die Fariseërs toe hulle vir die Here Jesus gevra het of die kind gesondig het of sy ouers, was fout insoverre hulle van die onderstelling uitgegaan het dat elke siekte juis ŉ bepaalde sonde tot oorsaak het, maar anders is dit so dat in die groot verband die sonde van die ouers in die kinders aanwysbaar is. Is die vader en moeder traag in die kerkbesoek en Skrifondersoek, dan werk dit na in die kinders, en die kindskinders is al heeltemal kerkloos. Één uur van onbedagsaamheid maak nie net dat die sondaar jarelank spyt kry nie, maar ook die kinders tot in die derde en vierde geslag snik hulle verdriet uit oor die sonde!

As Dawid roerend klaag: "Absolom, my seun, my seun", dan is dit nie net verdriet oor sy gestorwe seun nie, maar dan is dit ook ŉ groot stuk selfverwyt dat hy deur sy swak opvoeding

sy kind in die dood gejaag het. Baie klagte van ouers is selfaanklagte!

O, die sonde is so ontsettend besmetlik. Dit kruip deur die bloed tot in verre nageslagte. Baie vaders en moeders is op dié wyse moordenaars van hulle eie kinders. En ons jonger broeders en susters kan tog nie nougeset genoeg leef om hulle liggame as tempels van die Heilige Gees te bewaar en die erflikheidswet na Gods ordinansies in ag te neem, ook teen huwelike waar die familieverwantskap ons verbied nie. O, in die mond van die gelowige is die woorde waar dat daar talle kinders rondloop met stroewe tande, omdat die ouers onryp druiwe geëet het!

Daarom, gemeente, laat ons gewaarsku wees! God het dit self gesê. Die mensdom is ŉ geslag en die sondeskuld en -smet kruip deur die bloed van geslag tot geslag, so ontsettend dat die straf en vloek van God op die menslike geslag lê, tensy daar vernuwing is in Jesus Christus, wat wel uit ons geslag gebore is maar deur die oorskaduwende werk van die Heilige Gees geen sondeskuld en -smet het nie, sodat Hy en Hy alleen as ŉ heilige en regverdige gebore is" sodat Hy ons Middelaar kan wees en met sy onskuld en volkome heiligheid ons sonde waarin ons ontvang en gebore is, voor die aangesig van God kan bedek. Ook daar diep in die wortels van ons ontvangenis en geboorte moet Christus ons sondes bedek. Want anders was dit nie nodig dat Christus gebore is nie en kon Hy somaar as ŉ volwassene verskyn het. Maar juis vanweë die verbondenheid van ons geslag en die sonde wat daardeur kruip, moes die Christus gebore word. Daarom kan Hy ook ons nuwe Hoof wees, waarin die mensheid as ŉ geslag gered en behou is. Daarom is ook hier Christus Jesus ons Verlosser sodat die mensdom as ŉ geslag voor God in die heerlikheid sal verkeer. Daarom is die Nagmaal en die Doop ook aan ons bedien in die verbond, wat juis rekening hou met ons geslag as gelowiges.

II.

Maar, geliefdes, laat ons nie soos die ballinge doen om met die belydenis van die verbondenheid van die geslagte die persoonlike verantwoordelikheid te verwerp nie. Die ballinge het slegs ŉ halwe waarheid bely, en daarom het hulle in ŉ groot leuen verval. Hulle het een spoor opgebreek — die persoonlike verantwoordelikheid — en daarom het hulle sedelik-godsdienstig ontspoor geraak. Hulle het een punt van die tou oor die katrol gelos, en daarom het hulle jammerlik neergestort. Hulle het ontken dat hulle ook persoonlik verantwoordelik was vir die rampe oor Jerusalem. Die rampe was nie die vrugte van hulle sondes nie, sê hulle, maar dis die verantwoordelikheid van die vorige geslag. Húlle is feitlik die onskuldige slagoffers, die vermoorde onskuldigheid deur ŉ onregverdige bestuur van God. Dit was ten enemale onbillik dat hulle moes boet vir die sondes van die voorouers! Só het hulle nie net gedink nie. Hulle het dit prontuit gesê: Die weg van die Here is nie reg nie (vers 25). En teenoor die uitskakeling van hulle eie skuld en die wegskuil agter die vaders lê die Here die volle verantwoordelikheid op die tans lewende geslag: Hoor tog o huis van Israel. Is my weg nie reg nie? Is julle weë nie onreg nie? Die siel wat sondig, die moet sterwe; die seun sal nie help dra die ongeregtigheid van die vader nie. En dit beklemtoon die profeet op ŉ heel duidelike wyse as hy vir hulle drie voorbeelde stel (verse 5-17).

Dis dan ŉ grondwet in Gods koninkryk dat elke mens deur God behandel word na sy persoonlike verhouding teenoor Hom. En nergens is dit duideliker gepreek as deur Eségiël nie. Die erfsonde wis die persoonlike verantwoordelikheid nie uit nie — nooit en nêrens nie. Hoe nou ons ook aanmekaar verbonde is, elkeen staan vir homself voor God. Elkeen moet op eie geleentheid deur die doodsjordaan gaan en elkeen moet met ŉ persoonlike geloof die ewige heerlikheid ingaan.

Om die erflike belasting ontwil hou die Heilige Skrif niemand onverantwoordelik nie. Voor Gods gerig is niemand ontoerekenbaar nie. Die siel wat sondig, hy sal sterwe.

In ons tyd moet hierdie Skrifwaarheid weer beklemtoon word. Want deur die onberekenbare invloed van die oorerflikheids-wetenskap is dit al vandag sover dat in die gerig skuldige persone ontoerekenbaar gehou word uit oorweging van erflikheidsfaktore en sosiale beïnvloeding.

Seker, die allerhoogste regbank het ŉ strafmaat wat nie vir almal ewe swaar sal wees nie. Dit sal vir Tirus en Sidon verdraagliker wees in die dag van die oordeel as vir Górasin en Betsaida. Die ontaarde dogter sal nie so swaar gestraf word as haar ligsinnige moeder nie. En ook die feit dat die Menseseun as Regter kom, verseker ons dat al die faktore suiwer gewik en geweeg sal word. Daar sal rekening gehou word daarmee of iemand in ŉ vergiftigde dampkring opgegroei het dan wel in ŉ godvrugtige gesin. Daar sal rekening gehou word by die oordeel oor die kind of die moeder met haar dogter gebid dan wel of sy voor haar dogter gevloek het.

Maar dit sal die persoonlike verantwoordelikheid van die skuldige voor Gods gerig nie ophef nie.

Die onderskeid tussen die straf van God wat juis met die persoonlike verantwoordelikheid rekening hou, soos Eségiël dit hier preek, en die besoeking van God oor die geslagte, soos die Wet die sondaar bedreig, moet ons dan ook nooit verontagsaam soos Israel gedoen het nie. Want, eerstens, die bedreiging in die Wet van God behels ŉ besoeking van God oor geslagte heen, maar dis in hierdie lewe! Dis besoekinge oor geslagte vóór die dood.

Die profeet Eségiël preek hier egter nie oor besoekinge in hierdie lewe nie maar oor die strafgerig van God waarby die goddelose sal sterf, dit wil sê waar God die goddelose na die dood in die ewige verderf stort op grond van sy persoonlike toerekenbaarheid en die regverdige in die ewige lewe sal opneem na sy persoonlike verantwoording voor die gerig van God. Die Wet en die Profesie stry nie met mekaar nie.

Bowendien, die Wet se doel is om die mens van die sonde af te hou en hom daaraan te herinner dat as hy sonde doen, die sonde ook na die nageslag kruip. Maar by Eségiël kom dit daarop aan om in die hart van sondige en skuldige mensekinders die bewussyn van die sonde te wek en te bring tot berou en bekering. En sal jy nou ooit ŉ sondaar tot skulderkenning en tot bekering kan bring as jy soos die ballinge leer dat die vaders die skuld dra vir jou straf, terwyl jyself onverantwoordelik is? Dan kan jy nooit sondaars tot bekering bring nie. Nee, maar jy kom tot Godslastering!

Die Wet wat die sonde wil vermy, moet die saamhorigheid van die geslagte belig. Maar die profesie wat sondaars oproep tot bekering, kan nie verstorwe voorgeslagte of nog komende geslagte oproep tot skuldbelydenis nie maar moet elke persoon se eie verantwoordelikheid op die voorgrond plaas.

Daarom, gemeente, kom die profesie ons die prediking van ons persoonlike verantwoordelikheid op die hart bind na hierdie Nagmaal. Elkeen bely persoonlik sy geloof voor God. Elkeen tree persoonlik toe tot die tafel van die Here. Elkeen het persoonlik dit gebruik. Elkeen moet ook persoonlik sy lewe verbeter en hom bekeer. Want elkeen sal ook persoonlik voor die gerig van God te staan kom.

En duidelik spreek die profeet as hy die dinge (voorbeelde) hier voorhou. Daarin moet ons bekering ook uitkom.

In die begin van vers 6 hou hy twee dinge voor op die gebied van die godsdiens (erediens). Daardie samesmeltingsgodsdiens op die hoë berge saam met die heiden — dit mag nie gedoen word nie. En die drekgod waarmee ons die Here onteer, moet uit die hart verwyder word. Daardie drekgode het die profeet in hoofstuk 14:1—11 bestraf, drekgode wat ons die

een na die ander op die offertroon van ons hart het en dan agterna die Here ook. Van hierdie dinge moet ons ons elkeen persoonlik bekeer. Ons moet nie na geslagte of partye wys nie. Ons moet ons persoonlik bekeer. Die siel wat dit nie doen nie, sal sterf. Ons moet nie agtertoe of vorentoe kyk of links of regs nie: elkeen na homself.

In vers *6b* noem die profeet die sonde op die gebied van die geslagslewe, waar egbreuk en onnatuurlike onreinheid gepleeg word. En, o, hierdie sonde verslaan sy duisende.

Vanaf vers 7 volg die sedelike verpligtinge teenoor die naaste. Daar mag geen verdrukking (geweld) in die land wees nie; geen roof nie; die hongeriges voed en kleed, nie leen op rente aan die arme nie — wat heel iets anders is as die geldhandel; geen onreg pleeg nie en eerlik regspraak uitoefen.

En wie in hierdie insettinge van die Here wandel, hy sal lewe. Nie as sou hy daarmee sy eie geregtigheid uitgewerk het nie, maar daarin openbaar hy dat hy reeds Gods geregtigheid deelagtig is en dit nog meer soek.

Laat ons dit dan verstaan. Ons erf nie ons ouers se vloek nie. Wel erf ons sondeskuld. Maar die vloek spreek God in die strafgerig oor elkeen persoonlik uit.

Ons erf ook nie genade nie. Maar God skenk persoonlik die genade aan sy uitverkorenes.

En die siel wat gesondig het, dié sal sterwe. Met hierdie wete moet ons elkeen persoonlik voor Gods regterstoel verskyn. Ons sal niks tot ons verontskuldiging kan inbring nie as net dit: dat dit God behaag het om die siel wat nie gesondig het nie, die siel van Jesus Christus, te laat sterf sodat die siele wat gesondig het, sou leef! Die Redder van tans sal die Regter van straks wees. Wie tot Christus se versoeningsdood ingegaan het, sal nie sterf nie, ook al was hy die moordenaar van sy kinders. In die lig van die kruis besluit Eségiël dan ook sy profesieë met die woorde: Want Ek het geen behae in die dood van hom wat sterwe nie, spreek die Here HERE. Bekeer julle dan en lewe.

Dit is dan ook ŉ nabetragting. Bekeer u. Verbeter u lewe. Werp al julle oortredinge van julle af weg. Maak vir julle ŉ nuwe hart en ŉ nuwe gees! Want daarvoor het u krag ontvang by die Nagmaal.

**AMEN.**

## 'N KLAAGLIED OOR SEDEKIA

**LEES**: *Eségiël 19.*

**TEKS**: *Eségiël 19:*1, 2.

HOOFSTUK 19, geliefdes, sluit die tweede reeks oordeelsbedreiginge (Eségiël 12-19) af. Hoofstuk 18 was ŉ *leerrede* oor die persoonlike verantwoordelikheid waaraan geen mens ontkom nie, maar hoofst. 19 voer ons in ŉ heel ander atmosfeer. Dit is ŉ *lied! ŉ* Klaaglied oor Sedekia. Eségiël het in hierdie tweede reeks oordeelsbedreiginge getuig, gepreek, gelykenisse gespreek, raaiselspreuke moes opgee (17), lang redeneringe moes hou (18). Ten laaste moet hy nou *sing,* klagend sing oor Sedekia. Dis ŉ klaaglied wat so opgebou is dat elke versreël in die Hebreeus bestaan uit twee helftes, een waarvan drie beklemtoonde letter-grepe het en een twee beklemtoonde lettergrepe. Hierdie digmaat vertolk versreël vir versreël ŉ jammerkreet en ŉ snik! In die digmaat van die drie versvoete word telkens ŉ jammer-kreet klagend uitgestoot, en daarop word in die twee versvoete as met twee rukke van die hartslag diep gesnik!

Wat se geklaag is dit dan tog? Laat ons die klaaglied vooraf vir u nader in sy historiese verband stel.

Hierdie klaaglied jammer oor een en dieselfde saak met een en dieselfde prediking onder tweërlei beeldspraak. Eers klaag hy (verse 2-9) onder die beeldspraak van ŉ leeuwyfie en haar jong leeutjies en dan (verse 10-14) weer onder die beeldspraak van ŉ wingerdstok en sy lote.

Onder die beeldspraak van ŉ leeuwyfie val die klaaglied uiteen in ŉ historiese en ŉ profetiese gedeelte (verse 2-4 en 5-9). Hierby wil ons aansluit om die lied in sy historiese agtergrond te besien. Die moeder, onder die beeldspraak van ŉ leeuwyfie en wingerdstok agtereenvolgens besing in die klaaglied, is nie ŉ personifikasie nie. Dis nie ŉ saak wat so voorgestel word nie, maar dis werklik die persoon van ŉ bepaalde historiese moeder waarmee hierdie klaaglied tot ons kom. Die moeder was Hamútal (2 Kon. 24:18), die dogter van Jeremia, uit Libna, die vrou van Josia, wat omstreeks 623 voor Christus die ingrypende hervorming deurgevoer het nadat die wetboek weer uit die tempelstof te voorskyn gehaal is. Sy was die eie moeder van Joahas en Sedekia, die laaste koning van die ryk van Juda. Jójakim en Jojagin, wat voor Sedekia op die troon gesit het, was seuns wat Josia by sy eerste vrou, naamlik Sebúdda, ŉ dogter van Pedaja, uit Ruma (2 Kon. 23:*36)* gehad het. Hamútal was ŉ vrou met ŉ kragtige en invloedryke persoonlikheid. Na die dood van haar man, koning Josia, het sy as koningin-moeder opgetree en die troonsbestyging deur haar ferme optrede so beheer dat nie die oudste seun van Josia, naamlik Jójakim, as koning op die troon geklim het nie maar Josia se jongere seun wat hy by haar gehad het, naamlik Jóahas.

Inderdaad, Hamútal, die moeder van Sedekia, was ŉ kragtige en invloedryke persoonlikheid wat met beslistheid opgetree het te midde van die aantal prinse. Sy was ŉ vrou wat vir die profetiese digtersiel in ŉ sekere sin ŉ inspirasie was en stof verskaf het om met ŉ moedertema ŉ lied te kan sing. As hy dan van haar, die koningin-moeder, sing, dan teken hy haar in haar fierheid, in haar verhewe majesteit as koningin-moeder onder die gepaste beeld van ŉ leeuwyfie te midde van jong leeutjies. Ferm en fier verkeer sy onder hulle, lei hulle op, neem die teuels feitlik in haar hande en beslis wie die Dawidstroon sal bestyg. So het sy sorg gedra dat nie Jójakim nie maar haar seun wat jonger was, die troon bestyg het. En sy met haar seun was *anti-Egipties* gesind. Ongelukkig moes hy na ŉ korte koningskap swig voor Farao Nego II en het die meer pro-Egiptiese seuns van Josia, naamlik Jójakim en na hom Jójagin, die troon bestyg.

Maar — en hier vang die profetiese deel van die klaaglied aan (vers 5) — deur haar invloedrykheid tot in die paleis van Nebukadnesar het sy dit bewerkstellig dat na Jójagin haar seun Mattanja in die guns van Nebukadnesar gekom het. Hy is dan ook onderdaan-koning gemaak onder eedswering en Sedekia genoem. Sy was dit wat hom ŉ leeu gemaak het. Deur haar toedoen as koningin-moeder was Sedekia wat hy was! Sy aansien en posisie het hy aan sy moeder te danke gehad. Daarom kan Eségiël van haar sing as hy in sy klaaglied oor Sedekia jammer en snik:

"Wat was jou moeder? ŉ Leeuwyfie — tussen die leeus het sy gelê! Onder prinse, vorste, konings het sy haar beweeg! Ferme vrou van Josia, die hervormer."

Sy was soos ŉ wingerdstok by waters geplant. Vrugbaar en vol ranke. En Sedekia het uit haar moederskoot en onder haar sorg soos ŉ kragtige wingerdloot opgeskiet, so groot en sterk dat dit as ŉ heerserstaf, as ŉ septer kan dien. Hoog het hy uitgestaan tussen die takke uit. Dit het die wingerdloot, Sedekia, slegs te danke aan die wingerdstok Hamútal, sy vorstelike moeder, aan wie hy alle dank en eerbied verskuldig was.

Gelet op die vorstelike koningin-moeder sou hierdie lied ŉ ware minnelied van vorstelike verering kon gewees het. Maar nou, ten spyte van so ŉ fiere vorstin, ten spyte van so ŉ koningin-moeder, kan die lied om die dwaasheid van Sedekia, om die roekeloosheid van die

telg, nie anders as ŉ klaaglied wees nie. En die fiere koningin-moeder, Hamútal, word in hierdie klaaglied onder die dubbele beeldspraak bygebring, juis om eers reg te kan jammer en snik oor Sedekia, slegte seun van so ŉ fiere moeder! Hierdie moedertema onder die dubbele beeldspraak van ŉ fiere leeuwyfie en ŉ vrugbare wingerdstok aan water geplant, is juis die meesterlike greep van die digter-profeet Eségiël om ten laaste so diep en teer moontlik die hart van die afvallige seun te raak. Die digter-profeet gaan sing sy klaaglied met gejammer en gesnik op die tere snaar van ŉ edele moedertema. Terwyl hy staan by die wrak van ŉ gestrande lewe, langs die onheilspad van die verlore seun van die gevierde koningin-moeder, sing die digter-profeet sy klaagsang die treurigste en snik sy siel die diepste as hy tokkel op die tere snaar van sy edele koningin-moeder! En op hierdie wyse wil Eségiël ŉ laaste appèl, ŉ uiterste beroep doen op koning Sedekia se gemoed. Want ŉ seun mag verlore wees, maar as hy daar in sy verlorenheid die naam van sy moeder hoor, dan bars die trane hom uit sy oë. En so kom staan die profeet, Eségiël, as digter by die grasie Gods, voor Sedekia, en in sy treursang gryp hy met volle hand in die snare van ŉ seun se hart en bespeel meesterlik die klavier van die mensesiel. Hy laat geen snaar onaangeroerd nie. Hy het gedonder met die dreigende oordele Gods. Hy het neergeslaan en verpletter met die strafpredikasies oor die ongehoorsaamheid van Sedekia aan die profetiese woord. Hy het opgeroep tot bekering om Gods wil.

Maar daar is nog een snaar wat hy nie bespeel het nie, die snaar van ŉ edele moeder! En na die gedonder van oordeels-predikasies, gaan klaag hy nou so innig en teer met gejammer en gesnik op die wenende klaagtoon van ŉ verbryselde hart van ŉ vorstelike moeder!

Ag, Sedekia, jou vorstelike moeder wat soveel vir jou gedoen het, soveel aan jou ten koste gelê het, sal jy deur jou sonde, deur jou versmelting met die heidene, nameloos veel swaar en smart aandoen. Deur jou sonde van die miskenning en verwerping van die Naam van God in jou politieke reorganisasiebeleid, sal ook jou moeder, edele koningin-moeder, straks in ballingskap gevoer word. In die Kronieke sal straks apart onder die ballinge vermeld word dat ook die koning se moeder gevanklik na Babel gevoer word (2 Kon. 24:15). Sy, die vrugbare wynstok langs water geplant, sal straks in grimmigheid uitgeruk word, en die woestynwind, die vreeslike sirokko, dit is Nebukadnesar, sal ook haar met sy oorlogsvuur verskroei en in plaas van langs water haar in die dor woestyn van ballingskap laat wegkwyn. Is dit nie verskriklik om oor te dink nie! Die jong leeu, grootgemaak deur die leeuwyfie, laat die leeuwyfie omkom! Die druiweloot is oorsaak dat die druiwestok uitgeruk word!

Sedekia, die rommelende ingewande van jou troue Verbonds-God, wat jou bid om jou tog met Hom te laat versoen, kan jou harde sondaarshart nie versag nie. Sal jou moeder se leed jou miskien beweeg tot bekering? Sal jou moeder se smart dan nie jou hart breek nie? Is jy so ŉ ontaarde koninginneseun, dat jy selfs geen hart meer het vir jou koningin-moeder nie! Ag, Sedekia, jy is tog nie so totaal verdorwe dat selfs die gedagte aan jou moeder ook nie eens by jou tel nie! Sedekia, sal jy waarlik so wreed wees om op jou moeder se hart te trap?!

Ag, dan is die digter-profeet Eségiël se klaaglied ook uit. Dan verstom sy geklaag! Dan eindig hy profeties-prosaïes. — ŉ klaaglied is dit, en ŉ klaaglied het dit geword.

Helaas, dit het so geword. Sedekia, ontaarde seun, het op sy moeder se hart getrap! Hierdie profetiese klaagsang is vervul. Dit staan in die Kronieke dat die koning se moeder ook in ballingskap gevoer is.

O, gemeente, dis om van te skrik. ŉ Seun, ŉ dogter wat God nie vrees, wat Gods Woord nie eerbiedig nie, kan selfs by die aandoenlikste woorde ook vir sy moeder geen respek hê nie. Wie God verag, trap selfs op die hart van sy moeder.

Laat ons dit vir die jong mense verkondig. Gods Woord besing veral in die profesieë van Jesaja God se moederliefde. Met ŉ trilling in sy stem besing Jesaja die moederliefde van die

Here, wat u minder kan vergeet as wat ŉ moeder haar suigling sal vergeet. En die evangelis Lukas verhaal van God se Vaderliefde in die gelykenis van die verlore seun, God wat soos ŉ vader vol van liefde dag na dag daarna uitsien dat sy afgedwaalde seun tog mag terugkeer.

Maar as ons die moederliefde van God bespot en sy vaderliefde verag — dink dan tog ten laaste as natuurlike mens aan jou moeder wat jou opgevoed het, wat vir jou gely het, wat vir jou gebid het! Sal selfs dit ook niks vir jou sê nie as jou moeder oor jou sonde en ongehoorsaamheid moet wegkwyn van verdriet? Hoor jou oor nie meer die snikke van jou moeder nie?

Wel, dan sal u die snik hoor waarin die klaaglied tot God hom oplos! *Dit is ŉ klaaglied, en ŉ klaaglied het dit geword.* Dit is ŉ klaaglied hierdie van verlore seuns en dogters. Maar laat dit tog nie ook vir u ŉ klaaglied word nie! Laat dit nie word tot ŉ eindelose gesnik in die ewige nag, as aan die stomme mag van die feite niks meer deur u verander kan word omdat Gods genade vir goed sal weggewyk het nie! Ag, luister dan tog na die minnelied van Gods oneindige liefde waar Paulus sê: Ons bid julle van Christusweë asof God deur ons bid, laat julle met God versoen.

**AMEN.**

## WAAROM NIE VERDELG NIE? OM MY NAAM ONTWIL!

**LEES**: *Eségiël 20:1-44.*

**TEKS**: *Eségiël 20:14, 22.*

MET hoofstuk 20 vang die derde reeks oordeelsbedreiginge teen Israel (Juda) aan in die profesieë van Eségiël. Dit is nou die tiende van die vyfde maand in die sewende jaar van die ballingskap van Jójagin. Dit was Julie — Augustusmaand, ongeveer ŉ jaar nadat Eségiël in die gees na Jerusalem gevoer is, waar hy die onsigbare getuie was van al die gruwels, deur man en vrou, oud en jonk bedryf, wat Juda vir die oordeel rypgemaak het. Dit is dus nou ŉ jaar nader aan die reeds aangekondigde oordeel. Sigbaar nader die oordeel. Want Sedekia se rykie voer ŉ kwynende bestaan en sterf gaandeweg. In die lang worstelstryd tussen Babel en Sedekia het die rykie al ingekrimp tot vlak by die mure van Jerusalem. Wat oorbly, word stuk na stuk ingepalm deur die magtige Babiloniese ryk, sodat die ryk van Sedekia bykans net uit die stad Jerusalem bestaan.

Maar ten spyte van dit alles bly die oudstes van Israel wat met Eségiël in die ballingskap sit, nog steeds hoop. Onuitroeibaar is hulle hoop dat Jerusalem sal uithou, en hulle vlei hulle nog met die verwagting van ŉ spoedige terugkeer en hereniging met Sedekia. Hulle bly steeds meer waarde heg aan Sedekia se reorganisasiepolitiek as aan Eségiël se profesie. Daarom kom hulle nog ŉ keer na Eségiël om die Here deur hom te vra in die hoop dat die ontsluiering van die toekoms deur die profetiese woord hulle hoop tot sekerheid sal laat groei. Met verontagsaming van hulle verlede met al hulle sondegruwels en verbondsbreuk wat roep om Gods oordele, bly hulle nog steeds hoop in ŉ heilstoekoms. Ewe ongevoelig en ongeërgd oor hulle hele verlede as ŉ stuk sondegeskiedenis, verwag hulle desnietemin sonder berou en bekering ŉ salige toekoms. En so ŉ *heilsprofesie* wil hulle dan nou ook graag van die profeet verneem. Dit was die toestand ŉ jaar later.

Hierdie herhaalde versoek waarmee die oudstes tot die profeet gekom het, bied aan Eségiël as profeet van God aanleiding om hierdie derde reeks oordeelsbedreiginge uit te spreek. En waar die profeet al in sy profesieë tot Israel gespreek het deur woorde, deur simboliese dade, deur gesigte, deur redeneringe, ja, ook deur ŉ lied, daar gaan hy nou op bevel van die Here deur die *geskiedenis* spreek. Hoofstuk 20:1-44 is deurlopend ŉ sprake, ŉ profetiese sprake,

van die geskiedenis. Ons het hier nie sinnebeeldige handelinge of visioene voor ons nie maar ŉ stuk geskiedenis wat hier vir hierdie oudstes as ŉ oordeelsprofesie aangehaal word, miskenners van Israel se historie as ŉ grote, tragiese stuk sondegruwel.

In hierdie profetiese sprake van die historie tree die volgende drie hoofgedagtes na vore, waarby ons u aandag wens te bepaal:

I. Dat Gods Verbondsnaam die wortel is van alle geskiedenis;

II. dat die geskiedenis ŉ sprake is van die troue Verbonds-God se verbondswraak oor die verbondsvolk Israel en

III. dat die geskiedenis ŉ sprake is daarvan dat Gods Naam die enigste en laaste grond is van *die* verlossing van sy verbondsvolk.

I.

God se Verbondsnaam is die enigste penwortel waarop die geskiedenis stoel. Sonder Gods Verbondsnaam geen geskiedenis hoegenaamd nie! Hier word vir ons vertolk die ware betekenis van die openbaringsgeskiedenis en daarmee van alle geskiedenis wat daaromheen lê. En die diepste sin van die geskiedenis is Gods Verbondsnaam!

In hierdie hoofstuk het ons by die begin die vraag van die oudstes (verse 1—5) en aan die einde ŉ antwoord (verse 30-44). Tussen die vraag en die antwoord het ons ŉ verhaal van die geskiedenis van Israel as verbondsvolk van God. In verse 5-9 word vir ons verhaal die begin van die geskiedenis van Israel as verbondsvolk, toe die HERE Israel as sy volk *uitgekies* het, as sy volk aangeneem het met die bekendmaking van sy HERE-Naam deur Moses aan Israel. Maar ten spyte daarvan het Israel nog in Egipte in Moses die Here afgewys en so hulle verknogtheid aan Egipte met sy gode te kenne gegee. Alleen om Gods Naam ontwil is hulle in Egipte nie verdelg nie (vers 9).

In verse 10-17 word vir ons verhaal Israel se geskiedenis na die uitredding uit Egipte in die woestyn, waar die HERE sy verbondswet en woord aan hulle afgekondig en sy sabbatte aan hulle gegee het. Maar hulle het dit ontheilig. Alleen om Gods Naam ontwil is hulle nie verdelg nie (vs. 10).

In vss. 18-26 word die geskiedenis van die tweede geslag in die woestyn verhaal, nadat hulle hul ongehoorsame vaders se ondergang aanskou het. Tog het hulle God se insettinge en sabbatte nie gehou nie. Alleen om Gods Naam ontwil (vs. 22) is hulle nie verdelg nie.

In vs. 27-29 word kortliks Israel se geskiedenis in Kanaän verhaal. Na alles wat voorafgegaan het, dwaal hulle verder af in gruwelike samesmeltingsgodsdiens. Hulle laat nie net weer die sabbatte en insettinge van die HERE na nie, maar hulle gaan offer met hoerediens onder die groen bome op die hoogtes saam met die Kanaäniete. En hulle laat soos die heidene hulle kinders deur die Vuur gaan.

Nadat die ganse geskiedenis so voor die gees van die oudstes geroep is, word daaruit as motief die toepassing in vss. 30 en 31 op die oudstes gemaak: God sweer by sy Verbondsnaam dat Hy Hom deur hulle nie sal laat raadpleeg nie. In vss. 32-38 vlek die Here deur sy profeet hulle afvallige harte oop, en in vss. 39-44 word ten slotte alleen om Gods Naam ontwil die heil van die oorblyfsel van Israel aangesê.

Hier het u dus geskiedenis soos God dit laat beskryf het. Die feite van die geskiedenis word hier gegroepeer in omvattende, sluitende periodes rondom God se Naam en nie rondom die mens se naam om die roem van die mens te verewig nie. Die wortel en diepste sin van die geskiedenis is die Verbondsnaam van God, wat eers sinnebeeldig en skaduagtig in die beloofde Messias tot die verbondsvolk gekom het en daarna in die vervulling gaan deur die

Christus Self.

Gods Verbondsnaam is die hele sin en eenheid van die geskiedenis. Want God se Naam is die openbaring van Gods Wese en sy Naamsopenbaring is die hele samestel van werke *en dade* wat van God uitgegaan het. Deur God se werke en sy dade het nie net Israel nie maar ook die volke rondom Israel die indruk gekry van Wie en Wat die HERE is, wat Hy kragtens sy Wese doen en straks weer kan en sal doen. Die hele reeks van historiese feite en gebeurtenisse gee insig in God se Wese en Wil, van God se deugde en volmaakthede. En deur die eeue heen is dit God se Naam waaromheen alles in die wêreldgebeure sirkel. Die heerlikste is dit gesien in die koms en geboorte van ons Here Christus in die vlees en in sy lyde en sterwe en opstanding. Alles in die wêreldgebeure was daar terwille van die Christus wat gebore moes word.

En as dan in verband met die Naam van die Here die werke en dade van die mense, ja, van sy verbondsvolk, beskryf word, dan kry die geskiedskrywing die karakter van ŉ lang akte van beskuldiging teen die mens, teen die verbondsvolk. Die hele geskiedenis, die dade van die voorgeslagte is ŉ groot spieël waarin die mens sy goddelose bedryf van geslag tot geslag kan gadeslaan. Die geskiedenis verkondig hoe die mens se dade aldeur vloek teen God se dade. God verkies en neem Israel aan. Israel verset hom daarteen en wil God nie as sy God erken nie. God gee in die woestyn sy wette en sy sabbatte om op te rus; Israel wil dit nie hou nie en nie daarop rus nie. God gee vir Israel Kanaän, die land vol melk en heuning, sodat hulle hul verfoeisels sal wegwerp, maar met die rykste gawe is hulle daartoe nie te beweeg nie.

Hierdie sondelyn gaan deur van vader op seun, van Adam op al sy kinders, in al wat daar van die mens te vertel is. Dis ŉ stryd tussen die dade van die mens en die Naam van God. Die mens wil deur sy naam, deur sy werke sin aan die wêreldgeskiedenis gee, en God gee deur sy Naam, deur sy werke en dade sin daaraan. Dis ŉ sondebedryf wat in die groot mens van die sonde, die Antichris, sy hoogtepunt sal bereik. Hy sal sy naam oor sy werke en dade uitroep teenoor die Naam, die werke en die wonderdade van die Christus Gods. Wat is die sin van die geskiedenis: God se dade en werke of dié van die mens?

Die mens wil God se Naam uit die geskiedenis wegwerk, in skole, politiek en wetenskap. En hierdie goddelike beskrywing van die geskiedenis is om die mens te waarsku. Want hierdie lang akte van beskuldiging is tegelyk ŉ motivering van God se strafgerigte oor vorige geslagte, ŉ motivering van Gods dreunende oordele. Dis ŉ profesie wat vir ons sê: die lot van die vaders se goddelose bedryf is ook die lot van al wie op hulle weg voortgaan, om die Naam, die werke, die dade van God te misken.

En so is vandag nog van alle gebeurtenisse in die wêreldgeskiedenis die Naam van God, in Christus Jesus geopenbaar, in die diepe sin die penwortel. God het Hom geopenbaar in sy werke, in sy dade en sy heilige Woord. En elke daad, elke gebeurtenis, van elke mens, van elke volk, van elke tyd kry sy sin en betekenis van die Naam van God. Geskiedenis word eers reg vertel as die Naam van God, die wortel en sin daarvan, aangetoon word — ook in die verkeerde dinge.

So spreek God tot ons deur die geskiedenis om ons te waarsku. En in elke gebeurtenis moet ons deurdring tot die Naam van God, tot die Christus Gods. Dit gee eers die sin en betekenis aan, bepaal wat die rigting en lotsbestemming is van die kerk, van elke volk in elke tyd, van die mensheid.

Daarom moet die kerk, moet mense en volkere hulle dade en werke meet aan die Naam van God in Christus Jesus, sodat ons werke en dade in harmonie is met God se dade en werke, sodat ons geskiedenis ook God se geskiedenis kan wees, sodat ons naam God se Naam verkondig. Want in die verlede lê die hede, "in het nu wat worden zal". Daarom moet die

Kerk sy geskiedenis ken. En die ware sin van die Kerk se geskiedenis is Christus: sonder Christus geen kerkgeskiedenis nie. Daarom moet ons ons volksgeskiedenis ken. Ons moet daarin deurdring totdat ons Gods Naam daarin teëkom as die wortel daarvan. En in ons geskiedenis sal ons en ons nageslag gewaarsku word teen afwykinge en vingerwysinge van Gods Naam vind.

So kom die magtige sprake van Gods openbaringsgeskiedenis tot ons en skep daarmee ook die sprake van die geskiedenis tot op vandag. *Daarom* kan 'n Gereformeerde lidmaat alleen tot sy skade sy kerkgeskiedenis nalaat. *Daarom* kan 'n Christen alleen tot sy skade die geskiedenis van die Christendom verwaarloos. *Daarom* kan 'n volk alleen tot sy volksnadeel sy geskiedenis volgens Christelike geskiedbeskouing nalaat. *Daarom* mag ons die openbaringsgeskiedenis van Gods Woord nooit nalaat en soos daardie oudstes maak, wat dit misken het en met die oog op 'n goeie toekoms die profeet soos 'n orakel kom raadpleeg het nie. Sulke miskenners van Gods Naam, van Gods werke en dade, antwoord God nooit nie — tot hulle straf.

II.

Maar in die tweede plek moet ons daarop let dat God se Naam 'n Verbondsnaam is. Toe die Here Israel as volk uitgekies en aangeneem het, het Hy dit gedoen deur sy Verbondsnaam aan hulle bekend te maak. Vir Moses het Hy gesê: “Ek is wat Ek is — Jahwe — die Onveranderlike — die Getroue.” Dit is geskrywe met groot letters: HERE. En deur die ganse geskiedenis heen het Hy Hom uitdruklik laat aankondig: Ek is die HERE julle God. En so is die geskiedenis dan meer besonder *verbondsgeskiedenis.* God se werke en dade, God se wondere is almal verbondsdade! En al Israel se dade en werke as verbondsvolk is ewe-eens verbondsdade, dit is dade in verband met Gods Verbondsnaam; dade in verband met God se verbondsverordeninge. Israel het ingewillig om aan God verbonde te wees met die band van Gods genadeverbond.

En so is ook die volkere se verhouding teenoor Israel en die volkere se geskiedenis mede verbondsmatig bepaal. Omdat Israel se geskiedenis een vaste lyn, een stuk sonde, verbondsongehoorsaamheid, verbondsverbreking is, daarom kom God, juis omdat Hy HERE is, en laat Hy sy Naam die wag hou oor die verbond, met bedreiginge, met oordele! Daarom het Hy sy grimmigheid reeds in Egipte ook oor Israel, gedeeltelik saam met die Egiptenaars, uitgegiet. Daarom het die HERE in die woestyn, in Kanaän sy grimmige toorn oor hulle uitgegiet. Daarom het God se grimmigheid ten slotte sy kulminasiepunt bereik in die oordeel dat Hy hulle in die woestyn van die volke gebring het, dit is in die ballingskap. Israel is deur Gods Verbondsnaam afgesonder van die volkere van die wêreld, maar Israel het hulleself nie in die heilige afsondering bewaar nie maar hulle godsdienstig-sedelik, maatskaplik, politiek met die heidene vermeng, saamgesmelt, en nou volg die straf, die verbondswraak op die verbondsbreuk. Hulle soek die volkere met die gedagte dat die vermenging groot heil sal bring. Wel, nou sal hulle tot hulle straf die volkere kry! Dit sal vir hulle 'n *woestyn* wees, 'n beproewing en ellende. So het hulle dit ook op 'n smadelike wyse ondervind. Dit is Gods heilige verbondswraak oor al die verbondsverbreking.

Terwyl Israel nog steeds styfhoofdig op die goddelose weg van verbondsverbreking voortgaan, kom die oudstes om die HERE te raadpleeg en vra hulle om 'n profesie van heil en vrede op die samesmeltingsweg. Daarom antwoord die Here die oudstes (verse 30-31): “So spreek die Here HERE. Wat? Julle is verontreinig in die weg van julle vaders en julle hoereer agter hulle verfoeisels aan; ja, deur die aanbieding van julle offergawes, deur julle kinders deur die vuur te laat gaan, is julle verontreinig met al julle drekgode tot vandag toe. En sou Ek My deur julle laat raadpleeg, o huis van Israel? So waar as Ek leef! spreek die Here HERE: Ek laat My deur julle nie raadpleeg nie.”

Soos die HERE met ŉ sterke hand en uitgestrekte arm Israel uit Egipte uitgelei het te midde van wondere en seëninge, so sal Hy tans met ŉ sterke hand en ŉ uitgestrekte arm sy grimmigheid oor hulle uitgiet. Want daar is geen berou, geen bekering in hulle harte nie; inteendeel, die oudstes sit nou daar om die HERE te raadpleeg, en wat gaan in hulle hart om? Hierdie verbondsgruwel: hulle sit en begeer (vers 32) om soos die nasies te wees. "Ons wil, as die oordele van die Verbonds-God so oor ons moet kom, liewer los wees van die Verbonds-God met sy verbond en al. Ons wil liewers ook maar die houtgode en klipgode dien. Ons wil liewers maar die HERE bedank! Ons wil liewer nie uitverkore wees en liewer nie onder die band van die verbond staan nie. Ons wil los wees van God, met sy verbondswoord en al. Ons wil nie meer luister na die verbondsinsettinge en sabbatswette nie. Ons wil liewer afgodery pleeg."

Inderdaad, soos Samuel vanouds vir hulle vaders gesê het: ongehoorsaamheid is afgodery en beeldediens. Daarom sweer God dat Hy sy grimmigheid oor hulle sal uitgiet; dat Hy hulle sal verstrooi; dat Hy met hulle in die gerig sal gaan soos met Egipteland. Hy sal soos ŉ herder sy kudde onder die staf laat deurgaan en al die vreemde skape uitgooi, hulle só onder sy uitverkiesingsroede laat deurgaan. Hy sal die band van die verbond oor hulle juis vastrek. Hulle *kan* die verbond nie bedank nie. Hulle *kan* die Verbonds-God nie bedank nie. Daar bestaan nie so-iets nie. As hulle luister, dan kom die seënband van die verbond oor hulle; as hulle ongehoorsaam is, die vloekband van die verbond. Onder die band van die verbond sal God hulle stel. Hulle sal weet dat die HERE God is.

Gemeente, elke ongehoorsaamheid aan God se verbondswoord en -wet is ŉ begeerte na afgodery en beeldediens, soos die Here vir die oudstes gesê het. Elke begeerte van ons hart teen God en sy Woord is ŉ bedanking aan God: ons bedank U, Here, liewers sonder U! En soms gaan dit werklik sover dat ŉ sondaar in sy dwaasheid Gods verbondsgemeenskap en sy kerk bedank. Soos die oudstes sit ons in die kerk met die gedagte: "Wel, as hulle my kwaad maak, bedank ek!" Asof dit kan! Omdat God HERE is, kan dit nie. Hy sweer by sy HERE-Naam, dat Hy u sal stel onder die band van die Verbond — die vloek, die wraak. Wat is dit ŉ vreeslike gedagte: God kom soek die mens tot sy heil, maar die mens vlug al weg van God, tot sy onheil.

So moet vandag nog oor die verbondswraak gepreek word om so gewaarsku te word teen elke verbreking van Gods Verbondswoord, van sy insettinge en sy sabbatte, terwyl ons God se verbondseëninge moet aankondig vir elkeen wat soek om by sy Woord te leef.

III.

Tog, gemeente, ten spyte van die deurlopende lyn van sonde, ten spyte van Gods verbondswraak, *delg God sy verbondsvolk nie uit nie.* God se Naam is die behoudenis van die verbondsvolk. Daarop wys ons u in die derde plek. Hierdie antwoord aan die oudstes is teleurstellend maar nie hopeloos nie. God oefen gerig oor sy verbondsvolk, maar God roei hulle nie uit nie. God skif en louter hulle, maar God verdelg hulle nie. God dun hulle getalle uit, maar daar bly nog dié wat God tel en onder sy staf laat deurgaan. Daar is nog sy uitverkorenes in wie Hy behae het. Waarom, om watter redes is daar dan ŉ oorblyfsel wat behou word, as die geskiedenis van die verbond aantoon hoe daar van geslag tot geslag net afwykings en verbondsbreuk was en niemand Gods verbond gehou het nie? Waarom oordeel God wel sy kerk maar sonder om die kerk te verdelg?

Gemeente, die totale ondergang van die kerk is ŉ absolute onmoontlikheid; en dit nie vanweë die waarde en betekenis van die verbondsvolk, van die kerk nie maar enkel en alleen om die ere van die Naam van God, wat daarmee gemoeid is. Waarom kan die gevalle skepping nie verdelg word nie en verwag ons ŉ nuwe hemel en nuwe aarde? Enkel om *die Naam*

*van God.* Hierdie grondrede van die behoudenis van Gods ontroue verbondsvolk, van sy gedurig afvallige kerk bestaan enkel in die Naam van die Here God.

Die Naam van God is in onse Here Jesus Christus geopenbaar. Vernietig Hy sy volk, dan sal Hy daarmee ook die komende Messias moet vernietig, sy werk vernietig. Daarom breek God nie af nie. Die permanente lyn van die sonde word deurgaans verbreek deur die vaste lyn van God se ewige voorneme. Dan sal die verloste uitverkore volk ook weer geskiedenis skryf. Dan sal hulle weë ook vir hulle walglik wees, soos vir die Here, en hulle sal die Here prys.

Die diepste grond van ons saligheid is dus nie geleë in ons geloof nie, ook nie in die trane van ons berou nie, veel minder in ons goeie werke; ook nie in ŉ onskriftuurlike Jesus wat liefdevoller as God vir ons sou ingetree het nie, maar uitsluitend in die Naam van onse Here wat na sy ewige Raad ŉ Middelaar vir ons bestel het, om sy Naam ontwil.

As alle gronde ons ontval, dan pleit ons: om U Naam ontwil, o Here! En dis ons diepste pleitgrond wat ons in ons gebede nie gedagteloos moet uitprewel nie; want dan vloek ons die Naam. Laat die Naam van die Here onder ons sy ewige heilsklank nie verloor nie. Onse Here Jesus is ons Borg en Middelaar wat aan Gods verbondseise voldoen het tot ons verlossing. Maar deur Hom het God sy Naam as God en HERE gehandhaaf. So weet Gods uitverkore volk ook dat die HERE God is. Maar elke verbondsbreker kom tot sy verderf onder die band van gerig van die verbond. En elke uitverkorene weet dit ewe-eens onder die band van die verbond: Gods behoudende Naam. Daarom leef ons dankbaar tot eer van die Naam, aanbid en prys ons die Naam. Daarom sing ons:

*Sy Naam, bo alle naam verhewe,*
*sy uit eerbiedenis*
*die volle roem en eer gegewe*
*solank die wêreld is.*

**AMEN.**

## DIE OORLOGSWEG

**LEES**: *Eségièl 20:45-21:27.*

**TEKS**: *Eségiël 21:*9, *10b.*

IN hierdie profesie word ons gedagtes verplaas na ongeveer die agtste jaar van Jojagin se ballingskap, dit wil sê die jaar 590 voor Christus. Ongeveer dieselfde tyd of effens later het Nebukadnesar begin om sy troepe te mobiliseer vir ŉ strafekspedisie teen die opstandige stede in die Weste wat aldeur besig is om ŉ Westerse statebond teen Nebukadnesar aan te wakker. Om ŉ bietjie vooruit te gryp — in dieselfde jaar, 590 voor Christus, het die Babiloniese leërmagte ook opgeruk teen Jerusalem, en in die jaar 588 voor Christus was Jerusalem omsingel. Onder hierdie omstandighede sing Eségiël sy onrustige swaardlied en spreek hy sy profesie van die twee weë uit. Ons wil u aandag nou daarby bepaal. Twee gedagtes vra u aandag:

I. Die feit dat oorlog kom — die swaard van die Here;

II. die weg waarlangs die oorlog kom.

I.

Hoe kondig die profeet die naderende oorlog aan? In hoofst. 20:45-49 doen hy dit deur die gesig van ŉ vuur wat in die bos van die Suidland uitbreek. Die Suidland hier is Juda, en die inwoners van Juda en Jerusalem is soos ŉ bos wat baie droë hout en droë bome bevat en

waaronder daar ook nog groen bome is. Die droë bome is die ongelowiges wat die verbond verag, en die groen bome is die regverdiges. En die vuur sal brand, die oorlog sal woed oor regverdiges en onregverdiges. Dit sal nie geblus kan word nie.

So kondig die profeet die feit van die oorlog oor Jerusalem in die gesig van ŉ vuurbrand aan. Hierdie aankondiging het die ballinge met ŉ bespotting van die profeet beantwoord. "Ag, hy, dié Eségiël, spreek fantasties; hy leef uit sy inbeeldinge! Hy is ŉ raaiseldigter! Hy spreek in gelykenisse!"

Daarop, ook omdat Eségiël sy klag teenoor die Here uit dat hierdie vorm van profesie, naamlik die gesig, deur die volk net bespot word, kry hy opdrag om duideliker of liewer konkreter te spreek. In plaas van vuur moet hy nou die komende oorlog aankondig in die beeld van die *swaard van die Here.* Hierdie beeld moes vir die ballinge deursigtiger gewees het, want van die rigter Gideon af het dit spreekwoordelik geword om van ŉ oorwinningsoorlog te spreek as die "swaard van die Here". (Rigters 7:20). Ook spreek hy nie meer vaag van die "Suidland" nie, maar by name van Juda, van Jerusalem en van die heiligdom, die tempel. Teen Jerusalem gaan die Here nou sy swaard uit sy skede trek, en dit sal nie meer in die skede terugkeer alvorens dit sy verwoestingswerk verrig het nie.

En daarby moet die profeet ook nog as ŉ teken, as ŉ sinnebeeld van Juda optree (vers 6). Hy moet naamlik bitter swaar sug soos ŉ Oosterling dit alleen kan doen. En sy gesug moet nie ŉ uitdrukking van sy persoonlike sieleleed wees nie; dit moet nie uitdrukking wees van sy gemoedstemming nie maar van die vreeslike oorlogsmart wat hom meester sal maak van die inwoners van Jerusalem sowel as van die ballinge. Hierdie gesug van Eségiël moet dien om die verworpe oorlogsprediking teen Jerusalem tog ingang by die ballinge te laat vind. Want nuuskierig kom vra hulle nou wat dit tog kan beteken. En dan beteken die smartlike gesug nie dat die profesie so *sal* verwerklik *word* nie maar in die profetiese gesug *reeds verwerklik is.* Nou *sien* die ballinge die val van stad en tempel, wat Israel sal verpletter. Profeties is die komende oorlog dan reeds ŉ feit. Daarom spreek ons hier oor *die feit van die komende oorlog.*

Op die nuuskierige vraag van die ballinge gee die profeet nou antwoord in die swaardlied, die oorlogslied wat hy sing. Dis ŉ hartstogtelike lied, vol herhalinge, wat ons die beste verstaan as ons ons ŉ swaard voorstel wat in die strale van die son geswaai word sodat flitse daarvan uitgaan! Die swaardlied bevat vier strofes. Hoofst. 20:1-5 is nog prosa. Dit verhaal nog maar van die swaard wat uit die skede getrek word. Dan sug die profeet swaar en bitter soos Juda sal sug.

Maar dan, daarna, as die swaard uit sy skede uitgetrek en in die hand van die triomfantelike soldaat gelê is, die hand van die doodslaner, dan leef die profeet weer in die openbaringsgedagte van God! En dan hef hy sy swaardlied namens God aan en sing dit, só kort en só flitsend, so skerp en so blitsend, herhalend soos die spieëlblitse van ŉ swaard wat iemand met lus bekyk, in sy hand ronddraai! Lus vir die oorlog! Dis die eerste strofe (verse 9-11).

Die tweede strofe (verse 12-13) behels dan meer ŉ swaar weeklag! Die profeet moet met sy hand op sy heup slaan. Dit is die oosterse teken van rou! Én daarby moet hy skreeu en huil. Die swaardlied, die oorlogslied kan tog nie sonder geskreeu en gehuil en angs wees nie! En so is die lied dan ook hier. Kortasemige geskreeu word daarin geuit, en kort is die verse ook! Want dis die swaard van die HERE teen die volk van die Here. Dis ŉ geskreeu van die volk maar tegelyk ŉ weeklag van God oor sy verbondsvolk. Maar dit sal gebeur; want wie die Here smaad, sal die smaad van die Here oes. Die derde strofe (verse 14-15a) sing die profeet terwyl hy hand teen hand slaan om met die handbeweging die maatslag van die bliksemende heen-en-weer-beweging van die swaard aan te gee. So word die verwoestende swaardslag verdubbel, verdrievoudig. Want die swaardslag word in die lied nie net voorspel

nie maar in die handslag verwerklik. Om die swaard sal dit soos ŉ slagbank wees. Voor die oorlog sal elke hart versmelt. Dit sal ŉ slagting wees, ŉ verdelgingsoorlog waaraan niemand sal ontsnap nie.

Want, geliefdes, in die vierde strofe (verse 15b—17) bereik die swaardlied sy hoogtepunt: dis die swaard van die Here! Nie meer die profeet nie maar die Here self slaan hand teen hand om die slagting van die swaard, as swaard van die Here, uit te beeld.

So is die komende oorlog reeds ŉ feit, want dit is deur God besluit. So is die komende oorlog, wat Nebukadnesar teen Jerusalem voer, ŉ oorlog eintlik nie van Nebukadnesar nie maar van die Here self teen Juda! So verrys agter die oorlogsbedrywighede die Here God Self, as die almagtige strydersoldaat met sy blinkgewette swaard teen Juda en Jerusalem.

So verkondig hierdie profesie dat die God van die geskiedenis, om Wie se Naam teen die wil en dank van die mens alle gebeurtenisse sirkel, die beskikker is ook oor die oorlog! Nebukadnesar kan teen Juda nie oorlog maak as die Here God Self nie deur hom met Juda oorlog maak nie. God is en bly God by elke gebeurtenis. God is en bly God ook oor elke oorlog. Oorlog kan daar nooit wees buite en sonder Hom nie. Oorlog is ewe-eens ŉ uitvoering van Gods Raad. Gods Naam is dit wat soos aan die wêreldgeskiedenis, net so ook sin gee aan die oorlog. Ook die oorlog is dan ŉ wêreldgebeurtenis wat om Gods Naam heensirkel. En dan wel rondom God as *Verbonds-God.* Want só staan daar: "En alle vlees sal weet dat *Ek, die HERE* my swaard uit sy skede getrek het". Die oorlog op die wêreld kan dus na sy sin en betekenis eers verstaan word as dit in verband met Gods Verbondsnaam gesien word. Sodat nie net jou os, jou esel, jou akker, jou winkel, jou wetenskap, jou kerk, jou erediens, jou politiek nie maar ook oorlog ŉ verbondsaangeleentheid is, wat van die Verbonds-God nooit losgemaak mag word nie.

Dit is verder ŉ Nuwe-Testamentiese gedagte, geliefdes, dat oorlog ook nooit van die Christus los te maak is nie. Ook oorlog is ŉ feit, ŉ gebeurtenis waarin die Christus, die seëlbreker en uitvoerder van Gods Raad, besonderlik geken moet word. In Openbaring 6, by die oopbreek van die seëls, ry die wit perd, dit is die Christus, die Woord van God, voorop as die leier, en dan volg die rooi perd (oorlog) Hom as ŉ agterryer, as ŉ dienskneg; net so ook die swart perd (pes) en die vaal perd (honger). Die oorlog is ŉ mag wat van bo kom en wat deur die hemele beheers word. Want vir hom wat op die rooi perd sit, is *dit gegee* om die vrede weg te neem van die aarde en dat hulle mekaar sou doodmaak; en aan hom is ŉ groot swaard *gegee!* Dit is die profesie oor die oorlog. Dis ŉ saak wat deur God beskik word.

En as ons ons hieraan moet toets, dan is oorlog vir ons tyd ŉ aangeleentheid van die mens alleen. Ons praat heeldag teenoor-mekaar wat Hitler, Chamberlain, Mussolini, Stalin en dié mense sou doen, en dan hou ons nie die minste rekening met die Verbonds-God en Jesus Christus onse Here nie. Ons eeu is al gewoond om die Here God uit die lewe, uit die boerdery, uit die besigheid en met name uit die politiek uit te hou en slegs in die kerk ŉ plekkie te gee. Nou ja, ons doen dit konsekwent, tot selfs in die oorlog. Die twintigste eeu wil met God nie rekening hou nie; nie in die politiek nie en ook nie in die oorlog nie. Dis ŉ wrede aangeleentheid van heerssugtige mense, sê ons! En, gelief des, as ons God, onse Here Jesus Christus en die verbond van God ook in die oorlog nie wil ken nie, dan loën ons die God, die Christus van die Skrifte, wat met die oorlog alles te make het. Wie hierdie profesie loën, maak soos die ballinge wat gesê het: "Hierdie profesie is bedrieglike waarsêery!" En al het hulle nog so baie ede gehad, offers en dienste, waar hulle die profesie loën dat God die oorlog beskik, daar loën hulle met hulle ede en al die Verbonds-God. Ons moet nie dink ons is vroom as ons godsdiens hou, kerk toe kom, sakramente gebruik maar God en Christus uit die politiek en uit die oorlog wegredeneer nie.

Feit is dat oorlog, volgens die profesie, deur God beskik word. En as die twintigste eeu met sy humanistiese vrede-bewegings kom, dan word dit ŉ sistematiese loëning van God. Dis ŉ vroom en humanistiese wyse van Godloëning en Christusverwerping. So-iets leer die profesie nêrens. Hierdie dwaling lê ten grondslag aan die lewensisteme wat die mens voorstaan. Daar is nou die Marxistiese sosialisme wat sê dat die lewe *beheers word* nie deur God nie — want Hy bestaan vir hulle nie — maar deur die sosiaal-ekonomiese omstandighede en verhoudinge; en as die produksiemiddele gesosialiseer word, dan sal daar ŉ ewige heilstaat van liefde en vrede aanbreek, waar geen oorlog en haat meer sal wees nie. Dan sal ons ŉ moraal kry wat hoog staan en ŉ soort paradyslewe sal meebring. Of dit word betoog dat die mens deur evolusie, deur beskawing so hoog sal styg dat hy nie meer so dwaas sal wees om oorlog te maak nie. En op dié wyse word hierdie profesie wat God as die besteller van die oorlog leer, verwerp as Ou-Testamenties, wreed en uitgediend. Nee, gemeente, as die Here onse God, as die Here Jesus Christus, nie ons God en Verlosser, kan wees, in lewe en dood, na liggaam en siel, in kerk en politiek, in vrede en oorlog nie, dan sou ons aan Hom niks hê nie. Dan sou Hy ook nooit die ware God kan wees nie.

Daarom, ook in die vreeslikste oorlog moet ons Gods uitgestrekte Hand sien, voor Hom buig, Hom aanbid en bely!

Ons hoor ook so vroom sê: dis maar net die politici, diktators wat oorlog wil hê, die volke begeer nie oorlog nie! — Dis ŉ leuen. As die volke nie oorlog wil hê nie, dan sal hulle Gods heilige wet bewaar en lewe na sy Woord! Dan sal hulle die Christus aanhang en bely! Maar hoe kan hulle in die sonde lewe, ongeregtigheid pleeg, die Christus en sy dienste verwerp en dan heel vroom betoog: die volke wil nie oorlog hê nie? Hoe kan mense ŉ vredestempel wil stig sonder om onder Gods absolute wet en evangelie te wil buig? Die mensdom is soos Israel elke dag besig om stryd te voer in hulle harte, gedagtes en werke teen die Here God. En as die HERE die mensdom dan met oorlog teëkom tot hulle bestrawwing; as die Here God sy swaard uit sy skede trek, dan betoog die mensdom heel gelate: nee, die mense wil nie oorlog hê nie. Dis maar net die diktators. Selfs die empire is dan ook te heilig om ooit oorlog te wil hê, terwyl hy soos ŉ groot slang gekronkel lê oor die wêreldgebeure heen!

*Oorlog, oorlog!* Dis die swaard van die Almagtige God, blinkgeskuur, skerpgeslyp om slagting aan te rig onder afvallige mense! Oorlog, oorlog, dis die agterryer van ons Here Jesus Christus. Dit kom, dit kom so seker as wat die Christus kom om al sy verwerpers plat te slaan! Oorlog kom, oorlog kom!

II.

Maar langs watter weg? Hierop moet ons noodsaaklik let in die tweede plek. Ook dit het die profeet berig! Vooruit berig! Eségiël moes op die grond met ŉ stokkie ŉ pad teken wat uit een land, naamlik Babel, kom maar ŉ pad wat hom in twee paaie splits en in verskillende rigtings uiteengaan. En elke rigting moet met ŉ handwyser of, soos veelal vandag skertsend gesê word, met ŉ predikant, ŉ padwyser, aangegee word. Die een handwyser wys: pad na Jerusalem; die ander: pad na Rabba van die kinders van Ammon. En daar kom Nebukadnesar, die swaard Gods, nou met die pad aan. By die kruispunt bring hy sy leërmag tot stilstand. Hy is nog onseker watter van die twee paaie hy nou moet kies. Sal hy met die pad na Jerusalem opruk of met die pad na Rabba, die hoofstad van die Ammoniete? Want, sien u, geliefdes, Jerusalem en Rabba was toe die twee vernaamste opstokers teen Babel. Die Siro-Palestynse Statebond met sy anti-Babelpolitiek het hoofsaaklik van Rabba uitgegaan. Dit het Sedekia ook in dié rigting beïnvloed. Dus wil Nebukadnesar Rabba ook straf.

Maar ook Jerusalem moet deurloop. Want hoewel Jerusalem by monde van Sedekia gesweer het en telkens weer plegtig sy onderwerping beloof het, is Jerusalem al die tyd in die

geheim besig met ŉ reorganisasie-politiek (die wortels van die druiwestok) en word in die geheim dan met Egipte en dan met die Palestynse vorste geknoei.

Watter pad sal Nebukadnesar nou kies? Hy staan op die tweesprong! Hy is ŉ heiden, en daarom kan hy die HERE nie vra nie, hoewel hy hier deur die Here beskik is!

Daarom gryp hy na sy gode: waarsêery en fortuinvertellery. Hy begeer om onder die beskermende hand van sy gode te gaan. Hy is met al sy towerkunste nog ŉ beskamende voorbeeld vir Israel, wat hulle Verbonds-God se profesie ook in die stuk van oorlog in die wind slaan; ŉ beskamende voorbeeld vir menige Christen en Christen-owerheid wat beslissinge neem, sonder om na Gods Woord te vra.

Op drie verskillende maniere soek Nebukadnesar om die wil van die gode te ken: (1) Hy skud die pyle. Twee pyle word in ŉ pylkoker gesit met die naam van Jerusalem op die een en die naam van Rabba op die ander pyl. Nadat die pyle geskud is, neem hy met sy linkerhand die een en met sy regterhand die ander. Hy sal die pad kies van die stad waarvan die naam op die pyl in sy regterhand is. (2) In die tweede plek sit hy die *terafim*, die mombakkies van sy god, op die gesig van die priester, deur wie die godheid dan te kenne sou gee watter pad hy moet volg. (3) In die derde plek het hy die lewer van ŉ pasgeslagte skaap gevat en dit aan ŉ noukeurige ondersoek onderwerp. Aan die bepaalde bou van die lewer as die setel van gevoel word dan tal van aanwysinge ontleen van wat sal geskied.

Hierdie orakelraadpleging voorspel Eségiël lank voordat Nebukadnesar nog op Jerusalem afgemarsjeer het en lank voordat Nebukadnesar self geweet het wat hy gaan doen. En daarby profeteer die profeet dat, as Nebukadnesar die pyle skud, dan sal die pyl waarop Jerusalem geskryf staan, met die regterhand gevat word, sodat Jerusalem se lot beslis is. Die optog sal dus die pad met die handwyser na Jerusalem kies. Nie om Rabba sal die krygsgeskreeu in benoudheid klink nie maar rondom Jerusalem. Die oorlogsweg beskik God op Jerusalem af.

So staan selfs die heidense orakels onder Gods bestuur — nie die pylkoker, die terafim en die lewerorakel beslis of voorspel die oorlog nie. Nee, God en Hy alleen beslis hoe dit sal gebeur. Laat die heiden dan hierdie dinge raadpleeg, maar laat die gelowige hom tot die profesie wend. Dit was juis die sonde van die ballinge dat hulle gesê het die profesie is ŉ bedrieglike waarsêery.

Sien u, gemeente, dis juis Israel se gruwels dat hy wet en profesie verwerp, al eeue lank, en hom hou aan ŉ eie uitgewerkte soort vroomheid en ook agter hierdie vroomheid van hom wil skuil.

Israel voer oorlog teen God deur gedurig sy woord en wet te verwerp. En nou beskik God oorlog, nou trek Hy sy swaard uit sy skede, nou strek Hy sy arms uit om kryg te voer teen die afvallige verbondsvolk. Nou beskik God dit so dat die oorlogspad op Jerusalem afgaan.

Want sien u, geliefdes, dis wel God en Hy alleen wat verbondmatig en deur Christus aan sy regterhand die oorloë beskik, maar dit beteken nog nie dat God soos die ou heidene se gode, ŉ oorlogs-God is wat somaar net deur oorlogstemminge, deur oorlogsgrille beheers word nie. Nee, God is ŉ heilige en regverdige Verbonds-God, wat in Christus Jesus die wêreld, wat anders verlore was, kom opsoek het na sy alwyse Raad om dit te verlos na sy genade verbond. En God beskik oorloë alleen wanneer in die eerste plek sy verbondsvolk sy verbondswoord verwerp. Dan stuur God oor sulke afvallige verbondsbrekers oorlog as ŉ straf op die verbondsbreuk. En in die tweede plek stuur God oorloë oor die nasies wanneer hulle teen sy verbondsraad handel wat Hy tot heil van sy uitverkorenes bestel het. Dis die oorlogspad! Eers reguit na die afvallige Jerusalem, dan pas na die opstandige Rabba! Eers oor die vervalste Christelike Kerk en dan pas oor die wêreld. Eers oor die afvallige, louhartige Christendom en dan pas oor die wêreldling. Ja, wie is dan die oorlogsoekers? Nie die ongelowige wêreldlinge

nie maar die afvallige kerk, die verbondsbrekers wat laggend deur die wêreld gaan en geniet en geluk soek en skatte insamel maar hom of haar nie steur aan God se ewige Woord en wet nie. Die mens wat God en Christus loën in die wetenskap, in die handel, in die sakewêreld, in die politiek en diplomasie en oorlog maar Sondags weer vroom in die kerk kom sit; die mens wat ŉ Christen wil wees maar wet en profesie verwerp en ŉ soort vroomheid aankweek, dis hierdie soort mens wat God so vertoorn dat Hy opstaan as die almagtige Soldaat, sy swaard uitruk, hom blink skuur en skerpmaak vir die oorlog teen dié soort louhartige, afvallige Christen wat lag-lag die lewe geniet en doen wat hom behaag. En verder hou elkeen hom of haar aan ŉ eie styl van vroomheid. Dit alles kan ŉ mens darem doen, nie so bekrompe wees nie, maar daardie nare, groot gruwels mag net nie gedoen word nie. Dis die moderne mens se *moraal!*

En as die oorlog kom, dan hoor jy vroom en gelate die praatjies oor die wêreld! En God se oordeel wat oor die wêreld kom. Dan ken ons net een weg van Gods oordeel, en dis "natuurlik" die wêreld. En dit gaan reëlreg na die wêreldstad, na Rabba, na Moskou, na Parys, na Londen, na Berlyn.

Nee, Gods Woord leer ons dat Gods oordeelsweg een is, maar hy splits in twee: een na die wêreld en wêreldstad maar die ander na die Jerusalem, die afvallige stad, na die verwêreldlikte kerk. En eerste word die pad gekies na die afvallige kerk en die verbondsbrekers wat nie na Gods verbondswoord wil luister nie. Eers sal Wes-Europa instort en dan pas die heidense Ooste. Eers sal die bees onder die vervalle Christendom opstaan met mag om oorlog te voer, en dan pas sal die Gog en die Magog uit die heidene gemobiliseer word. Ja, so staan dit hier in die profesie. So staan dit in Openbaring van Johannes. Maar waarop sal die gevalle Christen hom beroep? O, op sy vroomheid! Natuurlik! Ewe gelate soos die ballinge. Ons het plegtige ede gesweer! Ons is tog darem Christene! Ons het tog darem ŉ Bybel! Ons het ook kerke! Ons, ja, ons voer tog darem ŉ eerbare lewe, veral voor die mens se oog!

Maar soos Sedekia is ons groot skelms! Hy sweer plegtig heilige ede en herhaal dit voor Nebukadnesar. Maar as hy daar omdraai, dan voer hy onderduimse, agterbakse knoeiery met Egipte in die geheim. Ons kom hier in die kerk, aanbid Gods Naam herhaalde male, maar as ons hier omdraai, dan sit ons in die stilte ons planne deur, dan organiseer ons weer in die nag, soos Sedekia. Dan is dit weer ons ou god, ons organisasie. Dan sê Gods profetiese Woord vir ons niks nie! Is dit nie so nie? Dit is so. Dit is Christusverwerping. Dis loëning en miskenning van ons groot Profeet en Leraar Jesus Christus. Dis ŉ bedroewing van sy Heilige Gees wat Hy gestuur het om ons te leer, te lei en indagtig te maak, nie sekere leerstukke nie maar alles wat Hy gespreek het. Die afvallige vrou wat die swaarste kry in die oorlog, is medeveroorsaker van oorlog. Sy jaag God se toorn op.

Maar laat ons onthou God se Verbond is omring van heilige ede deur Homself gesweer. Elke oortreder van sy Verbond en veragter van sy ede, sal Hy in die ban doen — oorlogsban. Want u en ek is verplig onder eedswering by God om dié God, Vader, Seun en Heilige Gees aan te hang, te gehoorsaam en lief te hê van ganser harte, van ganser gemoede en met alle kragte, die wêreld te versaak, ons oue natuur te kruisig en in ŉ godsalige lewe te wandel na sy onfeilbare Woord.

En wie dit nie soek en begeer en doen nie, stel God uiteindelik onder die oorlogsban.

Maar elkeen wat hom hieraan hou, sal God bevry, al mag die vuur van die oorlog oor hom gaan, al mag die berge wyk en die heuwels wankel, maar nooit God se Verbond van vrede en heil tot in ewigheid nie.

O, maar as ons oorlog sien, dan moet ons nie met die vinger wys nie. Dan moet ons liewer ons hand in ons boesem steek. Dis die afvallige kerk, die afvallige, die ongehoorsame lidmaat

se sonde!

Oorlog kom, oorlog kom, en sy weg rig God reg op die afvallige kerk. Puinhope, puinhope, puinhope! Jesus Christus is nie daar om mee te speel soos met u ou skoothondjie nie, liewe Jesus om humanisties aan jou hart te druk nie, Wat net liefde en vrede in die wêreld ken nie. Nee, Jesus Christus kom net op ŉ oorlogsperd met pyl en boog, met swaard en spies, met masjiengeweergeknetter en kanongebulder. En dis Hy en Hy alleen wat oorlog kan beëindig; Hy alleen wat oorloë sal kan laat ophou; Hy alleen wat baas is en reg het op die puinhope. Ja, daar staan dit (vers 27): Oorlog, oorlog, puinhope, puinhope totdat die Christus sal kom wat daarop reg het.

Jesus Christus wat kom — dis die enigste ligstraal in hierdie oordeelsprofesie, maar dan ook net vir diegene wat waarlik in Hom glo, wat Hom lief het, wat sy barmhartigheidsdiens in hierdie wêreld uitvoer en voor Hom in aanbidding buig.

Dis die enigste Evangelie wat ek vir u kan preek. Moet tog nie steun op Engeland nie. Moet tog nie vrees vir Italië nie. Vrees God, glo in Jesus Christus! Hy en Hy alleen is ons Heiland van liggaam en siel, vir tyd en ewigheid, in vredestyd en in oorlog. Hy wat kom, wat daar ook reg op het, aan Hom is alle mag gegee.

**AMEN.**

## AF DIE KROON!

**LEES**: *Eségiël 21:25-32.*

**TEKS**: *Eségiël 21:26.*

ONS het in die vorige deel van die hoofstuk gesien, geliefdes, dat oorlog ŉ beskikking van God is. God is ŉ heilige en regverdige God wat die wêreld liefhet in sy Seun Jesus Christus, en oorlog is ŉ strafekspedisie Gods teen die verbrekers van sy heilige verbond, teen die loënaars van die Christus en die oortreders van sy wet en wel so dat die oorlogsweg eers langs die afvallige en vervalste kerk langs loop en daarna pas bedoel is om die wêreldmens te tref. Eers oor Jerusalem en dan pas na Rabba van die kinders van Ammon.

Maar, geliefdes, daar is nog ŉ verdere gedagte in hierdie Skrifgedeelte wat ons noop om daarop terug te kom. Hierdie profesie is nie net ŉ profesie oor die volk van Juda en van Ammon nie maar uitdruklik ook oor die koning van Ammon en oor koning Sedekia.

Ten opsigte van die koning van Ammon staan daar: *Aan jou sal nie meer gedink word nie.* Net soos Ammon as volk uitgedelg sal word, net so sal daar nooit meer ŉ Ammonitiese vors op die troon kom nie. Ewige nag dus vir die Ammonitiese volk en vors! En van Sedekia geld dit: So sê die Here HERE: Die tulband moet weg, en die kroon moet af! Af met die kroon! God sit nie net as Hoofregter tussen die regters nie, maar God is dit ook wat vorste op die troon plaas en onttroon, wat regerings op die stoel plaas en uit die stoel uitwerp.

By hierdie gedagte bepaal ons u nou.

♦ ♦ ♦

Weg met die tulband! Af met die kroon!

Met die tulband word bedoel die mus of hoed van die hoë-priester waarop geskryf was: Heilig aan die Here. En met die kroon word bedoel die vorstelike onderskeidingsteken. Met hierdie patetiese uitroep: Die tulband moet weg en die kroon moet af, bedoel die profeet dat altaar en troon, priesterskap en koningskap, die twee suile van Juda se teokratiese ryk, uit

Jerusalem sal verdwyn. Nie lank meer nie en dit sal klaar wees met die heerlikheid van die ou Dawidsryk. Die einde kom soos ’n ramp: Sedekia, die laaste vors van Dawid se huis, sal in ballingskap weggevoer word. Sy twee oë sal uitgesteek word. Jerusalem sal ’n rokende ruïne wees — puinhope, puinhope, puinhope maak Ek dit, sê die Here.

Maar op die ondergang volg dat dit nie by die puinhope sal bly nie. Ja, aan Ammon se troon sal nooit meer gedink word nie. Maar om Gods ewige verbond ontwil is daar ’n tydstip gestel vir die puinhope van Jerusalem, ’n tydstip vir die ontkroonde Dawidshuis. Die puinhope sal bly; die ontkroning, die vorstehuis sal net duur totdat Hy kom wat daarop reg het. Aan Hom, sê die Here, sal Ek dit gee! Hier word teruggegryp na die profesieë van Jakob in Genesis 49:10: die septer sal van Juda nie wyk nie totdat Silo kom. Die woord “Silo” word hier nader verklaar, sodat dit beteken: totdat Hy kom wat *reg het* op Jerusalem wat ’n puinhoop is, en op die kroon wat afgewerp is. Hy, die Silo wat kom, het reg op die vernietigde Dawidsryk met die vernietigde Dawidstad. Hy wat daar reg op het, sal die puinhope beëindig en alles weer nuut maak (Openbaring 21:5). Op Jerusalem se ingestorte puin word die lig van Bethlehem ontsteek. So ontgloor in die donker nag die lig van Jesus, ’n lig tot verligting van die nasies en tot heerlikheid van sy volk Israel (Lukas 2:32).

Maar dit staan dan vas: puinhope *totdat Hy kom!* Tulbande weg en krone af *totdat* Hy *kom!* Waarom moet dit dan so? Is dit somaar willekeur by die Here God? Doen Hy dit somaar omdat dit Hom lus! Sou Sedekia heel kalmpies kan gesê het: Dit was die wil van die Here; dit moes maar so kom, en homself daarmee geregverdig het?

God bou op die puinhope; God regeer by omgestote trone en afgeworpe krone. Dit moet so, dit kan nie anders nie; want die ryk van Jesus Christus is nie ’n verlengstuk van dié van Sedekia nie, maar dis ’n nuwe begin. Jesus Christus is nie die opvolger van Sedekia met sy reorganisasiepolitiek nie, maar Hy is die Stigter van die koninkryk van die hemele. Sedekia is nie die Alfa en Jesus Christus die Omega nie. Sedekia se rykie moet tot die grond toe afgebreek en in puin gelê word; Sedekia se ou kroontjie moet in die stof neergeslinger word. Dit moet! Want die Silo, die Reghebber, die Regverdige, die Vors Gods gaan nie bou op Sedekia nie, en Hy, die Christus, gaan erf sy koningskap nie van hom nie.

Want wat was Sedekia? Daar staan dit wat die Here van hom sê: En jy, onheilige, goddelose, vors van Israel, wie se dag gekom het en die tyd van uiteindelike afrekening. In godsdienstige opsig het hy die afgodery in Israel bevorder. Hy het daar sy hart op gesit dat die klipaltaar na heidense model voor die tempel sal staan en die koperaltaar opsygeskuif sal bly staan. Hy het die bloed van Christus opsy gestoot vir afgodsofferandes. Hy was nie ongodsdienstig nie maar afgodsdienstig. Die priesters moes met die tulband om heel vroom ook vir die ander gode offer — samesmeltingsgodsdiens.

En op *maatskaplike gebied* het hy nie geregtigheid nie maar ongeregtigheid met geweld gepleeg. Toe die nood hoog was, het hy toegestem dat die Joodse slawe vrygelaat sou word, maar toe die nood weer verby was, het hy hulle slawe gehou. Die land was vol geweld. Alles met dwang! Op politieke gebied roep hy die Naam van die Here aan voor Nebukadnesar maar in die geheim voer hy ’n reorganisasiepolitiek en knoei met die koning van Egipte, met die grusaamste miskenning van die Naam wat hy so pas aangeroep het. Godsdiens en politiek het hy saamgespan net vir sover dit sy reorganisasiepolitiek te pas gekom het. Anders stoot hy die godsdiens apart.

Teen die profesie en die profeet van die Here, teen Jeremia, het hy standpunt ingeneem, omdat Jeremia sy reorganisasiepolitiek bestraf het, en gesê: weg met Jeremia, tot in die put, weg met hom en met sy profesieë! Maar toe laat die Here die ander profeet, Eségiël, aan die Kebarkanaal uitroep: weg met die tulband, af met die kroon! Want op so ’n samesmeltings-

fondament bou die komende Christus nie. So ŉ samesmeltingsorganisasie kan die koninkryk van Jesus Christus nooit dien nie. So ŉ samesmeltings-priesterskap (tulband) en so ŉ samesmeltingskoningskap (kroon) kan die komende Christus (Silo) nooit dien nie!

Die tulband moet weg! Die kroon moet af! Die stad en ryk moet in puin gelê word; moet tot die bodem afgebreek word!

Ja, dit sê die Here. Dit roep die profeet uit! Maar moenie glo dat Sedekia en sy aanhangers dit ooit ook wou sê nie. Tot die laaste toe het Sedekia met sy aanhangers aan hulle organisasie bly vashou. Die Here sê: puinhope, puinhope, puinhope met jou onheilige, goddelose organisasie. Maar hulle hou vol: reorganisasie, reorganisasie, reorganisasie! En hulle het met hulle reorganisasieskema en al naderhand na Egipte gevlug, maar nooit wou hulle berouvol erken nie: Here, dit moet verderf word! Hulle het met hulle reorganisasie binne-in Egipte gesterf, maar ingee sal hulle nie. Laat Silo, laat Hy wat daar reg op het, laat Jesus Christus by hulle kom aansluit; laat Hy op hulle onheilige, goddelose samesmeltingsfondament voortbou; dit is tog reg!! Hulle sal nie op die profesie, op die Messias bou nie. Nee, Hy moet op hulle bou. Hy moet aansluit by hulle organisasie. Hulle is die Alfa en Hy die Omega. Daarom dat die Here teen die hardnekkigheid sê: Die tulband *moet* weg! Weg met dié soort samesmeltingsgodsdiens! Die kroon *moet* af! Weg met dié goddelose vermengingspolitiek!

God bou nie op die knutselwerk van sondige mense nie. God gaan nie uit van die knoeiwerk van die mens nie. God breek dit af, verwoes dit; en nadat Hy dit in puin gelê het, begin Hy opnuut te bou. God bou op die puinhope. Ook in ons lewe van vandag! U moet tog nie dink dat onse Here Jesus Christus ons onheilige, goddelose knoeiwerk voortsit nie! Nee, Hy breek dit af, lê dit in puin en maak ŉ nuwe begin.

Hy roep u en my *persoonlik* toe: weg met die tulband, af met die kroon!

Ag ja, die tulband wat ons ombind as ons nou wil vroom wees: dan gaan ons kerk toe, of Nagmaal toe. Nou: heilig aan die Here! Moet nie nou van sake van handel en markte praat nie! Dis wêreldsgoed! Moet nie hier van die vuil politiek praat nie. Ons het ons tulbande om. Ons lê plegtige ede af! Vroom mense! Jesus se bloed het niks geheilig nie. Nie die sakewêreld nie, ook nie die politiek nie. Ons tulband, ons vroom gebare — ja, dié maak dit hoogheilig. As ek vir ŉ saak gebid het, laat dit nou net so onskriftuurlik wees as wat dit wil, laat dit maar vloek met die profesie, maar ons het nou daarvoor gebid en daarom is dit ŉ heilige saak. Dis duidelik! As ons bid vir eenheid — al is dit nou ook nog so ŉ onskriftuurlike eenheid — dan is dit ŉ geheiligde eenheid. Christus se eenheid deur sy heerlikheid geld dan nie! (Johannes 17). Daarom dat die Here aankondig: puinhope, puinhope, puinhope sal Ek dit maak. Dit vloek met die Christus.

En nie net met tulbande nie, nee, ook met kroontjies loop ons rond! Gekroonde koninkies wat elkeen beter weet as Koning Jesus Christus hoe om te regeer. Teenoor sy instellinge en verordeninge roep ons ons eie organisasietjies in die lewe. En ons eie ekkie, dié is nie klein nie! Ek weet, ek kan, ek sal, ek wil en ek gaan ook! En ons byt op ons tande: ek sal waaragtig nie ingee nie — nes Sedekia. Ons ou ekkie wat so graag ŉ kroon dra en wil koning kraai, is presies net so goddeloos as Sedekia s'n. En solank as wat my ek ŉ kroon dra, onderwerp ek my nie aan Jesus Christus en sy heerskappy in my lewe nie. My ek is net soos dié van Sedekia: antigoddelik, anti-christelik en selfsugtig, wreed, dierlik, egoïsties, dra die kieme en soms selfs die vrugte van goddeloosheid in hom. Hierdie ek wil vertrap, wil met die elmboog werk en alles vir hom opeis.

En met hierdie ek sluit Christus nooit ŉ kompromis nie. Dis óf ek koning óf Hy koning. Daarom dat God sê die kroon *moet* af. Die ekkie *moet* onttroon word, *moet* verneder en verbrysel word, voordat hy ŉ onderdanige dienaar kan word. Puinhope, puinhope, puinhope

moet hy word. Daar moet niks oorbly nie. Die ou mens moet nie net gekruisig nie maar gedood en begrawe word. Dit moet ŉ volledige teregstelling wees sonder pardon. Die oë wat ŉ struikelblok is, moet uitgetrek word nes Sedekia se twee oë uitgesteek is. Die hand en die voet wat struikelblokke is, moet afgekap word, nes Sedekia se seuns wat voor hom geslag is. Die koninkryk van God eis ŉ volledige afbraak van die mens tot ŉ puinhoop.

O, gemeente, daar is geen pynliker saak as om ŉ dienskneg van Jesus Christus te wees nie, want al wat vir jou, arme ou mensie, dierbaar is, moet dan eers in puin gelê word! Maar daar is dan ook weer niks heerliker as om ŉ dienskneg van Jesus Christus te wees na die nuwe mens nie. Want die Here Jesus het tog reg op u, reg daarop dat u ou mens in puin gelê sal word, reg op u lewe, reg op u goed en reg op u kinders, reg op u lewenshouding en op alles. En dan sê die kind van die Here: Jesus Christus *moet* as Koning heers, ook in my lewe; sy wil is my wil, en waar my Here en Koning sal wees, ditsy ten lewe, ditsy ten dode, daar sal ek ook wees as sy kneg. Dit is dan nie gedwonge diens nie maar liefdediens.

En nie net in ons persoonlike lewe gaan dit so nie, ook in ons maatskaplike, kerklike en politieke lewe. Hierdie profesie verkondig vir elke sosiale, kerklike en politieke lewe waar gehandel word soos Sedekia gehandel het: Die tulband moet weg en die kroon moet af! Wie in die maatskappy, in die kerk of in die politiek ŉ eie soort vroomheid daarop wil nahou, moet weet dat daar geskrywe staan: Die tulband moet weg. Dié vroomheid sal God nie net ontmasker nie, maar Hy sal dit letterlik ruïneer en tot puin maak. En dis vir ons twintigste eeu om na te gaan wat vir ŉ tulband ons omgebind het; wat vir ŉ soort vroomheid en godsdiens ons daarop nahou. Ons het ŉ tulband wat ons verlaag het tot ŉ soort terafim (huisgod), ŉ geestelike masker, ŉ kerkgebouvroomheid. Ons sit dit op as ons na die kerkgebou gaan. Dan wil ons erg vroom wees, heilige ede! Eg Sedekiaans! So het Sedekia gemaak! Maar as hy daar omdraai, dan is dit geheime knoeiery, reorganisasiepolitiek waarin hy hom om Gods Naam nie die minste bekreun nie. Dan sit hy sy eie kroontjie weer op. Daarom dat die Here sê: Weg met dié soort vroomheid. Die Here sal dit met die oorlog in puin lê, dit wegveeg sodat nie langer op dié manier deur die twintigste-eeuse mens na die kerk gegaan sal word nie. Aan die masker-godsdiens, die kerkmuisgodsdiens sal God ŉ end maak.

Wee die arme mens wat soos Sedekia hardnekkig daarin volhard. Puinhope! En veral in die politiek! Ag, hier wil elkeen koning wees en lakens uitdeel en ook reg hê. Soos Sedekia: politieke koninkies, politieke kroontjies waaraan die profesie nie mag raak nie! Kroontjies wat teenoor Koning Jesus Christus gehandhaaf word. En daarvoor organiseer ons, reorganiseer ons. En aan die organisasie om ons kroontjies mee te stut, kleef ons vaster as aan die Bybel. Ons sal alles wil prysgee maar nie ons politieke organisasie nie. Daarop is ons erg gesteld; daaroor is ons fyngevoelig en liggeraak. En vir hierdie Christus-vyandige organisasie wat ŉ kroon voor dié van Koning Jesus Christus wil hê, sê die profesie: af met die kroon! Puinhope, puinhope, puinhope! Af van die troon, ontroue Christen vors. Af van die stoel, ontroue Christelike ministerie. Slaan die organisasie in duie, net met die eerste geruggie van oorlog. Met oorlog sal God hom vergruis.

En wat maak ons nou dat die ministerie van ons organisasie van die stoel is en ons organisasies verfrommel is? Sedekia en sy volgelinge is ook nog onder ons! Ons sit weer ŉ *tulband* op. Ons sal nou vroom wees! Ons skuil vroom weg agter die wil Gods. As die Here dit stuur, kan niemand dit keer nie! En ons, wat het ons gedoen? Bely ons ons sonde? Ons neem ons voor om nie meer te twis nie. Goeie voornemens. Heilige ede! Maar “die pad na die hel is geplavei met goeie voornemens!” Ons moet allereers met berou kom, met gebrokenheid van hart en verslaenheid van Gees. Ons moet kom soos ŉ puinhoop en sê: Ag, Here Jesus, wees u tog die Alfa en die Omega, die begin en die einde, die eerste en die laaste. Maar in plaas daarvan hou ons die wag oor ons ou organisasies! Ons ou organisasie met alles en alles, ook

selfs sy naam, wil ons red. Ons wil hom behou, al vlug ons daarmee ook na ŉ Egipte soos Sedekia se volgelinge.

Ons het spyt, bitter spyt dat dit so in puin gestort is. En baie van ons vloek die leiers. Maar wie is daar wat hulle self vloek? Ons skel die regering! Skel ons onsself wat hierdie dinge so georganiseer en so voorberei het? Dis mos ons eie pad wat so op ons kop afkom. Ons hele volk staan skuldig voor God. Daarom dat ons dit aan ons vel moet voel, en dis nog maar heel effens dat die Here sê: Weg met die tulband; af met die kroon!

Maar, gemeente, daar is tog ŉ troos. Ammon se koning kan maar juig. Maar van hom sê die Here: Jy sal uitgedelg word vir ewig. Aan jou sal nooit meer gedink word in ewigheid nie. Jou bloed sal in jou puin gesmoor bly. Maar vir Israel te midde van sy ontrou sê die Here: Puinhope, puinhope, puinhope — net totdat Hy kom wat daar reg op het. Puinhope totdat dit Christus behaag om in sy genade te kom, om alles nuut te maak, opnuut te fundeer, opnuut te bou. Voleindig! Wederkoms! Daarom moet ons nie teen Christus in waak vir ons ellendige ou organisasies nie. Daarom moet ons tot Christus kom, berouvol, gebroke en verslae met die boetbelydenis: Here Jesus, hier is ons in ons puin! Dis *ons sonde,* maar Goddank dis *u puine!* Dit was ons onheilige en goddelose organisasie, maar dis u puin! Dit was die slang se kop, maar U het hom verbrysel. Dis u puine. U het daar reg op. Ons, ŉ puin, werp ons in u hande! Wees U ons Alfa en Omega, ons Eerste en Laaste, ons Begin en ons Einde. Begin U dan tog om ons te heel en te bou! En voleindig U dit tog. Ons behoort aan U. Ons onheilige tulbande het U weggewerp en ons goddelose kroon afgeslinger en ons gekoop met u bloed en ons konings en priesters vir onse God gemaak; en ons sal as konings op die aarde heers, U Naam tot eer en heerlikheid en lof van nou af tot in ewigheid.

**AMEN.**

## JERUSALEM, RYK AAN LAWAAI

(VOORBEREIDING)

**LEES**: *Eségiël 22.*

**TEKS**: *Eségiël 22:5.*

HOOFSTUK 22 bevat Gods akte van beskuldiging teen Jerusalem en Juda. En dis ŉ akte van sulke vreeslike oortredinge en verontreiniginge dat aan die einde van die hoofstuk nadruklik verklaar word dat die oordeel onafwendbaar is, die oordeel naamlik van die oorlog waarvan hoofstuk 21 geprofeteer het. Ons het hier dus ŉ akte van beskuldiging met die opsomming van die *oortredinge* asook die vermelding van die *straf* en van die *oortreders,* met die uitdruklike verklaring daarby dat die straf onafwendbaar is. Die *Beskuldiger* is die HERE God, die troue Verbonds-God Self, deur sy profetiese Woord. Die *beskuldigde* is die stad Jerusalem met sy inwoners en leidsliede, stad wat daarbinne bloed vergiet en drekgode teen homself maak om hom te verontreinig.

Verse 3—5 bevat die beskuldiging: Totale bloedvergieting en afgodery. Haters van God en van hulle naaste! Teen die ganse Wet! Verse 6-16 bevat onder die hoof beskuldiging ŉ opsomming van die veelvuldige oortredinge. Die geheel van die tien gebooie is met die voete oortree. Geen gebod of dis op ŉ opsigtelike, gemene wyse vertrap. Die ganse wet van God is oortree. Lees dit maar na en dink net na hoe verskriklik dit in die stad moes toegegaan het.
Daarom meld verse 17-22 dan ook vir ons die vreeslike straf. Jerusalem sal deur God omgesit word in ŉ smeltoond. Die oorlogsvuur sal God rondom Jerusalem so aanblaas dat die oorgeblewe bevolking van Juda daarin sal saamstroom. En by wat daar in Jerusalem saamstroom,

is nie meer goud of silwer nie. Die hele bevolking is net skuim en bestaan uit nikswerd koper, tin, yster en lood. Dis silwerskuim uit die smeltoond. Hier word dus duidelik van straf geprofeteer. Jerusalem sal nie ŉ smeltoond wees om te louter nie, want daar is nie goud of silwer in om te louter nie. Die oorlogsvlamme sal God rondom die stad aanblaas, bloot om die skuim te smelt.

Dis dan die straf op die oortredinge.

Verse 23-29 sit dan verder duidelik uiteen wie die oortreders is.

1. Dis die vorste wat geweld en onreg pleeg; wat ellendiges, weduwees en wese onderdruk en bloed vergiet, sodat die stad bloedstad genoem word.
2. Dis die priesters wat Gods wette verkrag en ontheilig, tussen rein en onrein nie onderskei nie en hulle oë vir die sabbatte toesluit.
3. Dis die landowerstes, die verskillende beamptes wat soos wolwe is om prooi te verskeur en net winste te wil maak vir hulleself.
4. Dis die profete wat die sondes toesmeer met mooi sussende woorde; die ongeregtigheid soos met kalk witpleister en dan met die leuen voor die dag kom en sê: So spreek die Here HERE, terwyl die HERE deur hulle nie gespreek het nie.
5. En dis die bevolking van die land, wat nes hulle vorste, priesters, owerstes en profete geweld pleeg, roof, onderdruk, lieg en bedrieg.

Die bederf, met name die afgodery, geweldpleging op die sosiaal uitgesaktes, die ontug het tot alle dele van die volksbestaan deurgedring. Dit het in alle stande voortgewoeker. Die verwoesting, sedelik-godsdienstige bederf, was kompleet. So vreeslik is die toestand dat dit met Jerusalem hagliker gesteld was as met Sodom. Want Abraham het tog nog vir Sodom kon bid en pleit, maar die Here het Jeremia, wat nog in die stad was, belet om vir die stad te bid (Jeremia 11:14, 14:1). Die Here wil geen blote pleiter meer vir Jerusalem hê nie, maar ŉ redder wat soos Josia met ŉ kragtige reformasie kan ingryp en die oorsake van die verderf kan wegneem — maar so ŉ *redder* was daar nie meer in die stad nie. Daarom, onafwendbaar moet en sal die oordeel deur die Here op die stad neergelaat word.

Dit is ŉ duidelike en komplete akte van beskuldiging waarteen niks te sê val nie. So is dit!

Tog, gemeente, voel die prediker verleë en onbeholpe om oor die duidelike akte van beskuldiging te preek. Jy sal moet preek oor die oortreding van al die gebooie en in die slykpoele moet indaal — maar op gevaar af dat jy daarin verdrink en die gemeente saam met jou laat verdrink in die poel van oortredinge. In die breedte kan die prediker weer verdwaald raak onder konings, priesters, owerstes, profete en volksmassas en so oor alles spreek en niemand tref nie.

Maar onse HERE het ook hier weer vir die prediking van hierdie Skrifgedeelte gesorg op ŉ heerlike wyse, deurdat Hy die hele profesie saamvat in ŉ enkele frase! Die hoof beskuldiging, die totaalbeskuldiging teen Jerusalem staan opgesom in vers 5, waar die stad genoem word: o onreine van naam, vol van rumoer! Jerusalem, ryk aan lawaai! *Jerusalem, lawaaimaker!*

By hierdie gedagte wil ons u aandag bepaal met die oog op die voorbereiding!

Jerusalem, vol van rumoer; Jerusalem, ryk aan lawaai; Jerusalem — ŉ lawaaimaker! Die twee: Jerusalem en “lawaai”, pas nie bymekaar nie. Lawaai — dis ŉ woord wat ook eintlik nie op die kansel tuishoort nie. Lawaai verplaas ons gedagtes nie na ŉ kerk nie, nie na ŉ kansel nie maar na die losbandige wêreld. Om met lawaai-dinge van die kansel tot die gemeente

te kom, is vir ons gevoel stuitend. Ja, gemeente, maar ons moet nie van ons vroom inbeeldinge uitgaan as ons die profete ter hand neem nie. Eségiël het nie geskroom om Jerusalem met die tekenende naam "lawaaimaker" te noem nie. Met hierdie naam vat hy die beskuldiging teen Jerusalem in ŉ hoofsom saam! Dit is jou beskuldiging, o Jerusalem, dat jy in plaas van ŉ stad *Gods ŉ* stad van lawaai is; in plaas van ŉ stad van *lofsang* en *gejubel, ŉ* stad van *aanbidding, ŉ* stad van lawaai; in plaas van ŉ stad van stille gemeenskap met God rondom die heilige tempel met sy voorhowe vol heilige priesterskare ŉ stad vol van rumoer, hinderlike lawaai is! In plaas van heilige orde is daar rumoer!

En tog, gemeente, daar was nie die ronkende gedreun van vliegtuie in die lug wat oor die stad rondgedraai het nie! Daar was geen stomende treine met die gedruis van rollende wiele nie! Daar was geen getoeter van die een motor na die ander nie! En tog word die stad bestempel as vol van rumoer. En dié soort rumoer is ŉ baie erger rumoer as die lawaai van ŉ moderne stad. Teen die lawaai van ŉ moderne stad kan die polisie optree, maar vir die lawaai van Jerusalem was ŉ profeet soos Eségiël nodig. Eségiël sien dan ook wat sy taak is. In Jerusalem moet dit stil, vredig, rustig wees. In Jerusalem moet gesing, gejubel en aanbid word. Jerusalem, die stad Gods, moet vol wees van die Gees van God en van geloof in God en nie vol van rumoer nie. En daarom as Eségiël Jerusalem met die skerpe woord teken as ŉ stad vol van rumoer, ryk aan lawaai, dan het hy daarmee sy tyd belig, die toestand in Jerusalem opgeklaar en op ŉ pakkende wyse die sware beskuldiging wat om die straf Gods roep, gestel!

Ja, Eségiël se tyd was ŉ lawaai-tyd in Jerusalem. Want in die jaar 597 is die beste en mees vooraanstaande deel van die volk in ballingskap weggevoer. Die prinse, die edeles, die aansienlikes, die meer gegoedes is weggevoer terwyl die laere volksdeel agtergelaat is, die mense wat minder ervare was om die leiding van sake ter hand te neem. Die derde- en vierderangse mense het dus agtergebly. En toe die mense wat nooit iets te sê gehad het nie, nou die vernaamste posisies in die volkslewe, in die politieke lewe in Jerusalem moes inneem en somaar ineens alle seggenskap verkry het, toe was alles op maatskaplike en politieke gebied lawaaierig, rumoerig. Die lawaaierigheid het hom reeds daarin geopenbaar dat hulle, soos Jeremia dit beskrywe, vir die betere volksdeel wat in ballingskap weggevoer is, die vinger gewys en gesê het: Daar is die skuldiges; daarom word hulle nou weggevoer. En omdat verder almal wat agtergelaat is, ewe goed of ewe sleg was, wou almal ook ewe hard koning kraai, veral waar hulle die mooi huise en gronde van die edeles in besit geneem en die vernaamste posisies beklee het. En waar almal ewe goed weet, ewe slim is, ewe hard koning kraai, pronkerig-lawaaierig, is daar onder hulle ŉ hele aantal partyskappe gevorm. So was daar een party in die politiek wat daarvoor was om noue aansluiting by Egipte te soek — die Egiptiese party, die sterkste party, terwyl ander, ŉ swakker groep, meer Babilonies gesind was — die Babiloniese party. Ander het weer meer gevoel vir ŉ verbond met verskillende kleinere Filistynse vorste en met Moab en Ammon — die Kanaänitiese party. Die partye het mekaar vereet en vertrap, vervolg en verdruk. Die een party was aldeur besig met knoeiery, gekonkel, kwaad-sprekery teen die ander partye. Die lede van die een party vervolg die lede van die ander party; hulle slaan mekaar, haat mekaar, beroof mekaar, beskadig mekaar se besittings, weer mekaar uit die leidende posisies in die maatskaplik-burgerlike lewe. Jy is ŉ ellendige Egiptenaar, jy is ŉ vervloekte Babiloniër, en jy is ŉ Filistyn en Kanaäniet. Op skandelike wyse het lede van die een party hulle uitsluitlike voordeel gesoek ten koste van lede van die ander partye. Selfs weduwees en wese was by al hierdie vuige handelwyses nie uitgesluit nie, want die weduwees en die wese het op hulle beurt ook maar weer kant gekies en moes daarom, volgens lede van die opposisie se houding, so gepers word dat hulle van honger moet sterf eerdat vir hulle iets gedoen word. Omdat die arme nie aan die bevoorregte se party behoort nie, sal hy hom nie saadkoring of gars of rog leen nie. En dit alles word geopenbaar in rumoer — partypolitieke lawaai, geskreeu, geskei, slegmakery. Partypolitiek!! En

hulle het mekaar só vereet, só verdruk, só benadeel, dat God die Here Jerusalem genoem het: stad wat daarbinne bloed vergiet. Bloedstad!

En ten gevolge van al die partytwiste was Juda ŉ twisappel van die wêreldmoondhede rondom. Juda was deur sy partyskappe sy selfstandigheid en sy krag en mag reeds kwyt. So het Jerusalem se lawaai hom verteer en geruïneer.

Ag, en het *dit* nou maar op die politieke erf gebly!! Die lawaai het deurgedring tot binne-in die tempelpoorte, ja, tot in die tempelvoorhowe! Dit het die godsdienstige erf ook bestryk. Elkeen het onder daardie heersende partypolitieke rumoer gaan bid en gaan offer vir die god van sy party. Die Egiptiese partylede het ŉ voorliefde getoon vir die Egiptiese gode, die Babiloniese partylede vir die Babiloniese en die Kanaänitiese vir die Kanaänitiese gode. So was daar ŉ oor en weer gemompel en rumoer, ook van die talle gode — drekgode waardeur hulle verontreinig is. Die profetiese strafredes wat Jeremia in Jerusalem gehou het, het hulle teen die bors gestuit, sodat hulle toe ook die sabbatte geminag en ontheilig het. Die priester van Baäl is beter as die van Bel. En temidde van die rumoer het hulle op die berge in Jerusalem offervleis geëet en skandelikhede gedoen. Onsedelikheid en ontug in die mees walglike vorme is bedryf. Bloedskandes, deurdat die een sy suster, die ander sy skoondogter, die ander sy naaste se vrou onteer. En al die onsedelikheid het kwaadsprekery, lasterlike woorde, skinderpraatjies veroorsaak deur die hele stad. Dit was: het jy gehoor? het jy gehoor? Rumoer deur die hele stad. Lawaai op sy strate! So erg was dit! En dan, en dan — ja, en dan kom nog die *groot* lawaai: Die HERE se tempel, die HERE se tempel — is ons. Die ydel geroep het die stad vervul. Groot lawaai. Vol rumoer maar leeg, dolleeg van die Gees van God. Vol van rumoer maar leeg van die Wet en Woord van God. Vol rumoer maar leeg van geloof en vertroue op die troue Verbonds-God. Jerusalem, lawaaimaker — leeg, dolleeg van God die HERE. En tog drom hulle met hulle offerdiere saam voor die voorhof om wanneer dit hulle lus vir die HERE ook te kom offer. Ja, ook paasfees te vier!

O, gemeente, die straf van God op hierdie gruwels is onafwendbaar. So ŉ lewe het geen goud of silwer meer om te louter of te beproef nie. Dis somaar nikswerd koper, yster, tin en lood wat die HERE as skuim in sy smeltoond sal smelt, net om hulle te smelt, dit wil sê om te straf.

En ons, gemeente, het ons goud of silwer om te beproef of het ons deur ons twintigste-eeuse lawaai so nikswerd geword soos skuim, soos koper, yster, tin en lood? Wat sal ons sê van ons lawaai-Christendom van vandag? Ja, lawaai-Christendom is ons tyd se Christene veelal! En Eségiël staan met beide sy voete in ons teenwoordige tyd, ja, in Suid-Afrika, ja, in u eie distrik, en hy roep oor ons tyd uit: lawaai-Afrikaners, lawaai-politiek, lawaai-kerk, en — ons huiwer maar ek moet dit sê — lawaai-nagmale!

Sal dit nodig wees om hierdie profesie nog nader toe te pas op ons partypolitieke rumoerstryd met sy baie nyd, afguns, haat, verdrukking, sodat ons mekaar nie eens ŉ ou woonplekkie gun, ŉ bietjie saadgraan, ŉ pos, ŉ verdienste nie! Die party-politieke lawaai waarvan ons land Suid-Afrika vol is. Suid-Afrika, lawaaimaker! En ons het mekaar so verbyt en vereet, verdruk en verniel, beskimp en beskinder dat dit ŉ bloedland geword het en dat ons soos Jerusalem die prooi van ander is wat elke dag op ons teer en van ons verdeeldheid gretig gebruik maak om ons verder te verniel.

Maar hierdie lawaai het deurgedring tot binne-in die kerk. Rumoerige gerugte oor predikante en preke, predikante en politiek! Soos in Juda elkeen sy afgod gekies het, so het elkeen sy eie opinie oor profesie en preek. En ons het die sabbatte van die HERE selfs geminag en dienste vermy. Ag, ons sal dit nie nader toepas nie, gemeente! U weet dit elkeen baie goed. Dit was veelal lawaai-kerk, vol van rumoer, gerugte, gedrang en op-spraak!

So het ons in ons land die hele wet van God oortree van bo tot onder. Leiers, amptenare, ouderlinge, diakens, predikante en die hele volk! En as die lawaai moes voortduur, dan sal die Here ons soos nikswerd koper, yster, tin en lood in ŉ smeltoond werp om oor te smelt.

Maar afgesien hiervan, hoef ons nie te dink dat ons sonder lawaai is nie. Elke sondaar moet maar erken: Ek ellendige mens, ryk aan lawaai! Ek bid wel maar meestal met my lippe; leë klanke, lawaai. Ek sing saam, maar nie met my hele siel, met my hele verstand en met my hart nie. Dis meestal somaar toonklanke sonder gees en waarheid. Pure lawaai, vol van gedruis. Ons kom wel kerk en nagmaal toe, maar dit bly soms by die gedruis en gedreun van karre en waens. Soos ons gekom het, so druis ons ook weer hier weg. Die innerlike gemeenskap van die heiliges; die gemeenskap met God in sy Seun Jesus Christus ontbreek by ons veelal. Ons praat ook wel oor ons kerk en godsdiens, maar dit blyk uit alles dat ons leeg van die Gees is. Dis somaar net gepraat, vol van rumoer. Dit blyk daaruit dat ons siele, ons lampe leeg van die Gees en leeg van die olie, die profetiese Woord is. Ons is te druk en te rumoerig, ons het nie tyd vir Skrifondersoek oor nie; ons kom nie tot besinning, tot oorpeinsing, tot Skrifondersoek nie: die man op sy akker vol van die twispolitiek, en die vrou in haar kombuis vol twispolitiek. Dis ŉ gedruis, dis ŉ drukte en ŉ drang — en ons Bybels, Gods Woord, lê toe. Ons kindertjies moet maar so ongeveertjies met die Bybellessies vertroud raak. Pa en ma sal in ŉ skreeustem hulle toeroep: Toe, leer julle lesse! Maar dis alles lawaai! Daar sit geen gees, geen diepte in nie. Die huiskatkisasie, die Skrifondersoek raak weg agter die lawaai. En so kom ons dan na drie maande weer by die nagmaal uit. Die geloof in Jesus Christus, ons Verlosser en Saligmaker, die *sekere kennis* van al wat God ons in sy Woord geopenbaar het deur ons groot Profeet en Leraar, Jesus Christus, wat vir ons die verborge Raad en Wil van God bekend gemaak het, blyk nie duidelik uit ons lewe nie. Die vaste vertroue dat onse Here God om die verdienste van Jesus Christus, uit louter genade, nie net aan ander nie maar ook my my baie sondes vergewe het — ja, wie kan daar ruiterlik van getuig? Ons voel veelal so bangerig om dit te getuig; want sê nou dis nie so nie!!!!

O, Jerusalem, Jerusalem, kerk van die twintigste eeu, dis jou beskuldiging teen jou en in ŉ hoofsom saamgevat: vol van rumoer! Lawaai-Christendom, lawaai-Christelikheid, lawaai-lewe, lawaai-politiek, lawaai-katkisasies, lawaai-kerke!

Ek, ellendige mens, wie sal my tog verlos van die lawaai? Ek dank God, deur Jesus Christus onse Here alleen, na sy ewige Woord!

Jerusalem, die kerk, nie net wanneer ons hier saam sit nie maar in ons ganse lewe, moet nie soos die wêreld vol van rumoer wees nie maar vol van die Heilige Gees, vol van genade en waarheid, vol van geloof en krag (Handeling 6:3, 8). Vol, versadig met die beeld van God! Die kerk van die Here moet nie lawaai ken nie maar vredige stilte. Nie die kokende strome van die rivier van Egipte of van die Eufraat raas daardeur nie maar die waters van Siloa wat saggies vloei. En dit maak die Godstad bly. Stil, ja, want die kerk leef diep. Stil, ja, want die kerk van Christus is versekerd! Stil en stewig, want die kerk is vas gefundeer op die uiterste hoeksteen, Jesus Christus. Stil, want hier moet aanbid word. Stil, want hier moet met die heilige God gemeenskap geoefen word, soos Hy dit vir ons deur sy Seun Jesus Christus aan sy heilige tafel verordineer het.

Maar, gemeente, ons kom nie na die Nagmaal omdat ons sonder lawaai is en vol van die Gees nie. Maar waar ons so diepskuldig staan voor God met ons lawaai-lewe, smart dit ons van harte, en waar ons siele so uitgedun, so leeg, so hol is, dors ons, verlang ons, hyg ons dat dit weer gevul sal word met die weldadigheid van die Here, met sy goeie Gees en heilige Woord. En waar ons so wankel, wil ons weer bevestig word deur die gebruik van sy heilige verbondstekens. O, Here, verdryf van ons die ongeloofs-lawaai, verlos ons van die rumoer en vervul ons met u Gees, u waarheid en u genadekrag. Maak ons siel stil, sodat ons met u ge-

meenskap kan oefen.

**AMEN.**

## SKYNBEKERING

(NAGMAAL)

**LEES**: *Eségiël 23:1-35.*

**TEKS**: *Eségiël 23:17b.*

DEURGAANS word in die Heilige Skrif die verhouding tussen God en sy verbondsvolk geteken onder die beeld van ŉ huwelik! In die Nuwe Testament word die verhouding tussen Christus en sy Kerk gesien soos die verhouding tussen Bruidegom en bruid. En veral sedert die profeet Hosea word die ontrou en afvalligheid van Israel geteken onder die beeld van ŉ slegte hoervrou. In hoofst. 16 het Eségiël Juda se sonde uitvoerig uitgebeeld deur middel van die lewe van ŉ slegte hoervrou. In hoofst. 23 word onder dieselfde beeld die sondes van Israel, die tienstammeryk, en Juda, die tweestammeryk, in die hele historiese verloop afgeteken. Samaria en Jerusalem word as twee ontugtige susters hier langs mekaar geteken. Op haas onbegryplike wyse stel die profeet dit voor dat die Here albei susters gelykelik as vrou geneem het. Die Here God daal hier diep neer en openbaar Hom in die diepsondige huweliksvorm van een man met twee vroue. Só ontaard was Israel dat hulle aan sulke huwelike nie meer aanstoot geneem het nie. En so diep buig die Here neer dat Hy uit die verworde vorm van huwelik van daardie tyd ŉ beeld gryp en dit op Homself toepas om selfs op so ŉ wyse, as dit maar kan, Juda nog van sy sonde terug te ruk. Histories verstaan ons dit goed dat die Here Samaria, die tienstammeryk, en Jerusalem, die tweestammeryk, gelyktydig tot vrou verkies het; want hulle het die volk van God gevorm al het hulle ook in hulle afvalligheid in twee state uiteengeskeur.

In verse 5-11 word dan onder hierdie beeld van ŉ slegte vrou die hele geskiedenis van Israel (Samaria) se ontrou teenoor die Here vermeld en ook haar straf! En in vers 12-22 word die geskiedenis van Juda (Jerusalem) se ontrou teenoor die Here aangeteken — ŉ ontrou wat te erger is omdat dit begaan is ten spyte van die waarskuwende voorbeeld van Israel se ondergang. Op hierdie geskiedenis as agtergrond word vir ons die skynbekering van Juda vermeld waar ons lees (vers 17): Daarna het haar siel van hulle, naamlik haar hoereerders, dit is Assirië en Egipte vervreemd geraak.

Ons wil met u kortliks stilstaan by hierdie skynbekering.

Veelseggend is die beide name van die twee susters. Die name is af gelei van die Hebreeuse grondwoord “óhel” wat “tent” beteken. Tekenend word Samaria, wat van die begin af ŉ eiewillige godsdiens daarop nagehou het met die goue kalwers te Bethel en Dan, Ohóla genoem, dit is: *haar eie tent.* En Jerusalem, waar die tempel van God gestaan het, word genoem Ohóliba, dit is: *My tent is in haar.* ŉ Mens sou dink dat Ohóliba, juis omdat die Here se heiligdom binne in haar setel, die Here liewer sou hê as Ohóla. Maar die teendeel is waar. Selfs nie na die waarskuwende strafvoorbeeld van Ohóla, dit is Samaria, se wegvoering in die ballingskap was dit die geval nie! Die wyse waarop Ohóliba van die Here “afgehoereer” het, is nog meer stuitend as dié van Ohóla!

Die profeet doen die opsienbarende mededeling dat Ohóliba se liefde vir mans ontbrand het bloot by aanskouing van hulle afbeeldinge, sonder dat sy hulle nog ooit persoonlik ontmoet het. Die “manne” hier doel op die Galdeërs. Ons lees dit in verse 14b—16. Toe sy manne sien wat op die muur afgeteken was, afbeeldinge van die Galdeërs, geteken in rooi-menie;

omgord met ŉ gord aan hulle heupe, met oorhangende tulbande op hulle hoofde, in hulle voorkomste almal offisiere, in die gestalte van die seuns van Babel wie se geboorteland Galdéa is — net toe sy hulle sien, smag sy na hulle en stuur boodskappers na hulle, na Galdéa toe.

As Ohóliba, Jerusalem, net afbeeldinge van soldate sien, dan vertrou sy nie meer op die Here nie maar stuur somaar gesantskappe na daardie land vir politieke en militêre onderhandeling. Die blote afbeeldinge van Galdese owerstes, offisiere en soldate, het Jerusalem sy hart laat stel op die Galdese leërmag in plaas van op die Here. Toe Jerusalem, in wie se mure die Here se heiligdom staan, die Assiriese mag vrees, neem hy nie sy toevlug tot die Here God nie, maar op grond van blote afbeeldinge van die Galdese krygsmanne bou hy by voorbaat al op hierdie leërmag! Dit was wel ŉ growwe afhoereerdery van die Here af. Want binne-in Jerusalem is nie blote afbeeldinkies in rooi-menie nie maar die Here se heiligdom, sy altaar waar die plaasvervangende reddingsbloed gestort word; waar die ark met sy versoendeksel staan, waar God onsigbaar troon en waar die tasbare getuies van sy wondermag, die kruik met manna, hemelsbrood, staan! Dit was nie blote afbeeldinkies nie, maar die heiligdom Gods het werklik in Jerusalem gestaan, ŉ afbeelding, ŉ aangrypende teken van God se reddende, se versoenende en verlossende genade. Maar vir Jerusalem in sy ongeloof sê dit alles minder as die afbeeldinge, blote tekeninge van Galdese offisiertjies en soldaatjies. Hulle het die Galdeërs se leërmagte nog nooit eens gesien nie! Hulle het maar net van hulle hoor vertel, en al dadelik is hulle met hulle uniformpies die beste bondgenote. Merodag-Baladan, die hoofoffisier, was toe die gewenste man bo Jehowa, bokant die beloofde Messias, wat deur die heiligdom met sy bloedstorting so tekenend gepreek word by die offerandes op die altaar!

Teen die blote aftekeninkie van Merodag-Baladan moet die Here van die leërskare dit aflê, moet die duidelik afgebeelde Christus en die offerandes dit aflê. Die Here God wat Israel met soveel wonderdade gered het en waarvan die getuies, die tekens binne in Jerusalem in die heiligdom staan en daagliks nog daarvan getuig, verdwyn in die niet teen die afbeeldinkie van die Galdese offisier Merodag-Baladan! Stormenderhand verower Merodag-Baladan Jerusalem se hart met sy blote afbeeldinkie, en die Here God met al sy kragtige tekentolke word binne-in Jerusalem opsygestoot. Al dadelik het Merodag-Baladan se gode voorrang gekry bo Jehowa.

Sien u, gemeente, dit noem Eségiël hier hoerery in die grofste vorm; erger as Ohóla, Samaria. Growwer geestelike afval van die Here kan jy nie kry nie.

Maar bitter was die teleurstelling. So spoedig as wat Merodag-Baladan se portretjie Jerusalem se hart verower het, so spoedig het die afkeer gekom. So vinnig as wat die vuur van voorliefde opgelaai het, so vinnig is hy gedoof. Die oorsaak word hier nie vermeld nie, maar daarna, na die baie liefde het Ohóliba se siel van Merodag-Baladan vervreemd geraak, gewalg. Dit was ŉ politieke flirtasie. Toe Merodag-Baladan teleurstel en nie aan die wilde verwagtings van Jerusalem voldoen het nie, slaan die liefde in afkeer om, die smagte in walging.

Dit was egter maar skynbekering. Die walging van die Galdeërs was nie ŉ egte berou nie. Dit was geen verootmoediging voor God, geen afkeer van eie sonde nie. Ohóliba het daar nie aan gedink hoe dwaas en sondig sy gedoen het om met die vreemdes flirtasies aan te knoop nie. Toe hierdie minnaar, Merodag-Baladan, toe hierdie militêre mag teleurstel, het Ohóliba nie tot die insig gekom dat Jehowa haar nog nooit teleurgestel het nie en het sy nie tot die besluit gekom: ek sal terugkeer tot my vorige held, Jehowa, die God van Israel, my Verlosser van oudsher nie! Nee, al wat Ohóliba gedoen het, was dat sy gewalg het van Merodag-Baladan en opnuut weer liefdesbetrekkinge, militêre onderhandelings aanknoop met ŉ ander vriend, met Egipte. Eségiël sê sy het haar hoererye vermenigvuldig in Egipteland. Die heiligdom in Jerusalem, die paaslam met die paasfees, teken en sprake van Israel se verlossing uit

Egipte, word heeltemal opsygestoot, verwerp, en die hart van Jerusalem kies Egipte bo die Here God. Dis verwerping van die Messias. Die paaslam wat daar binne-in Jerusalem (Ohóliba) geslag word, sê niks, spreek niks meer van verlossing uit Egipte nie. O, Ohóliba, ontroue vrou! Is dit dan 'n wonder dat die Here sê dat Hy van Jerusalem nog meer walg as wat dit walg van haar minnaar, Merodag-Baladan.

Van so 'n skynbekering, met die paaslam wat nog by die heiligdom in Jerusalem geslag word, walg die Here. Met so 'n skynbekering mag nie paasfees gevier word nie, mag ons geen Nagmaal vier nie, of die Here is daarvan vervreemd. Daar is geen gemeenskap nie. Ohóliba is Jerusalem. My tent, my heiligdom is binne-in jou! Ohóliba, dit moet die gemeente van die Here wees: sy tent, sy heiligdom is daarin. Sy Heilige Gees woon daarin, sy heilige Woord word in die gemeente gepreek. Sy heilige sakramente word daarin bedien. Sy pasga, sy nagmaal, die dood van die gekruisigde Christus word daarin gedenk. Hier staan sy heilige tafel gedek, binne-in die gemeente.

En tog, gemeente, nes Jerusalem is ook ons tyd. Ons maak dit net so erg as Jerusalem met die Here se heiligdomme onder ons. As ons ook net die portret van ons leier sien, dan bruis dit in ons gemoed. Dan vlieg ons siel op in 'n gloed van entoesiasme. En ons hang die man aan met al die vertroue van ons siel. Ons ken hom miskien nie eens van naby nie, net so min as Jerusalem Merodag-Baladan geken het. Tog hang ons met 'n vlaag van opwinding die man aan. Net sy portret is al vir ons 'n inspirasie. En die heilige beeld van die gekruisigde Christus, die heilige tekentolke, die heiligdomme van God in ons midde laat ons betreklik koud.

Ag ja, ons het portretjies gesien van die leier en die leërmag van een ryk en ons het ons daarop verlaat. Hulle sal ons help! En dan meteens stel hulle ons teleur met die oorlogsbeleid. En ons raak vervreemd van daardie leiers en daardie leërmagte. Ons walg van hulle. En die portret, die soldaat van 'n ander moondheid, dié win ons weer op: *dit* is die prestasie van die wêreld, terwyl ons vervreemd is van ons eie regeringshoof. Ons siel walg van hom. En as ons soms terugkeer en mekaar weer vind, is dit 'n ernstige vraag of dit alles nie by ons ook 'n skynbekering is net soos die van Jerusalem nie. Ons het 'n afkeer van die lawaaipolitiek met al sy kwaad, die snode leier wat ons so in die ongeluk lei. En seker, gemeente, dis 'n verblydende verskynsel as die siel 'n afkeer begin kry van die sonde waartoe hy eers aangetrokke gevoel het. Maar laat ons hieroor nie ligsinnig te vroeg juig nie. Want 'n bekering wat soos Jerusalem s'n slegs 'n *afkeer* is van die hoereerders, sonder *inkeer* tot jouself en *terugkeer* tot God, is 'n skynbekering waarvan die Here walg.

Het Ohóliba 'n walging aan haarself gekry, dan was daar hoop, maar toe kry sy slegs 'n afkeer van Merodag-Baladan. Het ons maar 'n walging aan onsself en al die kwaad wat ons gedoen het, dan is daar hoop, maar nou het ons slegs 'n afkeer van die man op die portret wat ons mislei en teleurgestel het, en sulke portrette het vir ons nikswerd geword. Dit is geen ware bekering om 'n afkeer te hê in mense wat jou teleurstel en dan by die heiligdom van God verby te leef, by die gekruisigde Christus verby te leef na ander mense, ander leidsliede toe nie. So het Jerusalem hom valslik bekeer.

Nee, Jerusalem, ons moet onsself mishaag, 'n afkeer van onsself hê en ons dan voor God verootmoedig, tot God terugkeer, nie nog verder op mense vertrou nie, nie maar weer op leiers bou nie maar op die Here Jesus Christus en sy verdienste, op sy moondheid alleen.

Ons Nagmaalsformulier snoer dan ook die twee onlosmaaklik saam as daar staan: "Ten eerste moet elkeen nadink oor sy sondes en vervloeking sodat hy homself kan mishaag en hom voor God kan verootmoedig, aangesien die toorn van God teen die sonde so groot is dat Hy dit, eerder as om dit ongestraf te laat bly, aan sy liewe Seun Jesus Christus met die bittere en smadelike dood van die kruis gestraf het."

Onsself mishaag en voor God verootmoedig! Hier waar die teken van die bittere en smadelike dood van die gekruisigde Christus in ons midde is. Sal ons met die heilige teken in ons midde, soos Jerusalem met die heiligdom in sy midde, slegs walg en ŉ afkeer hê van Merodag-Baladan en nie van onsself nie! Sal ons met die heilige sakrament in ons midde by Gods Jerusalem met die heiligdom van God in sy midde, by die heilige teken verbyleef en ons net weer na ŉ ander wend sonder dat ons ons voor God verootmoedig?

O, Ohóliba, dan het die Here se siel ŉ afkeer van jou. Dan oefen die Here nie met jou gemeenskap nie! Dan walg Hy van jou!

Selfmishae, afkeer en walging van onsself vanweë al die gruwels wat ons gepleeg het, en onlosmaaklik daarmee verbonde — *die verootmoediging voor God* — dit is die ware bekering. Bekering is ŉ hartlike leedwese dat ons God deur ons sondes vertoorn het en dit hoe langer hoe meer haat en ontvlug. Bekering is nie maar afkeer van sondaars nie maar van ons eie sonde en ŉ terugkeer tot God.

Jerusalem se droefheid was nog maar ŉ droefheid tot die wêreld. Merodag-Baladan het teleurgestel. Nou sal hulle maar na elders uitsien, Egipte! Dit was ŉ droefheid nie oor haar ongeloof en sonde nie, maar slegs oor die ongelukkige gevolge van die sonde. Dis maar net ŉ terugkeer van die een sondepad omdat dit nie die gewenste uitwerking gehad het nie, om nou weer die ander sondepad in te slaan. Ag, ons hoor ook baie die gesegde: Ek het nie meer behae in die wêreld nie! Die dinge bekoor my nie meer nie. Ek het daar afstand van gedoen! Waarom? Omdat hulle God so liefhet, of is dit omdat hulle uitgeputte kragte nie meer in staat is om die wêreld te geniet nie? Jongmense sê: Die sondediens bekoor my nie meer nie! Waarom? Omdat hulle heilig begeer om die eerstelinge van hulle krag aan die Here te wy, of omdat die sonde hulle nie gebring het wat hulle verwag het nie? Sou hulle nie die wêreld maar gedien het as die resultate net gunstig was nie? Waarom het ons ŉ afkeer? Is dit om Gods wil of nog maar altyd om onsself ontwil? Elke rou en spyt is nog nie verootmoediging voor God nie. Kaïn het uitgeroep: Ek het gesondig, en dit het hom berou! Esau het geskreeu van berou; Farao, Saul en Judas nie minder nie. Hulle het die bitter sonde-druppels geproef en kan hulle self verskeur, maar tot verootmoediging voor God kom hulle nie.

O, mag onse God ons deur sy Heilige Gees onderrig in die stuk van die waaragtige bekering van die mens, wat deur die Heilige Nagmaal in ons midde, Gods heiligdom in ons midde, van ons geëis word, sodat ons weet wat dit beteken dat ons ŉ hartlike leedwese het dat ons God deur ons sonde vertoorn het en dat ons die sonde hoe langer hoe meer haat en daarvoor vlug.

Dan sal die Here sy siel van ons nie afkeer hier by sy heiligdom in ons midde nie. Dan sal die Here van Ohóliba nie walg nie maar met ons noue gemeenskap oefen rondom sy heilige tafel.

**AMEN.**

## ROESVLEKKE

(NABETRAGTING )

**LEES**: *Eségiël 24:*1-14.

**TEKS**: *Eségiël 24:6, 11, 12.*

HIERDIE profesie vang aan met die vyfde datering in die oordeels-bedreiginge oor die stad en tempel. Dit was die 10de van die tiende maand van die negende jaar van Koning Jojagin se

wegvoering, dit wil sê Desember — Januarie 589-588 voor Christus. Pynlik noukeurig moet die datum in skrif vasgelê word. Want op daardie dag het die beleg rondom Jerusalem ŉ aanvang geneem. Dit was dus enige maande na die mobilisasie van die Babiloniese leërmag deur Nebukadnesar. Deur ŉ goddelike openbaring het Eségiël sekuur kennis gekry van die beleëringsdag van Jerusalem, terwyl hy onder die ballinge vertoef. Daar was immers in daardie dae nog nie so-iets soos draadloos nie. Soos later sal blyk, was die doel van hierdie noukeurige datering dat die Here daarmee die volstrekte waaragtigheid van sy Woord deur die mond van sy diensknegte wil aantoon.

Vir die mens wat in die profetiese Woord van God nie wil glo nie, het God dit swart op wit laat vaslê, sodat daar nie enige verontskuldiging kan wees nie. Hierdie datering wil dus die volstrekte waaragtigheid van die Woord van God aantoon.

Tog, gemeente, was die eintlike rede van hierdie datering vir die profeet Eségiël bedoel. Die priesterprofeet moes profeteer van die volslae verwoesting en ondergang van sy stad en tempel — die ballingskap van sy volk. En dit is nie gemaklike werk vir ŉ profeet wat sy volk en stad op die hart dra nie. Hierdie datum wil dus vir Eségiël aankondig dat dit die eindpunt is van die moeilikste deel van sy profetiese arbeid, naamlik die vernietiging van die hoopvolle verwagting van sy medeballinge. Na hierdie profesie kan hy met die opbouwerk, met verlossingspredikasies begin.

Op hierdie bepaalde datum ontvang Eségiël opdrag om ŉ raaiselspreuk in digmaat uit te spreek oor ŉ bekende pot vleis. ŉ Pot word met water gevul, op die vuur gesit en uitgesoekte stukke vleis word daarin gesit, boud en blad wat as beweegoffer voor die Here geoffer moes word. En die beste bene word daarby gevoeg. Dis alles van die beste.

Onder die pot word nou ŉ groot vuur gemaak, sodat dit borrel soos dit kook.

Die bedoeling van die gelykenis was vir die ballinge duidelik genoeg. In hoofstuk 11:3 het die Jerusalemmers dieselfde beeld gebruik. En hierdie beeld gryp terug na wat die Jerusalemmers reeds gesê het.

Die bedoeling is dit: Jerusalem is die pot, en die stukke vleis is die inwoners. Hulle het bedoel dat Jerusalem soos ŉ pot is, en die oorlogsvlamme kan gerus maar rondom Jerusalem soos ŉ vuur aangesteek word: dit sal die pot, Jerusalem geen skade kan aandoen nie. En hulle in Jerusalem is soos vleis in ŉ pot wat kook. Die oorlogsvuur sal hulle nie bykom nie; inteendeel, dit sal hulle net heerliker maak. Want dit sal alleen blyk dat Jerusalem en sy inwoners deur oorloë van buite nie gedeer kan word nie. Jerusalem is Jehowa se heilige stad en sy inwoners sy lieflinge. Jerusalem, die tempel, kan nie verwoes word nie. So het hulle die beeld gebruik in ydele selfvertroue en selfoor-skatting.

En nou kom Eségiël met sy gelykenis van die pot en sê dat die kokende pot op die vuur, met die uitgesoekte vleis daarin, nie Jerusalem se heerlikheid is nie maar sy verwoesting. Die oorlog sal die bestes, die vernaamstes, die uitgesoektes in Jerusalem verwoes. En, gemeente, dit is reeds vervul in 597 voor Christus, toe die keur van Israel met Eségiël in ballingskap weggevoer is. Daarom gaan hierdie deel van die gelykenis net as ŉ inleiding die vernaamste punt in die gelykenis vooraf. Eségiël wil vandag nie soseer die aandag vra vir die vleis en vuur nie maar vir *die feit dat die pot vol roesvlekke is.* Dit behels die nuwe gedagte in die profesieë van Eségiël hier. Want pas nadat die profeet oor die bekende pot en vleis gespreek het, maak hy die toepassing: Wee die bloedstad, die pot waar *roes* in is en waarvan die *roes* nie afgegaan het nie.

Die inwoners van Jerusalem het *swaar bloedskulde* gehad. Veral word hier bedoel hulle geregtelike moorde, waarin hulle die reg gesmoor het en op dié wyse armes uitgesuig, weduwees uitgebuit en wese onderdruk het. En soos bloed roesvlekke veroorsaak en nalaat op ŉ

pot, so was hierdie sondes nie te verwyder van Jerusalem nie. So is Jerusalem bevlek met bloed, soos ŉ ou pot met roes. Die pot is vol roes, en dit wil nie afgaan nie. Jerusalem is soos ŉ rots waarop bloed gestort is; die bloed het nie meer in die aarde kon wegtrek nie; die bloedvlekke sit daar soos op sementvloere, op rots; dit was nie af nie. Soos ingevrete roesvlekke op ŉ pot wil dit nie meer afgaan nie. Daarom bevat hierdie gelykenis feitlik ŉ verdere aanklag teen Jerusalem: Jerusalem, o Jerusalem, jou bloedvlekke, jou roesvlekke, wil nie afgaan nie, hoewel die Here God jou baiemaal beproef het. Al die rampe wat oor Jerusalem gekom het — die ballingskap in 597, die wegvoering van die beste volksdeel — dit was bemoeiinge van die Here om die pot skoon te maak. Die Here het die pot laat kook. Dit was nie plaagsug nie maar liefdesbemoeienisse om die pot skoon te maak. As iemand ŉ pot skuur, wil hy tog nie die yster verniel nie maar dit laat blink. En die liefdesbemoeienisse van die Here met Jerusalem, ook toe Hy in 597 hard ingegryp het, was bedoel om Jerusalem weer in sy skoonheid te laat skitter.

En nou kom die sware klag: na al die harde slae, na al die bemoeienisse sedert 597, *wil nou tot op die 10de van die tiende maand van die negende jaar die roesvlekke nog nie afgaan nie:* "Daarom, so sê die Here HERE, wee die bloedstad! Ek sal ook die houtstawel groot maak. Dra baie hout aan, steek die vuur aan, maak gaar die vleis, en roer die sous en laat die bene braai. En laat dit leeg op sy kole staan, dat dit warm kan word en sy koper kan gloei en sy onreinheid kan smelt in hom, sy roes verteer kan word. Dit het "My met moeites oorlaai, en sy baie roes gaan nie van hom af nie. Sy roes *moet* die vuur in." (verse 9—12).

O, roesvlekke wat nie wil afgaan na al God se baie en swaar bemoeienisse nie, moet ten slotte dan maar uitgebrand word.

By hierdie hoofgedagte bepaal ons u aandag met ons nabetragting.

♦ ♦ ♦

Na al sy bemoeienisse met Israel sal die Here ŉ groot houtstawel laat aandra, ŉ groot vuur aansteek, die pot maar laat droogkook en ten slotte braai sodat die pot rooiwarm sal word en al die roes sal wegbrand. Dit is, geliefdes, sonder beeldspraak ŉ vreeslike toekoms. Jerusalem sal eers leeg word van inwoners. Die oorlog, honger en pes sal die inwoners weglek, en daarna sal die stad soos ŉ leë pot verbrand word. Wat oorbly, is ŉ rokende puinhoop. Einde!! Voorspel is dit alles van die laaste gerig, van die eindoordeel, wanneer die hele wêreld voor God, nadat dit deur die eindoorlog, honger en pes van twee-derdes van sy inwoners beroof sal wees, soos ŉ ou roestige pot in die vuur van die eindoordeel gewerp sal word. Vuur, swawel, weeklag!

So moet dit wel gemeente, as alle poginge om roesvlekke te verwyder misluk. So moet dit eindig as die mens en die wêreld weier om hom uit sy sonderoes tot God te bekeer. So moet dit kom as na al Gods genadige bemoeienisse met ons; as na al sy genadeprediking en verkondiging van sy heilswoord; as na al Gods betuiginge van sondevergiffenis vir elkeen wat glo, deur sy heilige sakramente, ja, as na al God se swaar beproewinge die mens bly vassit in ŉ roes van sonde-ongeregtigheid en hom daarvan nie tot God wil bekeer nie.

Hierdie woord kom dan ook nou tot u en my. Ook ons teenswoordige lewe vertoon op bedenklike wyse sy roesvlekke, sy bloedspatsels wat nie verwyder kan word nie.

Wil u weet wat die aard en werking van die sonde is — hierdie Skrifgedeelte leer dit vir u! Sonde is nie maar somaar soos verfspatsels op ons klere wat ŉ mens na ŉ rukkie maklik afborsel nie. Sonde vreet baie dieper in. Sonde vreet in die siel in, soos roes in die yster invreet. Sonde bederf en verwoes die siel soos roes die harde yster bederf en waardeloos maak. Hoe langer die sonde gekoester en in ons boesem omgedra word, hoe dieper vreet dit, hoe moeiliker is dit ook uitwisbaar. Nes roes — hoe langer jy dit die yster laat vreet, hoe moeiliker gaan

dit om die yster weer blink en skoon te kry.

Aan ons Afrikaanse volk het die politieke rusie soos ’n roesplek geword wat ons volksiel, ons volksbestaan verteer. En as ons nie die roesplek verwyder deur almal te luister na Gods Woord nie, dan sal dit ons verteer; dan sal ons hoe langer hoe meer word soos ’n ou verroeste wa wat nooit gesmeer word nie, en wat hoe verder hy voortgesleep word op die trekpad van Suid-Afrika, des te harder skreeu, raas, lawaai maak. Mag ons dan nou tog weer die wa van ons Afrikaanse volkslewe gereeld smeer met die olie van Gods Woord en Gees dat hy stil en glad wegrol deur die knikke van ons Afrikaanse volkslewe. Gods genademiddels, Woord en Gees, is ons behoud. Dit is die behoudende olie. Dit alleen sal verroesting voorkom. Gods woord moet gereeld in ons Volkslewe beoefen en bewaar word. Ag, gemeente, laat ons dit tog met Gods hulp betrag.

Elkeen van ons het ook sy boesemsonde wat gedurig die siel soos ’n roesplek bedreig, as ons dit nie bestry en deur die geloof in Jesus Christus weer verwyder en af gewas kry nie.

Maar nie net in ons volkslewe nie, ook in ons gemeenskaplike lewe is daar roesvlekke. Daar is twee of meer mense wat al jarelank rusie het. Die rusie het al hulle lewe verkanker. Hulle het teenoormekaar stram en stroef geword. Hulle haak elkers, en soos geroeste ysters word hulle somaar warm. Daar is weer ’n ander mens wat met ’n sinlike trek in sy of haar lewe rondwandel wat nou al soos ’n roesvlek ’n gat ingevreet het. Die siel roes vas in die sinlike dinge, onsedelike boeke, onsedelike prente en praatjies, onsedelike begeertes. Hy kan van die dinge nie meer loskom nie. ’n Ander een se hart is weer gierig vir ’n broeder en vir die kerk van die Here. Dit het soos ’n roesvlek geword wat sy siel verteer. Oor geld word hy maklik kwaad en warm. Oor geld wat hy geroep word om by te dra, raas hy maklik soos ’n leë trommel.

So sal ons kan voortgaan. Die sonde is so veelsydig. Maar hoe veelsydig hy ook mag wees, orals werk hy soos roes. Die hele mens is verroes. Ook in die kerklike samelewing. Roestige Christene skuil ook in die gemeentelike lewe. Daar is diegene wie se lewe kerklik nie blink en skitter soos glimmende metaal nie. Daar is diegene wie se kerklike lewe soos ’n ou ploeg se skaar is. Hy het die oes ingeploeg en nou staan hy bokant die akker uitgetrek en rus en roes tot die volgende oes weer ingeploeg moet word. Tot die volgende Nagmaal.

Daar is diegene wie se kerkbesoek en die bywoning van die ouderlingsdienste geword het soos ’n buitedeur waar dit inreën en wat die wind toewaai. Die ou buitedeur staan meestal toe, met verroeste skarniere en slot. Maak jy hom op ’n dag weer oop dan skreeu die skarniere en knars die slot van die roes.

Daar is kinders met wie se katkisasie dit nie anders gesteld is nie. Hulle raak so verroes in hul Kategismus en Bybelgeskiedenis dat die wat hulle geleer het, weggeroes het, en by die belydenis kry jy dit nie meer glad en vlot nie.

En so is ons lewe veelal nie glad en geolie nie. Die olie van die Gees en die vettigheid van Gods Woord ontbreek. Roes!

En die *oorsaak* van die roes is die “rus”! Rus laat roes! Dis mos baie makliker om ons sondige neiginge te laat voortwoeker as om dit te bestry. Dis aangenamer om te rus as om teen die bose te stry, teen die wêreld en teen onse sondige aard. Roesvlekke, sondige neiginge is nie iets wat maklik te verwyder is nie. Baie gee maar weer in na ’n korte poging, ’n klein rukkie na Nagmaal. Totdat die roes jou waardeloos gemaak het.

Die rus is die oorsaak van die roes in ons kerklike lewe. Ons neem ons godsdienstige lewe so gemaklik, so rustig op dat ons al vasgeroes is voordat ons dit agterkom. Die rus, die lui-rus om die Heilige Skrif te ondersoek bring mee dat ons Skrifkennis so verroes raak dat ons feit-

lik daarsonder is. Die lui-rus om ons kerklike leer en belydenis te ondersoek maak dat ons so verroes raak dat ons al ons belydeniskennis na die belydenis van geloof weer kwytgeraak het.

Nee, gemeente, dit sal ons ware nabetragting wees, as ons, nadat ons weer deur die gebruik van die Heilige Nagmaal verseker is van ons volkome vergiffenis van sonde; as ons nadat ons sonderoes weer afgevryf is, nou liewer in Gods heilige diens gaan *slyt* as gaan *roes!* Gedaan slyt soos ŉ ploegskaar wat die vrugbare sooie omkeer, die vuilgoed toeploeg en die grond vir vrugbare graan toeberei. Waar ŉ verroeste ploeg staan, is daar nie net geen graanoes nie, maar daar tier die onkruid. Daarom is Godsdiens liewer slyt as roes!

Met die olie van God se Heilige Gees vervul te wees en met die vettigheid van sy Verbondswoord ons te versadig — dan straal daar uit ons lewe soos uit ŉ lamp, lig, heerlikheid, blydskap, dankbaarheid.

Ja, dit is ŉ suiwer Nuwe-Testamentiese gedagte dat elke skuld wat nie gedelg is nie; elke bloedspatsel van onreg, onderdrukking van armes, ellendiges, weduwees en wese wat nie bedek is nie, en elke sonde wat nie versoen is deur die bloed van Jesus Christus nie, bly oopstaan, soos bloed op ŉ rots. Dit roep om die wrake Gods. Elke roesplek wat nie wil afgaan na die bediening van Woord en Sakramente nie, is bestem vir die vuur. Wie Nagmaal na Nagmaal met ou verroeste sondes hier weggaan, daarin volhard, hom nie tot God bekeer om voortaan met sy ganse lewe waaragtige dankbaarheid jeens God die Here te bewys en voor God opreg te wandel nie, en nie van nou af in waaragtige liefde en eensgesindheid met sy naaste te lewe nie, diegene sal God met sy vuur bykom. En as ŉ kerk, ŉ land, ŉ volk so aanhou, dan stuur God ŉ vreeslike oorlogsvuur. Dan stawel Hy die hout hoog op. Dan stuur Hy wêreldoorlog. En as die rampe die wêreld nie meer van sy sonderoes wil losskud nie — dan sal Hy die ou roestige pot in die ewige vuurstraf werp om die roes af te brand!

Hier leer ons ook onse *Here God* ken. Hy vertoorn Hom nie oor die pot nie maar oor die roes daarop. Hy bestem die pot nie as pot vir die vuur nie maar slegs om sy roes wat nie wil afgaan nie. God wil nie die mens verderf nie maar slegs die sonde straf. As Hy die mens in die oordeel werp, dan is dit slegs om die mens se sonde.

En ons moet nie dink dat God soos ons rus en verroes nie. God rus nooit nie. Hy werk ewig, in heiligheid en geregtigheid na sy ewige wese. Hy is aldeur besig met die bediening van Woord en Sakramente en deur werking van die Heilige Gees, om ons roesvry te maak. Maar as die roes nie wil afgaan nie, as ons nie van ywer en diens wil blink en blaak in Gods woning nie, dan sal Hy ons vir die vuur bestem! Dink daaraan, in 597 was daar nog tyd en plek vir erbarming vir Israel maar slegs nege jaar later, in 588 voor Christus, nie meer nie.

Ons tel vanjaar 19... En as ons die Woord van die Here na al Gods baie bemoeienisse met ons nie wil bewaar nie, dan kan dit in die komende jaar miskien al te laat wees.

Daarom:

As *jul vandag sy roepstem hoor, Verhard jul nie, maar neig jul oor, Merk op die roep van sy ontferming.*

**AMEN.**

## STOMME SMART

**LEES**: *Eségiël 24:15-27.*

**TEKS**: *Eségiël 24:16.*

HIERDIE profesie sluit die oordeelsprofesieë teen Juda en Jerusalem af. Dit vorm die slot-

bedryf van ’n magtige tragedie. Die 10de van die tiende maand van die negende jaar van Jojagin se wegvoering, dit is Januarie 588 voor Christus, het die beleëring van Jerusalem deur Nebukadnesar ’n aanvang geneem.

Die beleëring van Jerusalem het twee jaar geduur, en hierdie laaste oordeelsprofesie is enige tyd voor die val van die stad uitgespreek. Ons sê *uitgespreek,* maar die profesie van Jerusalem se val is nie uitgespreek nie — slegs aangrypend *voorgestel* deur die plotselinge dood van Eségiël se geliefde vrou! Deur ’n feitlike gebeurtenis wat soos ’n slag was, is die val van Jerusalem aangekondig. En in die bevel van die Here God dat Eségiël sy vrou nie mag beween op die gebruiklike wyse nie maar slegs swyend oor haar mag sug, word die *stomme smart* van Israel afgeteken. Nie deur woorde nie — want Israel het geweier om na die profetiese woord te luister — maar deur hierdie aan-grypende feite, werklike gebeurtenisse, word dan ten slotte die val van Jerusalem en die smart van die volk afgeteken. Ons wens kortliks vanmôre u aandag by dié twee gedagtes te bepaal:

I. Die val van Jerusalem, afgeteken in die skielike dood van Eségiël se vrou, en

II. die smart van Juda, afgeteken in die feit dat Eségiël nie mag ween nie.

I.

Eségiël was getroud, en hy het sy vrou innig liefgehad. Sy was vir hom in sy lewe ’n sonstraal van geluk, die lus van sy oë. Elke dag het sy in sy lewe nuwe verrukking gebring. Elke nuwe more was ’n glorieryke voortsetting van die eerste bruidsdag. Hulle het mekaar innig liefgehad. En die mooie huwelik is somaar in een slag verbrysel. Die more was sy nog vrolik en gesond, het sy nog haar daaglikse werk gedoen, en nog dieselfde aand het die profeet in groot smart alleen by haar lyk in rou gesit. Sy, die lus van sy oë, sal nooit meer haar oë oopmaak nie. Deur beroerte het sy soos in ’n slag neergestort.

Dieselfde more het God aan Eségiël bekend gemaak wat daardie dag nog met haar sal gebeur. En hoewel daarop deur die Here voorberei, was dit tog nog vir Eségiël onverwags. Dit was verskriklik!

Was Eségiël nie profeet nie, dan sou die vreeslike saak in sy huis nie gebeur het nie. Dit klink vreemd, en tog is dit so! Die Here God het Eségiël nodig én sy vrou — hulle albei. Eségiël moet preek met sy woorde, preek met sy dade, preek met sy vrou en haar lewe en veral ook in haar dood. Die gestorwe vrou moet ’n lewendige prediking vir die weerspannige huis van Israel wees. Net so plotseling en onverwags as wat sy gesterf het, sal Jerusalem verwoes word, Jerusalem wat hulle bemin, Jerusalem, die pragtige stad van hulle vreugde, die lus van hulle oë, die verlange van hulle siel.

Dit kon vir die weerspannige volk nie meer in gewone taal gesê word nie, want hulle wou nie meer luister nie. Daarom het die Here op hierdie wyse sigbaar-tekenend tot hulle gespreek, deur die taal van *feite,* deur aanskoulike onderwys, deur die plotselinge dood van die profeet se vrou. Vir die prediking tot sy volk het die Here nie net vir Eségiël met sy talente nodig nie maar sy hele huwelikslewe, ook sy vrou en sy alles! Hy behoort met liggaam en siel, met vrou en kroos aan die diens van die Here; Elke oomblik moet hy met wat hy het tot beskikking van die prediking van God wees. Kyk hier is ek, Here; hier is ook my vrou en kinders as U hulle nodig het vir die prediking. My geld, my posisie, my lewensgedrag, my weeklag. Alles! Selfs as sy vrou op slag sterf, dan moet hy terwille van die prediking van Gods Woord sy rouklag oor sy dierbare vrou prysgee. Hy het ook nie die ballinge bittere verwyte teen die hoof geslinger, omdat dit deur hulle weerspannigheid nodig was dat sy vrou moes sterf nie. Hy het hulle nie eens aangeklaag dat hulle die moordenaars van sy vrou was nie. Hy het alles gegee as ’n offer vir die prediking, vir sy volk en vir sy God, wat hy tog so liefgehad het, liewer nog, ja werklik, liewer nog as sy dierbare vrou wat die lus was

van sy oë. Alles gans en al prysgegee vir die prediking van God tot sy volk.

Hoe sterk, hoe gesterk is die profeet tog nie! En dit draai alles om die *prediking* van God en sy Woord! Dis nou die prediking van Jerusalem se plotselinge, onverwagse, algehele instorting. Want, sien u, geliefdes, God se oordeelsprediking eis ook Jerusalem, die stad, die tempel, die altare op. God se prediking eis al die seuns en dogters, al die inwoners van Jerusalem op. Want daardie stad, daardie tempel en altare, daardie inwoners is daar terwille van die prediking! Terwille van Gods Woord! As die prediking Gods die stad *roep* tot God, en die stad glo en gehoorsaam, dan *behou,* dan *verlos* die gepredikte Woord van God. Dan is die prediking verbondsprediking. Maar as die stad die Woord van God nie glo en nie gehoorsaam nie, dan eis die prediking die stad op tot verderf, enkel om die waarheid en geregtigheid van die prediking ontwil. Dan maak die stad deur sy ongeloof en ongehoorsaamheid dat die prediking wat hom tot sy verlossing roep, nou ŉ oordeelsprediking word en hom opeis tot verderf.

So is Gods profetiese Woord en die prediking daarvan! Dit roep jou, o mens, tot jou verlossing en behoudenis. Maar as jy dit nie glo en gehoorsaam nie, dan eis dit jou met alles op tot verderf. Dan kom spreek dit tot jou in harde oordeelsfeite. As Korag, Datan en Abiram na die wet en die profesie nie wil luister nie, dan gaan spreek dieselfde wet en profesie in ŉ plotselinge en harde oordeelsgebeurtenis tot hulle en eis hulle, met hulle tente, vrouens, kinders en vee op tot totale ondergang en verderf. As Jerusalem nie wil luister na wet en profesie nie, dan gaan spreek die wet en profesie nou in die harde feit van sy totale ondergang tot hom.

As die twintigste-eeuse Christendom nie wil luister na die gepredikte Woord van God nie, na wet en profesie nie, dan sal God in harde oordeelsgebeurtenisse tot ons spreek; dan sal Hy ons as met ŉ slag tref. Tot ŉ weerspannige geslag spreek God so in harde feite — om die geregtigheid en waarheid van sy gepredikte woord. En God sal die eerste tot sy kerk spreek. As die Christelike kerk so ontaard dat hy na die geregtigheids- en waarheidswoord van God nie meer wil luister nie, dan sal God met ŉ harde slag daardie kerk tref, soos Hy nie eens vir Rabba van die kinders van Ammon of Babel getref het nie maar vir Jerusalem; nie eens die wêreld nie maar die ontaarde kerk. Want ons moet dit goed verstaan: die geregtigheids- en waarheidswoord van God leef nie by die grasie van die kerk nie. Die kerk is nie die oorsaak, die oorsprong van die profetiese Woord nie! Nee, die profetiese Woord is die oorsprong van die kerk; die kerk leef by die Woord van God. En as die kerk dit nie wil verstaan en in ag neem nie, dan verdelg die Woord die kerk!

Die Christus is nie deur die kerk en die Christendom gegenereer of gestuur nie. Maar die kerk en die Christendom is tot stand gebring deur die Christus Gods. En as die kerk, die twintigste-eeuse Christendom, die Christus opsy stoot terwille van sy eie idee, dan stort die Christus vanaf die regterhand Gods die vervalste kerk in die verderf, tref hom met ŉ slag!

Dis nie ŉ blote Ou-Testamentiese gedagte nie. Dit geld ook vir die Nuwe Testament. Die leraar met sy vrou en kind, die ouderling met sy ganse huis en haard, die diaken en u almal wat dit hoor, of u nou heer of huurling is, sestien of sewentig jaar is, die prediking eis u totaal op! Dis maklik om te sê dat die hele volk van God profete is. En deur die geloof in Christus Jesus is ons ook weer almal profete om sy Naam te bely, sy Woord te verkondig. Maar die profetiese woord eis jou totaal op. Vir die prediking van die profetiese Woord moet jy nie dink om jouself te onthou, jou vrou of jou kind of jou goed uit te sluit nie! Ons is nie blote spreekbuise wat die profetiese Woord luid uitroep daar ver op ŉ afstand van onsself nie. Die profetiese Woord eis ons totaal op! En hy maak jou, soos die Here vir Moses in Deut. 28:13 gesê het, die kop, maar dan moet jy preek; of so nie maak Hy jou die stert, en dan slinger hy jou weg tot jou straf. O, gemeente, wat vir profete is ons in die twintigste eeu? Is ons nou nie bloot masjinale spreekbuise wat die profesie los van ons, van ons vrou en kind, ons goud en

goed hou nie? Ons weier dat die profesie ons sal aangryp in hart en nier, in huis en haard, in vrou en kind, in goud en goed, in organisasie en politiek. *Ons wil soos die heidene die profetiese prediking in ons diens stel, en ons weier om ons in sy diens te stel, totaal, volkome!* Goed, dan moet dit verkondig word waartoe Eségiël geroep was! Kyk, daarom sal God in harde feite, in onverwagse oorlogsrampe die aldus ontaarde Christendom en kerk laat instort -— om die geregtigheid en waarheid van die prediking ontwil!

II.

Maar, gemeente, behalwe dat Eségiël sy dierbare vrou moes afstaan aan die Here terwille van die profetiese Woord, kry hy nog die eienaardige bevel dat hy haar nie mag beween nie: Nogtans mag jy nie rouklaag of ween nie, en jou trane mag nie kom nie.

Ons moet daarop let dat die Here Eségiël nie verbied om bedroef te wees nie. Immers, hy mag wel in stilte sug. Die Here eis nie van hom hier teennatuurlike dinge nie maar roep hom hierin tot die bonatuurlike! Tot ŉ verdere prediking van Gods strenge geregtigheid. Die profeet mag dus wel bedroef wees, maar hy mag dit nie demonstreer nie, hy mag nie uiting gee aan sy innerlike smart nie. Die droefheid mag nie tot uiting kom en moet geen uitweg soek na buite nie, mag geen verligting vra by ander nie. Sy lyde mag nie verkwikking soek en vind in die medelyde van ander nie.

Daarom Eségiël: sug in stilte. Jou oë moet droog wees. Geen trane nie! Jou opgekropte smart mag hom nie ontlaai in jammerklagte nie; jou krete mag die lug nie laat tril nie. Jy moet jou trane insluk en jou leed opeet. Stilte!

Wat ŉ verskriklike eis vir ŉ Oosterling, wat so gevoelvol is! Van nature kan ŉ Oosterling so-iets nie doen nie.

Maar God roep Eségiël hier en bekwaam hom om te midde van sy smart geen traan te stort nie, die dood van sy vrou aan niemand bekend te maak voor die volgende dag nie. Hy het sy vrou so innig liefgehad, en tog trek hy geen rouklere aan nie: Hy roep die buurvroue nie saam om die weeklag: “Ag, my suster!” aan te hef nie; hy strooi nie as op sy hoof nie; hy ontbloot sy hoof nie; hy loop nie kaalvoet nie; hy bedek sy baard nie; hy rig geen dodemaaltyd aan nie; hy hou vir sy dode nie ŉ eervolle begrafnis nie en nooi ook niemand om aan haar die laaste eer te bewys nie. Sy moet terwille van die prediking ... ŉ *onbeweende dode bly!*

Ons moet nou nie dink, geliefdes, dat dit vir Eségiël vry gemaklik was om hierdie bevele na te kom omdat dit per slot van rekening maar uiterlike dinge was nie! Want in die eerste plek is die Oosterling baie hartstogteliker en openliker in die uiting van sy gevoelens as die Westerling. Om uiterlike roubetoon te pleeg is vir ŉ Oosterling onlosmaaklik aan sy sielesmart verbonde! Tweedens moes Eségiël deur met alle Oosterse begrafnis-gewoontes te breek die indruk wek dat hy niks omgegee het vir sy vrou, wat tog die lus van sy oë was nie. En, derdens, ons mag oor die uiterlike dinge by ons begrafnisse verskillend dink en in die betoning van simpatie, in die woorde wat by die sterfhuis gespreek word en in die lang stoet opgeskroefdheid en onwaaragtigheid en soms selfs gemaaktheid ontdek, maar al hierdie uiterlike dinge bevat ŉ element wat ons nie kan mis nie. Dit naamlik dat die smart ŉ uiting, ŉ uitweg soek, na verligting vra, op simpatie wag. As jy ween en trane kan stort, dan is daar tog ŉ verligting. Die sware smart is tog effe gelug en die mense op die begrafnis het ons nodig. Al val baie woorde soms teë, tog is ons sosiale wesens, en ŉ handdruk van ŉ vriend sonder woorde sê soms tog so baie vir ŉ bedroefde siel. Dit gee verligting. Dan het jou droefheid tog ŉ uitweg. Jy raak tog jou sielesmart in snikke ten minste effe kwyt! Daar is niks verskrikliker as om alles in jou nou hartwande te verkrop en alles te moet insluk nie. Dat smart, droefheid, stom en stil moet word — dit is verskriklik!

En hierdie ondraaglike saak van verstomde smart het Eségiël heel alleen en eensaam in die

groot en verlate woestyn van sy leed moes ondergaan.

En hy het dit gedoen soos die Here hom beveel het, want die profetiese Woord, die prediking het hierdie houding van hom absoluut vereis. Sonder om ŉ spier te trek, ŉ traan te stort, geheel sonder en teen die Oosterse gebruike in het hy sy vrou heel sonderling begrawe. Met ŉ stom lip en droë oog, ŉ geslote hart.

Hierdie vreemde gedrag van Eségiël het ŉ sombere gevoel van ŉ vreeslike oordeelsprediking by sy medeballinge gewek, met ŉ toepassing op hulleself, sodat hulle angsvallig gevra het dat hy hulle tog te kenne moet gee wat dit vir hulle beteken dat hy so handel.

En dan moet Eségiël sê wat hy tot nog toe self nie geweet het nie: Soos die profetevrou, aan wie Eségiël se hart verbonde was, plotseling weggeneem is, so sal die lus van hulle oë, Jerusalem, in een slag vernietig word. Dit is nou al baiemaal voorspel, maar tog sal dit nog so heel onverwags gebeur. En as dan straks die berig van Jerusalem se val die ballinge sal bereik, dan sal daar droë oë wees, verstomde lippe, geslote harte —- ŉ verskriklike smart wat verstom! Heeltemal teen die Oosterse rougebruike in sal hulle hoofde nie kaal en vol as wees nie, hulle sal nie kaalvoet loop nie, hulle sal nie rouklaag of ween nie! Hulle sal ook nie saamkom en met mekaar simpatiseer nie. Die een sal sy hart nie lug teenoor ŉ medeballing nie.

Waarom nie? Omdat hulle vir Jerusalem niks omgee nie? Nee, geheel en al nie. Jerusalem is die lus van hulle oë. Maar die smart sal so groot en vreeslik wees dat hulle nie woorde sal hê nie. Soos iemand wat deur ŉ vreeslike tyding oorweldig is, nie kan huil nie, sal hulle nie trane kan stort nie. Gods straffende prediking deur daardie harde feit sal so ontsettend wees dat hulle smart sal verstom.

Sien u, gemeente, dis hierdie smart wat ŉ voorsmaak is van die helse smart. Daaraan sal nie uiting gegee kan word nie. Die helse smart sal nie ŉ uitweg kan vind na buite nie; daar sal nie verligting gevind kan word nie, daar sal nie simpatie, nie ŉ handdruk gegee of ontvang kan word nie. Daar sal die hellelyers hulle tonge van smart kou eerdat hulle in ŉ woord hulle smart sal kan uitstotter.

Ja, so sal die hel wees: ŉ geknaag van die wurm sonder rumoer; vuur sonder geknetter; droefheid sonder trane; smart sonder uitweg, sonder uiting na buite, sonder roubeklag; want elkeen het alleen met homself te doen. Die een se smart is skriklik soos die ander s'n. Die hel is die konsentrasie van selfsug, en dit in smart.

So lê in die prediking van die traanlose droefheid oor Jerusalem se val die verskriklike voorspel van die ewige wee.

En hierdie prediking van verstomde smart by die troubreukige Jerusalem is die prediking vir elke vervalste kerk, vir die ontaarde Christendom van elke tyd. Die kerk wat die prediking van die profetiese Woord verag en laat verag, vergader soos Jerusalem vir hom smart soos ŉ skat. Hy sal die smart nooit meer kan kwytraak nie, daar selfs nie eens uiting aan kan gee nie. Dit was vreeslik, die lug gekleur in vlammesee en rook. Ja, die maan sal swart word en die son rooi soos bloed. Die stad Jerusalem vergaan sonder roubetoon. Die vervalste kerk ŉ onbeweende dode — troosteloos. Sonder God en sonder hoop, ja, selfs sonder uiting van smart, omdat hulle die prediking van die profetiese Woord nie geglo en nie gehoorsaam het nie.

Ja, gemeente, God sal op die wolke kom met hierdie selfde profetiese Woord. En hieraan sal ons gemeet word. Alles sal beslis word met die Woord van God. Vreeslike Woord, die Woord van God! In die hel verstomde smart omdat die prediking van die Woord verwerp is. In die hemel ewig geopende monde wat nag en dag bruis soos ŉ magtige see van lof en ere en heerlikheid en danksegging en vreugde, omdat hulle die boek waarvan die seëls oopgebreek

is deur die Lam Jesus Christus, opgeëet het, geglo het en bewaar het; omdat hulle hulle lampe met die olie van die profetiese Woord gevul het.

Gemeente, hier sluit Eségiël se oordeelspredikasies, maar hier ruik ons ook die verstikkende vlamme van helse smart, waar almal verstom. Hy het harde woorde laat val oor Israel se lewe. En ons het hierdie profesie vir u voorgehou en toegepas. Dit was veral ʼn prediking oor die afgodery en Godverwerpende politieke bedryf. U het alles gehoor, en u hoor vandag waar dit eindig met die kerk, met dié soort Christen wat hom in sy lewe aan die prediking van die profetiese Woord nie steur nie. Ek het die Woord in my swakheid aan u voorgehou, geliefde gemeente. Mag God my die gebreke wat my hierin aangekleef het, vergewe. Maar dis vir u om vir uself te beslis. As u die profesie glo en gehoorsaam, dan is daar behoudenis. As u dit van u afstoot — weet dan gewis dat God Self dit dan nader aan u sal preek deur harde feite, deur skokkende gebeurtenisse.

Hier eindig Eségiël se oordeelspredikasies oor Jerusalem. Maar, dank sy onse Here, *hier eindig sy profesieë nie.* Gemeente, dink daaraan: wat sou dit vreeslik gewees het as die boek hier geëindig het! Maar die allerlaaste woord is dit nie oor Jerusalem nie. Want meer as Eségiël is onse Here Jesus Christus, wat geheel alleen in die dieptes van stomme smart versonke was en van niemand medelyde aan die vloekpaal kon ontvang nie; Jesus Christus, wat die verstikkende smart van die helse benoudhede en angste gedra het vir sy gelowiges. Salig is diegene wat die woorde van die profesie hoor en dit bewaar, dit naamlik dat Jesus Christus nie soos Eségiël slegs voorbeeldelik nie maar borgtogtelik gely het. Jesus Christus, wat nie iets van Homself nie — dierbare vrou of kind — maar sy eie lewe vir ons as ʼn soenoffer gestel het, in daardie nag van traanlose weë, in die helle-dieptes weggesink het, om vir ons skuld te boet. Jesus Christus, wat vir ons van smart verstom het, sodat ons monde soos Eségiël s'n weer kan oopgaan. Want waarlik, van Eségiël 3 af het die Here Eségiël se mond gesnoer en het die goddelose ballinge vir hom baie te sê gehad. Maar nou het God húlle laat verstom in smart, en op daardie selfde dag het die Here Eségiël se mond weer geopen sodat hy toe weer gespreek het. Toe die geregtigheids- en waarheidsprediking in Jerusalem se strafakte verseël is, toe is die profeet se mond geopen. As die helse straf deur die Christus gedra is, word alle gelowiges weer waarlik profete om sy Naam uit te roep, om die Christus te preek in hierdie wêreld!

Die wat in Hom glo, het die ewige lewe, ook dan as u plotseling sal sterf soos Eségiël se vrou. En die gelowiges sal Jerusalem sien, die Nuwe Jerusalem, die lus van hulle oë. Eségiël gaan dan ook na die oordeelspredikasies oor die heidense volke die gesig van die Nuwe Jerusalem vir ons voorhou.

Mag onse Here ons bewaar, nie net om daardie predikasies ook aan te hoor nie maar om eenmaal die Nuwe Jerusalem te mag sien en met ewig geopende mond die lof en heerlikheid van God en die Lam te verkondig.

**AMEN.**